# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities



Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 64 | Volume 64 | MAART 2024
Nommer 1 | Number 1 | MARCH 2024

VIR WETENSKAP EN KUNS

# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**
**Journal of Humanities**

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751
Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur ’n ruim subsidie van die L.W. Hiemstra Trust – Opgerig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra
The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

**1**

Uitgewer/Publisher
**Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns**
**The South African Academy for Science and Arts**
Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574
Privaat sak/Private bag X11
Sunnyside 0132
Suid-Afrika/South Africa
Maart/March 2024

# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities


**HOOFREDAKTEUR / EDITOR-IN-CHIEF:**

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

**REDAKSIEKOMITEE / EDITORIAL COMMITTEE**

DP (Danie) Goosen – Godsdienswetenskap/Religious Studies (Akademia, Pretoria)

EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomie/Economics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics (Nelson Mandela Universiteit, Gqeberha)/(Nelson Mandela University, Gqeberha)

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

**REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL**

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

JJ (Koos) Malan, Publiekreg/Public Law (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyn/Language practitioner (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

Susan Meyer – Afrikaans, Opvoedingswetenskappe/Afrikaans, Education Sciences (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/Philosophy of Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JP (Cillers) van den Berg – Duits; Algemene Literatuurwetenskap/German; Theory of Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

**REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL** (*vervolg*)

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/Theory of Literature (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

**REDAKSIE – INTERNASIONAAL / EDITORIAL BOARD – INTERNATIONAL**

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)/(Leiden University, The Netherlands)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)/(Free University and University of Amsterdam, The Netherlands)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdiensfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)/(Free University, Amsterdam, The Netherlands)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)/(Radboud University, Nijmegen, The Netherlands)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)/(University of Maastricht and Catholic University of Leuven, Belgium)

Ex officio: A (Anne-Marie) Beukes – Hoof- Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.
*Journal of Humanities* by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

**Intekengeld vir 2024 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):**
**Subscription fees for 2024 in South Africa (VAT and postage included):**
*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*: R400,00 per jaargang/volume
*S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*: R350,00 per jaargang/volume

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.
Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.
Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.
Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

**Rig korrespondensie aan/Correspondence to**:
Die Publikasiebeampte/The Publications Officer
Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
Privaat sak/Private bag X11, Sunnyside 0132, Suid-Afrika/South Africa
E-pos: publikasies@akademie.co.za
Webwerf: http://www.tgwsak.co.za
Tel: 0861 333 786

Gedruk deur V&R Drukkery (Edms) Bpk, Pretoria. Tel.: (012) 333-2462

**TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE**
**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**
**Journal of Humanities**

*Jaargang 64 Nommer 1, Maart 2024 / Volume 64 Number 1, Maart 2024*

# Inhoudsopgawe

## Navorsings- en Oorsigartikels / Research and Review Articles

**Riaan Eksteen**
Suez se nagevolge: Persoonlikhede en kolonialisme / *The Suez aftermath: Personalities and colonialism* ........ 1

**Riaan Eksteen**
Suez se nagevolge: Suid-Afrika en bevrydingsbewegings / *The Suez aftermath: South Africa and liberation movements* ........ 27

**WJ Pienaar**
Die samehang van en verskille tussen sosialekoste-voordeel-ontleding en ekonomiese-impak-ontleding van padprojekte / *The coherence of and distinctions between social cost-benefit analysis and economic impact analysis of road projects* ........ 53

**WJ Pienaar**
Bepaling van die verhoogde nasionale inkome wat uit die voorsiening en gebruik van ekonomies lewensvatbare paaie spruit / *Determination of the increased national income that stems from the provision and use of economically viable roads* ........ 67

**FJ de Kock, CC Wolhuter, L de Beer & FJ Potgieter**
Religie as vormgewende faktor van onderwys in die BRICS-lande / *Religion as a formative factor of education in the BRICS countries* ........ 86

**Casper Lötter**
Die verskynsel van kindermoord deur die moeder krities heroorweeg binne ’n kruiskulturele raamwerk / *The phenomenon of maternal filicide reconsidered critically within a cross-cultural framework* ........ 110

## Taalrubriek

**Tom McLachlan**
Weer ’n slag die *AWS* ........ 129

## Varia

**Eep Francken**
Plunderjaar: De Afrikaanse literatuur in Nederland in 2023 ........ 132

## Vertaling

**Hercules Boshoff en Piet Boshoff**
Wat is Verligting? .......... 138

## Gedigte

**HJC (Hennie) Pieterse** .......... 144

## Uitnodiging

Oproep om bydraes: Spesiale Ontlaeringsuitgawe van *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 2024 ..... 145

**Errata** .......... 146

**Voorskrifte / Guidelines** .......... 147

# Suez se nagevolge: Persoonlikhede en kolonialisme

***The Suez aftermath: Personalities and colonialism***

**Riaan Eksteen**
Navorsingsgenoot
Departement Politieke Studie en Regeerkunde
Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein
Suid-Afrika
E-pos: reksteen@swakop.com



Riaan Eksteen

**Riaan Eksteen** was vir 27 jaar lid van Suid-Afrika se Buitelandse Diens. Hy beklee in daardie tyd verskillende poste en dien in verskillende hoedanighede in die Buitelandse Ministerie. Gedurende 1964-67 is hy in die Namibiese afdeling gemoeid met SA se betrokkenheid in die hofsaak by die Internasionale Geregshof in Den Haag; hy is ook agtereenvolgens hoof van die VN- en Namibiese afdeling (1973–76) en van Beplanning (1981–1983). Hy dien vanaf 1968-1973 by die SA Ambassade in Washington, DC. Voorts is hy vir 12 jaar ambassadeur by die VN in New York (1976–1981); Namibië (1990-1991); VN in Genève (1992–1995) en Turkye, insluitende Azerbaidjan, Kirgistan, Oesbekistan en Turkmenistan. Hierdie laaste aanstelling is deur Pres. Mandela gedoen. Hy was ook Direkteur-generaal van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) van 1983 tot 1988. Hy is die outeur van *The Role of the Highest Courts of the United States of America and South Africa, and the European Court of Justice in Foreign Affairs* en was besoekende dosent aan die Tashkent State University of Law, Uzbekistan. Hy is lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vanaf Junie 2022. Sy memoires, *Beyond Diplomacy*, is in Oktober 2022 gepubliseer.

**Riaan Eksteen** was a member of the South African Foreign Service for 27 years, during which time he held several posts in various capacities within the Foreign Ministry. From 1964-67 he served in the Namibian division, participating in South Africa's court case in the International Court of Justice in The Hague; he also successively held the positions of Head of the UN and Namibian divisions (1973–1976) and Head of Planning (1981-–1983). In addition, from 1968–1973, he was stationed at the South African Embassy in Washington, DC; subsequently, he was Ambassador for 12 years at the U.N. New York (1976–1981); Namibia (1990-1991); U.N. Geneva (1992–1995); and Turkey, including Azerbaijan, Kyrgyzstan, Turkmenistan and Uzbekistan (1995–1997). The assignment to Turkey was done by Pres. Mandela. He is also a former Director-General of the South African Broadcasting Corporation (1983–1988). He is the author of *The Role of the Highest Courts of the United States of America and South Africa, and the European Court of Justice in Foreign Affairs* and was visiting scholar at the Tashkent State University of Law, Uzbekistan. He is a member of the South African Academy for Science and Arts since June 2022. His memoirs, *Beyond Diplomacy*, was published in October 2022.

**Datums:**
Ontvang: 2023-09-20 Goedgekeur: 2024-01-19 Gepubliseer: Maart 2024


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a1

**ABSTRACT**

***The Suez aftermath: Personalities and colonialism***

*Eisenhower, Dulles, Eden and Macmillan played crucial roles in the Suez crisis, which had significant repercussions for the Middle East and the global balance of power. However, none of them entirely escaped the crisis unscathed. Eisenhower viewed containment of communism as his primary objective. He believed that it was untenable for the USA to identify with Britain's colonial past. Dulles rarely lost sight of the colonial dimension during the crisis. Ultimately, the crisis had a significant impact on Britain's international standing, confirming its status as a second-rate nation and revealing its waning status as a global power. As the international aspect of decolonisation was crucial for Macmillan to address, he pursued withdrawal from Africa as a vital objective to maintain and expand Britain's status as a powerful nation. He was unable to eradicate the stigma associated with the fact that Britain was a colonial power. His efforts to strengthen the status of Britain as a significant power through the Commonwealth were similarly ineffectual. The importance of British colonialism had attained its pinnacle.*

*In some quarters, it was believed that Macmillan had always played a dubious role targeting Eden's removal as prime minister. Reasons for these apparent misrepresentations remain a matter of conjecture. The most favourable interpretation was that he attempted to use his association with Eisenhower from World War II to bolster Eden's domestic position against cabinet opponents. Alternately, he may have led Eden intentionally into a political catastrophe from which he expected to profit. He was the ultimate beneficiary of Suez. Macmillan was involved in all of the crucial decisions during the crisis and may have had greater intent than Eden to bring down Nasser. Added to the suspicions about Macmillan's behaviour was his reluctance, if not outright refusal, to formally evaluate Suez that prompted him to collaborate closely with the Cabinet Office in order to authorise ministerial memoirs and official publications that were required to be submitted to him prior to publication. As it involved extremely delicate concerns of foreign and domestic politics, he ruled that nothing could be published regarding Suez without his permission.*

*In his ruthless and violent pursuit of vindication, it was common knowledge that Eden disregarded the norms of confidentiality. His conservative administration was fatally undermined by internal discord. Suez ruined him politically, materially and emotionally. Eden made the final decision to invade Egypt without extensive consultation with his cabinet, without playing open cards with the United States, and while keeping members of the Commonwealth in the dark. Suez remained a highly visible and fiercely contested issue in British academic, media and political circles, and a parliamentary campaign continued as new publications, radio and television programmes addressed new aspects of the issue. The crisis resulted in moral defeat and diplomatic catastrophe for the two former colonial powers. Their authority and prestige among Arab powers were irreparably harmed. They were now dependent on Israel, the youngest and most rapidly expanding military power in the Middle East.*

*The crisis had an enduring effect on the international relations of France. Mollet, the French premier, disapproved of Nasser's support for Algerian insurgents who presented France with substantial challenges and even posed a threat to its political stability. Following the collapse of the Fourth Republic, General Charles de Gaulle was elected president of France. He held his own opinion about France's indispensable role in international affairs.*

*Nasser was at ease within the Soviet sphere of influence due to hostility and vilification from the West. The Soviet Union and its allies took advantage of the concurrent Hungarian insurrection to condemn Western imperialism, thereby diverting global attention away from their own brutality in Hungary. Nasser emerged from the crisis with distinction owing to his*


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a1

*Pan-Arab nationalism and neutrality. It allowed him to strengthen his position as an advocate for the Arab cause and decolonisation. The new realities, which the West encountered in the Middle East, turned out to be the decline of colonialism and the rise of nationalism.*

**KEYWORDS:** Algeria, Britain, colonialism, Dulles, Eden, Eisenhower, France, Macmillan, Nasser, personalities

**TREFWOORDE:** Algerië, Brittanje, Dulles, Eden, Eisenhower, Frankryk, kolonialisme, Macmillan, Nasser, persoonlikhede

**OPSOMMING**

Eisenhower, Dulles, Eden en Macmillan was instrumenteel tydens die Suezkrisis wat beduidende implikasies vir die Midde-Ooste en die globale magsbalans meegebring het, maar nie een van hulle het heeltemal ongeskonde uit die krisis gekom nie. Eisenhower het die inperking van kommunisme as sy hoogste prioriteit geag en het Brittanje se koloniale erfenis as onhoudbaar beskou, en Dulles het die koloniale dimensie dikwels opgehaal. Brittanje se dalende status as 'n wêreldmoondheid is blootgelê en as 'n tweederangse moondheid bevestig. Die feit dat Brittanje 'n koloniale mag was, het 'n stigma gelaat waaraan Eden en Macmillan weinig kon doen. Dit was alombekend dat Eden die reëls van geheimhouding verontagsaam het in sy meedoënlose en bloedige strewe na regverdiging. Wat Eden se konserwatiewe regering noodlottig ondermyn het, was die onenigheid in sy eie geledere. Hyself was polities, fisies en emosioneel deur Suez verpletter. Macmillan het uit die wrak van Suez getree om 'n gedemoraliseerde Konserwatiewe Party te lei en 'n land wat nog in die dieptes van vertwyfeling verkeer het. Frankryk was diep gegrief oor Nasser se steun aan rebelle in Algerië. Die nagevolge van die krisis het die agteruitgang van Europese kolonialisme beklemtoon en 'n blywende impak op Frankryk se internasionale verhoudings gehad. Algerië het ontsaglike probleme vir Frankryk veroorsaak en selfs sy politieke stabiliteit bedreig.

## Inleiding

Tydens die Suezkrisis het verskeie sleutelpersoonlikhede belangrike ampte beklee. Afgesien van Nasser was Eisenhower, Dulles, Eden en Macmillan die mees noemenswaardige persoonlikhede. Hulle het onder andere die verloop van die krisis en die nagevolge daarvan bepaal wat op hul beurt beduidende implikasies vir die Midde-Ooste en die globale magsbalans meegebring het. Nie een van hierdie vier figure het ongeskonde uit die krisis gekom nie. Dit het op elkeen se naam 'n klad tot 'n mindere of meerdere mate gelaat.

Toe die oorlog in November 1956 uitgebreek het, wou Eisenhower verhoed dat die Suezkrisis in 'n groot konflik eskaleer. Sy teenkanting teen die inval het hom 'n mate van erkenning besorg as 'n teenstander van Europese imperialisme, maar hy was nie bereid om die Westerse alliansie permanent te beskadig nie. Omdat hy die inperking van kommunisme as sy hoogste prioriteit geag het, het hy Midde-Oosterse regerings ondersteun. Die verdeeldheid binne die Arabiese state, hul onderlinge wedywering en hul vyandigheid teenoor Israel het hom egter verhinder om die doelwit van streekstabiliteit wat hy nagestreef het, te bereik. Nadat hy reeds afgetree het, het hy erken dat hy 'n paar belangrike foute gemaak het met die hantering van die hele krisis; ook dat die VSA se onttrekking aan die Aswandam-projek wat Dulles taamlik skielik gekanselleer het dalk meer diplomaties hanteer kon gewees het.

Eden en die Franse eerste minister, Guy Mollet, het gehoop om die kanaalkrisis te gebruik om Nasser se regering te verlam of selfs omver te werp. Mollet was gegrief oor Nasser se

steun aan rebelle in die Franse kolonie Algerië. Eden, wat toe reeds in swak gesondheid verkeer en medikasie geneem het wat moontlik sy oordeel aangetas het, het homself oortuig dat Nasser 'n ander Hitler was wat Brittanje se voortbestaan as 'n groot moondheid bedreig het. Hy het aan sy minister van finansies, Harold Macmillan, die taak toevertrou om deurslaggewende gesprekke met die VSA te voer. Toe Nasser die nasionalisering van die Suezkanaal aangekondig het, was Macmillan 'n groot voorstander daarvan dat Egipte ingeval moes word. Die VSA het hom herhaaldelik gewaarsku dat Brittanje nie militêre optrede moes onderneem nie. Ook was die veldtog in die Amerikaanse presidentsverkiesing in volle swang en dit het baie van Eisenhower se tyd in beslag geneem.

Die Suezkrisis het aan die Internasionale Monitêre Fonds (IMF) sy eerste internasionale krisis besorg. Vir Brittanje was Suez ook 'n finansiële krisis. Macmillan het 'n dapper front voorgehou dat die Bank van Engeland oor die vermoë sou beskik om so 'n krisis af te weer, maar teen Desember 1956 was die bedreiging van 'n gedwonge devaluasie 'n sterk moontlikheid, veral nadat Eisenhower aanvanklik daarteen gekant was dat die Fonds vir Brittanje bystaan. Hierdie gebeure het ontvou op 'n tydstip toe die IMF nog ongetoets in krisisbestuur was.

Ná die krisis het Macmillan ywerig gewerk om die spesiale verhouding met die VSA uit die wrak van die krisis te herbou. Hy het ook die dekolonisasie van Afrika gefasiliteer en bespoedig. Macmillan het Eden as eerste minister in Januarie 1957 opgevolg. Een van die groot ironieë van daardie krisis was die vervanging van Eden, wat beskou is as die persoon wat 'n te radikale benadering voorgestaan het, met Macmillan, wat een van die argitekte van die krisis was. David Thorpe het ook hierdie insiggewende opmerking gemaak:

> Macmillan argued at Cabinet on 4 January that Suez should be regarded as a "strategic retreat" like Mons or Dunkirk. This did not meet with Eden's approval at Cabinet on 7 January.[1]

Die Suezkrisis het 'n beduidende impak op Brittanje se internasionale aansien gehad. Daar was min twyfel dat die pynlike gevolge van die oorlog in Egipte die einde van die imperiale era verhaas het. Die Suezdebakel word dikwels as die tydstip beskou waarop die einde van Brittanje se imperiale era en sy agteruitgang as 'n groot wêreldmoondheid aangebreek het. So was die keerpunt in die era van Britse kolonialisme dan ook bereik. Die aandag het nou verskuif na die hantering van die komplekse verhouding tussen kolonialisme en die strategiese belange van groot moondhede. Die gevolg daarvan was dat Nasser versterk is deur sy politieke en diplomatieke oorwinning, asook die geweldige aansien wat hy in die Arabiese wêreld geniet het. Hy het sy beeld as die slagoffer van 'n imperialistiese komplot ten volle uitgebuit. Die Europese moondhede moes teen wil en dank erken dat hulle voortaan nie meer wêreldmoondhede sou wees nie en dat hul rol op die internasionale verhoog niks meer sou behels as om die VSA te ondersteun nie. Dit het inderdaad vir hulle toenemend moeilik geword om 'n onafhanklike beleid op die wêreldtoneel te vestig, en hulle invloed in die Midde-Ooste met 'n dergelike beleid het byna opgehou bestaan. Die Suezkrisis het dus in 'n morele nederlaag en diplomatieke fiasko vir die voormalige koloniale moondhede ontaard, terwyl Nasser sy posisie as verdediger van die Arabiese saak en kampvegter van dekolonisasie verder gekonsolideer het.

Eden het dit moeilik gevind om te aanvaar dat Brittanje eenvoudig nie meer in staat was om 'n militêre aksie, soos die een met Suez, op sy eie aan te pak nie. Britse soldate moes saam

[1] Thorpe (2010:358).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a1

met Franse troepe veg. Nog belangriker was die feit dat die Europese moondhede nou gebonde was aan en moes steun op Israel wat die jongste en steeds groeiende militêre mag in die Midde-Ooste geword het.

Maar dit was nie Brittanje se militêre bondgenote wat die finale slag toegedien het nie. Dit was interne politieke vyande. Wat Eden se konserwatiewe regering noodlottig ondermyn het, was die onenigheid in sy eie geledere. Hyself is polities, fisies en emosioneel deur Suez verpletter. Buitelands het die Sowjetunie en sy bondgenote die geleentheid aangegryp om Westerse imperialisme te veroordeel en sodoende die wêreld se aandag van hul eie brutaliteit met die gelyktydige Hongaarse opstand af te lei.

Die mislukte Suezaksie en die gevolglike toenemende vyandigheid van die Arabiese wêreld jeens Frankryk het ook gevolge vir Franse dekolonisasie gehad. Die nagevolge van die krisis het die agteruitgang van Europese kolonialisme beklemtoon en ’n blywende impak op Frankryk se internasionale verhoudings gehad. Tussen 1956 en 1958 het Franse militêre bevelvoerders in Algerië gepoog om ’n nuwe Frans-Moslem-gemeenskap te bevorder ter voorbereiding van Algerië se totale integrasie met Frankryk. Die land is sodoende polities geradikaliseer. Generaal Charles de Gaulle, wat ná die ineenstorting van die Vierde Republiek president van Frankryk geword het, het soos Macmillan tot die gevolgtrekking gekom dat die waarde van die kolonies minder was as die koste daarvan.

## Persoonlikhede: Eisenhower, Dulles, Eden en Macmillan

Die Suezkrisis van 1956 is deur persoonlikhede en hul interaksies met mekaar gekenmerk. Naas Nasser was Dwight (Ike) Eisenhower[2] en John Foster Dulles[3] saam met Sir Anthony Eden[4] en Sir Harold Macmillan[5] sekerlik die vernaamste rolspelers in die gebeure voor, tydens en ná die Suezkrisis. Geeneen van hulle het heeltemal ongeskonde uit die krisis te voorskyn getree nie.

Een van die besluite wat Eisenhower ná die militêre ingryping geneem het, was om verlammende aksies teen Brittanje en Frankryk te neem wat hulle effektief van ingevoerde olie ontneem het. Hy was van oordeel dat hy geen ander keuse gehad het nie want vir die VSA om die twee bondgenote te ondersteun, sou daarop neerkom dat die ganse Arabiese wêreld verlore sou wees.

---

2 President van die VSA vanaf 20 Januarie 1953 tot 20 Januarie 1961 met Richard Nixon as vise-president.

3 Minister van buitelandse sake vanaf 26 Januarie 1953 tot 22 April 1959. Sy broer, Allan, was eers adjunk-direkteur van die Central Intelligence Agency (CIA) vanaf Augustus 1951 tot Februarie 1953. Hierna was hy direkteur tot November 1961. In die jaar wat hy hoof geword het, het hy toesig gehou oor Operasie Ajax, wat die geheime operasie was wat gelei het tot die verwydering van Mohammad Mossadegh, die demokraties verkose eerste minister van Iran, en sy daaropvolgende vervanging met Mohammad Reza Pahlavi, die Sjah van Iran. Omstandighede het ontstaan rondom ’n moontlike Sowjet-besetting van die land as gevolg van die nasionalisering van die Anglo-Iranese Oliemaatskappy. So het anti-kommunistiese oorwegingsredes reeds drie jaar voor die Suezkrisis beleidsbepalings van die VSA beïnvloed. Rodman maak hierdie insiggewende opmerking oor die twee broers:

> There is evidence to suggest that both … were rooting for the three allies to succeed in seizing the canal before the U.S. pressure kicked in.
> Rodman (2009:28).

4 Eerste minister van Brittanje vanaf 6 April 1955 tot 9 Januarie 1957.

5 Minister van finansies vanaf 20 Desember 1955 tot 10 Januarie 1957 en eerste minister vanaf 10 Januarie 1957 tot 18 Oktober 1963.

> Eisenhower now faced the key question of the crisis in its most fateful form: should he support his allies or Nasser? He chose Nasser.[6]…… Eisenhower placed his second bet: that supporting traditional allies was less beneficial to the West than a policy aligning the United States with "the whole Arab world."[7]

Hy was oortuig daarvan dat sy doktrine Egipte, as die magtigste Arabiese land, die hele Arabiese wêreld agter die VSA in die Koue Oorlog sou verenig; dat die groot struikelblok Europese kolonialisme was; en dat die Weste pan-Arabiese nasionaliste, soos Nasser, moes bearbei sodat hulle uiteindelik die hele Midde-Ooste sou lei. In die proses was die ontknoping van die Arabies-Israeliese konflik en die aftakeling van kolonialisme belangriker as enigiets anders in die Midde-Ooste. Gevolglik het die VSA min aandag aan inter-Arabiese konflikte geskenk en hoofsaaklik hul aandag toegespits daarop om die Sowjetunie se invloed in die Midde-Ooste te beperk. Voor die einde van sy tweede termyn in die laat 1950's het die Sowjetunie nie net Egipte as 'n bondgenoot gehad nie, maar ook Sirië en Irak en het Nasser die Arabiese wêreld opgesweep tot 'n anti-Amerikaanse waansin. Teen daardie agtergrond was dit nie verbasend dat Eisenhower later erken het dat hy die Suezkrisis en die gevolge daarvan anders moes hanteer het nie.

> In 1988, Nixon revealed that Eisenhower had personally confided in him that Suez was "his major foreign policy mistake."…… To this, Eisenhower then added words of self-criticism. "Saving Nasser at Suez didn't help as far as the Middle East was concerned. Nasser became even more anti-West and anti-US."…… Eisenhower regretted his failure to force Nasser to compromise on the Suez Canal dispute.[8]

Peter Rodman het hierdie bykomende siening verskaf:

> Eisenhower told at least two interlocutors that he had changed his mind about Suez. It had been his biggest foreign policy mistake, he concluded; U.S. policy in 1956 had only strengthened Nasser as a radical force in the Middle East and weakened the will of our best allies. But at the time, he was without doubt the driver of a very different policy.[9]

Dulles was beslis bekwaam en 'n geharde anti-kommunis maar sy obskure persoonlikheid het baie mense geaffronteer. Sy naam bly steeds gekoppel aan die begrip "brinkmanship" wat hy geskep en beoefen het.[10] Volgens Britse siening was Dulles geveinsd.[11] Hy het die Britte laat glo dat hy hulle ondersteun, terwyl die teenoorgestelde in werklikheid waar was, en met 'n moralistiese wending. Daarom val dit nie vreemd op dat gesê word dat Dulles se naam saam

---

6 Doran (2016:192).

7 *Ibid*., 214.

8 *Ibid*., 241-242.

9 Rodman (2009:28).

10 Henry Kissinger het na Dulles se hantering van die weiering om fondse vir die bou van die Aswandam beskikbaar te stel verwys as "Dulles' congenital tendency to overstate the role of propaganda".
Kissinger (1994:529).

11 In sy memoires het Eden die volgende oor Dulles opgemerk:
> Mr. Dulles had made a prolonged study of international affairs, though he had little practical experience of them. … A preacher in a world of politics, Mr. Dulles seemed sometimes to have little regard for the consequence of his words, as demonstrated by the outburst against colonialism. … his bravado was both safe and popular.
> Eden (1960:71, 542).

met Nasser s'n in Britse demonologie voorkom nie! Alistair Horne wat geag word as die gesaghebbendste biograaf oor Macmillan het opgemerk dat Dulles bekend was "for all his contradictory utterances".[12] Die studies wat Robert Divine en Richard Immerman oor Dulles gedoen het, het daarop gewys dat kritici Dulles met sy vurige anti-kommunistiese standpunte en voorliefde vir oordrewe retoriek gekarakteriseer het as 'n vroom, eiegeregtige stryder van die Koue Oorlog-era wat nie die internasionale werklikheid van die 1950's verstaan het nie en later deur diplomatieke historici beoordeel is as een van die vyf swakste ministers van buitelandse sake wat die VSA nog opgelewer het.[13]

> Yet Dulles's apparently thick skin was also due to his personality and philosophy. He was supremely self-confident; some would say arrogant and self-righteous. He never doubted the wisdom of his policies, nor their moral rectitude. ... It has often been said of Dulles that he lent himself to caricature: the public appearance of sanctimonious stuffiness; the tendency to let self-confidence become self-congratulation; the penchant for grandiloquent phrase-making.[14]

Brittanje se eensydige en geheime optrede het Eisenhower en Dulles verstom. So het Eisenhower by geleentheid opgemerk:

> Foster and I at first found it difficult to talk constructively with our British colleagues about Suez because of the blinding bitterness they felt toward Nasser. They were… obsessed with the possibilities of getting rid of Nasser.[15]

Eisenhower het dit as verraad beskou en die volgende daaroor opgemerk: "Nothing justifies double-crossing us."[16] Eden het op sy beurt, terwyl Macmillan die tussenganger met die VSA was, gevind dat hy deur Dulles mislei is:

> We have been misled so often by Dulles' ideas that we cannot afford to risk another misunderstanding… Time is not on our side in this matter.[17]

Immerman het daarop gewys dat Eden selfs so ver gegaan het "to describe Dulles's attitude as 'dishonest'".[18]

Volgens Steven Freiberger was Dulles se oogmerk 'n Midde-Ooste wat vry sou wees van Europese kolonialisme en oorblyfsels van Britse imperialisme in Egipte en Franse betrokkenheid in Algerië. Met Brittanje wat nie in staat was om sy beleid van kolonialisme in die Midde-Ooste te handhaaf nie, was die VSA gereed om groter verantwoordelikhede in die streek te aanvaar.[19]

Indien daar werklik 'n skurk in die verhaal was, was dit heel waarskynlik Macmillan, wat Eden eers toegejuig en daarna in die steek gelaat het. Die Suezkrisis het 'n geleentheid vir beide Eisenhower en Macmillan gebied om persoonlike en strategiese doelwitte te bereik ten koste van Brittanje se breër strategiese belange.

12 Horne (1988:423).
13 Immerman (1990:4).
14 Ibid., 5 & 47. Sien ook Divine (1991).
15 Ashton (1996:47).
16 Hahn (1991:230).
17 Louis (2006:657).
18 Immerman (1950:134).
19 Freiberger (2007:43, 44).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a1

> In the end, Eisenhower and Macmillan's duplicity deliberately directed Eden's decision making toward strategic disaster.[20]

Hierdie geveinsdheid van Macmillan en Eisenhower, asook Eden se strategiese besluitneming, wys op die deurslaggewende rol wat Macmillan vanaf Julie 1956 tot Januarie 1957 in die verhoudinge tussen die VSA en Brittanje gespeel het. Die unieke en noue verhouding wat Macmillan met Eisenhower gehandhaaf het, het voortgespruit uit hul vriendskap wat hulle tydens die Tweede Wêreldoorlog in Noord-Afrika gesmee het. Eden het Macmillan vertrou om regdeur die krisis 'n eerlike weergawe van die VSA se voornemens te verskaf. Macmillan en Eisenhower het egter albei 'n verandering in leierskap tot Eden se nadeel nagestreef.

Robert James wat saam met Macmillan 'n parlementariër was, het gemeld dat van hul kollegas ten beste dubbelsinnig oor Macmillan was; ander was sterk krities. Dan het hy ook prontuit verklaar dat Eden nie van Macmillan gehou het of hom vertrou het nie.[21]

> Macmillan was to play a central role in his downfall. It was his role during the Suez Crisis…that gave him a reputation as a Machiavellian political operator of consummate ruthlessness that he never entirely lost.[22]… His conduct during Suez… was brilliantly concealed.[23]

Eisenhower se begeerte om sy doktrine[24] in die Midde-Ooste te laat slaag, het saamgeval met Macmillan se strewe om die Britse ekonomie met finansiële bystand van die VSA reg te ruk en om Brittanje doeltreffend los te maak van die laaste oorblyfsels van die imperiale las. By nabetragting het Macmillan se versekering aan Eden in 1956 dat die VSA vir Brittanje oor Suez gesteun het en die daaropvolgende vestiging van die Eisenhower-doktrine lig gewerp op Eden se powere strategiese besluitneming tydens die Suezkrisis. Seker dié swakste besluit van Eden in daardie tyd was om saam met sy Franse eweknie die militêre inval te laat plaasvind ses dae voor die presidensiële stemdag vir die herverkiesing van Eisenhower. Later het Eden hierdie basiese fout erken. Hieroor haal Alistair Horne die volgende uit Eden se memoires aan: "Perhaps I should have attached greater weight to the date of the Presidential Election."[25]

Voor en tydens die krisis was dit Macmillan wat voortdurend in noue en private kontak met Eisenhower en Dulles was. Hy kon nie oor die VSA se werklike posisie getwyfel het nie, maar het by Eden bly aandring dat die VSA oor die algemeen ten gunste van militêre intervensie was.[26]

> The more famous instance of such a distortion by Macmillan comes during the Suez Crisis itself when… Macmillan cabled Eden that "Ike is really determined, somehow or other, to bring Nasser down".[27]

Nigel Ashton het oor Macmillan se verslae aan Eden opgemerk dat

---

20 Horton-Eddison (gd:3).
21 James (1996:1).
22 Ibid., 2.
23 Ibid., 3.
24 Eksteen (2023b:756-780).
25 Horne (1988:423).
26 Horton-Eddison (gd:11-14). Hierdie gedeelte ("Macmillan and Eisenhower's Duplicity and Eden's Strategic Decision-Making") is gebaseer op 33 voetnote wat kabinetnotules en ander gesaghebbende bronne oor hierdie periode in die Britse geskiedenis insluit.
27 Ashton (1996:41) en Horne (1988:422).

> … effective misrepresentation to Eden of the views of the US administration on the use of military force[28]… the beginnings of a pattern of distortion of conversations with the Americans, at important junctures, in communications from Macmillan to Eden, to assist in the promotion of policies favoured by Macmillan.[29]… it seems clear that Macmillan's behaviour followed a pattern of repackaging of American opinions to suit his own purposes …[30]

In sy memoires het Eden se aanbieding van gebeure neergekom op 'n geïmpliseerde aanklag teen die VSA se buitelandse beleid onder Eisenhower en Dulles. Eden het hulle verwyt omdat hy vas geglo het dat Eisenhower Brittanje se pogings sinies ondermyn het om die nasionalisering van die kanaal deur ekonomiese en diplomatieke druk ongedaan te maak, wat hom geen ander keuse gelaat het as om geweld te gebruik nie.[31] Dit was alombekend dat Eden die reëls van geheimhouding verontagsaam het in sy meedoënlose en bloedige strewe na regverdiging. Selfs vir historici wat vertroud was met die sterwende kultuur van eerbare geheimhouding was dit moeilik om nie getref te word deur die skynheiligheid, oneerlikheid en eie belang wat Eden in sy eie geval as 'n hoë beginsel voorgehou het nie. Aan die einde kon Moran tereg verklaar dat Suez Eden se reputasie vernietig het.[32]

Om beheer oor die Suezkanaal weer terug te wen, was vir Eden van die uiterste belang, maar volgens Jill Bennett het dit in 'n nasionale ramp geëindig:

> Shorthand for post-imperial decline, ministerial duplicity and incompetence, humiliation, and failure; the lowest point of British government in the twentieth century which must never be repeated.[33]

Wat Eden se nalatenskap die finale knou gegee het, was dat terwyl hy wel onder die indruk gebring is dat Eisenhower die militêre optrede sou steun, hy saam met die Franse en Israeliete planne beraam het om daardie optrede te bewerkstellig sonder om die VSA daaroor in te lig of te raadpleeg.

> Dulles, for all his deviousness, emerges as much the more responsible statesman of the two. In the last resort he was prepared to draw back, to contain his frustrations, and to pay attention to the views of his weaker ally. Eden two years later was not prepared to draw back, he allowed his frustrations full rein, and not only did he not heed his much more powerful ally, he double-crossed her.[34]

Dit het deurgaans geblyk dat Macmillan daarvan oortuig was dat militêre optrede teen Nasser sowel die onvermydelike as die wenslike manier was om die kanaalgeskil te besleg.[35] Hieroor het Keith Kyle opgemerk:

> If there had been one person more set on destroying Nasser than Eden it had been Macmillan.[36]

28 Ashton (1996:37).
29 Ibid., 41.
30 Ibid., 44.
31 Moran (2019:366, 387).
32 Ibid., 388.
33 Bennet (2013:37).
34 Gilmour (1960).
35 Ashton (1996:43).
36 Kyle (2003:534).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a1

Peter Catterall het die volgende woorde van Macmillan aangehaal om aan te toon dat hy net soos sy eerste minister oorlogsugtig was:

> If Nasser "gets away with it", we are done for. The whole Arab world will despise us… our friends will fall. It may well be the end of British influence and strength for ever. So, in the last resort, we must use force and defy opinion, here and overseas.[37]

Hierdie aanhaling illustreer die skynheiligheid van Macmillan. In sy gesprekke met Eisenhower en Dulles, het hy voorgegee dat hy ten volle bewus was van die posisie van die VSA oor gewapende optrede. Tuis het hy Eden aangemoedig om militêr op te tree. Maar die deurslaggewende ingryping was dié van Macmillan, wat aangevoer het dat sake tot 'n punt gebring moes word:

> This was of great importance from the point of view of the national economy. If we could achieve a quick and satisfactory settlement... confidence in sterling would be restored; but if a settlement was long delayed the cost and the uncertainty would undermine our financial position. He therefore hoped that Parliament would be persuaded to give the Government a mandate to take all necessary steps, including the use of force, to secure a satisfactory settlement of this problem.[38]

Diegene wat gevoel het dat Macmillan deurentyd 'n slinkse rol gespeel het wat gemik was op die uiteindelike verwydering van Eden as eerste minister, het om verstaanbare redes op hierdie opmerkings gefokus.[39] Macmillan se motiewe vir sy duidelike wanvoorstellings het 'n kwessie van spekulasie gebly. Die gunstigste interpretasie was dat hy probeer het om sy oorlogstydse vriendskap met Eisenhower te gebruik om Eden se binnelandse posisie teen kabinetwankelaars te versterk. Alternatiewelik was dit moontlik dat hy Eden doelbewus na 'n politieke ramp gelei het waaruit hy gehoop het om as die begunstigde te voorskyn te tree.[40] Op die ou end was hy wel die begunstigde van Suez.[41] Nigel Ashton se opmerking oor Macmillan se pogings om Eden as eerste minister op te volg, is insiggewend:

> The weeks from the decision to halt operations on 6 November until Macmillan's succession to the premiership on 9 January 1957 witnessed Macmillan using his skills of political manipulation to the utmost.[42]

Macmillan was by al die sleutelbesluite tydens die krisis betrokke en het moontlik meer opset as Eden self gehad om Nasser tot 'n val te bring, veral wanneer sy waninterpretasie, opsetlik of andersins, van die VSA se standpunt in gedagte gehou word. Die voorspelling dat Eisenhower gedwee was en nie eintlik iets sou doen nie was die ergste mistasting van die hele aangeleentheid. Wanneer blaam vir Suez steeds uitgedeel word, kan 'n sterk argument uitgemaak word vir 'n regverdiger verdeling van die aanspreeklikheid daarvoor.[43]

> If so, the Chancellor [Macmillan] would be a prime candidate for sharing such a burden. Not only did he misread, and indeed misrepresent, the likely American response to force,

---

37 Catterall (2003:587).
38 Dutton (1997:408). Hierdie skrywer word steeds beskou as die persoon wat die mees gebalanseerde biografie oor Eden gepubliseer het.
39 Ibid.
40 Ibid., 411.
41 Smith (2016:9).
42 Ashton (1996:46).
43 Dutton (1997:455-456).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a1

> but he also ignored Treasury advice about the possible financial consequences of a resort to arms.[44]

Oor hierdie aspek het Douglas Little opgemerk dat Diane Kunz[45] aangetoon het dat die Withuis Brittanje toenemend en uitdruklik gewaarsku het om nie militêr betrokke te raak nie. Tog het Macmillan gedurende September en Oktober 1956 versuim om selfs die mees elementêre finansiële voorsorgmaatreëls te tref wat sy land kon beskerm het teen die ekonomiese sanksies wat die VSA op die hoogtepunt van die krisis teen Brittanje ingestel het.[46]

Dwarsdeur die tydperk tussen 1957 en 1964 het konserwatiewe regerings, hetsy onder leiding van Macmillan of sy opvolger, Sir Alec Douglas-Home,[47] herhaalde oproepe gesystap om die amptelike geskiedenis oor Suez aan te spreek. Dit het al hoe meer geblyk dat toesmeerdery nie beperk was tot net die Sèvresprotokol nie.[48] Dit is te verstane dat hierdie twee eerste ministers, soos verskeie van hul ministeriële kollegas, daarna onwillig was om die soeklig op hul onderskeie rolle in die Suezkrisis te laat val. Macmillan het opeenvolgende publikasies oor Suez as vermoeiend beskou en afgemaak, gegewe hul geneigdheid om die samespanningskontroversie te laat herleef. Gedurende sy premierskap het hy geweier om bes te gee vir sodanige ondersoeke om plaas te vind.[49] Sodanige onwilligheid, selfs weiering, om Suez amptelik in oënskou te neem, het daartoe gelei dat hy ten nouste met die kabinetskantoor saamgewerk het om ministeriële memoires en amptelike publikasies goed te keur wat voor publikasie aan hom voorgelê moes word:

> Macmillan's reluctance, even refusal, to look back officially at Suez led him to work closely with the Cabinet Office in order to sanitise ministerial and official memoirs submitted for vetting prior to publication.[50]

Hy het beslis dat die onderwerp van Suez baie belangrike vrae oor buitelandse en binnelandse politiek behels het en gevolglik kon niks sonder sy toestemming gepubliseer word nie; hy het inderdaad om politieke redes aanvanklik 'n algehele verbod op publikasie voorgestaan.[51] Macmillan het sy dagboek oor die klimaks van die Suezaangeleentheid verbrand. Vermoedelik het hy dit op Eden se versoek gedoen, maar John Campbell het meer daartoe geneig om te vermoed dat Macmillan dit eerder gedoen het om sy eie reputasie te beskerm.[52] Gegewe die onderwerp, was sameswering 'n kernfokus vir resensente omdat geen spoor van die Britse kopie van die Sèvresprotokol in bestaande rekords opgespoor kon word nie. Gedurende 1986 het hierdie onvermoë daartoe aanleiding gegee dat ministers en amptenare bekommerd was oor wat om in Januarie 1987 te verklaar in reaksie op onvermydelike bewerings dat eerste minister Margaret Thatcher se konserwatiewe regering hierdie dokument weerhou het, indien dit toe nie reeds al vernietig was nie, ten einde die reputasie van 'n vorige konserwatiewe

44 Smith (2016:9). Sien ook Dutton (1997:408, 411).
45 Kunz (1991).
46 Little (1994:529).
47 Hy was eerste minister van 18 Oktober 1963 tot 16 Oktober 1964. Voorheen was hy minister van buitelandse sake in Macmillan se kabinet.
48 Hierdie was die uiters geheime dokument wat Brittanje, Frankryk en Israel in Oktober 1956 in aanloop tot hulle militêre optrede onderteken het. Eksteen (2023b:756-780).
49 Beck (2009:608-610).
50 Ibid., 612.
51 Ibid., 612-613.
52 Campbell (2010:266).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a1

eerste minister te beskerm.[53] Vir *The Observer* het die afwesigheid van die Britse kopie daarvan beteken dat 30 jaar ná Suez die toesmeerdery steeds voortgeduur het.[54] Toe Douglas-Home namens die Macmillanregering die hoërhuis in Februarie 1960 toegespreek het, het hy herhaaldelik alle versoeke vir ’n amptelike geskiedenis of ondersoek na Suez geweier.[55] George Brown, wat ook later minister van buitelandse sake was, se standpunt was dat die argumente oor buitelandse beleidsgronde oorweldigend steeds gegeld het en dat die gevolge van enige ondersoek wêreldwyd skadelik sou wees. Afgesien van die ernstige gevolge wat dit op betrekkinge met Frankryk, Israel, die VSA en Arabiese state sou hê, kon sy ministerie nie daarin slaag om enige land te vind waarin so ’n ondersoek Brittanje enigsins tot voordeel sou strek nie.[56]

Die Suezonderwerp het ’n hoogs sigbare en hewig betwiste item in akademiese, media- en politieke kringe in Brittanje gebly en ’n parlementêre veldtog het voortgeduur, terwyl die Britse media gereeld nuwe aspekte daaroor in opeenvolgende publikasies en radio- en televisieprogramme bespreek het.[57] Gegewe Suez se historiese betekenis en sy prominente plek in wêreldgebeure het dit onvermydelik deel van kontemporêre politieke woordeskat geword. Soos Hugh Trevor-Roper tereg opgemerk het: “We cannot get away from Suez. It will not sink into history.”[58]

Ten regte of ten onregte het Suez steeds ’n donker wolk oor Eden bly werp, wie se reputasie in die geskiedenis onlosmaaklik verbind sal bly met die Suezdebakel waartydens hy daarvan beskuldig is dat hy kortpaaie bly neem het met die doel om etiese argumente en inkriminerende dokumentasie klaarblyklik te laat vernietig. Hy het steeds ’n slagoffer gebly van sy versuim om eerlik te wees. Sy memoires, *Full Circle*,[59] het gespreek van sy naïewe oortuiging dat hy sy eie scenario vir die geskiedenis kon skryf.

> It was Eden’s misreading of American policy, and particularly the likely reaction in Washington to the use of force, that represented his greatest failing over Suez.[60]

Eden het ’n ernstige oordeelsfout begaan wat min gedoen het om sy historiese reputasie te help of om parlementêre kampvegters te paai. Eerder as om verwikkelinge eerlik te boekstaaf, het hy gepoog om ’n digte sluier oor gebeure en openbare uitsprake oor aangeleenthede te trek.[61] Die valse voorwendsel om teen Nasser ná die nasionalisering van die Suezkanaal op te tree, bevestig die standpunt dat ’n Westerse demokrasie nie ’n oorlog kan begin op ’n voorwendsel wat die regering se werklike motiewe verswyg nie.[62] Ná byna sewe dekades het hierdie onvermoë om presies agter die kap van die byl van Brittanje en Frankryk se motiewe te kom, die vermoede steeds laat voortbestaan dat die grondslag vir die Sèvresprotokol Israel se kernprogram was. Inderdaad is die alliansie met Frankryk later verder verskerp tot die punt waar Frankryk Israel in 1958 gehelp het om sy kernreaktor by Dimona op te rig.[63]

---

53 Beck (2009:616).
54 *The Observer*, 4 Januarie 1987.
55 Hansard (Lords), CCXX, 1023, 9 Februarie 1960.
56 Beck (2009:627).
57 Ibid., 634.
58 Ibid., 635-636. Sien ook Trevor-Roper (1967).
59 Eden (1960).
60 Smith (2016:8).
61 Beck (2009:638-639).
62 Ibid., 639-640.
63 Golani (1998:196).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a1

**Brittanje en Kolonialisme**

’n Jaar voordat Nasser president geword het van Egipte en hy die nasionalisering van die Suezkanaal afgekondig het, het hy die VSA oor hul steun vir kolonialiste aangespreek:

> It would be unwise for the United States to take that view of nationalist activities, led by sincere patriots whose only desire is to see their nations free from foreign domination. Americans recognize this to be the inalienable right of every man, yet balk at supporting these nationalists for fear of annoying some colonial Power that has refused to move with the times. It is this procrastination that gives the Communists the chance to take over what usually start as genuinely patriotic movements.[64]

Die VSA se houding teenoor Brittanje en kolonialisme is in ’n sekere mate gevorm deur hul eie geskiedenis van anti-kolonialisme waarteen hulle geveg het sowel as die konsep van nasionale selfbeskikking wat President Woodrow Wilson geskep het. Brittanje en Frankryk se militêre optrede teen Egipte is geag as nog ’n voorbeeld te wees van kolonialisme wat beveg moes word.

> On the other hand there were some Americans in Washington and New York who felt that the invasion of Egypt by British and French forces without warning not only was a betrayal of its ally, the United States, but was also another example of colonialism, which they regarded as a world evil that must be destroyed.[65]

Ná ’n besoek aan die Midde-Ooste het Dulles verklaar dat Brittanje se vestings vinnig besig was om te verswak. Daarom moes die VSA druk plaas op beide Brittanje en Frankryk om na ordelike verandering te beweeg omdat hul “colonial and imperialistic policies are millstones around our neck”.[66] Aan die VSA se Nasionale Veiligheidsraad het Dulles verduidelik dat die VSA nou al vir baie jare aan die een kant ’n fyn balans moes handhaaf tussen die gewaardeerde betrekkinge met sy twee bondgenote en om aan die ander kant die nuwe onafhanklike lande waar kolonialisme beëindig is, van die VSA se vriendskap te probeer verseker.

> In view of the overwhelming Asian and African pressure upon us, we [can] not walk this tightrope much longer…In short, the United States would survive or go down on the basis of the fate of colonialism.[67]

Vir William Louis was dit belangrik om aan te haal uit dieselfde betoog van Dulles:

> Unless we now assert and maintain this leadership, all of these newly independent countries will turn from us to the USSR. We will be looked upon as forever tied to British and French colonialist policies.[68]

Eisenhower en Dulles was deurentyd skepties oor Brittanje se koloniale beleid met laasgenoemde wat oortuig was daarvan dat die Britte altyd gepoog het om die VSA te oortuig dat hul kolonialisme van dié van die Franse s’n verskil het. Volgens Freiberger het Eisenhower met Dulles saamgestem en opgemerk:

---

64 Nasser (1955:211).
65 Aldrich (1967:552).
66 Rubin (1982:79).
67 National Security Council meeting, 1956.
68 Louis (2006:659).

> Sure, the British always think their colonialism is different and better. Actually what they want us to do is go along and help them keep their empire.[69]

Die Eisenhower-administrasie het duidelik ’n ander buitelandse beleidsrigting gevolg as vorige administrasies wat van koloniale moondhede bondgenote gemaak het met die verwagting om sodoende ook ’n bondgenoot van die state van die Derde Wêreld te word. Eisenhower en veral Dulles het die VSA as ’n anti-koloniale supermoondheid voorgehou wat sterk hieroor met Londen en Parys verskil het, wat op hulle beurt gepoog het om kolonies vir eers te behou. Eden het hierdie opmerking daaroor in sy memoires gemaak:

> It is worthwhile to probe deeper into the causes for the frequent divergences on colonialism, which have presented a continuing problem in Anglo-American relations and still do so, despite official denials.[70]

Teen die einde van Oktober 1956 was die VSA daarvan oortuig dat daar nie meer op Brittanje staatgemaak kon word om Sowjetpenetrasie in die Midde-Ooste te stuit nie. Verder was Washington lugtig om steeds in ’n gevaarlike en onsekere situasie geplaas te word waar hulle moes kies tussen Britse kolonialisme en die vriendskap en begrip van die Arabiese wêreld.[71]

Die spesifieke boodskap wat die VSA aan Brittanje en Frankryk oor sy afkeur van kolonialisme wou stuur, het Nixon ondubbelsinnig op 2 November 1956 aan die wêreld verkondig. Tydens die finale byeenkoms voor die presidentverkiesing vier dae later het hy hierdie boodskap gelewer wat die uitdruklike goedkeuring van Eisenhower weggedra het:

> In the past the nations of Asia and Africa have always felt that we would, whenever the pressure was on, side with the policies of the British and French governments in relation to the once colonial areas. For the first time in history we have shown independence of Anglo-French policies towards Asia and Africa which seemed to us to reflect the colonial tradition. That declaration of independence has had an electrifying effect throughout the world.[72]

Die dubbelsinnige rol wat Dulles gespeel het, soos wanneer hy sy waardering vir Brittanje se dilemma uitgespreek het, maar uiteindelik tot die gevolgtrekking gekom het dat die VSA teen koloniale ondernemings standpunt moes inneem, soos dié waarvan Eden ’n voorstander was, het laasgenoemde hewig ontstig.[73]

> During the Suez crisis the British were caught off guard by Dulles’s volcanic sentiments about European colonialism.[74]

Belangriker nog was dat Eisenhower in werklikheid die VSA wou distansieer van Brittanje se koloniale erfenis wat hy tereg beskou het as onhoudbaar:[75]

> Eisenhower shared Dulles’s aversion to British colonialism.[76]

---

69 Freiberger (2007:5).
70 Eden (1960:557).
71 Freiberger (2007:5).
72 Blair (1956).
73 Gharbawi (2021:14-15).
74 Immerman (1990:134).
75 Kissinger (1994:524).
76 Immerman (1990:145).

Herring het die volgende opmerking oor Dulles gemaak na aanleiding van wat hy in een van sy toesprake in die Veiligheidsraad van die VN gemaak het toe hy die VSA van die optrede van Brittanje, Frankryk en Israel gedistansieer het.

> He closed with a ringing attack on colonialism he said he would be proud to have as his epitaph.[77]

Gedurende die Suezkrisis het Dulles gevolglik die koloniale dimensie selde uit die oog verloor. Vroeg in Januarie 1957 het Eden se regering gedisintegreer en Macmillan as sy opvolger sou weldra bekend staan as die "dekoloniseerder" van die Britse Ryk. In hierdie proses was hy heel gewillig om die VSA ter wille te wees, gedagtig daaraan dat die VSA ná die Suezkrisis in volle beheer van die spesiale verhouding tussen die twee lande was en ook Brittanje genoegsaam bygestaan het tydens laasgenoemde se finansiële verknorsing.

Toe Macmillan in Januarie 1957 eerste minister geword het, het Brittanje 15 gebiede in Afrika beheer; teen 1964 was daar net vier oor. Meer as tweederdes van Brittanje se Afrikabesittings het onafhanklikheid verkry tydens Macmillan se premierskap. Volgens Hemming was daar min twyfel dat Brittanje mettertyd van sy gebiede in Afrika ontslae sou raak; die vraag was hoe vinnig dit gedoen sou word en op watter wyse.[78]

> However, the very fact that Britain was a colonial power stigmatised her, and there was little that Macmillan could do to change this perception. The ambiguous attitude of the Americans towards colonialism meant that they were difficult to please, while the ArabAsian (and later African) states needed anti-imperialism as a cohesive force. No matter how fast Britain shed her Empire, she would still have been subject to criticism.[79]

Toe Macmillan die amp van eerste minister oorgeneem het, was die internasionale arena relatief stil. Sy primêre beweegrede om aanvanklik 'n lae profielbeleid oor Afrika te handhaaf, was sy oorheersende behoefte om die wonde wat die Konserwatiewe Party as gevolg van die Suez-krisis opgedoen het eers te laat genees.[80] Binnelandse politieke bekommernisse het gevolglik 'n rol gespeel in die tempo van dekolonisering. Macmillan was in die eerste plek 'n politikus en daarom was hy versigtig om nie die risiko te loop om sy Konserwatiewe Party oor koloniale kwessies te verdeel en geharde ondersteuners van die Britse Ryk te vervreem nie.[81]

Omdat die internasionale aspek van dekolonisasie egter vir Macmillan deuslaggewend was, het hy onttrekking aan Afrika as 'n belangrike doelwit nagestreef, waarmee hy Brittanje se status as 'n groot moondheid wou handhaaf en uitbou. Sodoende het drie belangrike buitelandse beleidsoorwegingsredes die internasionale konteks van sy dekoloniseringsproses gevorm.[82] Eerstens was daar die ervarings van ander Europese koloniale moondhede. Franse en Belgiese koloniale beleid het ook gedien as 'n aansporing tot Britse dekolonisering. Frankryk se nuwe president, generaal Charles de Gaulle, het 'n algemene aanbod aan Franse kolonies gemaak: óf outonomie binne 'n Franse gemeenskap, óf onafhanklikheid. Hierdie stap het Macmillan groot angs besorg aangesien dit Britse kolonies se druk vir onafhanklikheid sou

77 Herring (2008:676).
78 Hemming (1996:97).
79 Hemming (1996:117).
80 Goldsworthy (1971).
81 Hemming (1996:116).
82 Ibid., 110-111.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a1

laat toeneem.[83] Tweedens het die Afro-Arabies-Asiatiese groep gegroei met gepaargaande toename in invloed in internasionale aangeleenthede en 'n groter rol en seggenskap in die VN. Derdens kon Macmillan nie die belangrikheid van Brittanje se spesiale verhouding met die VSA ignoreer nie. Dit het prominent in Macmillan se denke oor dekolonisering gefigureer.[84] Omdat die VSA se buitelandse beleid tradisioneel teen alle vorme van kolonialisme gekant was, was hierdie uitgangspunt 'n gereelde knelpunt in die Anglo-Amerikaanse verhoudinge.[85] Macmillan het besef dat die VSA se aanhoudende wanpersepsie van Brittanje se koloniale beleid, soos wat hy dit vertolk het, een van die ernstigste struikelblokke was om 'n behoorlike verstandhouding tussen die twee regerings te bewerkstellig. Daarom was dit vir hom noodsaaklik om die VSA te laat besef dat Brittanje se toepassing van sy koloniale beleid die beste vooruitsigte gebied het om 'n stabiele, pro-Westerse Afrika te skep.[86]

Macmillan se pogings om deur middel van die proses van dekolonisasie Brittanje se globale posisie te handhaaf of selfs te verbeter, was nie eintlik suksesvol nie. Die feit dat Brittanje 'n koloniale mag was het 'n stigma gelaat en Macmillan kon weinig doen om hierdie persepsie te verander. Sy pogings om Brittanje se status as 'n groot moondheid deur middel van die Statebond te versterk, was eweneens onsuksesvol.[87] Die VSA was gereeld geïrriteerd met Brittanje se onvermoë om die anti-Westerse beleid van sekere Statebondslede soos Indië en Ghana te beïnvloed.[88] Hemming se gevolgtrekking was dus dat Macmillan se verwagting om met die proses en resultaat van dekolonisasie Brittanje se status as 'n groot moondheid ten beste te verander, 'n wanhoopspoging gebly het. Daarby moet onthou word dat as dit nie vir sy onttrekking uit Afrika was nie, Brittanje se agteruitgang aansienlik meer traumaties sou kon wees.[89] Ten spyte van al sy optredes om Brittanje se doelwit met dekolonisasie van sy oorsese gebiede te bereik, kon Macmillan nie die stigma van kolonialisme afskud nie.

Dit was teen hierdie agtergrond wat Macmillan sy befaamde toespraak van "Winde van Verandering" in 'n saal van die parlement in Kaapstad op 3 Mei 1960 gelewer het.[90]

> The wind of change is blowing through this [African] continent, and whether we like it or not, this growth of national consciousness is a political fact. We must all accept it as a fact, and our national policies must take account of it.[91]

Nodeloos om te meld het hierdie toespraak eerste minister Hendrik Verwoerd nie aangestaan het nie. Afgesien van die kritiek wat die toespraak in Suid-Afrika ontlok het, is daar ook in Brittanje kommentaar daaroor uitgespreek, soos byvoorbeeld:

---

83 Horne (1989:177).
84 Hemming (1996:110-111).
85 Fraser (1992).
86 Hemming (1996:114).
87 Ibid., 116-118.
88 Louis & Bull (1986:255).
89 Hemming (1996:118).
90 Hermann Gilomee maak hieromtrent die volgende betekenisvolle opmerking:

> Agter die diplomatieke hoflikheid was 'n onheilspellende boodskap: In *Brittanje se halsoorkop de-kolonisasie van Afrika het Britse moraliteit en Britse belange* die wit mense in Suid-Afrika as vervangbaar beskou. Die onderliggende veronderstelling was dat Suid-Afrikaanse wit mense, soos die wit mense in ander kolonies, politieke onderhorigheid aan swart mense sou aanvaar of sou wegtrek om iewers in 'n gemeenskap met 'n wit meerderheid te gaan woon. Gilomee (2012:74). (Kursief bygevoeg)

91 Boddy-Evans (2021).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a1

… though mainly in South Africa: not even the Times, here, cared to damn the Prime Minister for his lack of tact on that occasion.[92]

Nog kritiek wat oor die toespraak gelewer is, was die gebrek aan oorspronklikheid, terwyl Macmillan se voorliefde vir dramatiese staatsmanskap daaruit geblyk het.[93]

## Frankryk en Kolonialisme

Die gevolge van die Suezkrisis was vir Frankryk net so dramaties, en in sekere opsigte was dit dalk ernstiger as vir Brittanje. In November 1956, toe Frankryk en Brittanje saam met Israel hul noodlottige militêre optrede geloods het, het Frankryk reeds koloniale gevolge op twee ander fronte beleef. Eers was daar die terugslag van die geveg om Diện Biên Phủ (in hedendaagse Viëtnam) in Mei 1954, wat die einde van Franse koloniale betrokkenheid in Indo-China beteken het.

> It hits defeat at Dien Bien Phu, the French army – the army of Valmy, Austerlitz and, yes, Verdun – passed into history.[94]

Nader aan die tuisfront was Frankryk teen daardie tyd ook reeds al gekonfronteer met die opstand van rebelle in Fransbeheerde Algerië.

> The fight against colonialism in Algeria was more bitter and bloody than in Egypt.[95]

Frankryk se beheer oor Algerië het begin verkrummel, en net soos Brittanje, was Frankryk nie meer in staat om sy imperiale ambisies en heerskappy te handhaaf nie. Die persoon wat in ’n groot mate daartoe bygedra het, was Nasser. In sy nasionaliseringstoespraak op 26 Julie 1956 het hy Frankryk doelbewus uitgetart en die skare opgesweep met sy opmerking dat daar nooit aan Egipte gesê sou word dat die slag van Algerië nie hul geveg was nie. In Algerië, net soos in die res van die Arabiese wêreld, is hy geprys as die man wat teen hierdie eens koloniale kolosse opgestaan en dit vernietig het. Nasser se steun vir hierdie nasionale bevryding van Algerië het die grondslag vir die konfrontasie met Frankryk gelê.

> The Algerian revolt was rapidly becoming an international issue. The whole Arab world, which had been further embittered by the French role in the Suez affair, took up the cause of the Algerians with enthusiasm. … Although France could be said to be winning the war militarily, it was losing it politically.[96]

92 “Turn of the Tide”, *The Spectator*, 18 Maart 1960, bl. 3. Terloops, in ’n ander artikel in dieselfde tydskrif is hierdie opmerking geplaas:

> The day before Mr. Macmillan made his surprising and stirring speech – those words “individual merit, and individual merit alone, is the criterion of man’s advancement” are almost treasonable in South Africa – the British High Commissioner gave a garden party in honour of the Prime Minister. Whites, and Whites alone, were invited to it.
> Mackenzie (1960:8).

93 Hemming (1996:104-105).

94 Norman (2018).

95 Alexander (2005:82).

96 Mansfield (1976:315). Hierdie waarneming is tans netso op Israel se optredes in Gasa van toepassing. Dit is belangrik om kortliks op die geskiedenis van die Gasastrook te let. Ná 1948 is Gasa deur Egipte geadministreer, maar met die Suezkrisis is dit in 'n belangrike slagveld omskep. Met Brittanje en Frankryk se aanval op Egipte het Israel Gasa vir die eerste keer in November 1956 beset met die oog op langtermynbesetting. Toe Israel sy troepe in 1957 moes onttrek, sou dit nie die laaste keer wees dat Israel in die Gasastrook betrokke sou raak nie. Tydens die Sesdaagse


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a1

Frankryk het Egipte en Nasser by name daarvan beskuldig dat eersgenoemde se probleme met die Algeryne te wyte was aan die direkte beplanning en aanhitsing deur Egipte.[97] Frankryk se aandeel aan die aanval op Egipte het baie te doen gehad met die hoop om die Algerynse koloniale probleem te beëindig, waar Brittanje se deelname meer in eie belang was ten opsigte van Egipte en die Midde-Ooste eerder as om Frankryk enigsins by te staan om van 'n koloniale nagmerrie te ontsnap. Oor die maande heen het die band tussen die rebelle en Nasser net stewiger geword met hul lot wat verbind was aan sy prestige.[98] In November 1958 het Nasser sy sterkste verklaring oor steun aan die Algerynse rebelle gelewer.

> Algeria will triumph over France and we shall not spare any help to make Algeria free, even if this means incurring the wrath of France and her imperialistic allies.[99]

Vir die Algerynse rebelle wat deur die *Front de Libération Nationale* (FLN) gekoördineer en deur Ahmed Ben Bella gelei is, was Nasser 'n bondgenoot ten opsigte van sy solidariteit met hul strewe na bevryding.[100] In 1955 het die Bandungkonferensie, waartydens Nasser reeds 'n prominente rol gespeel het, besluit om die selfbeskikkingsreg van die Algeryne te ondersteun.[101]

> In Cairo, Ben Bella and his two colleagues were instructed to apply urgent pressure upon the pan-Arabist Nasser regime for maximum support in arms and propaganda.[102]… another success was registered by the Algerians when, at a new Afro-Asian conference hosted by Nasser in Cairo, they were accepted on an equal footing among the sovereign powers. At the same time an important first contact was made through their delegations with the U.S.S.R. and Red China.[103]

Nasser het die Algeryne nie net van wapens voorsien nie, maar ook van fondse.[104] Voorts het hy later besluit om die voorlopige Algerynse regering te ondersteun deur hulle toe te laat om hul hoofkwartier in Kaïro te vestig.

> In permitting the rebel Algerian Government to operate here, President Nasser is serving notice in a most convincing manner that there will be no rapprochement with France as long as she continues to support and arms the Arabs' hated enemy.[105]

In 1958, toe hierdie voorlopige regering gestig is, het dit diplomatieke erkenning gesoek ten spyte van die feit dat hulle nie enige van die grondgebied wat hulle opgeëis het, kon beheer nie. Die Sowjetunie het de facto erkenning van die voorlopige regering verleen en alle moontlike hulp belowe. Die voorlopige regering het volstoom gewerk om Frankryk polities te isoleer – in Algerië en in die wêreld.[106] Die toepaslike platform wat geskep is om daardie beleid van

---

oorlog in 1967 het Israel die Strook oorgeneem en die Sinai-woestyn van Egipte verower. Terselfdertyd het Israel ook die Wesoewer en Oos-Jerusalem van Jordanië en die Golanhoogte van Sirië ingeneem. Irfan (2023)

97 "French Blame Nasser" *The New York Times*, 28 Mei 1958.

98 Tanner (1958).

99 "Nasser pledges Aid in Freeing Algeria" *The New York Times*, 15 November 1958.

100 Alexander (2005:81-82).

101 Evans (2012:139).

102 Horne (1977:79).

103 Ibid., 247.

104 Alexander (2005:82). Hierdie skrywer het vir Ben Bella hier soos volg aangehaal: "The first Suez Canal proceeds after nationalisation were presented to us, the FLN leaders, by Gamal Abdal Nasser."

105 "Algerian Rebels set up at Cairo" *The New York Times*, 21 September 1958.

106 Tripier (1972:583).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a1

Franse isolasie te verwesentlik, was om permanente kantore by die VN, in die VSA asook in Asië te open. Teen die einde van 1958 was al agt van hierdie kantore aktief in die buiteland.

> By thinking and acting globally to attain their goals at home and abroad, the Algerians revealed how even a stateless and embattled people could be authors of their own history, a history in which the Cold War was a small but essential part.[107]

Toe Brittanje en Frankryk hul optrede om van Nasser ontslae te raak afsonderlik van Washington gekoördineer het, is die VSA daarvan beskuldig dat hulle Frankryk se probleme in Noord-Afrika geïgnoreer het.[108] Uiteindelik was daar tydens die Suezkrisis geen ooreenstemmigheid onder die drie bondgenote oor wat om met Nasser te doen nie. Hierdie meningsverskil het nog lank ná die krisis voortgeduur, veral toe die FLN verteenwoordigende kantore in die VSA, maar ook in Italië en Switserland, begin bedryf het. Frankryk het in al hierdie lande sonder enige sukses teen daardie teenwoordigheid beswaar gemaak. Washington was oortuig daarvan dat die FLN Algerië eendag sou regeer. Die ander lande het dit beaam.

> The FLN was at war with France, and the United States was an ally; the American government's attitude could only be characterized as shocking.[109]

Washington was verstom dat die FLN se aktiwiteite in die VSA kritieke wrywing met Frankryk kon veroorsaak.[110]

> Privately generated American aid to Algerian refugees, and the open sympathy for the rebels manifest in American public opinion also hurt. … FLN leaders continued to be received at their request at the State Department. [France] demanded that all this be stopped. Washington replied that it was constitutionally unable to do anything about FLN propaganda activities in the United States, even if it had been willing.[111]

Hierdie stryd het revolusionêres wêreldwyd geïnspireer.[112] Die presedente wat hulle geskep het, het die weg vir ander nasionale bevrydingsbewegings gebaan.[113] Sodoende het die Algeryne betekenis aan die konsep verleen dat 'n nasionale bevrydingsbeweging wel 'n buitelandse beleid behoort te beoefen wat dividende kon oplewer wanneer dit suksesvol geïmplementeer is. Dit was nog 'n kardinale aspek wat bepaald 'n indruk op Nelson Mandela gemaak het tydens sy besoeke aan Algerië en wat daarna ywerig deur die ANC nagevolg is.

Algerië het ontsaglike probleme vir Frankryk veroorsaak en selfs sy politieke stabiliteit bedreig. Daarom was dit Frankryk se hoofdoelwit om saam met Brittanje en Israel die militêre inval in November 1956 te onderneem om Nasser vir sy ondersteuning van die Algerynse rebelle te straf.[114] Ná die mislukte inval het Frankryk se invloed in die Arabiese wêreld tot 'n einde gekom.

---

107 Connelly (2001:239). Die toepaslikheid op Gasa is tans weereens voor die hand liggend.
108 Wall (2001:33, 37).
109 Ibid., 168.
110 Ibid., 183.
111 Ibid., 166-167.
112 Rahal (2022).
113 Ibid., 222. Baie van die elemente wat in hierdie benadering vervat is, word tans in die stryd om Gasa waargeneem.
114 Giniger, Henry "French See Suez as Key to Their African Dilemma – By Taking a Strong Stand Against Nasser They Hope to Ease Strain in Algeria" *The New York Times*, 9 September 1956. Sien ook Clarke, Michael "Arab Algerians support Nasser" *The New York Times*, 17 August 1958.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a1

Die Franse politieke opset was in ’n warboel, en internasionaal was die gevolge vir Frankryk ook aansienlik.

> … the ghosts of the Algerian War continue to shape the conversation about France’s identity, it’s largely because the political class has decided to bestow upon the conflict – and its legacy – an outsized role.[115]

Die Suezkrisis het ’n geweldige impak op die binnelandse politiek in Frankryk gehad, en het grootliks bygedra tot die militêre ontnugtering van die Vierde Republiek. Teen Mei 1958 was die meerderheid Franse ontevrede met hul politieke stelsel. Hulle was geïrriteerd oor die inherente onstabiliteit daarvan en het geen vertroue in die regering se vermoë gehad om die Algerynse krisis op te los nie.[116] Daardie Republiek se einde het in 1958 aangebreek – die sesde regering om in die bestek van agt jaar te val. Daarteenoor is generaal Charles de Gaulle[117] gesien as die een figuur wat Frankryk van burgeroorlog kon red, nasionale eenheid kon verseker en ’n oplossing vir die Algerynse vraagstuk kon bewerkstellig. Die era van Gaullisme het aangebreek. De Gaulle het weer tot die aktiewe politiek teruggekeer en die eerste president van die Vyfde Republiek geword. Hy het wye mag gehad om die grondwet te hervorm, en in hierdie proses het hy tot die gevolgtrekking gekom dat beheer oor Algerië nie volhoubaar was nie. Hy het die Algerynse burgeroorlog beëindig en Frankryk se Afrikagebiede in 12 onafhanklike state omskep. De Gaulle het ingesien dat Frankryk Algerië en sy ander koloniale gebiede moes help om outentieke, demokratiese entiteite te word. Ook het hy besef dat dit in Frankryk se nasionale belang was om ekonomiese en politieke modernisering in Afrika te bewerkstellig anders sou hierdie gebiede die prooi van wanhoop word en uiteindelik kommunisme aanhang.[118]

Op 5 Julie 1962 het Algerië ná 132 jaar van Franse besetting sy onafhanklikheid verkry aan die einde van ’n bevrydingskonflik wat agt jaar vanaf 1954 geduur het. Volgens Mansfield moet daardie Franse heerskappy beskou word

> … as the most extreme case of Christian European colonization of an Arab/Muslim country. The French set out deliberately to gallicize the country and to destroy all the symbols of Algerian nationality. French was made the language of government and higher education.[119]

Met die Franse onttrekking het die bitterheid van die Franse setlaars tot uitbarsting gekom toe hul hele wêreld binne ’n kort periode in duie gestort het en meer as een miljoen van hulle na Frankryk gestroom het toe hulle hul eiendomme verloor. ’n Gelyke getal Algerynse Moslems het hul lewens verloor.[120]

Voor die Suezkrisis was daar reeds spanning tussen die VSA en Frankryk. Parys het die VSA van verraad aangekla met die Franse oorlogspoging in Indochina en die nederlaag by Diện Biên Phủ. Vir De Gaulle het die Suezgebeure aan hom bevestig dat Frankryk nie altyd

115 Barbero (2021).
116 Evans (2012:236).
117 Hy was ’n Franse weermagoffisier en staatsman wat Vrye Frankryk teen Nazi-Duitsland in die Tweede Wêreldoorlog gelei het en die Voorlopige Regering van die Franse Republiek van 1944 tot 1946 gelei het om die demokrasie in Frankryk te herstel. Teen 1958 was hy nie meer deel van die politieke bestel in Frankryk nie. Hierna het hy weer tot die aktiewe politiek toegetree.
118 Evans (2012:242).
119 Mansfield (1976:134).
120 Horne (1977:1).

op sy bondgenote kon staatmaak nie. Een voorbeeld was die Britte wat te midde van die militêre optrede wat hulle saam met Israel beplan en in November 1956 uitgevoer het ’n wapenstilstand aangekondig het sonder om hul Franse bondgenoot daaroor te raadpleeg. De Gaulle het sy eie besondere siening gehad oor die belangrike rol wat Frankryk in wêreldaangeleenthede behoort te speel. Gevolglik het hy ingrypende veranderinge in Frankryk se buitelandse beleid aangebring. Hy het op verskeie wyses die konfronterende aard van Frankryk se betrekkinge met die VSA verpersoonlik. Dit het hom dikwels in direkte botsing met die optrede en beleid van die nuwe supermoondheid gebring wie se groeiende mag in Europa hy betreur het.[121] Hy wou Frankryk se status in veral Europa herstel en daarmee die VSA en dié se bondgenoot, Brittanje, uit kontinentale aangeleenthede hou. De Gaulle was vasberade om die leiding te neem om ’n sterk, verenigde en onafhanklike Europa op te bou. Intussen het betrekkinge met die VSA begin verbrokkel nadat hy die plasing van die VSA se kernplofstelle op Franse grondgebied verbied het.[122] Hieroor het hy aan Eisenhower voorgestel dat die Franse en Britte geken moes word oor besluite van die VSA wat die Westerse alliansie geraak het, veral dié wat kernwapens behels het. Eisenhower het dit bloot geïgnoreer. Die VSA was nie van plan om sy vryheid van optrede prys te gee nie. De Gaulle het gereageer deur die ontwikkeling van Frankryk se kernwapenprogram te versnel, en Brittanje het dieselfde gedoen.[123] Met Frankryk se daaropvolgende onttrekking aan die militêre vleuel van NAVO, was De Gaulle vasbeslote om sy land se kernarsenaal uit te brei eerder as om op die kernsambreel van die VSA staat te maak. Die beleid van neutraliteit wat Frankryk later tydens die Viëtnam-oorlog gehandhaaf het, is as anti-Amerikanisme beskou. Toe De Gaulle Brittanje se aansoek om lidmaatskap van die Europese Ekonomiese Gemeenskap in 1963 geveto het, het hy opgemerk dat Brittanje die spreekwoordelike Trojaanse perd vir die VSA in Europa sou wees. Hy het op die solidariteit van kontinentale Europa aangedring. Tydens hierdie onderhandelinge het De Gaulle die Britte berispe omdat hulle volgens hom te veel op die VSA staatgemaak het. Sommige kommentators was van mening dat die Suezkrisis een van die hoofaanleidende oorsake was waarom De Gaulle so ’n hardnekkige anti-Britse standpunt gehandhaaf het.[124] Lidmaatskap het eers vir Brittanje op 1 Januarie 1973 ’n werklikheid geword toe De Gaulle alreeds vier jaar vantevore uitgetree het.

Toe hy gekritiseer is dat hy te oud, te selfgesentreerd, te outoritêr, te konserwatief en te anti-Amerikaans was, het hy op 28 April 1968 as president bedank. Die Suezkrisis het bepaald ’n rol in sy denke en optredes gespeel.

In 2002 het Lizabeth Zach die volgende opgemerk:

> The Algerian War made a profound imprint on a whole generation of people and has continued, to this day, to haunt the political cultures, collective memories, historiographies, and people’s psyches in both France and Algeria.[125]

Hierna het Steven Cook in 2017 opgemerk dat die gevolge van daardie konflik steeds ’n skadu oor hedendaagse Franse politiek gegooi het.

> What’s more important is the way the Algerian conflict still casts a long shadow over French politics, and the way it has played into the nationalism and neofascism that still

121 Dayton (2003).
122 Horne (1988:384).
123 Lafeber (1994:560).
124 Gharbawi (2021:22).
125 Zack (2002:56).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a1

> appeal to a significant portion of the French electorate. The war, France's withdrawal from Algeria, and the North African nation's journey to independence were collectively a searing experience that polarized and radicalized politics.[126]

Met die gewelddadige gebeure van Junie en Julie 2023 in Frankryk is die Algerynse verlede weereens opgediep toe betogings en wydverspreide voorvalle van geweld en anargie landwyd voorgekom het. Vandalisme, brandstigting en plundering was vir dae aan die orde van die dag in verskeie stedelike gebiede toe die polisie van Parys 'n tiener van Algeryns-Marokkaanse afkoms ná 'n verkeersinsident noodlottig geskiet het.[127] Ná hierdie gebeure het Hilal Khashan 'n artikel oor die koloniale geskiedenis tussen Algerië en Frankryk geskryf. In sy slot het hy die volgende beklemtoon:

> The colonial legacy of the political disharmony between Algeria and France became an ideological struggle… The crimes committed by France against the Algerian people left deep wounds that have not yet healed, primarily because of the unresolved history between the two countries[128].

Nou is dit verstaanbaar waarom die wonde tussen die twee lande ná 61 jaar nog steeds baie rou is.

## Slot

Die Suezkrisis het 'n diepgaande impak op die magsbalans in die Midde-Ooste tot gevolg gehad, gepaardaande met die verantwoordelikhede wat die VSA daar aanvaar het. Dit het Britse en Franse aansien en gesag onder Arabiese state aangetas en die pas van Europese dekolonisasie in Afrika verhaas. Met Suez het die Derde Wêreld 'n belangrike diplomatieke oorwinning behaal. Die krisis het die Internasionale Monitêre Fonds (IMF) sy eerste internasionale krisis besorg. Die mees ooglopende gevolg van die IMF se betrokkenheid by die Suezkrisis was dat dit die Fonds vir die eerste keer 'n belangrike rol laat speel het om 'n land by te staan wat 'n internasionale geldkrisis die hoof moes bied.[129]

Brittanje se noodlottige pogings om sy teenwoordigheid in Egipte te behou en om Nasser uit te skakel, het tot gevolg gehad het dat hy in die invloedsfeer van die Sowjetunie verwelkom is en hy 'n tuiste daarin kon vind. So het die Sowjetunie daarin geslaag om met die Arabiese wêreld, wat as 'n teiken gesien is, een van sy doelwitte in die Koue Oorlog te bereik. Nasser het vir sy Pan-Arabiese nasionalisme en Derdewêreldneutraliteit groot lof ingeoes en met eer uit die krisis getree.

Die Suezoorlog het internasionale betrekkinge beïnvloed en die buitelandse beleid van die VSA vir die Midde-Ooste gevorm. Brittanje en Frankryk se optrede was nie ter selfverdediging nie. Dit was 'n voorkomende een wat daarop gemik was om die hegemonie van hierdie twee Europese moondhede oor Egipte te herstel en 'n nuwe orde in die Midde-Ooste te bewerkstellig. Hulle was egter die groot verloorders in die krisis. Elkeen se droom om koloniale glorie te herstel het aan skerwe gelê.

Israel, daarenteen, het besliste voordele uit die konflik getrek. Frankryk wat ontsteld was oor Nasser se steun vir die rebelle in Algerië, het reeds enkele maande voor die militêre inval ses eskaders *Mystere* IV-vliegtuie na Israel gestuur.[130] Ná die konflik was die Straat van Tiran

126 Cook (2017).
127 Van Niekerk (2023).
128 Khashan (2023).
129 Boughton (2001).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a1

wat Egipte vir Israeliese navigasie gesluit het, weer toeganklik vir almal. Verder het Israel daarin geslaag om die aandag op sy militêre vermoëns te vestig en erkenning daarvoor te verkry. Die waarde daarvan as ’n strategiese bate in die Midde-Ooste is uiteindelik deur die Weste erken. Met die Suezkrisis het Frankryk ’n goeie verskoning gehad om met Nasser af te reken. Frankryk se bereidwilligheid om vanaf 1955 op Israel se wapenversoeke te reageer en gesamentlik teen Egipte op te tree, het verband gehou met die Franse oortuiging dat verbintenis met Israel die oorlog in Algerië sou vergemaklik.[131]

Ná die Tweede Wêreldoorlog was Frankryk gedemoraliseerd. Die Vierde Republiek wat ná die bevryding ingehuldig is, was onstabiel en eintlik onbevoegd. Afgesien van onoplosbare politieke en omstrede sosiale vraagstukke wat die regering gekonfronteer het, het die Algerynse kwessie, wat kort ná die neerlaag by Bien Ben Pu in 1954 in felheid toegeneem het, ook verder tot ernstige onstabiliteit gelei. Die een regering na die ander het geval. Vanaf 1946 het Frankryk twintig regerings gehad. Algerië het geagiteer vir onafhanklikheid van Franse heerskappy en die Algerynse rebelle is deur Nasser ondersteun en aangemoedig. Om sake te vererger, het die Koue Oorlog ’n donker skadu oor die gebeure gegooi en in die konteks daarvan het die militêre inval op ’n besonder ongeleë tydstip plaasgevind. Die angs oor die Koue Oorlog het toegeneem met die Sowjetunie se inval van Hongarye. Eisenhower was intens betrokke by sy veldtog om vir ’n tweede termyn as president verkies te word. Hy moes noodgedwonge groot dele van sy politieke veldtog opskort om op internasionale aangeleenthede te fokus. Die VN wat geskep is met die doel om konflikte te verhoed of so spoedig moontlik te beëindig, was skaars ’n dekade oud en het gesukkel om ’n eie, betekenisvolle rol te skep as bewaker van die oppergesag van internasionale reg ingevolge die VN se handves. Dit was die enigste gebeurtenis tydens die Koue Oorlog waar die twee supermoondhede saamgewerk het om ’n oorlog te beëindig en die twee Westerse bondgenote van die VSA te veroordeel, terwyl die Sowjetunie sy inval in Hongarye feitlik ongestoord voltooi het.

Die finale besluit om Egipte binne te val, het Eden geneem sonder noemenswaardige raadpleging met sy kabinet en met geen oorleg met die VSA en die Statebond nie.

> Secrecy played a major part in the belligerents’ decision to go to war.[132]

Vanuit die VSA se perspektief is die geheimhouding van die aanvalsplanne as verraad beskou deur ’n bondgenoot. Wat Eden se kabinet betref, het dit nie beteken dat lede van sy kabinet nie hul eie sienings en meningsverskille daaroor gehad het nie. Dan het hy ook nie regsadvies in die aanvanklike stadium van die konflik ingewin nie, omdat hy die hele aangeleentheid as polities beskou het.[133] Brittanje se noodlottige pogings om sy teenwoordigheid in Egipte te behou en om Nasser te elimineer, het tot gevolg gehad dat Nasser in die invloedsfeer van die Sowjetunie verwelkom is en hy ’n tuiste daarin gevind het. So het die Sowjetunie daarin geslaag om met die Arabiese wêreld wat as ’n teiken gesien is een van sy doelwitte in die Koue Oorlog te bereik. Gevolglik moet hierdie siening van George Herring beaam word, naamlik dat Suez “was one of the most complex and dangerous of Cold War crises”.[134]

Nasser het, soos reeds genoem, vir sy Pan-Arabiese nasionalisme en Derdewêreldneutraliteit groot lof ingeoes en met eer uit die krisis getree. Mettertyd het die Weste die denkfout

130 Freiberger (2007:121).
131 Ibid., 47. In Eksteen (2023b) is die uiters geheime Sèvres-protokol bespreek wat na bewering die weg gebaan het vir die oordrag van Franse kernkragtegnologie aan Israel.
132 Lahav (2015:1351).
133 Ibid., 1311.
134 Herring (2008:678).

besef dat die probleem nie Nasser was nie, maar die verbrokkeling van kolonialisme, met die daarmee gepaardgaande ontwaking van nasionalisme in die Midde-Ooste.

> Nasser's eventual success in ending the British occupation … finally gave a popular mandate to his personal leadership [that] made him an Arab hero, paving the way for the "Nasserite revolution" to be exported.[135]

Vir die dekolonisasie van Afrika was Suez die keerpunt. Die Suezkrisis het daartoe bygedra om die diepte van anti-koloniale gevoel in die internasionale arena te ontbloot en die gevoel van emansipasie in koloniale gebiede veral in Afrika aan te wakker. Die bevrydingsbewegings van Afrika was, soos Mandela ook telkens aangedui het, baie dank aan die Algeryne verskuldig vir die onderrig wat hulle ontvang het. Daardie opleiding was nie tot militêre instruksie beperk nie. Die bevrydingsbewegings is onder die indruk gebring van die belangrikheid om, naas militêre paraatheid, ook hulle eie buitelandse beleid te formuleer, wat bedryf moes word met die kantore wat in verskeie hoofstede van die wêreld en by die VN vir daardie doel geopen moes word.

Elkeen van die leiers wat hier bespreek is, het onteenseglik bygedra tot die boekstawing van die Suezkrisis in die annale van die geskiedenis as 'n merkwaardige gebeurtenis waarvan die gevolge oor soveel dekades daarna nog merkbaar is en ook steeds die onderwerp van bespreking en ontleding bly. Daarmee saam het Nasser gesorg dat sy naam onlosmaaklik verbind word aan die knou wat Britse en Franse koloniale heerskappy gekry het en wat 'n nuwe era in Afrika se ontkoppeling van kolonialisme en imperialisme ingelui het.

## BIBLIOGRAFIE

### Boeke en Artikels


Alahmed, Anas. 2011. Voice of the Arabs Radio: Its Effects and Political Power During the Nasser Era (1953-1967). (<https://ssrn.com/abstract=2047212 or http://dx.doi.org/10.2139/ssrn.2047212>)

Aldrich, Winthrop. 1967. The Suez Crisis: A Footnote to History, *Foreign Affairs,* 45(3):541-552.

Alexander, Anne. 2005. *Nasser.* London: Haus Publishing Ltd.

Ashton, Nigel. 1996. Macmillan and the Middle East: In Aldous, Richard & Sabine Lee (eds). *Harold Macmillan and Britain's World Role.* London; Macmillan Press Ltd., pp. 37-66.

Barbero, Michele. 2021. France Still Struggles With the Shadow of the 'War Without a Name'. *Foreign Policy*, 13 Februarie 2021.

Beck, Peter. 2009. 'The Less Said about Suez the Better' : British Governments and the Politics of Suez's History, 1956–67*, English Historical Review*, CXXIV: 508, 605-640.

Bennett, Jill. 2013. *Six Moments of Crisis: Inside British Foreign Policy.* Oxford: Oxford University Press.

Blair, William. 1956. Nixon Hails Break With Allies' Policies, *The New York Times*, 3 November 1956.

Boddy-Evans, Alistair. 2021. "Wind of Change" Speech, *ThoughtCo*, 16 Februarie 2021. (<thoughtco.com/wind-of-change-speech-43748>).

Boughton, James. 2000. Northwest of Suez: The 1956 Crisis and the IMF, *IMF Working Paper – WP/00/192*, Desember 2000.

Campbell, John. 2010. *Pistols at Dawn: Two Hundred Years of Political Rivalry from Pitt and Fox to Blair and Brown*. London: Vintage.

Catterall, Peter (ed.). 2003. *The Macmillan Diaries: The Cabinet Years, 1950–1957*. London: Macmillan.

Connelly, Matthew. 2001. Rethinking the Cold War and Decolonization: The Grand Strategy of the Algerian War for Independence, *International Journal of Middle East Studies*, 33(2): 21-245.

Cook, Steven. 2017. How the French Debacle in Algeria Shaped the Rise of Marine Le Pen – and What America Can Learn From It. C*ouncil for Foreign Relations Blog Post*, 1 Mei 2017. (<https://www.


135 Thornhill (2004:921).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a1

cfr.org/blog/how-french-debacle-algeria-shaped-rise-marine-le-pen-and-what-america-can-learn-it>).

Divine, Robert. 1991. John Foster Dulles: What You See Is What You Get, *Diplomatic History,* 15(2):277-285. (<https://doi.org/10.1111/j.1467-7709.1991.tb00130.x>).

Doran, Michael. 2016. *Ike's Gamble: America's Rise to Dominance in the Middle East.* New York: Free Press.

Dutton, David. 1997. *Anthony Eden: A Life and Reputation*. London: Arnold. https://archive.org/details/anthonyedenlifer0000dutt/page/408/mode/2up?view=theater&q=ignored.

Eden, Anthony. 1960. *Full Circle : the memoirs of Anthony Eden*. Boston: Houghton Mifflin Company. (<https://archive.org/details/fullcirclememoir0000eden/page/n3/mode/2up>).

Eksteen, Riaan. 2023a. Historiese perspektief: Redes vir en gevolge van die betrokkenheid van groot moondhede in die Suezkanaal (Egipte) in besonder voor 1956. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 63(2):420-451.

Eksteen, Riaan. 2023b. Nasionalisering van die Suezkanaal en die gevolglike internasionale reperkussies. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 63(4):756-780.

Evans, Martin. 2012. *Algeria : France's Undeclared War.* Oxford: Oxford University Press, Inc.

Fraser, Cary. 1992. Understanding American policy towards the decolonization of European empires. *Diplomacy and Statecraft,* 3(1):105-125.

Freiberger, Steven. 2007. *Dawn over Suez : The Rise of American Power in the Middle East, 1953–1957.* Chicago: Van R Dee, Inc. (<https://archive.org/details/dawnoversuezrise0000frei/page/n5/mode/2up?q=dawn+over+suez>)

Gharbawi, Ayad. 2021. *Nasser, Eden, and Suez 1956 and the Moral Victor Is*. (<https://www.academia.edu/45102469/Nasser_Eden_and_Suez_1956_and_the_Moral_Victor_Is>).

Gilmour, Ian. 1960. Eden, Dulles and Collusion. *The Spectator*, 5 Februarie 1960.

Gilomee, Hermann. 2012. *Die Laaste Afrikanerleiers: 'n Opperste toets van mag*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Giniger, Henry. 1956. French See Suez as Key to Their African Dilemma – By Taking a Strong Stand Against Nasser They Hope to Ease Strain in Algeria. *The New York Times*, 9 September 1956.

Golani, Motti. 1998. *Israel in Search of a War: The Sinai Campaign, 1955–1956*. Brighton: Sussex Academic Press. (<https://archive.org/details/israelinsearchof0000gola/page/n7/mode/2up>).

Hahn, Peter. 1991. *The United States, Great Britain, and Egypt, 1945–1956: Strategy and Diplomacy in the Early Cold War*. Chapel Hill: The University of North Carolina Press.

Hemming, Philip. 1996. Macmillan and the End of the British Empire in Africa. In Aldous, Richard & Sabine Lee (eds). *Harold Macmillan and Britain's World Role*. London; Macmillan Press Ltd., pp. 97-121.

Herring, George. 2008. *From Colony to Superpower: U.S. Foreign Relations since 1776.* New York: Oxford University Press.

Horne, Alistair. 1977. *A Savage War of Peace: Algeria, 1954–1962*. New York: The Viking Press.

Horne, Alistair. 1988. *Macmillan Volume 1, 1894–1956*. London: Macmillan.

Horne, Alistair. 1989. *Macmillan 1957–1986*. London: Macmillan.

Horton-Eddison, Martin. To What Extent did the United States Effect British Strategic Decision-Making during the Suez Crisis? (<https://www.academia.edu/12929752/To_What_Extent_did_the_United_States_Effect_British_Strategic_Decision_Making_during_the_Suez_Crisis>). Ongepubliseerde datum.

Immerman, Richard (ed.). 1990. *John Foster Dulles and the Diplomacy of the Cold War*. Princeton: Princeton University Press.

Irfan, Anne. 2023. Analysis: Israel-Hamas war: six key moments for the Gaza Strip. *The Conversation*, 26 Oktober 2023

James, Robert. 1996. Harold Macmillan: An Introduction: In Aldous, Richard & Sabine Lee (ed.). *Harold Macmillan and Britain's World Role*, London; Macmillan Press Ltd., pp. 1-7.

Khashan, Hilal. 2023. The Bitter Legacy of French Colonization of Algeria, *GPF Geopolitical Futures*, 12 Julie 2023. (<https://geopoliticalfutures.com/the-bitter-legacy-of-french-colonization-of-algeria/>).

Kissinger, Henry. 1994. *Diplomacy.* New York: Simon & Schuster.

Kunz, Diane. 1991. *The Economic Diplomacy of the Suez Crisis*. Chapel Hill: University of North Carolina Press.

Kyle, Keith. 2003. *Suez: Britain's End of Empire in the Middle East*. London: I.B. Tauris.
Lafeber, Walter. 1994. *The American Age: United Staes Foreign Policy at Home and Abroad*, *Vol. II – Since 1896.* New York: W.W. Norton & Company.
Lahav, Pnina. 2015. The Suez Crisis of 1956 and Its Aftermath: A Comparative Study of Constitutions, Use of Force, Diplomacy and International Relations, *Boston University Law Review,* 95(4):1297-1354.
Little, Douglas. 1994. America and the Middle East since 1945, *Diplomatic History*, 18(4):513-540.
Louis, William. 2006. *The Ends of British Imperialism: The Scramble for Empire, Suez and Decolonization*. London: I.B. Tauris Publishers.
Louis, William & Hedley Bull (eds). 1986. *The Special Relationship: AngloAmerican Relations Since 1945.* Oxford: Clarendon.
Mansfield, Peter. 1976. *The Arab World: A Comprehensive History.* New York: Thomas Y. Crowell Company.
Moran, Christopher. 2019. Concealing Collusion: The Suez Crisis, Political Memoirs and Official Secrecy, 1956–1969. *English Historical Review*, 134:567, 358-389.
Nasser, Gamal. 1955. The Egyptian Revolution, *Foreign Affairs,* 33(2):199-211.
Norman, Geoffrey. 2018. What the French Lost at Dien Bien Phu, *Historynet*, 2 Desember 2018. (<https://www.historynet.com/what-the-french-lost-at-dien-bien-phu/>).
Rahal, Malika. 2022. The Algerian War: Cause Célèbre of Anticolonialism, *DailyJSTOR*, 29 Junie 2022.
Rodman, Peter. 2009. *Presidential Command: Power, Leadership, and the Making of Foreign Policy from Richard Nixon to George W. Bush.* New York: Alfred A. Knopf.
Rubin, Barry. 1982. America and the Egyptian Revolution, 1950-1957. *Political Science Quarterly*, 97(1):73-90.
Smith, Simon. 2016. *Reassessing Suez 1956: New Perspectives on the Crisis and its Aftermath.* London: Routledge.
Tanner, Henry. 1958. Fate of Algeria linked to Nasser, *The New York Times*, 17 Julie 1958.
Thornhill, Michael. 2004. Britain, the United States and the Rise of an Egyptian Leader: The Politics and Diplomacy of Nasser's Consolidation of Power, 1952-4, *English Historical Review*, 119:483, 892-921.
Thorpe, David. 2010. *Supermac: The Life of Harold Macmillan*. London: Chatto & Windus.
Trevor-Roper, Hugh.1967. Suez: The Perils of Having Been Right, *Sunday Times*, 2 Julie 1967.
Tripier, Philippe. 1972. *Autopsie de la guerre d'Algérie* [Outopsie van die Algerynse Oorlog]. Paris: Editions France-Empire.
Van Niekerk, Phillip. 2023. A savage colonial past comes home to haunt the streets of modern France. *Daily Maverick*, 6 Julie 2023.
Wall, Irwin. 2001. *France, the United States, and the Algerian War.* Berkley: University of California Press. (<https://archive.org/details/franceunitedstat0000wall/page/n7/mode/2up>).
Youcef, Abdeldjalil. 2014. The Algerian Army Made Me a Man, *Transition*, 116:67-79.
Zack, Lizabeth. 2002. Who Fought the Algerian War? Political Identity and Conflict in French-Ruled Algeria. *International Journal of Politics, Culture and Society*, 16(1):55-97.

## Koerante en Tydskrifte

Editorial: "30 Years after Suez the Cover-Up Goes On", *The Observer*, 4 Januarie 1987.
"Turn of the Tide", *The Spectator*, 18 Maart 1960.
"Algerian Rebels set up at Cairo – They Make City the Capital of Regime, With Nasser's Full Endorsement" *The New York Times*, 21 September 1958.
"French Blame Nasser" *The New York Times*, 28 Mei 1958.
"Nasser pledges Aid in Freeing Algeria" *The New York Times*, 15 November 1958.

### Brittanje

Hansard. Lords, CCXX, 1023, 9 Februarie 1960.

## VSA

National Security Council. *302nd Meeting of the National Security Council.* Thursday, November 1, 1956, Box 8, NSC Series, Ann Whitman File, Dwight D. Eisenhower Library.

# Suez se nagevolge: Suid-Afrika en bevrydings-bewegings[1]

***The Suez aftermath: South Africa and liberation movements***



Riaan Eksteen

**Riaan Eksteen**
Navorsingsgenoot
Departement Politieke Studie en Regeerkunde
Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
Suid-Afrika
E-pos: reksteen@swakop.com

**Riaan Eksteen** was vir 27 jaar lid van Suid-Afrika se Buitelandse Diens. Hy beklee in daardie tyd verskillende poste en dien in verskillende hoedanighede in die Buitelandse Ministerie. Gedurende 1964-67 is hy in die Namibiese afdeling gemoeid met SA se betrokkenheid in die hofsaak by die Internasionale Geregshof in Den Haag; hy is ook agtereenvolgens hoof van die VN- en Namibiese afdeling (1973–76) en van Beplanning (1981–1983). Hy dien vanaf 1968-1973 by die SA Ambassade in Washington, DC. Voorts is hy vir 12 jaar ambassadeur by die VN in New York (1976–1981); Namibië (1990-1991); VN in Genève (1992–1995) en Turkye, insluitende Azerbaidjan, Kirgistan, Oesbekistan en Turkmenistan. Hierdie laaste aanstelling is deur Pres. Mandela gedoen. Hy was ook Direkteur-generaal van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) van 1983 tot 1988. Hy is die outeur van *The Role of the Highest Courts of the United States of America and South Africa, and the European Court of Justice in Foreign Affairs* en was besoekende dosent aan die Tashkent State University of Law, Uzbekistan. Hy is lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vanaf Junie 2022. Sy memoires, *Beyond Diplomacy*, is in Oktober 2022 gepubliseer.

**Riaan Eksteen** was a member of the South African Foreign Service for 27 years, during which time he held several posts in various capacities within the Foreign Ministry. From 1964-67 he served in the Namibian division, participating in South Africa's court case in the International Court of Justice in The Hague; he also successively held the positions of Head of the UN and Namibian divisions (1973–1976) and Head of Planning (1981-–1983). In addition, from 1968–1973, he was stationed at the South African Embassy in Washington, DC; subsequently, he was Ambassador for 12 years at the U.N. New York (1976–1981); Namibia (1990-1991); U.N. Geneva (1992–1995); and Turkey, including Azerbaijan, Kyrgyzstan, Turkmenistan and Uzbekistan (1995–1997). The assignment to Turkey was done by Pres. Mandela. He is also a former Director-General of the South African Broadcasting Corporation (1983–1988). He is the author of *The Role of the Highest Courts of the United States of America and South Africa, and the European Court of Justice in Foreign Affairs* and was visiting scholar at the Tashkent State University of Law, Uzbekistan. He is a member of the South African Academy for Science and Arts since June 2022. His memoirs, *Beyond Diplomacy*, was published in October 2022.

1 Hierdie artikel is die vierde en laaste in die reeks oor die Suezkrisis. Die eerste twee artikels, Eksteen 2023a en 2023b, het onderskeidelik in die Junie- en Desembernommers van 2023 verskyn, terwyl die laaste twee artikels (die derde en vierde) in hierdie uitgawe ingesluit word.

**Datums:**
Ontvang: 2023-09-20 Goedgekeur: 2024-01-19 Gepubliseer: Maart 2024


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a2

**ABSTRACT**

***The Suez aftermath: South Africa and liberation movements***

*During the Suez crisis, the written media served as the primary method which provided the British populace with information. Strong anti-Egyptian sentiment permeated the British press. It was constantly fuelled by the Government's propaganda strategy. In the USA the crisis was also covered by the news media, particularly in the light of the fact that it was President Eisenhower's greatest foreign policy challenge at the time and the crisis reached its zenith a few days before his re-election. Nasser utilised the Egyptian press and radio to accomplish his goals against Britain and France and to promote his nationalist image inside and outside of Egypt.*

*When a permanent member's veto prevented the Security Council from fulfilling its primary responsibility of maintaining international peace and security, the General Assembly could consider the matter and make recommendations to member states to restore international peace and security. In November 1956, the "Uniting for Peace" resolution, which stipulates this procedure, went into effect.*

*Prior to the crisis, two-thirds of Europe's crude oil was transported via the Suez Canal. Due to the strategic significance of Suez, the canal zone was always vigilantly guarded by Britain. After the crisis, oil emerged as the new deterrent in international affairs, and the crisis was the primary impetus for the establishment of the Organisation of Petroleum Exporting Countries (OPEC) in 1961.*

*When the crisis broke out and the canal was closed, the strategic significance of the sea route around the Cape regained prominence, and in subsequent months, port traffic in South Africa increased. South Africa and the United Kingdom were already negotiating the status of the naval base at Simonstown, which was subsequently transferred to South Africa.*

*In order to receive training from the Algerian National Liberation Army (Front de Libération Nationale – FLN) in preparation for the South African revolution, Nelson Mandela joined the revolutionary forces of Algeria in 1961. He visited FLN training camps where he established Umkhonto weSizwe (Spear of the Nation) or MK of the African National Congress (ANC). According to Mandela, his visits to Egypt were educational, whereas his encounters in Algeria served a different purpose. He received training in revolutionary strategy and tactics, as well as military instruction. All of these were crucial elements for him in shaping the ANC into a liberation movement. During a visit to Algeria following his release from prison, he declared that he deemed Algeria to be his home and that he regarded himself to be an Algerian. Algeria provided a great deal of military and diplomatic instruction to liberation movements. The Third World won a decisive diplomatic victory at Suez. The geopolitical implications of the crisis were thus widespread and significant. Several changes took place with regard to the policies of the nations involved and the climate of global affairs changed.*

*The crisis resulted in significant geopolitical ramifications and had profound effects for the nations involved. Furthermore, within a wider regional framework, significant transformations occurred in the political structure of multiple nations. The crisis necessitated political decision modifications and the implementation of new policy ideas by the key stakeholders involved, including Egypt, Britain, France, and the USA. The crisis also had an influence on other countries, including South Africa. Undoubtedly, this particular juncture in history can be seen as being of significant consequence. Nasser emerged as a central figure in this crisis, garnering increased recognition both domestically and internationally. One notable accomplishment of his was his adeptness in retaining his position as the political leader of Egypt for a duration of 18 years, even in the face of significant opposition. He is*


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a2

*generally recognised as an important political figure in modern Egyptian history and is highly respected as an emblematic figure in the Arab world. This is mostly due to his significant contributions to social justice, Arab unity, and unwavering resistance against colonialism and imperialism.*

**KEYWORDS:** Algeria, ANC, Cape sea route, Mandela, media, military training, naval base, Simonstown, OPEC, Uniting for Peace (UNEF)

**TREFWOORDE:** Algerië, ANC, Kaapse seeroete, Mandela, media, militêre opleiding, OPUL, Simonstad, "UN Emergency Force (UNEF)", "Uniting for Peace", vlootbasis

**OPSOMMING**

Tydens die Suezkrisis was die gedrukte media die primêre bron van kommunikasie en byvoorbeeld in Brittanje die belangrikste wyse waarop die publiek ingelig is. In die VSA het nuusberigte ook die krisis gedek, veral omdat dit President Eisenhower se grootste buitelandse beleidsuitdaging op daardie tydstip was. In Egipte het Nasser ywerig en behendig die pers en radio aangewend om sy binne- en buitelandse doelstellings te bereik. Toe die Veiligheidsraad verhinder is om internasionale vrede en veiligheid te handhaaf as gevolg van die vetoreg wat een van die permanente lede uitgeoefen het, het die Algemene Vergadering die aangeleentheid oorweeg en aanbevelings met die "Uniting for Peace"-prosedure gemaak, wat tot die stigting van die eerste vredesmag van die Verenigde Nasies gelei het. Kort voor die krisis is tweederdes van al Europa se olie deur die Suezkanaal verskeep. Die Suezkrisis het later aanleiding gegee tot die stigting van die Organisasie van Petroleum Uitvoerlande (OPUL) in 1960. Met die sluiting van die kanaal, is die aandag weereens op die strategiese waarde van die seeroete om die Kaap gevestig om die toenemende verkeer te kan akkommodeer. Teen daardie tyd was Suid-Afrika en Brittanje reeds besig om oor die vlootbasis te Simonstad te onderhandel wat later aan Suid-Afrika oorgedra is. Nelson Mandela het by die revolusionêre magte van Algerië aangesluit en militêre opleiding van hulle ontvang. Ander bevrydingsbewegings van Afrika het ook militêre en diplomatieke opleiding gekry. Die geopolitieke implikasies van die krisis was wydverspreid en betekenisvol.

## Inleiding

In die vorige artikels[2] is die belangrikheid van die gebeure rondom die Suezkrisis in die periode 1956 tot 1958 bespreek en is op die impak gewys wat Nasser se optrede sowel binnelands in Egipte asook buitelands gehad het. Nasser se invloed het met verloop van tyd al hoe verder uitgekring en ook Suid-Afrika geraak. Geleenthede is vir Nelson Mandela geskep om Egipte en Algerië tussen 1958 en 1960 te besoek, wat sy politieke uitkyk vergroot en beïnvloed het en wat hom ook sy militêre opleiding besorg het.

Tydens die Suezkrisis het die gedrukte media die openbare mening beduidend beïnvloed, met die Britse pers wat 'n sterk anti-Egiptiese vooroordeel aan die dag gelê het. Dit is deurentyd deur die regering se propagandastrategie aangevuur. Nuusfilms in bioskope en die BBC het ook tot die dekking van die krisis bygedra. Nuusfilms was in die eerste helfte van die twintigste eeu baie gewild, terwyl die BBC, ten spyte van regeringsdruk, gepoog het om sy onafhanklikheid en objektiwiteit te behou. In hul aanbiedinge het die Britse media Nasser baie negatief

2 Kyk Eksteen (2023a, 2023b) en 2024.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a2

uitgebeeld deurdat die nasionalisering van die Suezkanaal sterk beklemtoon en as 'n bedreiging vir Brittanje se belange voorgehou is. Eden het geen steen onaangeroer gelaat om die media te manipuleer nie. Die doel van sy propagandastrategie was om Britse persvyandigheid jeens Egipte te verhoog en die openbare mening te beïnvloed ten gunste van militêre ingryping. By name het regsgesinde koerante veral Egipte as die aggressor uitgebeeld en so Britse militêre optrede geregverdig. Die noodsaaklikheid dat Britse belange beskerm moes word en dat beheer oor die Suezkanaal daarom teruggekry moes word, is voortdurend beklemtoon.

Gedurende die krisis het 'n groot segment van die Britse pers versuim om die regering se optrede en motiverings krities te ondersoek. In plaas daarvan het hulle die militêre ingryping ondersteun en die regering se verhaal weerspieël. Alhoewel sommige koerante en joernaliste wel die noodsaaklikheid van militêre ingryping bevraagteken en soms die regering se optredes gekritiseer en nie net ondersteun het nie, was daar 'n duidelike gebrek aan kritiese beriggewing. Oor die algemeen is die standpunt van die regering goedgepraat en Egipte as die aggressor gekritiseer. Sodoende het die media 'n deurslaggewende rol gespeel om die openbare mening te beïnvloed en die noodsaak van Britse militêre ingryping te verdedig en te regverdig.

Soms word die Veiligheidsraad verhinder om sy primêre verantwoordelikheid uit te voer, sodat internasionale vrede en veiligheid gehandhaaf kan word weens 'n gebrek aan eenstemmigheid onder die permanente lede. In so 'n geval kan die Algemene Vergadering (AV) dit oorweeg om aanbevelings aan lidlande te maak om internasionale vrede en veiligheid te herstel. Die "Uniting for Peace"-resolusie word net gebruik om effektiewe en kollektiewe maatreëls voor te stel vir die voorkoming en verwydering van bedreigings vir internasionale vrede en veiligheid en vir die onderdrukking van dade van aggressie of ander skendings van daardie vrede. Gevolglik beperk die omvang van die resolusie die hantering van ander situasies wat eweneens internasionale vrede en veiligheid bedreig. Die resolusie het dus bepaalde beperkings om internasionale vrede en veiligheid te verseker. So is die AV se aanbevelings ingevolge so 'n resolusie nie bindend nie en lidlande is nie verplig om dit te implementeer nie.

Suid-Afrika was een van talle ander Statebondslande wat nie deur Eden oor sy militêre ingrypingsplanne geken is nie. Dit het die Suid-Afrikaanse regering ontstel en die vermoede laat toeneem dat Brittanje nie meer 'n betroubare bondgenoot was nie. Toe die krisis uitgebreek en die kanaal gesluit is, is die aandag weereens op die strategiese waarde van die seeroete om die Kaap gevestig, met gevolglike toename in verkeer in Suid-Afrikaanse hawens in die daaropvolgende maande.[3] Teen daardie tyd was Suid-Afrika en Brittanje reeds besig om oor die vlootbasis in Simonstad te onderhandel wat later aan Suid-Afrika oorgedra is.

Tweederdes van al Europa se olie is teen die middel van die vyftigerjare deur die Suezkanaal verskeep. Hierdie feit het 'n nog groter strategiese waarde aan die kanaal verleen met die gevolg dat Brittanje die kanaalsone altyd angsvallig bewaak het. Nadat olie pertinent op die voorgrond as die nuwe afdreigmiddel in internasionale aangeleenthede getree het, is die Organisasie van Petroleum Uitvoerlande (OPUL) in 1960 gestig.

In 'n onderhoud het die Algerynse president Tebboune genoem dat Nelson Mandela in 1961 by die revolusionêre magte van Algerië aangesluit het om saam met sy kamerade deur die Algerynse Nasionale Bevrydingsleër (*Front de Libération Nationale* – FLN) opgelei te

[3] Hierdie toestand is uiteraard weer ter sprake, aangesien die uitbreek van vyandelikhede tussen Hamas en Israel op 7 Februarie vanjaar ook die veiligheid van skeepsvaart deur die Suezkanaal en verder suid deur die Rooi See bedreig. Kyk die bespreking verder aan in hierdie artikel.

word ter voorbereiding van revolusie in Suid-Afrika waardeur die regering omvergewerp moes word. Per geleentheid het Mandela met ’n vals Ethiopiese paspoort na Algerië gereis.[4]

> He was immersed in the Algerian resistance against the French occupiers, made no secret of his pride in having “very close” ties with his “second homeland”. For Mandela, Algeria was a “source of inspiration both on the military and diplomatic levels. He was deeply inspired by it in his fight against apartheid.” He came to Algeria “to gather support for the fight against the racist apartheid regime, [and where] he would find relief and assistance in Algiers, where the ANC was granted the right to open an office.[5]

Die eerste besoek ná sy vrylating wat Mandela aan die buiteland gebring het, was om Algerië te besoek. Tydens daardie besoek het hy verklaar dat hy homself as ’n Algeryn beskou en dat Algerië sy tuiste was.

Die geopolitieke implikasies van die krisis was dus verreikend en betekenisvol. Verskeie veranderinge het plaasgevind met betrekking tot die beleid van die betrokke lande en die klimaat van internasionale aangeleenthede het verander.

## Die rol van die media

Tydens die Suezkrisis in November 1956 was die Britse regering tuis en in die buiteland in ’n propagandastryd gewikkel in die opbou tot die Anglo-Franse militêre ingryping en hulle het uit die aard van die saak baie moeite gedoen om suksesvol te wees.[6] Die BBC se onafhanklikheid was op sy beste dubbelsinnig, hoewel die korporasie uit die krisis getree het met sy reputasie ongeskonde weens aandrang op die beginsel van onpartydigheid. Beide die gedrukte media en die uitsaaiwese het egter beperkings ondervind in hul vermoë om oor gebeure rakende die krisis verslag te doen. Die goue era van Britse radio was besig om plek te maak vir die uitbreiding van televisie, maar radiopropaganda het noodsaaklik gebly tydens die Suezkrisis. Daar was altyd die implisiete bedreiging van regstappe sou die BBC nie ag slaan op die regering se advies nie.[7] Burton Paulu het die volgende opmerking van Charles Curran, die Direkteur-generaal van die BBC ten tye van die krisis, aangehaal:

> Against formidable arguments about the national interest, the duty to provide an impartial service was held by the BBC to be paramount, and the pressures were successfully resisted.[8]

Die belangrike rol wat die media tydens die krisis gespeel het, kan nie onderskat word nie. In die tydperk tussen Nasser se nasionaliseringsbesluit en die offensief was beide die media en die parlement in Brittanje in hewige debatte gewikkel. Hierdie debatte oor Suez het ook oor moraliteit gegaan en nie net bloot oor aspekte van buitelandse beleid nie. Die emosies wat die krisis opgewek het, het tot ’n introspektiewe besinning oor die aard van die Britse samelewing gelei. Openbare mening het oorspronklik die regering se vreedsame benadering tot Nasser ondersteun en was gematig teenoor hom. Daardie siening het gou verander. Die gebruik van geweld is ondersteun tot op die punt van aanmoediging om teen Nasser op te tree. Hoe, het die pro-Suezdrukgroep gevra, kon groot dele van die publiek en media noodsaaklike militêre

---

4 Tebboune (2023).
5 Cochan (2022).
6 Shaw (1995:321).
7 Dupéré (2021: gedeelte 20).
8 Paulu (1981:39).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a2

optrede verwerp wat nasionale belange in die buiteland wou beskerm? Toe die ingryping wel plaasgevind het, is Brittanje se morele geloofwaardigheid verpletter.

> At home, the spleen opened up by Suez brought to the surface doubts about the state of the nation. Suez shattered Britain's moral credibility. The press meditated on national decline and, at a more basic level, the crisis permitted the venting of anger at an outmoded political Establishment and of disillusion with the postwar consensus.[9]

In die weke en maande ná die militêre operasie en die gepaardgaande vernedering het die media onverpoosd voortgegaan om antwoorde te probeer kry oor die kwellende vraag oor wat verkeerd geloop het in een van die mees verdelende kwessies in Brittanje se geskiedenis tot op daardie tydstip. Die passievolle mediarubrieke en parlementêre debatte het weerspieël hoe diep Suez die Britte se politieke bewussyn en nasionale psige binnegedring het. Charlotte Peevers verskaf 'n deeglike analise van hierdie dekking van die media en die debatte, asook die wyse waarop die openbare mening daardeur gevorm is.[10]

> Suez became a sort of litmus test of the state of the nation. In the emotional context of decolonisation and a Cold War in which Britain's voice was being increasingly marginalised, the affair provided an opportunity for the manifestation of domestic frustration and narratives of national decline in the press.[11]

Guillaume Parmentier het die verskille tussen nasionale koerante en hul algemene vyandigheid (hoewel oordrewe volgens hom) teen die hele kwessie van ingryping in Egipte beskryf en die veranderinge in hul houdings geskets. Hy het ook aspekte van die verhouding tussen die media, openbare mening en regeringsbeleid aangespreek:

> It will come as a surprise to no one that the Suez affair was the time of a reassessment of the role of Britain in the world on the part of the press and probably of the public.[12]

Op sy beurt kom Ralph Negrine tot die volgende gevolgtrekking in sy artikel waarin hoogs insiggewende uiteensettings voorkom oor die verskillende standpunte wat die Britse publikasies aangebied het en die manier waarop hul perspektiewe aangepas en verkoopsyfers beïnvloed is.

> The national press, it is clear, had played a vital part in the national debate over the rights and wrongs of the government's policies towards Nasser and the Suez canal.[13]

Die massamedia het bepaald 'n belangrike rol gespeel in die nasionale debat rondom Eden se beleid en optredes tydens die krisis. Hy het baie teenkanting van dele van die media ondervind, wat oor die algemeen veel meer aggressief as die openbare mening was. Met sy strategie van propaganda het Eden nie geskroom om die vyandigheid van die Britse pers teenoor Nasserisme te verhoog en eersgenoemde as aktiewe ondersteuners te betrek in 'n beleid wat uiteindelik op oorlog sou uitloop nie. Tony Shaw se gevolgtrekking was dat die Britse regering se

---

9 Roberts (2012-2013:34).
10 Peevers (2013: hoofstuk 3: 66-128). Op bls. 95-102 word die rol van die gedrukte media behandel; en op bls. 102-107 die rol van parlementêre debatte; op bls. 107-112 word die rol van openbare mening bespreek.
11 Roberts (2012:55).
12 Parmentier (1980:446).
13 Negrine (1982:975).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a2

hoofdoelwit gedurende die krisis – om Nasser en sy regering se ondergang te bewerkstellig – eintlik afhanklik was van ’n suksesvolle propagandabeleid.[14]

> Anthony Eden’s attempts to fashion the press to his liking proved to be remarkably successful for someone who throughout the crisis failed to develop any real public relations strategy and who was in many ways a complete amateur in the realm of press manipulation. Indeed, had Eden not been so peculiarly innocent and his chief ministers so lacking in journalistic contacts, one cannot escape the impression that the newspapers would have proved even more malleable.[15]

Die debat oor Suez en die regering se optrede het vir dekades voortgeduur. Selfs vandag nog is daar steeds onbeantwoorde vrae oor wat presies in regeringskringe plaasgevind het en waarom stilswye nou nog daaroor gehandhaaf word.

In die VSA het die gedrukte media Nasser vanaf 1952 tot en met die Tsjeggiese wapentransaksie in 1955 oor die algemeen gunstig uitgebeeld. Baie artikels het die sekulêre en anti-kommunistiese aard van die nuwe regime beklemtoon. Nasser is met Turkye se Kemal Ataturk vergelyk en hierdie analogie het die oortuiging weerspieël dat Nasser se nuwe Egiptiese regime die Weste in die wêreldwye stryd van die Koue Oorlog goedgesind was. *Newsweek* het Nasser se sterk werksetiek en sy besonderse verstand geprys. *US News & World Report* het daarop gewys dat Nasser voorgekom het as synde pro-Westers, uitgesproke anti-kommunisties en vriendelik teenoor die VSA. *Time* het in gloeiende terme oor Nasser gepraat en hom as die kragtigste, mees energieke en potensieel mees belowende leier van die Midde-Ooste beskryf. In 1955 het die gesaghebbende *Foreign Affairs* ’n artikel deur Nasser gepubliseer waarin hy sy standpunte en politieke beskouinge uiteengesit het.[16]

Maar die gunstige dekking oor Nasser het skielik verander ná sy aankoop van die Tsjeggiese wapens. Hierna is hy as ’n aggressiewe diktator uitgekryt wat daarop uit was om Israel te vernietig. *The New York Times* het Nasser as die Islamitiese Mussolini gedoop. Eisenhower en Dulles het hierdie karakterisering van Nasser nagepraat en tydens ’n vergadering met kongresleiers in Augustus 1956, het albei Nasser met Hitler vergelyk. Die media het ’n beduidende uitwerking op die aard van die VSA se beleid teenoor die Midde-Ooste in die 1950’s gehad. Deur die fascistiese analogie na aanleiding van die Tsjeggiese wapentransaksie bekend te stel, het die media die publiek se belangstelling in Egipte verskuif van konvensionele Koue Oorlog-belange tot kommer oor Israel se veiligheid.[17]

In Egipte het die radio ’n vername rol gespeel. Toe die VSA aan Nasser ’n wêreldklas uitsaainetwerk beskikbaar gestel het, was die veronderstelling dat hy daarmee die Arabiese wêreld agter die VSA teen die Sowjetunie (SU) sou laat saamtrek. In plaas daarvan het hy dit gebruik om gewelddadige anti-Amerikaanse propaganda aan te blaas en om die Weste se Arabiese bondgenote te ondermyn.

> These broadcasts inaugurated a new era in Arab politics. They were the beginning of a campaign of aggressive subversion. … Egypt’s Voice of the Arabs was an outlet of unrivaled influence because it was at the fore-front of the mass communications revolution made possible by the cheap transistor radio. Nasser was the first revolutionary leader in

14 Shaw (1994:275).
15 Ibid., 286.
16 Nasser (1955).
17 McAlexander (2011).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a2

> the postwar Middle East to exploit the technology in order to call over the heads of the monarchs to the man in the street.[18]

Die openbare mening in Egipte en Arabiese lande was nou sterk beïnvloed. *The Voice of the Arabs,* 'n radiodiens, was een van die mees invloedryke propagandaverspreiders in die Arabiese mediageskiedenis, met as teiken die imperialistiese en kolonialistiese Weste en as doelwit die bewusmaking van nasionalistiese sentimente dwarsdeur die Arabiese wêreld.

> The Voice of the Arabs was not merely a radio program. It was propaganda medium with an aim to influence world events. It became a regional phenomenon in the Arab world by establishing the concept of Arab Nationalism.[19]

Hierdie radiodiens se invloed het geblyk uit die fokus wat geplaas is op die bevordering van eenheid van die Egiptiese volk ter ondersteuning van hul president en die versterking van Pan-Arabiese solidariteit wat hy voorgestaan het. Die betrokke radiostasie het ook gekonsentreer op die ondersteuning van die Algerynse revolusie buite Egipte se grense en het toegelaat dat sy fasiliteite deur Algeryne gebruik word.

> Cairo radio beamed a constant flow of anti-colonialist propaganda at the Maghreb, Nasser had aroused the most fervent hopes among the revolutionaries.[20]

Die relevansie van politieke kommunikasie in moderne militêre konflikte is duidelik hierdeur gedemonstreer. Nasser het hier gedemonstreer dat hy ook oor die vermoë beskik om ander se voorkeure te vorm sonder om dwang of geweld te gebruik.

Nasser het radio behendig aangewend; nie net vir sy eie optredes nie, maar ook om sy boodskap deur middel van vermaak oor te dra. Hy het die beste en populêrste vermaaklikheidskunstenaars van die Arabiese wêreld gemobiliseer en hul liedjies, soos "How We Build the High Dam at Aswan", het gewilde treffers geword. Hiermee het hierdie emosionele leier in die harte van Egiptenare en sy volgelinge in die Midde-Ooste gekruip deur sy toehoorders vernuftig op te sweep.

## "Uniting for Peace" en "United Nations Emergency Force (UNEF)"

Op 3 November 1950 het die Algemene Vergadering van die VN (AV) 'n resolusie met die titel "Uniting for Peace" aanvaar. Dit was in reaksie op die strategie van die SU om enige daadwerklike optrede deur die Veiligheidsraad (VR) te verhoed om maatreëls ter beskerming van die Republiek van Korea teen Noord-Korea se militêre aggressie in te stel. Die belangrikste deel van daardie resolusie het bepaal dat wanneer die VR weens 'n gebrek aan eenstemmigheid van sy permanente lede versuim om sy primêre verantwoordelikheid vir die handhawing van internasionale vrede en veiligheid uit te oefen die aangeleentheid na die AV verwys kan word. Sodoende sou VN-optrede wel verseker kon word. Ingevolge die handves van die VN is slegs besluite van die VR afdwingbaar. Resolusies van die AV is bloot adviserend. Resolusies wat egter in terme van die "Uniting for Peace-"proses geneem word, het 'n kragtige karakter met sterk morele toepassingswaarde. Gevolglik word lande waarteen so opgetree word op verskillende wyses binne en buite die VN geïsoleer as synde deur wêreldmening veroordeel. In November 1956 het Brittanje en Frankryk elk hul vetoreg uitgeoefen oor 'n voorstel in

[18] Doran (2016:70).
[19] Alahmed (2011:2-3).
[20] Horne (1977:85). Sien ook Alahmed (2011:14).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a2

verband met hulle en Israel se militêre aggressie teen Egipte. Die VSA en die SU het vir die eerste keer teen twee mede-permanente lede gestem wat ook Westerse bondgenote van die VSA was. Die VSA het dit belangrik geag dat die VN nie lamgelê moes word om behoorlik aksie te neem nie. Eisenhower het opdrag gegee dat die aangeleentheid ingevolge die "Uniting for Peace-"formule na die AV vir optrede verwys word waar Brittanje en Frankryk oor geen vetoreg beskik het nie. Op 2 November het die AV met 'n oorweldigende meerderheid 'n einde aan die vyandelikhede geëis. Die resolusie is met 64 stemme teen nul aanvaar. Die twaalf lande wat buite stemming gebly het, het onder andere lede van die Sowjetblok, Egipte, Israel en Suid-Afrika ingesluit. Die verduideliking wat Eric Louw, minister van buitelandse sake, later in die Volksraad oor Suid-Afrika se stembesluit gegee het, was stompsinnig:

> Our attitude on the Suez issue has been clear right from the start. We have at no time participated or recorded our vote on any proposal directly connected with the Suez issue. … We abstained because we have consistently taken up the attitude that, as a non-user of the Canal, we are not interested in the Suez issue.[21]

Met hierdie resolusie is daar 'n VN-vredesmag vir die kanaalarea gestig om 'n einde aan die Suezkrisis te verseker. Hierdie internasionale vredesmag was bestem vir die grens tussen Egipte en Israel. Die VN se sekretaris-generaal, Dag Hammarskjöld, het hoofsaaklik hierdie konsep uitgewerk, wat op 'n voorstel van die Kanadese minister van buitelandse sake, Lester Pearson, gebaseer was en waarvoor hy later die Nobelprys vir Vrede ontvang het. Op 5 November het Brittanje en Frankryk aangekondig dat hul troepe onttrek sou word sodra 'n vredesmag in Egipte ontplooi is. Op 7 November 1957 het die AV die daarstelling van UNEF ("United Nations Emergency Force") goedgekeur, wat die VN se eerste vredesmag was.

Die mag se hooftaak was om Egiptiese grondgebied met toestemming van die Egiptiese regering binne te gaan, sodat vrede tydens en na die onttrekking van nie-Egiptiese magte gehandhaaf kon word. Aangesien UNEF ingevolge 'n resolusie van die AV geskep is en nie ingevolge hoofstuk VII van die VN se handves aanvaar is nie, moes die beplande ontplooiing van enige sodanige militêre mag deur beide Egipte en Israel goedgekeur word. Na multilaterale onderhandelinge met Egipte het elf lande aangebied om troepe tot die vredesmag by te dra. Ondersteuning is ook deur Italië en die VSA verskaf.[22] Die eerste troepe het op 15 November in Kaïro aangekom en UNEF was teen Februarie 1957 op volle sterkte met 6 000 troepe.[23]

Britse en Franse troepe het Egipte in Desember 1956 verlaat. Ná Israel se onttrekking in Maart 1957 het Egipte die kanaal vir kommersiële skeepvaart op 8 April heropen. Op 13 Julie

21 Hansard, 10 Junie 1957: kolom 7599.

22 Suid-Afrika het geen troepe of personeel tot UNEF bygedra nie. Suid-Afrika moes egter as lid van die VN finansieel tot UNEF se instandhouding bydra wat volgens 'n gedeelte van sy jaarlikse lidmaatskapfooi vir die VN bereken is. Daardie bydrae tot UNEF het jaarliks 26 000 Britse pond beloop.
Ibid.

23 UNEF se missie was in vier fases verdeel:
- In November en Desember 1956 het die mag die ordelike oordrag van gesag in die Suezkanaalgebied vergemaklik met die onttrekking van Britse en Franse magte.
- Van Desember 1956 tot Maart 1957 het die mag die skeiding van Israeliese en Egiptiese troepe vergemaklik en die Israeliese ontruiming van alle gebiede waargeneem wat tydens die oorlog ingeneem is, behalwe Gasa en Sharm El Sheikh.
- In Maart 1957 het die mag die onttrekking van Israeliese troepe uit daardie twee gebiede gemonitor.
- In Mei 1967 het die ontplooiing langs die grense vir doeleindes van waarneming geëindig.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a2

het die “Suez Canal Company” ’n vergoedingsooreenkoms met die Egiptiese regering bereik. In Mei 1967 het Egipte versoek dat UNEF die land moes verlaat. Nadat die troepe ontruim is, het oorlog tussen Egipte en Israel op 5 Junie 1967 uitgebreek. Dit was die begin van wat bekend geword het as die Sesdaagse Oorlog en het op 10 Junie geëindig. Die laaste lid van UNEF het Egipte op 17 Junie verlaat. Daardie oorlog het die gevolg gehad dat die Suezkanaal weer van 5 Junie 1967 tot 5 Junie 1975 gesluit was.

Vanuit ’n volkeregtelike perspektief beskou, was die Suezkrisis een van die eerste groot toetse vir die VN se regstelsel. Ná die mislukking van die Volkerebond wat geen morele invloed in die wêreld kon uitoefen nie, was die VN se posisie in wêreldpolitiek nie ’n gegewe nie, veral nie sy morele oortuigingswaarde nie. Met die aanvaarding van hierdie twee resolusies het die AV een belangrike beginsel herbevestig, naamlik om op te tree volgens die formule in “Uniting for Peace”,[24] en ’n ander aksie goedgekeur wat verskeie kere daarna suksesvol in konflikgebiede toegepas kon word, naamlik die skepping van ’n VN-vredesmag.

## Suid-Afrika en Suez

Die verklaring wat Eden in die Parlement gemaak het, naamlik dat die besluit om saam met Frankryk militêr op te tree in noue konsultasie met lede van die Statebond geneem is, het eerste minister Johannes (Hans) Strijdom hewig ontstel. Volgens hom het dit beslis nie gebeur nie. Hy het daarop gewys dat dit sekerlik Brittanje se reg was om te besluit met wie gekonsulteer sou word, maar om aan die wêreld te verkondig dat die Statebond daaroor geraadpleeg is, was totaal onaanvaarbaar en het op ’n leuen berus. Omdat vrede Suid-Afrika se vernaamste doelwit was, het Strijdom gevrees dat Brittanje se versuim om ander belanghebbende partye te raadpleeg, veral Statebondslande, Suid-Afrika by ’n oorlog kon betrek waaroor hy nie geraadpleeg is nie. Die regering het gevolglik geredeneer dat Suid-Afrika sodoende van enige verantwoordelikheid vrygestel was om Brittanje te ondersteun. Hierna het twee senior kabinetslede verder oor Brittanje se optrede kommentaar gelewer. Frans Erasmus, minister van verdediging, het daarop gewys dat Suid-Afrika geen verdrag onderteken het wat dit enigsins verbind het om by daardie gebeure betrokke te raak nie. Met verwysing na Brittanje se geheime optrede het Louw in sy reaksie genoem dat Suid-Afrika as gevolg daarvan nou vrygestel was van enige verpligting om bystand te verleen.[25]

Met die aanvang van die nuwe parlementsitting vir 1957 het die goewerneur-generaal, Ernest Jansen, in die eerste paragraaf van sy openingsrede op 18 Januarie na die gebeure in die Midde-Ooste verwys:

> Events in the Middle East during the past months have constituted a grave threat to world peace. Although South Africa, as a non-user of the Canal is not involved in the Suez Canal dispute, the government nevertheless is deeply concerned about the maintenance of peace in the Middle East. It is the earnest hope of my Ministers that the efforts now being made to find a satisfactory solution to the problems of the Middle East will be successful, and that peace and stability will soon be restored.[26]

In die daaropvolgende debatte het verdere gebeure min aandag gekry en het die klem meer geval op die gevolge wat die sluiting van die Suezkanaal vir Suid-Afrika ingehou het asook

24 Hierdie proses van “Uniting for Peace” is so onlangs as 3 Maart en 14 November 2022 aangewend om Rusland oor Oekraïne te veroordeel nadat eersgenoemde sy vetoreg in die VR uitgeoefen het.
25 Union “Neutral” in Middle East Conflict, *Sunday Times*, 4 November 1956.
26 Hansard, 18 Januarie 1957: kolom 2.

die nuwe status van die eens Britse vlootbasis te Simonstad. Uitsprake wat wel by ander geleenthede gelewer is, is gedoen teen die agtergrond van die beginsel wat Suid-Afrika deurgaans streng gehandhaaf het, naamlik om nóg by binnelandse aangeleenthede van ander lande betrokke te raak, nóg oor hul beleidsbesluite kommentaar te lewer. Hierdie standpunt het voortgevloei uit eerste minister Daniël Malan se siening wat hy gedurende sy ampstermyn gehandhaaf het en sy opvolger, Strijdom, ook nagevolg het:[27] om kant te kies, sou Suid-Afrika se toepassing van die beginsel van nie-inmenging in die huishoudelike aangeleenthede van state kompromitteer, iets wat onwrikbaar by die VN gevolg en verkondig is met die bespreking van Suid-Afrika se binnelandse beleid. Vir Suid-Afrika was dit bloot onmoontlik om openlik simpatie vir een van die partye te toon sonder om verhoudinge met een van die ander partye te affekteer. Louw se hardnekkige toepassing van hierdie beginsel het hy verdedig deur vol te hou dat Suid-Afrika alleenlik betrokke sou raak in reaksie op kommunistiese aggressie wat sonder provokasie gepleeg word. Hy het Sowjet-betrokkenheid afgemaak as synde nouliks aggressie te wees. Vir hom was die aggressors Brittanje en Frankryk. Hierdie onbetrokkenheid het nie oral byval gevind nie en die regering is trouens telkens skerp daaroor aangeval. Tydens een van die debatte het Marais Steyn, wat toe nog ’n lid van die amptelike opposisie was, opgemerk dat die moeilikheid oor Suez ontstaan het

> … in an agreement between Col. Nasser and the Communist states for the infiltration of technicians and military experts into *our Continent*, the Continent of Africa.[28]

By die VN het Suid-Afrika hierdie beginsel van nie-inmenging konstant gehandhaaf wanneer sy binnelandse beleid ter sprake gekom het. Louw was ’n vurige eksponent van dié beginsel.[29] Hy het dan ook sy verkondiging daarvan gekoppel aan artikel 2, paragraaf 7, van die VN se handves, waarin die volgende bepaling voorkom:

> Nothing contained in the present Charter shall authorize the United Nations to intervene in matters which are essentially within the domestic jurisdiction of any state or shall require the Members to submit such matters to settlement under the present Charter; but this principle shall not prejudice the application of enforcement measures under Chapter Vll.[30]

Later in 1957 is Suid-Afrika egter by die VN ontnugter toe Egipte met wie hy nog tot op daardie stadium goeie diplomatieke verhoudinge gehandhaaf het, besluit het om die jaarlikse versoek te steun om Suid-Afrika se rassebeleid op die agenda van die AV te plaas. Dit was strydig met verwagtinge dat sy beginsel van nie-inmenging en die toepassing daarvan op Egiptiese gebeure Egipte meer simpatiek teenoor Suid-Afrika sou stem. In stede daarvan was

---

27 Die Statebondbyeenkoms van Junie 1956 was die enigste Statebondberaad waartydens Algerië ’n spesifieke item van bespreking was. Asiatiese lidlande, onder leiding van Eerste Minister Nehru van Indië, was angstig dat onderhandelinge in die Algerynse geskil bevorder moes word. Die voorstel dat die land tussen Algeryne en Europeërs verdeel kon word, is om ekonomiese sowel as politieke redes uitdruklik verwerp. Nehru het beklemtoon dat die enigste oplossing die een kon wees wat die Franse en die Algeryne self sonder inmenging van buite moes vind: “a point on which South Africa’s prime minister Strijdom wholeheartedly (and unsurprisingly) agreed.” Torrent (2020:280).

28 Hansard, 6 Februarie 1957, kolom 681. (Kursief bygevoeg)

29 Mohan (1961:343). Sien ook Biermann (1963).

30 Interessant dat hierdie bepaling geformuleer is deur generaal Jan Smuts wat gedurende sy ampstermyn as eerste minister in San Francisco teenwoordig was toe die VN se handves daar in 1945 opgestel en aanvaar is en hy ’n prominente rol in daardie verband gespeel het.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a2

Nasser toenemend krities oor Suid-Afrika se binnelandse beleid. Met Suid-Afrika se republiekwording in Mei 1961 het Egipte diplomatieke verhoudige met Suid-Afrika verbreek. Die rol wat Mandela se verbintenisse met Egipte en Nasser in besonder gespeel het (sien hier onder), kan in hierdie besluitneming nie geringgeskat word nie.

## Seeroete om die Kaap

Toe die Suezkanaal vanaf middel November 1956 tot begin Mei 1957 gesluit was as gevolg van die militêre optrede teen Egipte in November 1956, was die seeroete om Suid-Afrika in die nuus met die geostrategiese belangrikheid van die Kaap wat daardeur spesifiek internasionaal aandag getrek het. Hanson Baldwin het twee maande ná Nasser se nasionaliseringsoptrede die volgende opgemerk:

> South Africa assumed new strategic importance yesterday as shipping through the Suez Canal began to slow down. The importance of the sea route around the Cape of Good Hope, particularly in war or in an emergency has long been recognized. But the Suez Crisis has suddenly and dramatically focused world's attention on the Union of South Africa's "guardian" of the Cape route.[31]

Hy het sy artikel soos volg afgesluit:

> South Africa's defense preparations will almost certainly be expedited by the Suez Crisis. For this crisis, more than any other event, has highlighted the immense stakes that are at issue.

Hierdie strategiese belangrikheid van die Kaap het die VSA reeds in Oktober 1952 as 'n amptelike standpunt aanvaar:

> The strategic importance of the Union of South Africa arises chiefly from … the fact that in event of general war the Union's bases and port facilities would be valuable, especially if the Suez Canal were closed.[32]

In 1960 het die VSA daardie standpunt herbevestig.

> The closing of the Suez Canal in 1956-57 demonstrated the importance of the sea routes around the Cape. The South African ports … constitute strategic links with the rest of the world. These port installations in Southern Africa, containing repair and supply facilities, are linked technically and materially with the Union's own industrial capability.[33]

Die sluiting van die kanaal in 1956-1957 het dus noemenswaardige betekenis vir Suid-Afrika gehad.[34] Selfs voor die sluiting het skepe al begin om die kanaal te vermy en die roete om die Kaap gevaar. In Brittanje was die aandag reeds op die alternatiewe Kaapse roete gevestig wat sou meebring dat supertenkers gebou kon word om die lang reis van die Midde-Ooste se oliehawens om die Kaap te onderneem en steeds ekonomies te kon wees. Toe die kanaal wel gesluit is, het skeepsverkeer van olietenkers om die Kaap dramaties toegeneem.

---

31 Baldwin (1956).
32 Dokument 555 (1952) paragraaf 1.
33 Annex to Document 22 (1960) paragraph 2.
34 Belangrik om ook te noem dat die kanaal vir veel langer gesluit was as gevolg van die oorlog in 1967 tussen Egipte en Israel (die sogenaamde Ses Daagse oorlog). Daardie sluiting het vir agt jaar vanaf 6 Junie 1967 tot 5 Junie 1975 geduur.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a2

Gevolglik het Brittanje dringend op hoë vlak met Suid-Afrika beraadslaag oor die gevolge vir Suid-Afrikaanse hawens. 'n Senior adviseur in die Britse ministerie van skeepsvaart het vir hierdie doel na Kaapstad gereis. Hy het Brittanje se standpunt soos volg uiteengesit:

> It is vitally important to Britain and other European nations that South African ports, if Colonel Nasser closes the Suez Canal, should be able to handle with minimum delays greatly-increased numbers of ships.[35]

Hierdie besoek is voorafgegaan deur twee betekenisvolle artikels in die Suid-Afrikaanse pers. Die eerste een was op 29 Julie 1956 waarin daarop gewys is dat 'n toevloei groter hawe-inkomste, aansienlik verhoogde verkope van brandstof en groot bestellings vir Suid-Afrika se skeepshandelaars sou inhou, wat op hul beurt aansienlike hoeveelhede by boere en voedselprodusente sou moes aankoop.[36] Die volgende dag het 'n ander artikel verskyn wat aandag gevestig het op die chaos wat in al vier Suid-Afrika se hawens sou heers as honderde skepe gedwing sou word om die roete om die Kaap te onderneem. Die fasiliteite in daardie hawens is as totaal ontoereikend beskou om 'n groot toestroming te hanteer. Die gevolg sou opeenhoping wees met gepaardgaande duur vertragings vir skeepseienaars en irritasie vir passasiers en in- en uitvoerders. Die aanleidende oorsaak wat daarvoor gestel is, was dat min die voorafgaande jare gedoen is om hawens te ontwikkel en te verbeter. Inkomste uit hawens is eerder aangewend om die spoorweë en lughawens te finansier.[37]

'n Maand later – en ses weke voor die sluiting van die kanaal – het 'n verdere artikel aangetoon hoe goed besigheid in Kaapstad se hawe was, asook in die stad self met bemanningslede en passasiers wat ruim spandeer het. Die skeepsverkeer is gerieflik met bestaande fasiliteite gehanteer.[38]

In die Volksraad was daar bespreking van dié gebeure met betrekking tot die moontlike gevolge van die toename van verkeer om die Kaap, maar dit het baie keer versand in argumente tussen die twee politieke partye om punte aan te teken en opponente aan te val. Daar was egter een onderwerp wat bespreek is wat internasionale aandag getrek en ook buitelandse beleidsimplikasies ingehou het. Die regering het 'n verstommende besluit geneem, op klaarblyklike aandrang van Louw, om Indiese skepe toegang tot Suid-Afrikaanse hawens te verbied. Die rasionaal vir daardie besluit was Indië se jarelange vete by die VN om Suid-Afrika se rassebeleid voortdurend deur die AV te laat bespreek. Die Indiese minister van buitelandse sake, Krishna Menon, het jaarliks die voortou daarmee geneem, en hy was net so 'n groot vuurvreter as Louw.[39] In sy verklaring op 18 Januarie 1957 het Louw gemeld dat Indië vir die voorafgaande tien jaar handelsanksies teen Suid-Afrika toegepas het en dat Suid-Afrika nou in 'n posisie was om vergeldingsmaatreëls teen 24 Indiese skepe te neem wat die Kaapse roete

35 Suez Effect on S.A. Ports: Talks with Top U.K. Adviser, *Sunday Times*, 19 Augustus 1956.

36 Closing Suez May Create Prosperity Wave in S.A., *Sunday Times*, 29 Julie 1956.

37 S.A. Ports are not Equipped to take Suez Traffic, *Rand Daily Mail*, 30 Julie 1956.

38 Suez Brings "Boom" to Cape Town: Money Flows In, *Sunday Times*, 23 September 1956.

39 Vanaf 1953 tot 1962 was Menon die leier van Indiese afvaardigings na die AV. In die voorwoord tot Enuga Reddy se versamelingtoesprake van Menon word genoem:

> In India's campaign against colonialism and apartheid Krishna Menon was in the vanguard in the United Nations and in the world at large. He articulated the anti-colonial, anti-racial policy of India with crusading passion and irresistible logic. He rallied within the United Nations, Asian-African and world opinion against apartheid and demolished with his scorching intellect and captivating eloquence all the defences which were being constantly propped up in favour of the obnoxious system of discrimination and oppression.
> Reddy (1994:2).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a2

na Europa gevaar het. Hy het voorgestel dat Menon dit in gedagte moes hou wanneer hy by die VN sy volgende venynige aanvalle teen Suid-Afrika wou loods.[40] Toe die onderwerp ’n paar weke later in die Volksraad geopper is, het ’n lid van die Nasionale Party opgemerk dat Louw uitgewys het dat

> … in this struggle waged against us by India, we too have a weapon, although *perhaps not a very strong weapon*, but the Minister on behalf of South Africa, indicated that we were also in a *position to show our teeth*.[41]

Hierdie woordkeuses het waarnemers nie oortuig dat Suid-Afrika wel sy hawens vir Indiese skepe sou sluit nie en dat hier ’n geval was waar Louw se blaf erger as sy byt was! In die Volksraad het opposisielede Louw oor sy dreigement berispe. Een lid het genoem dat Indië die dreigement afgelag het en op beleefde wyse opgemerk het oor wat Suid-Afrika met sy hawens kon doen.[42]

Nie lank daarna nie het Louw weer wenkbroue laat lig toe hy verklaar het dat die groter hoeveelheid geld wat hawens nou verdien het, geensins vergoed het vir die ontwrigting van die hawens, die spoorwegnetwerk wat ooreis word en die nadelige effek op sekere dele van die ekonomie, soos byvoorbeeld verhoogde voedselpryse vir plaaslike verbruikers nie.[43] Dít terwyl die ministerie verantwoordelik vir spoorweë en hawens in werklikheid lof ontvang het vir die groot vaardigheid waarmee hulle effektief daarin geslaag het om die groot vermeerdering in skeepsverkeer te hanteer.[44] Die normale verkeer het tot 200 skepe per maand toegeneem.[45] Passasiersgetalle wat hawestede besoek het, het tot meer as 20 000 per maand gegroei. Verkope van bunkerolie het verdriedubbel per maand.[46] Statistieke soos hierdie het die belangrikheid van hierdie seeroete laat toeneem.[47] Internasionaal is ook gesaghebbend erken dat hierdie roete in tye wat die Suezkanaal gesluit was, uiters belangrik was.[48]

> South Africa’s geographic location has intrinsic, strategic value for Europe and the United States. … Every year more than 26 000 ships use the sea lanes off the Cape of Good Hope. Many of these ships depend on South Africa for fuel, water, food and weather reports. European members of the North Atlantic Treaty Organisation (NATO) are heavily dependent on goods shipped along the Cape route. Ninety percent of their total oil consumption, 70 percent of their strategic minerals and 25 percent of their food supplies pass within a few kilometres of Cape Town. Twenty percent of America’s oil requirements are also routed via the Cape.[49]

Gevolglik was die Kaapse roete gedurende die Suezkrisisjare een van die belangrikste handelsnetwerke van die Westerse wêreld.[50] In 1950 was daardie roete reeds een van die redes waarom Brittanje noue betrekkinge met Suid-Afrika voorgestaan het. Met die Suezkrisis is

---

40 Hunt (1957a).
41 Hansard 4 Februarie 1957: kolom 586. (Kursief bygevoeg)
42 Ibid., kolom 570.
43 Ibid., kolomme 569-570.
44 Ibid., 19 Maart 1957, kolom 3066.
45 Ibid., 7 Maart 1957, kolom 2327 waar genoem word dat in die periode 6 Augustus 1956 tot 15 Februarie 1957 1 404 meer skepe Kaapstad (835) en Durban (569) aangedoen het.
46 Hunt (1957b).
47 Hansard, 21 Mei 1957: kolom 5821.
48 <https://maritimesa.org/grade-12/suez-canal-to-bab-el-mandeb/>
49 Belfiglio (1980: 81).
50 Dorning (1979:46).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a2

die belangrikheid van hierdie roete nie net vir Brittanje herbevestig nie, maar is daar op groter skaal internasionaal daarvan kennis geneem. Teen die middel van 1955 is tweederdes van die hele Europa se olie deur die Suezkanaal verskeep. Vanweë die strategiese waarde van Suez het Brittanje die kanaalsone altyd angsvallig bewaak. So was die Britte se optrede in die Tweede Wêreldoorlog teen Generaal Erwin Rommel en sy Afrikakorps juis ter verdediging van die kanaal want sou hy dit verower het, sou dit 'n verwoestende strategiese uitwerking op die Britse posisie in die Midde-Ooste en ook Afrika gehad het. Brittanje moes eenvoudig Rommel se opmars stuit en die kanaal en sy belange in die streek beskerm om te verhoed dat lewensbelangrike produkte, waarvan olie seker die belangrikste kommoditeit was, verhinder sou word om via die kanaal Brittanje te bereik. Britse oorwinning by die tweede slag van El Alamein in November 1942 het 'n einde aan hierdie bedreiging gemaak. Suid-Afrika het 'n beduidende rol in daardie veldslag gespeel, wat 'n keerpunt in die Noord-Afrikaanse veldtog van die Tweede Wêreldoorlog was. Daardie betrokkenheid kan nie misken word nie.[51]

Midde in die Suezkrisis het Brittanje verkeerdelik en naïewelik aanvaar dat die VSA olie sou verskaf indien die kanaal gesluit sou word. In plaas daarvan om voorrade aan Brittanje beskikbaar te stel, het Eisenhower teen alle verwagting in oliesanksies teen Brittanje en Frankryk ingestel! Hy het aangedui dat 'n wapenstilstand nie genoeg sou wees nie en het geëis dat hierdie twee lande en hul militêre bondgenoot Israel hul troepe moes onttrek. In hierdie proses het hy olie as 'n vername hefboom aangewend.

> The Eisenhower administration conducted diplomacy amid a rising clamor of domestic concern about the effects of Arab nationalism on the international oil trade.[52]

Gepaardgaande daarmee het hy die VSA se posisie by die Arabiese olieprodusente versterk deur die koning van Saoedi-Arabië as 'n alternatief vir Nasser op te bou. Eisenhower het dit duidelik aan hierdie olieprodusente gestel dat hy van plan was om die Midde-Ooste se oliemarkte in Wes-Europa te herstel.

Een van die aspekte wat skeepsverkeer om die Kaap gevolglik duideliker as ooit te vore beklemtoon het, was die vervoer van olie. Olie het nou die aandag getrek en kort voor lank is olie erken as die nuwe wapen in internasionale betrekkinge. Die stigting van OPEC (Engelse afkorting vir OPUL) op 14 September 1960 was die belangrikste gebeurtenis in die geskiedenis van die oliebedryf. Die Suezkrisis wat die VSA se olieverbod teen Brittanje ten gevolg gehad het en daarna die aanvang van die Arabiese olieverbod wat selektief toegepas is, het skerp klem geplaas op die noodsaaklikheid om aandag aan die strategiese belang van olie in internasionale aangeleenthede en die behoefte aan energie-onafhanklikheid te skenk. Olie het die nuwe politieke wapen geword waarmee lande afgedreig kon word. Die krisis het onmiddellik 'n beduidende impak op die oliebedryf gehad en hoe dit voortaan deel van die internasionale toneel sou word. Met die sluiting van die Suezkanaal was die verskeping van olie uit die Midde-Ooste na Wes-Europa sowat 800 000 vate per dag. Dadelik het daardie Westerse lande olietekorte en prysstygings gevrees omdat die kwesbaarheid van die verskeping van olie nou beklemtoon is en die afhanklikheid van die Suezkanaal vir olievervoer blootgelê is. Lande moes noodgedwonge begin om hul afhanklikheid van olie uit Midde-Oosterse bronne te heroorweeg. OPUL het samewerking tussen olieproduserende lande bevorder en stabiliteit in die globale oliemark verseker. Oor die jare het die organisasie ontwikkel in 'n prominente en beduidende faktor in die globale oliemark en internasionale betrekkinge.

---

51 Beyer (2022).
52 Dietrich (2023:77).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a2

In Januarie 2024 het die geostrategiese belangrikheid van die verbinding tussen die Middellandse See en die Indiese Oseaan met die Suezkanaal in die Noorde van die Rooi See en die smal seestraat van Bab el-Mandeb, wat die Golf van Aden met die Rooi See in die Suide verbind, weereens internasionale aandag getrek. Ná die gebeure op 7 Oktober 2023 met die aanvalle wat die terreurgroep Hamas met ondersteuning van Iran teen Israel geloods het en laasgenoemde se onverbiddelike teenaanvalle op Gasa, het Houthi-rebelle in Jemen, wat ook deur Iran ondersteun word, begin om vrye skeepvaart in daardie seestraat aan te val. Die Rooi See met sy twee lewensbelangrike toegangspoorte is noodsaaklik vir kommersiële skeepvaart om markte in Europa, Asië en Afrika van voorrade te voorsien. Twaalf persent van die wêreld se handel beweeg deur hierdie waterweg. Nou het hierdie seegebied die terrein van aanvalle deur die Houthi-rebelle geword ter ondersteuning van Hamas se stryd met Israel. Die groep beweer dat hulle slegs skepe teiken wat van of na Israel vaar, maar ander met geen duidelike Israeliese verbintenisse nie, word wel aangeval. Die rebelle maak dit duidelik dat hulle alle Amerikaanse en Britse skepe as vyandelike teikens beskou.[53] Verder hou hulle vol dat hulle eers hul veldtog teen skeepvaart in die Rooi See sal beëindig wanneer daar ’n wapenstilstand in Gasa is. Gevolglik redeneer sommige waarnemers dat die onus op die VSA rus om Israel te oorreed om sy stryd teen Hamas op te skort. Om egter voor Houthi- en Iranese afperstaktiek te swig, sal ’n teken van swakheid wees en die Houthi’s beloon vir terrorisme op see waar hulle skepe met hommeltuie en missiele vanaf basisse in Jemen aanval. Dit is egter duidelik dat ’n voortdurende veldtog van speldeprikaanvalle en verdedigingsmaatreëls nie aggressie sal afskrik of die bedreiging sal verwyder nie. Kragtige en dodelike vergeldingsaksies sal noodwendig teen die rebelle volgehou moet word indien hulle met hul veldtog teen streekskeepvaart voortgaan.[54] Tans loods die VSA saam met ’n aantal militêre bondgenote ’n internasionale veiligheidspoging teen die rebelle, terwyl skepe herlei word om aanvalle te ontduik. Honderde skepe vermy reeds die Suezkanaal en vaar duisende ekstra seemyle om die suidelike punt van Afrika, soos toe daardie kanaal in 1956 en 1967 gesluit was.

### Suid-Afrika se verdedigingsverbintenisse met Brittanje en die status van die vlootbasis te Simonstad

Vanaf 1951 is Brittanje se verdedigingsuitgawes toenemend besnoei weens finansiële imperatiewe en is hy ook gedwing om sy militêre teenwoordigheid in Egipte te beëindig as gevolg van Nasser se besluite wat geneem is voor die nasionalisering van die kanaal in Julie 1956.

Binne die konteks van die Koue Oorlog[55] en die druk vir dekolonisasie was Brittanje se militêre blootstelling internasionaal aan die begin van 1950’s kwesbaar en wankelrig. Ekonomiese beperkings tuis en knypende finansiële realiteite tesame met wydlopende verpligtinge oorsee het eenvoudig beteken dat Brittanje ’n behoorlike en dringende balans tussen enersyds

[53] Chang (2024).

[54] Robbins (2024).

[55] Die VSA het reeds in 1952 die volgende standpunt oor hierdie vlootbasis gehuldig:

> The Union’s naval, air, and port facilities would also be of considerable value in event of general war, as in World War II, especially if the Suez Canal were denied the West. These facilities, including the British controlled naval base at Simonstown, would be useful for ship and aircraft maintenance work, air and sea operations against submarines, convoy organization and protection, storage and resupply operations, and troop staging operations.
> (Dokument 555: paragraaf 1)


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a2

sy strategiese strewes, wat sy voortgesette imperiale wense ingesluit het, en andersyds die werklikheid moes vind. Daarmee saam moes die bande met die Statebond en ander belanghebbende vennote, soos die VSA, in berekening gebring word. Wat Brittanje aan die begin van 1950's kon bekostig, het onvermydelik meegebring dat baie van daardie verbintenisse later heroorweeg en herformuleer moes word. Gedeeltelik was Simonstad se vlootbasis 'n voorbeeld van die behoud van sekere voorregte terwyl ander prysgegee moes word. Die oordrag van die beheer en koste van hierdie vlootbasis aan Suid-Afrika met behoud van toegangsreg was vir Brittanje onder daardie omstandighede 'n aanvaarbare uitweg om verpligtinge en uitgawes te verminder. Volgens Phillip Darby is die punt bereik:

> … to place the strategic above the diplomatic interest and to negotiate as favourable terms as could be managed.[56]

In die eerste artikel[57] van hierdie reeks is verwys na die finansiële probleme wat Brittanje in die eerste gedeelte van 1950's in die gesig gestaar het nadat die Britse Tesourie sedert 1951 telkemale daarop gewys het dat die verdedigingsprogram nadelige gevolge vir die ekonomie kon inhou.[58] In 1952 het Eden, as adjunk-eerste minister en minister van buitelandse sake, die uitdruklike waarskuwing gerig dat Brittanje oor sy uitgebreide globale verpligtinge sou moes besin:

> Obligations must be reduced to the level at which resources are available to maintain them.[59]

Verder het hy bygevoeg:

> The maintenance of the present scale of overseas commitments will permanently overstrain our economy, clearly we ought to recognize that the United Kingdom is over-committed, and reduce the commitment.[60]

Brittanje moes onvermydelik tot die besef kom dat sy imperiale visie nie meer volhoubaar was nie,[61] want Ronald Spector se waarneming was dat "Britain was teetering on the brink of bankruptcy".[62]

Gevolglik was die ministeriële hersiening van die verdedigingsbeleid in 1953 radikaal en daarop gemik om die gewapende magte en buitelandse militêre betrokkenheid af te skaal.

> On the defence side … Britain is at or near the peak of her effort. … the rising curve of defence expenditure must be levelled off and the whole effort extended over a longer period.[63]

Brittanje wou steeds 'n groot moondheid bly, maar het dit finansieel moeilik gevind om orals 'n teenwoordigheid te handhaaf. Brittanje se plek in die wêreld het vinnig verander en dit was noodsaaklik om afstand te doen van voorheen belangrike dele van die Britse Ryk. Sy finansiële en militêre swakhede was nou blootgelê vir almal om te aanskou.

---

56 Darby (1973:85).
57 Eksteen (2023a).
58 Ibid., 437.
59 Gorst (1997:29).
60 Ibid., 30.
61 Darwin (1991).
62 Spector (2022:14).
63 Scope for the Chancellor, *The Spectator*, 27 February 1953.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a2

Teen hierdie tyd was Nasser ook reeds vasbeslote om Brittanje te dwing om sy imperiale teenwoordigheid in Egipte met sy oordrewe netwerk van militêre basisse en magdom troepe te beëindig. Teen 1954 was Brittanje se besteding aan verdediging buitensporig hoog en ’n ontruiming uit die Suezkanaalsone sou aansienlike besparings meebring.[64] Op 28 Julie 1954 het Brittanje en Egipte ’n ooreenkoms gesluit ingevolge waarvan al 80 000 Britse troepe binne die volgende 20 maande uit Egipte moes onttrek en sy basisse sou sluit.[65] *The New York Times* se verslaggewer het hierdie situasie en die gepaardgaande gevolge daarvan soos volg opgesom:

> The impending British evacuation of the Suez bases has, therefore, not only great strategic significance but also political and psychological importance. It heralds the end of a vanishing era.[66]

Vir Brittanje was die son besig om oor sy eens glorieryke Ryk te sak en was sy militêre teenwoordigheid in buitelandse basisse nie meer bekostigbaar soos voorheen nie en is daar besluit om uitgawes te besnoei en aktiwiteite in te kort wat daarmee gepaardgegaan het. In sy memoires het Eden daardie situasie bevestig.

> I called for a further examination of programmes, and we reached our decisions. In the Royal Navy, we reduced the plans for the active and reserve fleets, scaled down the capacity of some overseas bases and cut expenditure on war reserves.[67]

Dit was teen hierdie agtergrond wat Brittanje en Suid-Afrika in die vroeë 1950’s begin het om oor Suid-Afrika se verdedigingsverbintenisse met Brittanje en die status van Simonstad se vlootbasis gesprekke te voer. Tydens Erasmus se besoek aan Londen in 1954 was Brittanje en Egipte reeds in onderhandelinge gewikkel oor die beëindiging van eersgenoemde se militêre teenwoordigheid in Egipte. Die resultaat wat Nasser geëis het en die implikasie daarvan vir Brittanje het nie Erasmus se aandag ontglip nie. Sy gevolgtrekking was dat Brittanje se langtermynposisie in die Suezkanaalsone onhoudbaar geraak het. Ná sy samesprekings met Britse ministers was hy bekommerd oor vorige ongeskrewe ondernemings wat Suid-Afrika met Brittanje in 1950 aangegaan het om hom te steun ter bereiking van militêre doelwitte sonder dat vaste verbintenisse oor Suid-Afrikaanse betrokkenheid gemaak is. Terwyl hy nog in Londen was, het hy eerste minister Malan oortuig van die afwesigheid van enige

> … definite guarantees of mutual assistance for the defence of South Africa.[68]

Erasmus het onvermydelik tot die gevolgtrekking gekom dat geen vertroue geplaas kon word in Brittanje se verdedigingsbeleid om doeltreffend in die Midde-Ooste teen die bedreiging op te tree wat Arabiese nasionalisme en die stelselmatige uitbreiding van die SU se invloed in Egipte sou inhou nie. Gepaardgaande met hierdie verlies aan vertroue het Suid-Afrika met kommer kennis geneem van die groot besnoeiings wat Brittanje vir sy wêreldwye militêre

64 Ovendale (1988:147).

65 “During the last stage in the negotiations over Suez, the Egyptian Press described the British as haggling like a peanut vendor. This is most certainly not an agreement that the British Government would have been glad to sign … It is an agreement that will cause a great deal of grief and probably anger in this country.”
A Base Going Cheap, *The Spectator*, 30 Julie 1954, 3.

66 Baldwin (1954).

67 Eden (1960:415).

68 Boulter (1997:133) haal hier aan uit “State Archives, Files of the Department of External Affairs, Erasmus to Malan, 7 September 1954, PS 29/5”.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a2

verpligtinge in die vooruitsig gestel het. Een van Suid-Afrika se vernaamste verdedigingsprioriteite sou nie meer wees om Britse betrokkenheid in die Midde-Ooste te ondersteun nie, maar eerder om na sy eie binnelandse veiligheid om te sien. Erasmus en sy weermaghoofde het bewus geraak van die feit dat die versnelde proses van dekolonisasie van Afrika uiteindelik ook Suid-Afrika sou raak, wat groter implikasies vir binnelandse veiligheid sou inhou.[69]

In die Britse kabinet was daar ’n groeiende konsensus dat met Suid-Afrika oor Simonstad tot ’n vergelyk gekom moes word. Eerste minister Churchill het egter getwyfel of die basis prysgegee moes word op dieselfde tydstip wat Brittanje onderhandel het om sy magte uit die Suezkanaalsone te verwyder. Verder was Britse ministers bekommerd oor die mening van regse agterbankers in die Parlement wat ’n spoedige oorhandiging van Simonstad sou teenstaan ná die ooreenkoms om die Suezkanaalsone te ontruim. Ná die middel 1950’s het ministers gaandeweg daarvan oortuig geraak dat Brittanje wel van sekere oorsese militêre verpligtinge moes onttrek. Die vrystelling van ’n installasie soos Simonstad en verhoogde vlootverantwoordelikhede wat Suid-Afrika sou aanvaar, het wel noemenswaardige finansiële voordele vir Brittanje ingehou, wat laasgenoemde as ’n seën beskou het.[70]

Die amptelike oordrag van die vlootbasis aan Suid-Afrika het op 2 April 1957 plaasgevind. Daarmee is alle vorige ooreenkomste rakende die basis vervang en het Suid-Afrika volle verantwoordelikheid vir die basis se uitbreiding aanvaar, insluitende die effektiewe administrasie en instandhouding daarvan. Daarmee het Suid-Afrika terselfdertyd verreikende verpligtinge vir die verdediging van die seeroete om die Kaap aanvaar.[71] Op 4 April het Duncan Sandys, die Britse minister van verdediging, ’n belangrike witskrif bekend gestel wat ingrypende besnoeiings vir elke weermagdiens voorgestel het, aangesien uitgawes bo die land se vermoë was. Verdediging het gedurende die voorafgaande vyf jaar gemiddeld 10% van die Bruto Nasionale Produk opgeneem.[72] Teen hierdie agtergrond het die oordrag besliste voordele vir Brittanje ingehou.

> Whilst financial savings were a consideration when Great Britain negotiated the Agreement, Britain’s prime interest was in maintaining unfettered access to Simon’s Town in peace and in war for both her and her allies, at little or no cost.[73]

Afgesien van die aansienlike verpligtinge wat die oordrag vir Suid-Afrika meegebring het, het die Britse vloot permanente fasiliteite vir sy vaartuie behou terwyl dit vrygestel is van die duur instandhouding en bedryfskoste, asook die modernisering van die basis. Allan du Toit het daarop gewys dat Suid-Afrika onwillig was om ’n ongekwalifiseerde versekering te gee dat die basis in alle omstandighede vir Brittanje in oorlogstyd beskikbaar sou wees. Suid-Afrika het slegs onderneem dat die basis beskikbaar sou wees in ’n oorlog waarin Suid-Afrika aan Brittanje se kant sou veg.[74] Marc Fiegen het tot die gevolgtrekking gekom dat die Britse regering se beweegrede om beheer oor die vlootbasis aan Suid-Afrika oor te dra nie weens ’n spesifieke Suid-Afrikaanse versoek was nie, maar eerder om geld te bespaar. Voor 1955 het Brittanje se buitelandse beleid daarop gefokus om die Britse Ryk te versterk. Ná Suez het onttrekking uit die Ryk die motiverende krag van daardie beleid geword.[75]

---

69 Boulter (1997:145).
70 Bartless (1972:105).
71 Hansard, 22 Maart 1957: kolomme 2991 en 3053.
72 Boulter (1997:311).
73 Du Toit (2016:164).
74 Ibid., 40.
75 Feigen (1985:62, 90).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a2

**Nelson Mandela se besoeke aan Egipte en Algerië tussen 1958 en 1962**

Ná die revolusie in 1952 het Egipte se leierskap Afrika as die tweede strategiese sfeer naas die Arabiese streek aangewys waarop sy buitelandse beleid voortaan sou konsentreer. Afrika suid van die Sahara het ook vir Nasser 'n belangrike deel van die Egiptiese buitelandse politieke landskap uitgemaak en sy revolusionêre bewind het bevrydingsbewegings regoor Afrika ondersteun. In 1954 het hy sy ondubbelsinnige ondersteuning vir die Algerynse revolusie verklaar. Die daaropvolgende jaar het Egipte by die Bandungkonferensie sy steun aan Afrika se bevrydingsbewegings aangekondig. Daarna het Kaïro begin om leiers van daardie bewegings te huisves. Nasser het onverpoosd voortgegaan om in toenemende mate militêre, logistieke, materiële, morele, politieke en propaganda-ondersteuning aan verskeie nasionalistiese groepe uit Afrika se koloniale gebiede suid van die Sahara te verleen.[76] Trouens, die eerste generasie van Afrika se militêre offisiere het hul opleiding in Egipte ontvang. Egiptiese diplomasie is ook tot die beskikking van hierdie bewegings gestel. In hierdie proses is Suid-Afrika se African National Congress (ANC) bewapen en opgelei.[77]

Vanaf 26 Desember 1957 tot 1 Januarie 1958 het sowat 507 individue uit Asië en Afrika die eerste Afro-Asiatiese Volksolidariteitskonferensie in Kaïro bygewoon. Na hierdie geleentheid word ook soms verwys as die Tweede Bandungkonferensie. 'n Suid-Afrikaner het die Bandung-konferensie in 1955 bygewoon,[78] maar niemand vanuit Suid-Afrika het die konferensie in Kaïro, wat 'n groot invloed op baie van Afrika se nasionalistiese leiers gehad het, bygewoon nie.[79] Die Algeryne is teen daardie tyd reeds sterk deur Nasser ondersteun. Hul leiers het meer as net 'n politieke tuiste in Kaïro gevind. So ook ander leiers uit koloniale Afrika wat Egipte op uitnodiging besoek het om aan die spreekwoordelike voete van Nasser te sit. Nelson Mandela het ook vir daardie doel sy weg daarheen gebaan. Volgens Mandela het hy belangrike lesse uit sy besoeke aan Egipte geleer. Hy het daardie land as 'n belangrike model vir die ANC beskou en hy kon eerstehands kennis maak met die program van sosialisme waarmee Nasser besig was om die ekonomiese bestel en samelewing in Egipte te hervorm. Wat Mandela beïndruk het, was hoe Nasser private eienaarskap van grond verminder het, sekere sektore van die ekonomie genasionaliseer het, baanbrekerswerk vir vinnige industrialisering gedoen het, die onderwysstelsel gedemokratiseer het en 'n moderne leër opgebou het.

> Many of these reforms were precisely the sorts of things that we in the ANC someday hoped to enact.[80]

Maar dit was eintlik na Algerië waarheen Mandela gegaan het om revolusionêre strategie en taktiek te leer.[81] Mandela het beskryf tot watter ander saakmakende insigte hy gekom het nadat

---

[76] Abegunrin (1983–1984:98).

[77] Nouri (2019).

[78] Moses Kotane, die sekretaris-generaal van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party, was geïmponeer met Nasser en het hom beskou as 'n vurige nasionalis wie se grootste strewe die vryheid, onafhanklikheid, vooruitgang en eer van Egipte was. Hy het ná die konferense tot die gevolgtrekking gekom dat die Suid-Afrikaanse bevolking duidelik moes verstaan het dat die voortgesette onafhanklikheid en vooruitgang van die Egiptiese volk baie beteken het vir hul eie stryd teen apartheid en ongeregtighede. Hansard, 6 Maart 1957: kolom 683. *Liberation*, November 1956.

[79] Jack (1958:3).

[80] Mandela (1994:285-286).

[81] Connelley (2001:238).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a2

hy breedvoerig oor die geskiedenis van die Algerynse weerstand teen die Franse ingelig is. Gevolglik het die situasie in Algerië om verskeie redes dadelik aanklank by hom gevind. Eerstens omdat dit die naaste model aan die ANC s'n was deurdat die rebelle teen 'n groot wit setlaarsgemeenskap te staan gekom het wat die inheemse meerderheid regeer het. Tweedens het hulle hul stryd in 'n militêre een omskep nadat hulle bemoedig is deur die nederlaag van die Franse by Điện Biên Phủ. Derdens het hulle aanvanklik geglo dat hulle die Franse militêr sou kon verslaan maar later besef dat 'n suiwer militêre oorwinning onmoontlik was. In plaas daarvan het hulle hul tot guerrilla-oorlogvoering gewend wat nie ontwerp was om suiwer militêre oorwinnings te behaal nie, maar eerder om politieke en ekonomiese magte te ontketen wat die vyand tot 'n val sou bring.

> [We were] advised not to neglect the political side of war while planning the military effort. International public opinion is sometimes worth more than a fleet of jet fighters.[82]

Vroeg in 1961 het Mandela troepe van die FLN by hul opleidingsbasis besoek. Die doel van daardie besoek was om *Umkhonto weSizwe* (Spies van die Nasie) of MK, as die gewapende vleuel van die ANC te vestig. Later dieselfde jaar het hy weer na Algerië gereis, hierdie keer om deel te neem aan gesamentlike oefeninge tussen die MK en die FLN. Sedert 1965 het Algerië baie vegters van die MK gehuisves en militêr opgelei voordat hulle na Suid-Afrika teruggekeer het om teikens aan te val.

In Februarie 1962 het Mandela saam met Oliver Tambo eers by Egipte aangedoen op pad na Algerië en Marokko. In Kaïro het hulle ambassadeurs van verskeie goedgesinde lande, asook verteenwoordigers van die Egiptiese regering ontmoet wat volle ondersteuning aan die twee besoekers verleen het. Op 6 Maart het hulle in Casablanca geland.[83] Afgesien van Mandela se eie opleiding wat ses maande geduur het, het hy daarin geslaag om fondse in te samel, ondersteuning vir militêre opleiding te verseker en groter steun vir die ANC en MK te werf.

Gesprekke met Marokkaanse en Algerynse anti-koloniale gevegsveterane het aan Mandela groter insig gebied in die tekortkominge daarvan om slegs militêr op te tree: in 'n politieke stryd moet vele instrumente gebruik word wat gekombineer word met internasionale mening, mobilisering en druk om die opponent te delegitimiseer. Volgens Garth Benneyworth was dit juis dié taktiek wat die ANC en Mandela aan die begin van die 1990's in hul onderhandelinge met die Suid-Afrikaanse regering gevolg het.[84] Die ervaring wat Mandela oor die gewapende stryd van die Algerynse rebelle verwerf het, het hy beskou as die enigste bron van inspirasie vir die gewapende stryd in Suid-Afrika.[85] Hierdie ondervinding het hy alles in Algerië opgedoen, wat daartoe gelei het dat hy die rol van Afrika-leierskap aanvaar het tot op die punt waar sy hoofstad as die "mekka van revolusionêres" aangedui is.[86] Daarom was dit nie vreemd dat Mandela later verklaar het dat dit die Algeryne was wat van hom 'n man gemaak het nie.[87]

Op 30 Oktober 1963 het tien beskuldigdes in die hooggeregshof in Pretoria verskyn op aanklagte van onder andere sabotasie. Een van die spesifieke aanklagte wat Mandela en sy medebeskuldigdes in die gesig gestaar het, was dat hulle geld van simpatiseerders in Algerië, Ethiopië, Liberië, Nigerië, Tunisië en elders gewerf en ontvang het. Daarna het die organisasie meer as 300 rekrute na die buiteland gestuur vir militêre opleiding. In sy befaamde toespraak

82 Mandela (1994:286-287).
83 Benneyworth (2011:86).
84 Ibid., 93 en 98.
85 Bakail (2018:8).
86 Ibid., 16.
87 Youcef (2014:67).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a2

vanuit die getuiebank, toe Mandela na homself as beskuldigde nommer een verwys het, het hy die volgende verklaar:

> In Africa I was promised support by such men … Ben Bella, now President of Algeria, who invited me to visit Oujda, the Headquarters of the Algerian Army of National Liberation.[88]

In sy boek *Conversations with Myself* [89] het Mandela talle uittreksels uit sy dagboek oor sy militêre opleiding by die fasiliteite van die NLF in Marokko ingesluit.

> I started to make a study of the art of war and revolution and, whilst abroad, underwent a course in military training. If there was to be guerrilla warfare, I wanted to be able to stand and fight with my people and to share the hazards of war with them. … I also made arrangements for our recruits to undergo military training.[90]

Ná Mandela se dood het die Algerynse minister van buitelandse sake die volgende in sy huldeblyk opgemerk:

> Mandela received his initial military training by the rebels of the NLF in Algeria in the early 1960s, when he decided to establish a military arm to the ANC. Algeria was a strong supporter of the ANC, providing it with weapons, passports and other tools which contributed to the historic triumph against apartheid.[91]

Die Algerynse President, Abdul Aziz Bouteflika, het Mandela as een van die lojaalste vriende van Algerië geprys.[92] Dit was dus nie verbasend dat Algerië die eerste land was wat Mandela besoek het ná sy wyd gevierde vrylating uit die gevangenis in Februarie 1990 nie. In sy outobiografie wat daarna verskyn het, het Mandela erken dat hy deur die Algerynse revolusie geïnspireer is, wat 'n diepgaande uitwerking op sy denke gehad en 'n groot deel van sy begrip oor kolonialisme, onderdrukking en vryheid gevorm het.

## Slot

In sy totale omvang was die Suezkrisis 'n komplekse gebeurtenis met belangwekkende en wyd uiteenlopende gevolge. Dit word steeds beskou as een van die belangrikste en mees kontroversiële gebeurtenisse in die Britse geskiedenis sedert die Tweede Wêreldoorlog. Dit het nie net diepe politieke en openbare verdeeldheid in Brittanje tot gevolg gehad nie, maar internasionaal word die krisis steeds beskou as dat dit die einde verhaas het van Brittanje se eens oorheersende rol as een van die wêreld se groot moondhede. Die krisis het 'n diepgaande impak op die politieke magsbalans in die Midde-Ooste gehad en was 'n waterskeidingsgebeurtenis in die geskiedenis van die VSA se buitelandse beleid ten opsigte van daardie wêrelddeel. Britse en Franse aansien onder Arabiese state is erg aangetas en hulle tradisionele gesag oor en invloed in die streek is dramaties ondermyn. Nasser, daarenteen, het nie net die politieke en militêre aanslae oorleef nie, maar het 'n nuwe tydvak van aansien onder Arabiese heersers ingelui as die leier wat Europese moondhede uitgedaag en 'n militêre inval deur Israel oorleef

88 Joffe (2007).
89 Mandela (2010).
90 Joffe (2007).
91 The Mandela-Algeria connection: The influence of Algeria's revolution on South Africa's anti-apartheid movement, *albawaba*, 8 Desember 2013.
92 Ibid.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a2

het. Die pro-Westerse regerings wat aanvanklik staande gebly het, het meer en meer kwesbaar vir Nasser-geïnspireerde opstande geword. So ook het die SU se dreigemente teen die Weste Moskou se beeld onder Arabiese state versterk en 'n voorwendsel gebied om die lande van die Midde-Ooste binne te dring. Verder het die krisis 'n welkome weerligafleier vir die SU gebied tydens die miltere onderdrukking van die Hongare en 'n einde gemaak aan enige vooruitsig om vrede tussen Israel en sy vyandige Arabiese bure vir die afsienbare toekoms te bewerkstellig.

Die kwesbaarheid van olievervoer deur die Suezkanaal het die aandag duidelik op die veiliger alternatief gevestig om supertenkskepe om die Kaap die Goeie Hoop te laat vaar. Hierdie skepe was beide ekonomies en veilig en het 'n laer politieke risiko gebied. In wese was die supertenkskepe, die afname van Britse invloed en aansien, en Nasser se opgang veral in die Arabiese wêreld van die belangrike gevolge van die Suezkrisis.

Mandela se verbintenis met die FLN was veelsydig en het opleiding, inspirasie en ondersteuning op 'n wye front aan die bevrydingsbewegings tot gevolg gehad, soos die voorsiening van wapens. Op politieke gebied was die Algeryne meer as gretig om Suid-Afrika internasionaal te isoleer. So was Algerië die aanstigter van die aanslag om Suid-Afrika se geloofsbriewe in die AV van die VN in November 1974 verwerp te kry.

In die vier artikels oor die Suezkrisis is die tersaaklike gebeurtenisse wat hierdie krisis in 1956 voorafgegaan en daarop gevolg het in oënskou geneem en ontleed. Die krisis het uitgebreide en wesenlike geopolitieke gevolge en diepgaande implikasies vir die betrokke lande gehad. In 'n breër streekskonteks was daar ook groot verskuiwings in die politieke opset van verskeie lande. Almal wat direk by die krisis betrokke was soos Egipte, Brittanje, Frankryk en die VSA moes politieke besluitsaanpassings maak en nuwe beleidsdenkwyses implementeer. Ander, soos Suid-Afrika, het ook die impak van die krisis beleef. Hierdie tydstip kan ongetwyfeld in die geskiedenis as van deurslaggewende belang beskou word. Egipte het na vore getree as 'n triomfantlike entiteit met 'n formidabele leier, Nasser, wat Egiptiese en Arabiese nasionalisme ywerig nagestreef en bevorder het. Brittanje en Frankryk moes hul leidende internasionale status prysgee terwyl hul regerings duur pryse vir onnadenkende optredes betaal het. Die beduidende invloed wat die krisis op die ekonomie en politiek van Brittanje gehad het, het uiteindelik gelei tot die bedanking van Eden. Israel het sy maritieme regte suksesvol in die strategies belangrike Straat van Tiran teruggekry en feitlik ongeskonde uit die krisis getree. Met Brittanje se kwynende aansien is die aandag sterk gevestig op die feit dat dit gereduseer is tot 'n sekondêre wêreldmoondheid. Verder is beide Brittanje en Frankryk genoop om grootskaalse veranderinge aan hul koloniale betrokkenheid aan te bring. Hierdie proses het Europese dekolonisasie in Afrika bespoedig. Toe die Suezkanaal vir 'n periode gesluit was, is hernude klem op die seeroete om die Kaap gevestig, wat daartoe gelei het dat Suid-Afrikaanse hawens 'n aansienlike toestroming van verkeer moes hanteer. Die krisis het 'n beduidende invloed uitgeoefen op die verspreiding van mag in die Midde-Ooste met die gevolg dat die VSA toenemende verpligtinge in die streek moes onderneem, ook om te verseker dat die SU nie sy magstrukture in die streek net ongehinderd kon uitbrei nie.

Nasser was die middelpunt van hierdie krisis en het in die proses tot verdere roem binne en buite Egipte uitgestyg. Sy merkwaardige prestasie was geleë in sy vermoë om sy posisie as Egipte se politieke leier vir 18 jaar te behou, soms in die aangesig van gedugte teenstand. Hy word allerweë as 'n prominente politieke leiersfiguur in die hedendaagse Egiptiese geskiedenis geag en hy word trouens steeds as 'n simbool deur die hele Arabiese wêreld vereer, veral vir sy noemenswaardige bydrae tot sosiale geregtigheid, naamlik Arabiese solidariteit en onverbiddelike opstand teen kolonialisme en imperialisme. Nasser se vermoë om gedurende

die laaste deel van sy lewe wydverspreide en vurige steun van Arabiese bevolkings regoor die Midde-Ooste te verkry, bly ongeëwenaar onder hedendaagse Arabiese leiers. Ná die Suez-gebeure was Egipte en Israel in twee oorloë slaags. Ten spyte van die verwoestende gevolge wat daaruit vir Egipte gevolg het, het die gewildheid van hierdie charismatiese en feitlik legendariese weermagoffisier onaangetas gebly. Hy het voortgegaan om die eerste ware Egiptiese leier in etlike millennia te word wat sy mense die gevoel van waardigheid gegee het; iets wat hulle ontsê is gedurende periodes van buitelandse oorheersing en uitbuiting.

## BIBLIOGRAFIE

### Boeke en Artikels


Abegunrin, Olayiwola. 1983-1984. The Arabs and the Southern African Problem. *International Affairs*, 60(1):97-105.

Alahmed, Anas. 2011. Voice of the Arabs Radio: Its Effects and Political Power During the Nasser Era (1953–1967). (<https://ssrn.com/abstract=2047212 or http://dx.doi.org/10.2139/ssrn.2047212>).

Bakail, Moncef. 2018. *The role of Algeria and its diplomacy in the liberation of Africa 1962-1978*. Dirassat Ifrquiaa_N/ 06: Universite Alger 2 ISSN: 2437_1041.

Baldwin, Hanson. 1954. Suez Marks End of Era. *The New York Times,* 18 July 1954.

Baldwin, Hanson. 1956. Cape Route’s ‘Guardian’; An Analysis of South Africa’s Increased Importance Because of the Suez Crisis. *The New York Times*, 18 September 1956.

Bartless, Christopher. 1972. *The Long Retreat: A Short History of British Defence Policy, 1945–1970.* London: Macmillan.

Belfiglio, Valentine. 1980. Strategic importance of southern Africa to the United States. *Africa Insight*, 10(2):81-86.

Benneyworth, Garth. 2011. Armed and Trained: Nelson Mandela’s 1962 Military Mission as Commander in Chief of Umkhonto we Sizwe and Provenance for his Buried Makarov Pistol. *South African Historical Journal*, 63(1):78-101. DOI: 10.1080/02582473.2011.549375.

Beyer, Greg. 2022. Gallant & Heroic: The South African Contribution to World War II. *The Collector*, 22 April 2022. (<https://www.thecollector.com/heroic-south-african-contributions-world-war-2/>).

Biermann, Hugo (ed.). 1963. *The Case for South Africa, as put forth in the public statements of Eric H. Louw, Foreign Minister of South Africa.* New York: Macfadden.

Boulter, Roger. 1997. FC Erasmus and the Politics of South African Defence 1948-1959. Thesis submitted in fulfilment of the requirements for the degree of Doctor of Philosophy of Rhodes University.

Chang, Agnes. 2024. How Houthi Attacks Have Upended Global Shipping. *The New York Times*, 21 Januarie 2024.

Connelly, Matthew. 2001. Rethinking the Cold War and Decolonization: The Grand Strategy of the Algerian War for Independence. *International Journal of Middle East Studies*, 33(2):221-245.

Darby, Philip. 1973. *British Defence Policy East of Suez, 1947-1968*. New York: Oxford University Press.

Darwin, John. 1991. *The End of the British Empire: The Historical Debate*. Oxford: Basil Blackwell.

Dietrich, Christopher. 2023. Suez and the United States: Oil, Lifelines, and “All of Mankind” in the Cold War. In: Lutmar, Carmela & Ziv Rubinovitz (eds). *The Suez Canal: Past Lessons and Future Challenges*. London: Palgrave Macmillan. (<https://doi.org/10.1007/978-3-031-15670-0_4>).

Doran, Michael. 2016. *Ike’s Gamble: America’s Rise to Dominance in the Middle East.* New York: Free Press.

Dorning, W. 1979. The West and the Cape Sea Route. *Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies*, 9(3):46-52.

Dupéré, Mélanie. 2021. BBC Independence and Impartiality: The Case of the 1956 Suez Crisis. *Revue Française de Civilisation Britannique* [Online], XXVI-1 | 2021. (<http://journals.openedition.org/rfcb/6992>; <https://doi.org/10.4000/rfcb.6992>).

Du Toit, Allan (Rear Admiral). 2016. The Anglo-South African Simon’s Town Agreement. *SA Naval Digest,* (24:129-165).

Eden, Anthony. 1960. *Full Circle: the memoirs of Anthony Eden* Boston: Houghton Mifflin Company. https://archive.org/details/fullcirclememoir0000eden/page/n3/mode/2up.

Eksteen, Riaan. 2023a. Historiese perspektief: Redes vir en gevolge van die betrokkenheid van groot moondhede in die Suezkanaal (Egipte) in besonder voor 1956. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 63(2):420-451.

Eksteen, Riaan. 2023b. Nasionalisering van die Suezkanaal en die gevolglike internasionale reperkussies. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 63(4):756-780.

Eksteen, Riaan. 2024. Suez se nagevolge: Persoonlikhede en kolonialisme. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 64(1):1-26.

Feigen, Marc. 1985. The Power of Proteus: Great Britain, South Africa, and the Simonstown Agreements, 1948-1955. (<https://papers.ssrn.com/sol3/papers.cfm?abstract_id=2588534>).

Gorst, Anthony & Lewis Johnman. 1997. *The Suez Crisis*. London: Routledge.

Horne, Alistair. 1977. *A Savage War of Peace: Algeria, 1954-1962*. New York: The Viking Press.

Hunt, Richard. 1957a. India threatened by South Africa. *The New York Times*, 17 Januarie 1957.

Hunt, Richard. 1957b. Capetown Gains from Suez Crisis. *The New York Times*, 3 Februarie 1957.

Jack, Homer.1958. The Cairo Conference. *Africa Today*, 5(2):3-9.

Joffe, Joel. 2007. *The State vs. Nelson Mandela: The Trial That Changed South Africa*. One World Books.

Nasser, Gamal. 1955. The Egyptian Revolution. *Foreign Affairs*, 33(2):199-211

Mandela, Nelson. 1994. *Long Walk to Freedom.* Randburg: Macdonald Purnell.

Mandela, Nelson. 2010. *Conversations with Myself.* New York: Farrar, Straus & Giroux.

McAlexander, Richard. 2011. Couscous Mussolini: US perceptions of Gamal Abdel Nasser, the 1958 intervention in Lebanon and the origins of the US-Israeli special relationship. *Cold War History*, 11(3):363-385.

Mohan, Jitendra. 1961. South Africa and the Suez Crisis. *International Journal*, 16(4):327-357.

Negrine, Ralph. 1982. The Press and the Suez Crisis: A Myth Re-Examined. *The Historical Journal*, 25(4):975-983.

Nouri, Haitham. 2019. A contextual history of Egyptian-African relations. *ahramonline,* 14 Februarie.

Ovendale, Ritchie. 1988. Egypt and the Suez Base Agreement. In George Young (ed.). *The Foreign Policy of Churchill's Peacetime Administration, 1951-1955*. Leicester: University Press.

Parmentier, Guillaume. 1980. The British press in the Suez crisis. *The Historical Journal*, 23(2):435-448.

Paulu, Burton. 1981. *Television and Radio in the United Kingdom*. Minneapolis: University of Minnesota Press, first edition.

Reddy, Enuga. 1994. *India Against Apartheid: Speeches of Krishna Menon at the United Nations*. New Delhi: Sanchar Publishing House.

Robbins, James. 2024. Deterring the Houthis Won't Be So Simple. *The National Interest*, 17 Januarie 2024.

Roberts, George. 2012-2013. Suez, Britain and Europe: historicising, debating and remembering the Suez Crisis, 1956 to the present. *College of Europe*:1-60. (<https://www.academia.edu/3424370/Suez_Britain_and_Europe_Historicising_Debating_and_Remembering_the_Suez_Crisis_1956_to_the_present>).

Shaw, Tony. 1994. Government manipulation of the press during the 1956 Suez crisis. *Contemporary Record*, 8(2): 274-288. DOI: 10.1080/13619469408581294.

Shaw, Tony, 1995. Eden and the BBC during the 1956 Suez Crisis: A Myth Re-examined. *Twentieth Century British History*, 6(3):320-343. (<https://doi.org/10.1093/tcbh/6.3.320>).

Spector, Ronald. 2022. *A Continent Erupts: Decolonization, Civil War, and Massacre in Postwar Asia, 1945–1955*. New York: W. W. Norton & Company, Inc.

Tebboune, Abdelmadjid. 2023. Mandela joined Algeria revolution to train to overthrow apartheid regime. *Middle East Monitor*, 14 Januarie 2023.

Torrent, Mélanie 2020. Globalising Suez: Commonwealth Diplomacy and the War of Algerian Independence (1955–1957). In: Dubow, Saul & Drayton, Richard (eds). *Commonwealth History in the Twenty-First Century.* London: Palgrave Macmillan, pp. 271-290.

Youcef, Abdeldjalil. 2014. The Algerian Army Made Me a Man. *Transition*, 116:67-79.

**Ander Bronne**

A Base Going Cheap, *The Spectator*, 30 Julie 1954, 3.
*Liberation*, Editorial, No. 22, November 1956.
Editorial: 30 Years after Suez the Cover-Up Goes On. *The Observer*, 4 Januarie 1987.
Hansard (Lords), CCXX, 1023, 9 Februarie 1960.
National Security Council. *302nd Meeting of the National Security Council.* Thursday, November 1, 1956, Box 8, NSC Series, Ann Whitman File, Dwight D. Eisenhower Library.
Turn of the Tide. *The Spectator*, 18 Maart 1960.
Algerian Rebels set up at Cairo – They Make City the Capital of Regime, With Nasser's Full Endorsement. *The New York Times*, 21 September 1958.
Closing Suez May Create Prosperity Wave in S.A., *Sunday Times*, 29 Julie 1956.
French Blame Nasser, *The New York Times*, 28 Mei 1958.
Nasser pledges Aid in Freeing Algeria, *The New York Times*, 15 November 1958.
Nelson Mandela, a leader who learned his craft in Algeria, *Cochan*, 26 Desember 2022. (<https://cochan2022.com/nelson-mandela-a-leader-who-learned-his-craft-in-algeria/>).
Scope for the Chancellor, *The Spectator*, 27 February 1953.
Suez Effect on S.A. Ports: Talks with Top U.K. Adviser, *Sunday Times*, 19 Augustus 1956.
The Mandela-Algeria connection: The influence of Algeria's revolution on South Africa's anti-apartheid movement, *albawaba*, 8 Desember 2013.
Union "Neutral" in Middle East Conflict, *Sunday Times*, 4 November 1956.
https://maritimesa.org/grade-12/suez-canal-to-bab-el-mandeb/.
Foreign Relations of the United States, 1952–1954, Africa and South Asia, XI(1): Document 555: "Probable Developments in the Union of South Africa," 20 Oktober 1952.
FOREIGN RELATIONS OF THE UNITED STATES, 1958–1960, AFRICA, VOLUME XIV. 22. National Security Council Report. NSC 6001, January 19, 1960. STATEMENT OF U.S. POLICY TOWARD SOUTH, CENTRAL, AND EAST AFRICA (<https://maritimesa.org/grade-12/suez-canal-to-bab-el-mandeb/>).

Hansard (Suid-Afrika)

18 Januarie 1957.
4 Februarie 1957.
6 Februarie 1957.
7 Maart 1957.
19 Maart 1957.
22 Maart 1957.
21 Mei 1957.
10 Junie 1957.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a2

# Die samehang van en verskille tussen sosialekoste-voordeel-ontleding en ekonomiese-impakontleding van padprojekte

***The coherence of and distinctions between social cost-benefit analysis and economic impact analysis of road projects***

**WJ Pienaar**
Departement Bedryfsingenieurswese
Stellenbosch Universiteit
Suid-Afrika
E-pos: wpienaar@sun.ac.za



Wessel Pienaar

**Wessel Pienaar** is 'n navorsingsprofessor in die Departement Bedryfsingenieurswese aan die Universiteit Stellenbosch. Hy het die volgende gevorderde grade behaal: MS in Siviele Ingenieurswese aan die Universiteit van Kalifornië, Berkeley; MEcon in Vervoerekonomie aan die Universiteit Stellenbosch; PhD(Ing) in Siviele Ingenieurswese aan die Universiteit Stellenbosch en DCom in Vervoerekonomie aan die Universiteit van Suid-Afrika. Hy beskik oor 'n Kategorie A-navorsingsgradering van Sanral. In 2000 en 2011 ontvang hy die Rektorstoekenning vir Voortreflike Navorsing aan die Universiteit Stellenbosch. Hy is die hoofredakteur en hoofskrywer van die internasionaal gebruikte handboek *Business Logistics Management: A Value Chain Perspective*, wat deur Oxford University Press uitgegee word. Wessel publiseer in Afrikaans en Engels. Van sy werk is deur internasionale navorsingsinstellings in Duits, Frans en Russies vertaal en gepubliseer. In Desember 2015 het Wessel die Kanselierstoekenning vir Akademiese Uitnemendheid van die Universiteit Stellenbosch ontvang. Hy is 'n lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, waarvan hy van 2014 tot 2017 as voorsitter gedien het, en is 'n genoot van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Ingenieurswese (SAAE).

**Wessel Pienaar** is a research professor in the Department of Industrial Engineering at Stellenbosch University. He holds the following advanced degrees: MS in Civil Engineering from the University of California, Berkeley; MEcon in Transport Economics from Stellenbosch University; PhD(Eng) in Civil Engineering from Stellenbosch University and DCom in Transport Economics from the University of South Africa. He has been rated a Category A researcher by Sanral. In 2000 and 2011 he received the Rector's Award for Research Excellence at Stellenbosch University. He is the editor-in-chief and principal author of the internationally used textbook *Business Logistics Management: A Value Chain Perspective* published by Oxford University Press. Some of his work has been translated into German, French and Russian and published by international research institutions. In December 2015 he received the Chancellor's Award for Academic Excellence at Stellenbosch University. Wessel is a member of the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ("South African Academy of Science and the Arts"), which organisation he chaired from 2014 to 2017, and is a fellow of the South African Academy of Engineering (SAAE).

**Datums:**
Ontvang: 2023-09-25 Goedgekeur: 2024-01-18 Gepubliseer: Maart 2024


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a3

**ABSTRACT**

***The coherence of and distinctions between social cost-benefit analysis and economic impact analysis of road projects***

*This article deals with the nature of social cost-benefit analysis (SCBA) and economic impact analysis (ECIA) of road projects and describes the coherence of and distinctions between the two types of analysis. In the final part of the article, the reasons are given for not including in an SCBA the economic impacts of a road as determined through an ECIA, regardless of how positive they may be.*

*The SCBA of a road project is a systematic procedure to determine the economic viability of the road project by considering the costs and benefits that accrue when the road is constructed and during the service period of the project. The **cost** component in the SCBA of a road project is the once-off investment or capital cost of taking the road into service or improving it. The **benefit** component in the SCBA of a road is the difference between recurring costs associated with an improved road and without the road improvement. Recurring costs of a road include (a) road user costs, (b) external costs arising from road use and (c) maintenance costs to protect and preserve the usefulness of the road. The beneficiaries in an SCBA are the road users. The following road user groups can be distinguished: (i) Normal traffic (consisting of existing, normal-growth and non-induced development traffic; (ii) diverted traffic; and (iii) induced traffic (consisting of generated, induced development, and transferred traffic.) To assess the efficiency of resource allocation, an SCBA is based on the consideration of social cost. From the perspective of allocative efficiency, as determined by an SCBA, a road project is regarded as economically viable when the current value of the reduction in recurring costs associated with the road during its service life exceeds the current value of the once-off investment cost of taking the road into service.*

*Road provision and use have economic impacts. Unlike an SCBA, which focuses on the **efficiency** with which a road project increases accessibility for and the mobility of road users, a regional economic impact analysis (ECIA) focuses on the **effectiveness** of a project to affect the performance of the economy of a region by enhancing time and place utilities creation by non-road-users. Consequently, an analysis of the effect construction, operation and use of a road will have on regional economic performance should focus on their expected income multiplier and accelerator effects on the number and size of activities in the economy of a region. The following non-road-user groups can be distinguished: (a) The public, (b) landowners, occupants and land users, (c) roadside enterprises, (d) utility enterprises and (e) goods consignors and consignees (in their capacity as non-road-users). An ECIA is based on a consideration of market prices.*

*In an ECIA the following objectives serve as criteria for judging the impact of a road project on the performance of the economy:*

- *Economic growth (including economic development)*
- *Full employment*
- *Price stability*
- *Balance of payments stability*
- *Equitable distribution of income*

*These impacts, regardless of how positive they may be, are not included in an SCBA for the following reasons:*

- *A comprehensive economic assessment consists of two components that are performed in tandem, namely an SCBA and an ECIA. An SCBA relies on allocative efficiency*



doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a3

*as assessment criterion, while an ECIA relies on output effectiveness as assessment criterion. The inclusion of effectiveness criteria among efficiency criteria in an SCBA will result in a misrepresentation of project viability.*

- *Double counting of benefits will occur when road user cost savings and economic impacts are combined.*
- *Not all the economic benefits obtained through coordinated investment in various sectors, one of which may be a road, can be ascribed to the investment in the road alone.*

*The reason for conducting an ECIA of a road project is to determine to what measure the analysed road is expected to affect the performance of the economy of the region concerned. Although the results of an ECIA do not form part of the outcome of an SCBA, an ECIA can be used as an instrument in the pursuit of the economic policy objectives of a government.*

**KEYWORDS:** Social cost-benefit analysis, economic impact analysis, normal traffic, diverted traffic, induced traffic, economic growth, economic development, full employment, price stability, balance of payments stability, efficiency, effectiveness

**TREFWOORDE:** Sosialekoste-voordeel-ontleding, ekonomiese-impakontleding, normale verkeer, uitwykverkeer, nuutgeskepte verkeer, ekonomiese groei, ekonomiese ontwikkeling, volle indiensname, prysstabiliteit, betalingsbalansstabiliteit, doelmatigheid, doeltreffendheid

**OPSOMMING**

Die hoofdoel van die sosialekoste-voordeel-ontleding (SKVO) van ’n pad is om die inligting oor die koste en voordele te verskaf wat nodig is om die lewensvatbaarheid, al dan nie, van die voorsiening en gebruik van die pad te beraam. Die kostekomponent in die SKVO is die eenmalige investeringskoste om die pad tot stand te bring, en die voordeelkomponent is die daling van die herhalende koste wat uit die gebruik en instandhouding van die pad sal spruit.

Die hoofdoel van die ekonomiese-impakontleding (EKIO) van ’n pad behels dat die verwagte gevolge van die voorsiening en gebruik van die pad op die ekonomiese vertoning van ’n bepaalde streek geïdentifiseer en bereken word. Dié ontleding berus hoofsaaklik op die volgende: (a) die beraming van die verwagte eenmalige streeksinkome-vermenigvuldigereffek wat uit die investeringsbesteding aan die pad sal spruit, en (b) die beraming van die herhalende streeksinkome-versnellereffek wat uit die gebruik en instandhouding van die pad sal spruit.

Die ekonomiese uitwerking van ’n padprojek word nie by ’n SKVO ingereken nie. Die rede hiervoor is drievoudig:

*Eerstens* berus ’n SKVO op toewysingsdoelmatigheid as beoordelingsnorm, en ’n EKIO op doeltreffendheid as beoordelingsnorm. Die kombinering van doeltreffendheidsnorme en doelmatigheidsnorme sal tot ’n wanvertolking van ’n projek se ekonomiese lewensvatbaarheid lei.

*Tweedens* sal voordele dubbeld getel word indien padgebruikerskostebesparings en ekonomiese impakte saamgevoeg word.

*Derdens* kan ekonomiese voordele wat verkry word deur gekoördineerde investering in verskeie sektore, waarvan een ’n pad is, nie alles aan investering in die pad toegeskryf word nie.

## 1. Inleiding

Hierdie artikel is die eerste van twee. Dié aflewering handel oor die aard van en vernaamste verskille tussen die sosialekoste-voordeel-ontleding (SKVO) en die ekonomiese-impakontleding (EKIO) van padprojekte. Die volgende aflewering handel oor hoe (a) die eenmalige verhoging in streeksinkome as gevolg van investeringsbesteding tydens die bou van ’n pad, en (b) die herhalende streeksinkome wat uit die gebruik van ’n nuwe pad sal spruit, deur onderskeidelik streeksinkome-vermenigvuldigerontleding en streeksinkome-versnellerontleding beraam kan word. Die beginsels wat die SKVO van padprojekte onderlê, soos vervat in hierdie artikel, stem ooreen met die toepassingsgrondslag van SKVO soos voorgehou deur Mosaka et al. (2022), Pienaar (2018) en COTO (2023a), en die beginsels van EKIO stem ooreen met dié uiteengesit deur COTO (2023b).

Ofskoon die eerste formele uiteensetting van die konsep van ’n sosialekoste-voordeel-ontleding in 1844 deur die Franse ingenieur Jules Dupuit gepubliseer is, was die “United States Flood Control Act”, 1936, die eerste formele owerheidsvoorskrif wat gelui het dat, wat vloedbeheerprojekte betref, “projects should be deemed desirable if the benefits to whomsoever they may accrue are in excess of the estimated costs” (Jiang & Marggraff, 2021:1). Die bedoeling van die wetgewer met die begrippe “benefits” en “costs” in die Verenigde State se Vloedbeheerwet is nie verklaar nie. Hierdie gebrek aan woordomskrywing het sedertdien, wat padbouprojekte betref, gelei tot uiteenlopende vertolkings van die betekenis van die woorde “koste” en “voordele” in die konteks van sosialekoste-voordeel-ontleding (Pearce, 1983:21; Winfrey, 1969:146).

In ’n 2011-publikasie van die VSA-gebaseerde Society for Benefit-Cost Analysis word soos volg aangevoer:

> There is no principled distinction between costs and benefits: costs can be defined as negative benefits and vice-versa. Typically, however, costs are defined as the opportunity costs of the real resources expended to develop, implement, and operate a program or to comply with government or other requirements, including any market impacts. Benefits typically include the monetary value of the outcomes that are the goal of the policy: improved education, increased safety, greater employment, enhanced housing, and so forth. (Robinson & Hammitt, 2011:6)

Na my oordeel spruit hierdie gebrek aan eenvormige vertolking oor watter kostesoorte en voordele in ’n sosialekoste-voordeel-ontleding van padprojekte ingesluit moet word, hoofsaaklik uit (1) ’n onvermoë om te besef dat sosialekoste-voordeel-ontleding ’n sistematiese werkswyse is om die ekonomiese lewensvatbaarheid van ’n projek te bepaal deur die koste gedurende die totstandbrenging daarvan te verreken teen die gebruikersvoordele gedurende die dienslewe daarvan, en dat dit nie ’n blote telkaart van plusse en minusse is nie; (2) oningeligtheid oor die begrip “sosiale koste”; en (3) twyfel oor die omvang van die begrip “voordele” (benefits) en hoe wyd die trefwydte van “wie ook al” (whomsoever) strek. Die eerste twee van hierdie drie kwessies wat oor die wêreld heen inkonsekwent benader word, is in twee voorgangerartikels van hierdie artikel behandel (Pienaar, 2018; Pienaar, 2021). Daarin is (1) die Suid-Afrikaanse vertolking uiteengesit, asook die aanbevole wyse waarop die ekonomiese lewensvatbaarheid van ’n pad bepaal moet word, en (2) verduidelik hoe tussen negatiewe voordele en koste onderskei word. Die derde kwessie is die onderwerp van hierdie artikel, naamlik wie binne die trefwydte van “wie ook al” (whomsoever) val en watter koste en voordele verreken moet word om (a) die ekonomiese lewensvatbaarheid van ’n pad te evalueer en (b) die ekonomiese uitvloeisels van ’n pad te beoordeel.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a3

Die hoofdoel van die sosialekoste-voordeel-ontleding van ’n pad is om die besluitnemer en ander belanghebbendes in te lig oor die koste en voordele wat nodig is om die ekonomiese lewensvatbaarheid (d.w.s. doelmatigheid), al dan nie, van die voorsiening en gebruik van die pad te beraam, terwyl die hoofdoel van die ekonomiese-impakontleding van ’n pad is om die besluitnemer en ander belanghebbendes in te lig oor die verwagte uitwerking van die voorsiening en gebruik van die pad op die ekonomiese vertoning van ’n bepaalde streek (COTO, 2023a:2; US Department of Transportation, 2023).

Die artikel is soos volg saamgestel: Ná hierdie inleidende gedeelte word die aard van sosialekoste-voordeel-ontleding van padprojekte in afdeling 2 bespreek. Afdeling 3 word aan die aard van ekonomiese-impakontleding van padprojekte gewy. Die redes waarom ekonomiese gevolge uitgesluit word van die sosialekoste-voordeel-ontleding van padprojekte, word in afdeling 4 beredeneer. Die gevolgtrekkings wat uit die ondersoek voortvloei, en ’n opsomming van die vernaamste verskille tussen die sosialekoste-voordeel-ontleding en die ekonomiese-impakontleding van padprojekte word in afdeling 5 aangebied. Vir die verklaring van begrippe in die artikel is van die volgende woordeboeke gebruik gemaak: *Dictionary of Economics* (Rutherford, 1992); *Macmillan dictionary of modern economics* [3rd ed.] (Pearce, 1986); *Oxford dictionary of economics* (Black, 1997); *The Penguin dictionary of economics* [7th ed.] (Bannock, Baxter & Davis, 2003) en *Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Terminologie* (Sibula, 2009).

## 2. Die aard van sosialekoste-voordeel-ontleding van padprojekte

Sosialekoste-voordeel-ontleding van ’n pad is die sistematiese prosedure wat gevolg word om die ekonomiese lewensvatbaarheid van die padprojek te bepaal deur die koste en voordele daarvan gedurende die totstandbrenging en dienslewe daarvan te verreken. Die koste is enige nut wat opgeoffer word om ’n fasiliteit tot stand te bring, en die voordeel is enige nut wat sal voortspruit uit die gebruik en bedryf van die voorgestelde fasiliteit, waar nut gemeet word aan die hand van sosiale koste. Sosiale koste is die geleentheidskoste vir ’n gemeenskap van die hulpbronne wat hy gebruik. Dit is gelyk aan die waarde van die voordele wat die gemeenskap prysgee deur hulpbronne vir ’n bepaalde doel eerder as vir ’n ander aan te wend (COTO, 2023a:xi).

Die kostekomponent in die sosialekoste-voordeel-ontleding van ’n beoordeelde padprojek is die eenmalige investeringskoste aangegaan om die pad tot stand te bring (d.w.s. te bou of te verbeter). Die voordeelkomponent van ’n pad in die ontleding is die verskil in herhalende koste met en sonder die verbeterde pad. Die herhalende koste van ’n pad behels (a) padgebruikerskoste, (b) eksterne koste wat uit die gebruik van die pad voortspruit, en (c) instandhoudingskoste om die bruikbaarheid van die pad te beskerm. (Eksterne koste is ongekompenseerde koste wat iemand wat nie aan ’n aktiwiteit deel het nie, as gevolg van daardie aktiwiteit moet dra.)

Die voordeeltrekkers (d.w.s. almal wat binne die trefwydte van “wie ook al” val) in die sosialekoste-voordeel-ontleding van ’n pad is die gebruikers daarvan. Om die daling (“besparing”) van gebruikerskoste van die verskillende padgebruikersgroepe te bereken, moet die komponente van die verwagte verkeer uitgeken word. Vir die doeleindes van sosialekoste-voordeel-ontleding word die onderskeie padgebruikerskomponente soos volg ingedeel (Winfrey, 1969:474-477; Pienaar, 2019:152; COTO, 2023a:xii):

1. Normale verkeer: Hierdie verkeerskomponent bestaan uit (a) bestaande verkeer, (b) normalegroeiverkeer en (c) beplande ontwikkelingsverkeer:

- Bestaande verkeer: Die huidige verkeer op ’n bestaande pad. Wanneer ’n nuwe pad tot ’n bestaande padnetwerk toegevoeg word sonder enige ander veranderings aan die bestaande padnetwerk, is die bestaande verkeer gelyk aan nul. Wanneer ’n nuwe pad ’n bestaande een vervang, word die bestaande verkeer op die huidige pad beskou as die bestaande verkeer op die nuwe pad.
- Normalegroeiverkeer: Verkeersgroei wat ondanks die voorsiening van ’n nuwe pad in elk geval sou plaasvind. Sodanige groei kan toegeskryf word aan (a) algemene bevolkingsgroei, (b) ’n toename in die per capita-eienaarskap van voertuie, en (c) ’n toename in die gemiddelde gebruik per voertuig.
- Beplande ontwikkelingsverkeer: Verkeer wat ontwikkel sal word deur ’n spesifieke grondontwikkeling tesame met die ontwikkeling van ’n pad, sodat die grondontwikkeling van meet af toeganklik is. Hierdie verkeer is nie deel van nuutgeskepte verkeer nie – dit word beskou as deel van normalegroeiverkeer wat op beplande wyse deur gekoördineerde integrasie van grondgebruikontwikkeling en padvoorsiening tot stand kom.

2. Uitwykverkeer: Dit is verkeer wat van ander paaie af na ’n nuwe of verbeterde pad toe uitwyk of aangetrek word. Wanneer ’n nuwe pad tot ’n padnetwerk toegevoeg word sonder enige verandering aan bestaande paaie in die netwerk, word alle verkeer wat vanaf die bestaande paaie na die nuwe pad toe aangetrek word, as uitwykverkeer beskou.

3. Nuutgeskepte verkeer: Nuutgeskepte verkeer bestaan uit (a) opwekverkeer, (b) ontwikkelingsverkeer en (c) gelokte verkeer.

- Opwekverkeer is verkeer wat nie voorheen bestaan het nie en opgewek is deur ’n vermindering in veralgemeende ritkoste as gevolg van die nuwe of verbeterde pad tot onder die prys wat padgebruikers gewillig is om vir die reis te betaal. Opwekverkeer bestaan uit voormalige potensiële padgebruikers (voorheen dormante of latente padgebruikers) wat mobiel word danksy die nuwe of verbeterde pad wat die ekonomiese afstand na nuwe bestemmings verkort sodat dié plekke nou binne hulle bereik is.

- Ontwikkelingsverkeer is die verkeer wat, nadat ’n nuwe pad gebou is, ontwikkel weens veranderde gebruik van die grond wat deur die pad bedien word. Die voorsiening van nuwe padgeriewe in ’n ontwikkelende streek stimuleer in die algemeen ekonomiese ontwikkeling en nedersetting weens verbeterde toeganklikheid. Beter toegang lei gewoonlik tot veranderde en intensiewer grondgebruik, wat weer meer verkeer “ontwikkel” in die korridor waardeur die nuwe pad loop.

- Gelokte verkeer is verkeer wat van ’n relatief ekonomies minderwaardige niepadvervoermodus na ’n nuwe of verbeterde pad gelok word as gevolg van hoër diensgehalte wat die gebruik van die nuwe of verbeterde pad bied.

Uit die oogpunt van toewysingsdoelmatigheid word ’n padbouprojek as ekonomies lewensvatbaar beskou indien die huidige waarde van die daling in herhalende koste gedurende die dienslewe van die pad meer is as die huidige waarde van die investeringskoste. (Huidige waarde is die waarde wat tans gelykwaardig geag word aan ’n enkele waarde of verskillende gegewe waardes wat op ’n sekere tyd of tye in die toekoms voorkom.) Die voordele word geag die verskil in herhalende koste met en sonder die padverbetering te wees. Dalings in gebruikerskoste word weerspieël deur (a) die vergroting van die bestaande padgebruikersurplus,


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a3

(b) die vergroting van die gebruikersurplus wat behaal word deur uitwykverkeer wat van ander paaie na die nuwe of verbeterde pad uitwyk (aangetrek word), en (c) die nuutgeskepte gebruikersurplus wat deur opwekverkeer, ontwikkelingsverkeer en gelokte verkeer behaal word. Padgebruikersurplus is die verskil in koste wat ’n padgebruiker gewillig is om aan te gaan en die koste wat die gebruiker in werklikheid aangaan om van ’n pad gebruik te maak. Die maksimum bedrag geld wat die gebruiker gewillig is om te betaal, is subjektief afgelei van die nut wat padgebruik aan die gebruiker bied. Gegee dat die waargenome nut per rit afneem deurdat die betrokke rit in ’n gegewe periode herhaal word, kom hierdie surplus voor omdat die gebruiker gewillig sal wees om vir bykomende ritte koste aan te gaan tot by die punt waar die waarde van die nut uit die laaste rit gelyk is aan die eenheidskoste van al die ritte (COTO, 2023:xi).

Ekonomiese regverdiging van voorgestelde padbouprojekte moet eers deur middel van ’n sosialekoste-voordeel-ontleding bepaal word voordat dit vir befondsing in aanmerking kan kom (NPC, 2011:167). Die individuele tegnieke wat in sosialekoste-voordeel-ontleding gebruik word, bepaal die ekonomiese lewensvatbaarheid van projekte aan die hand van (a) absolute voordeel, wat bepaal kan word deur die tegniek wat die netto huidige waarde van voordele (uitgedruk as ’n absolute geldbedrag) benut, of (b) relatiewe voordeel, wat gewoonlik bepaal word met behulp van die tegniek wat voordeel-koste-verhoudings of die interne opbrengskoers aanwend (eersgenoemde as ’n verhouding en laasgenoemde as ’n persentasie). Netto absolute voordeel is die geskikste norm by die keuse van onderling uitsluitende projekte (d.w.s. alternatiewe projekte om dieselfde probleem op te los). Relatiewe voordeel is die aangewese norm wanneer die voorkeurorde van onafhanklike bouprojekte bepaal moet word.

In hierdie artikel word die volgende betekenis aan netto huidige waarde van voordele, voordeel-koste-verhouding en interne opbrengskoers geheg: Die netto huidige waarde van voordele is die verskil tussen die huidige waarde van die voordele van ’n projek en die huidige waarde van die investeringskoste van die projek. Indien die huidige waarde van die voordele van die projek groter is as die huidige waarde van sy investeringskoste, het die projek ’n positiewe netto huidige waarde van voordele, en is dit lewensvatbaar. Die voordeel-koste-verhouding is die huidige waarde van die voordele van ’n projek gedeel deur die huidige waarde van die investeringskoste van die projek. Alle voorgestelde projekte met ’n voordeel-koste-verhoudingswaarde groter as een is lewensvatbaar. Die interne opbrengskoers is die verdiskonteringskoers waarby die investeringskoste en die voordele van ’n projek gelykwaardig is; d.w.s. die verdiskonteringskoers waarby die netto huidige waarde van voordele van ’n projek gelyk is aan nul en die voordeel-koste-verhouding gelyk is aan een. ’n Projek waarvan die interne opbrengskoers groter as die sosialeverdiskonteringskoers is, is lewensvatbaar.

## 3. Die aard van ekonomiese-impakontleding van padprojekte

Die doelmatigheidsverbeteringe wat in afdeling 2 vermeld word, is nie die enigste voordele wat ’n ekonomies lewensvatbare pad bied nie. Deur die bevordering van toeganklikheid en die fasilitering van mobiliteit bied ekonomies lewensvatbare paaie ook niepadgebruikersvoordele (of positiewe algemene streeksekonomiese voordele). Hierdie ekonomiese uitsette is in die vorm van die verkryging van plek- en tydnut, wat gedeeltelik die gevolg is van investering in ander sektore van die ekonomie. Gekoördineer met die padvoorsiening kan sulke ander investerings produktiewe aktiwiteite moontlik maak wat ’n produsentesurplus uit winsgewende sakebedrywighede meebring. Die produsentesurplus is die verskil tussen die prys wat ’n produk haal en die laagste prys wat die verkoper gewillig is om vir die produk te aanvaar.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a3

In hierdie artikel word die volgende betekenis aan pleknut en tydnut geheg: *Pleknut:* (1) Die waarde wat ’n persoon daaruit put om by ’n besondere plek te wees of ’n gegewe bestemming te bereik. (2) Die waarde wat tot goedere toegevoeg word deur hulle te vervoer van ’n plek waar hulle nie benodig word nie, tot by ’n plek waar hulle benodig word. *Tydnut:* (1) Die waarde van ’n persoon se tyd. (Die waarde van werktyd word soms hoër geag as niewerktyd, aangesien werktyd verbind word met nuttige arbeid of produktiwiteit waaraan ’n vergoeding gekoppel is. Inderwaarheid is die geleentheidskoste van niewerk- of vrye tyd die inkomste wat op daardie tyd in ’n werksituasie verdien kan word. Indien ’n persoon nie die geleentheid het om vrye tyd vir oortyddiens of ander inkomsteskeppende tyd te ruil nie, is die waarde van sulke tyd gelyk aan nul. Die waardering van vrye tyd raak egter gekompliseerd as in gedagte gehou word dat enige mens vrye tyd of rus nodig het om op ander tye produktief te kan optree, of dat ’n ondernemer hoogs innoverende of welvaartskeppende idees tydens sy/haar vrye tyd kan bedink.) (2) Die toename in waarde wat geskep word deur goedere en dienste beskikbaar te stel op die tyd dat dit vir verbruik, gebruik of produktiewe aanwending (byvoorbeeld vervaardiging) benodig word. Positiewe ekonomiese uitwerking van ’n pad lei gewoonlik tot (a) ’n versnelling van die produktiwiteit van huidige ekonomiese aktiwiteite (wat die pas van ekonomiese groei stimuleer) en/of (b) ’n ruimtelike verplasing van ekonomiese aktiwiteite na die bedieningsgebied van die nuwe pad (wat die billike verspreiding van welvaart bevorder) en/of (c) ’n opwekking van nuwe ekonomiese aktiwiteit (wat ekonomiese groei en ekonomiese ontwikkeling aanwakker). Hierdie ekonomiese invloede staan in regstreekse verhouding met die drie doelmatigheidsverbeteringe wat in afdeling 2 bespreek is.

Die evaluering van die uitwerking wat padvoorsiening en -gebruik op die vertoning van ’n streek se ekonomie sal hê, hang af van (a) die verwagte eenmalige streeksinkome-vermenigvuldigereffek wat sal spruit uit die investeringsbesteding gedurende die boutydperk van die pad, en (b) die herhalende streeksinkome-versnellereffek wat uit die gebruik van die pad (gedurende die dienstydperk daarvan) sal spruit. Die doel van die ekonomiese-impakontleding van ’n pad is om te beraam hoe doeltreffend dit na verwagting sal wees as ’n streeksinkome- en ontwikkelingsinstrument wat produsentesurplusse vir voordeeltrekkers (soos produsente, vervaardigers en verkopers) skep deur die verkryging van plek- en tydnut. In ’n ekonomiese-impakontleding vind voordeeltrekkers as niepadgebruikers baat.

Om die effek te ontleed wat padvoorsiening en -gebruik op die vertoning van die streeksekonomie sal hê, moet die mate bepaal word waarin die voorsiening en gebruik van die pad die vyf konvensionele doelstellings van ekonomiese beleid sal beïnvloed. In teenstelling met ’n sosialekoste-voordeel-ontleding wat op die toewysingsdoelmatigheid van padvoorsiening en -gebruik fokus, is ’n ekonomiese-impakontleding primêr gerig op die verwagte vertoning van ’n pad as ’n ekonomiese groei- en ontwikkelingsinstrument in ’n streek. Dit word gedoen deur die verwagte streeksinkome-vermenigvuldigereffek en versnellereffek van die voorsiening en gebruik van ’n pad te beraam; sodanige beraming soos van toepassing in Suid-Afrika word in die volgende aflewering uiteengesit.

Bykomend by ekonomiese groei en ontwikkeling as primêre beoordelingsmaatstaf van die vertoning van ’n streek se ekonomie, is daar vier verwante en wisselwerkende sekondêre beoordelingsnorme wat in ag geneem moet word, naamlik volle indiensname (ofte wel maksimum haalbare indiensname of minimum bereikbare werkloosheid); prysstabiliteit (ofte wel minimum bereikbare inflasie of maksimum bekamping van inflasie); betalingsbalansstabiliteit; en billike verspreiding van welvaart (Mohr, 2019:3).

In ’n ekonomiese-impakontleding van ’n padprojek kan die volgende vyf groepe in ’n land of streek geïdentifiseer word wat as niepadgebruikers ekonomies beïnvloed word (Freeman, 1981:137; COTO, 2023:11):


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a3

- Die publiek
- Grondeienaars, -bewoners en -gebruikers
- Padkantondernemings
- Nutsondernemings
- Goedereversenders en -ontvangers

*(1) Die publiek*

Die openbare belang wat in ’n doelmatige en doeltreffende padnetwerk gevestig word, lei daartoe dat dit in ekonomiese terminologie as ’n “merieteproduk” bekend staan. Merieteprodukte is goedere en dienste wat deur ’n staat voorsien word omdat verbruik daarvan deur ’n gemeenskap as gewens beskou word, ongeag verbruikers se voorkeure. ’n Land se padnetwerk word hoofsaaklik voorsien ter wille van die bevordering van (a) maatskaplike welsyn (sosiale doelwitte), (b) ekonomiese groei en ontwikkeling (ekonomiese doelwitte), en (c) gemeenskapsveiligheid (strategiese doelwitte). Daar kan aangevoer word dat almal baat vind by die bestaan van ’n padstelsel omdat dit, weens verbeterde toeganklikheid, die samelewing help om doeltreffender te funksioneer.

Wat sosiale en ekonomiese doelwitte betref, benodig die gemeenskap toegang tot plekke waar lewensnoodsaaklikhede voorsien word (byvoorbeeld gesondheidsorg, basiese opvoeding, burgerlike of openbare administrasie wat geaffekteerde inwoners se teenwoordigheid vereis), waar sosiale aktiwiteite plaasvind (soos vermaak, ontspanning, geloofsuitlewing, kulturele bedrywighede) en waar grondstowwe en ander insette verkry en produkte verkoop kan word. Sonder paaie sou die bevolking ’n breë reeks goedere, dienste, inkomstegeleenthede en lewensverrykende ervarings moes ontbeer.

Wat strategiese doelwitte betref, is die toegang wat paaie tot grond verskaf, nie net tot regstreekse voordeel van die eienaars, bewoners en gebruikers van die grond nie, maar onregstreeks ook tot voordeel van die bevolking elders in die land, soos nasionale verdediging, burgerlike beskerming en noodhulpverlening in ylbevolkte gebiede. Paaie wat byvoorbeeld primêr vir verdedigingsdoeleindes in afgeleë gebiede gebou word, strek die samelewing in die algemeen tot voordeel, eerder as net die klein groepie inwoners van hierdie gebiede.

*(2) Grondeienaars, -bewoners en -gebruikers*

Die waarde (en bruikbaarheid) van grond is onlosmaaklik gekoppel aan die toeganklikheid daarvan. Toeganklikheid is die gemak waarmee bestemmings bereik kan word. Toeganklikheid behels ook die aantreklikheid van ’n plek as ’n bestemming (hoe maklik dit is om daar te kom van elders af) en as ’n oorsprong (hoe maklik dit is om van daar af elders te kom).

Grond in Suid-Afrika kan vir ontwikkeling geproklameer en op naam van die eienaar geregistreer word slegs indien dit toegang tot die land se padnetwerk het. Verbetering van hierdie toeganklikheid sal die waarde van die eiendom verhoog. Na gelang die veralgemeende ritkoste tussen plekke afneem, styg die moontlikheid van wisselwerking tussen hierdie plekke. *Eerstens* verleen paaie toegang tot grond, nie net vir die private doeleindes van die bewoners daarvan nie, maar ook vir die lewering van openbare en gedeeltelik openbare dienste deur owerheidsliggame. Paaie fasiliteer voorts persoonlike en handelsvervoer, die handhawing van die reg en orde, en die nakoming van owerheidspligte en gemeenskapsdienste. *Tweedens* verleen paaie uitgang vanaf grond, en hulle vergemaklik verkeer tussen grond en plekke van indiensname, opvoeding, gesondheidsorg en ander geriewe, markte vir produkte van die grond, en plekke waar kontak gemaak kan word met verskaffers van goedere en leweraars van dienste

aan bewoners en gebruikers van die grond. (Veralgemeende ritkoste is die mate waarin negatiewe nut waargeneem word, gegrond op gebruikersopoffering, wat lei tot weerstand om ’n rit te onderneem of daaraan deel te neem. Dit sluit tipies geldwaarde, reistyd en negatiewe gehalteaspekte in, byvoorbeeld die ongemak en ongerief wat verduur word, veiligheidsrisiko’s, blootstelling aan frustrasie, onbetroubare diens, en om te moet loop en te wag.)

*(3) Padkantondernemings*

Die voortbestaan van talle ondernemings hang af van die verkeer op ’n nabygeleë pad. Voorbeelde hiervan is brandstofvulstasies, geriefswinkels, kos- en verversingverskaffers (insluitende padkafees en deurryverkoopsgeriewe), inryteaters, ontspannings- en toeristebedrywe (soos motelle, herberge en nabygeleë gastehuise/plekke van oornagting), betaalparkeergeriewe en stopgeriewe vir goederevoertuie. Sulke ondernemings vind baat by die verbetering van ’n pad, maar kan as sakeondernemings misluk indien verkeer na ’n ander nuwe roete uitwyk.

*(4) Nutsondernemings*

Nutsondernemings geniet dikwels ’n deurgangsreg onderdeur of bo-oor of in die grondreserwe van ’n pad. Voorbeelde hiervan is water- en gaspypleidings, elektriese, vesel- en telefoonkabels, en lugregte bokant paaie vir die bedryf van openbarevervoerdienste op viadukte.

*(5) Goedereversenders en -ontvangers*

Goedereversenders en -ontvangers trek ook as produsente (insluitende boerderyeenhede), vervaardigers, groothandelaars en kleinhandelaars voordeel uit ’n nuwe pad. Sulke voordele word behaal deur (a) korter rittye, (b) stipteliker afleweringstye, en (c) verbeterde goederesekuriteit.

Korter rittye, gekombineer met stiptelike aflewering, beteken laer opbergingskoste en bied geleentheid vir akkurater en betroubaarder vervaardigingskedulering en korter bestel- en vervaardigingstyd. Dit kan lei tot die verkryging van groter tydnut deurdat meer transaksies per tydseenheid aangegaan kan word. Korter rittye lei ook daartoe dat hoogs bederfbare goedere oor ’n groter gebied bemark en versprei kan word, wat weer groter pleknut meebring, wat bedryfsinkomste laat styg. Die behoud van goederesekuriteit beskerm die verkoopsvermoë van versenders en die potensiaal van ontvangers om verdere produkwaarde toe te voeg. Verbeterde goederesekuriteit op geplaveide paaie weens minder stof, vibrasie en stampe stel die voorsieners van akkerbou-, tuinbou- en suiwelprodukte in staat om produkgehalte te handhaaf, terwyl breekbare goedere minder beskadig word.

## 4. Uitsluiting van ekonomiese uitwerking van die sosialekoste-voordeel-ontleding van padprojekte

Padvoorsiening en -gebruik het ekonomiese effekte. Sulke effekte word nie in ’n sosialekoste-voordeel-ontleding ingereken nie. Die rede vir hierdie uitsluiting is drievoudig (Pienaar, 2018: 128); COTO, 2023b: 10):

*Eerstens* bestaan omvattende ekonomiese ontleding uit twee komponente wat in tandem uitgevoer word, te wete sosialekoste-voordeel-ontleding en ekonomiese-impakontleding. Sosialekoste-voordeel-ontleding berus op toewysingsdoelmatigheid as beoordelingsnorm, en ekonomiese-impakontleding berus op doeltreffendheid as beoordelingsnorm. Die kombinering


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a3

van doeltreffendheidsnorme met doelmatigheidsnorme in ’n sosialekoste-voordeel-ontleding sal tot ’n wanvertolking van ’n projek se ekonomiese lewensvatbaarheid lei.

*Tweedens* sal voordele dubbeld getel word indien padgebruikerskostebesparings en die ekonomiese uitwerking saamgevoeg word.

*Derdens* kan ekonomiese voordele wat verkry word deur gekoördineerde investering in meerdere sektore, waarvan ’n pad een is, nie alles aan investering in die pad toegeskryf word nie.

Dié drie redes vir die uitsluiting van ekonomiese effekte uit die sosialekoste-voordeel-ontleding van padprojekte word in die volgende paragrawe breedvoeriger bespreek.

Skeiding van doelmatigheids- en doeltreffendheidsnorme: Padvoorsiening en gebruik vervul nievervoergerigte maatskaplike funksies. Padvoorsiening kan daarom deur ’n regering as instrument aangewend word om sekere beleidsoogmerke te bereik. Vervoer, insluitende padvervoer, word nie in eie reg aangevra nie; dit is ’n middel tot ’n doel, dit is nie ’n doel op sigself nie. Mense gebruik paaie sodat waarde by die bestemming behaal kan word deur die verkryging van plek- en tydnut, wat binne die bestek van ekonomiese-impakontleding val – ekonomiese waarde materialiseer nie onderweg na ’n bestemming nie. Die reis om die bestemming te bereik behoort op ’n doelmatige wyse te geskied deur (a) toeganklikheid te bevorder en (b) mobiliteit te vergemaklik – dié twee eienskappe van ’n padprojek word in ’n sosialekoste-voordeel-ontleding gewaardeer. By die beoordeling in die sosialekoste-voordeel-ontleding van hoe doelmatig toeganklikheid bevorder en mobiliteit vergemaklik word, word doeltreffende doelwitbereiking nie ingereken nie – doeltreffende doelwitbereiking in die vorm van gewenste plek- en tydnutverkryging by die bestemming is wat nagestreef word. Die mate waarin hierdie doelwitbereiking plaasvind, hoort in die ekonomiese- impakontleding van die padprojek tuis.

Dubbeltelling: Padgebruikerskostebesparings lei gewoonlik tot ’n positiewe algemene ekonomiese uitwerking. Sulke kostebesparings sal in die meeste gevalle byvoorbeeld groter winste (of kleiner verliese) vir besighede meebring. Wanneer die besparings groot genoeg is, sal stygende winste ander sakegeleenthede stimuleer, soos nuwe investering, die hervestiging van besighede, die verhoging van werkersvergoeding, meer werksgeleenthede en hoër eiendomspryse. Die bymekaartel van padgebruikerskostebesparings en die groter winste van ander ekonomiese aktiwiteite in ’n sosialekoste-voordeel-ontleding sal op dubbeltelling van die voordele van die geëvalueerde pad neerkom.

Komplementêre investering: Paaie kan as katalisator dien vir ekonomiese groei in en ontwikkeling van ’n gebied, maar sulke groei en ontwikkeling kan nie plaasvind sonder komplementêre (aanvullende) investering in ander ekonomiese sektore nie. ’n Pad wat byvoorbeeld ’n vrugbare gebied vir landbou-ontwikkeling toeganklik maak, sal nie tot die ontwikkeling van daardie gebied lei sonder landbougerigte investering bykomend by die investering in die pad nie. Die sosialekoste-voordeel-ontleding van die pad kan daarom nie aanspraak maak op die erkenning van niepadverwante surplusse wat in ander ekonomiese sektore behaal word nie, selfs nie in gevalle waar die voorsiening van die pad ’n voorvereiste vir ekonomiese groei en ontwikkeling is nie.

## 5. Gevolgtrekkings

Daar heers onder sekere owerheidsbesluitnemers en -beleidsformuleerders ’n mate van oningeligtheid oor die aard van en verskille tussen die sosialekoste-voordeel-ontleding en die ekonomiese-impakontleding van ondersoekte vervoerinfrastruktuurprojekte – veral pad-projekte.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a3

Die hoofdoel van die sosialekoste-voordeel-ontleding van ’n pad is om die besluitnemer en ander belanghebbendes in te lig oor die koste en voordele wat nodig is om die ekonomiese lewensvatbaarheid (doelmatigheid), al dan nie, van die voorsiening en gebruik van die pad te beraam, terwyl die hoofdoel van die ekonomiese-impakontleding van ’n pad is om die besluitnemer en ander belanghebbendes in te lig oor die verwagte vermoë (doeltreffendheid) van die voorsiening en gebruik van die pad om die ekonomiese vertoning van ’n bepaalde streek te beïnvloed.

Padvoorsiening en -gebruik het ekonomiese gevolge. Sulke gevolge word nie in ’n sosialekoste-voordeel-ontleding ingereken nie. Die rede vir hierdie uitsluiting is drievoudig:

*Eerstens* bestaan omvattende ekonomiese ontleding uit twee komponente wat in tandem uitgevoer word, te wete sosialekoste-voordeel-ontleding en ekonomiese-impakontleding. Sosialekoste-voordeel-ontleding berus op toewysingsdoelmatigheid as beoordelingsnorm, en ekonomiese impakontleding berus op doeltreffendheid as beoordelingsnorm. Die kombinering van doeltreffendheidsnorme met doelmatigheidsnorme in ’n sosialekoste-voordeel-ontleding sal tot ’n wanvertolking van ’n projek se ekonomiese lewensvatbaarheid lei.

*Tweedens* sal voordele dubbeld getel word indien padgebruikerskostebesparings (wat in die sosialekoste-voordeel-ontleding beraam word) en ekonomiese uitwerkings saamgevoeg word.

*Derdens* kan ekonomiese voordele wat verkry word deur gekoördineerde investering in meerdere sektore, waarvan ’n pad een is, nie alles aan investering in die pad toegeskryf word nie.

Die vernaamste verskille tussen die sosialekoste-voordeel-ontleding en die ekonomiese-impakontleding van padprojekte word in Tabel 1 getoon.

Padvoorsiening kan ’n regering help om sosiale, ekonomiese, strategiese en politieke doelwitte te bereik. Daarom kan besluite rakende investering in paaie deur die politieke voorkeure van die besluitnemer beïnvloed word – maar politieke besluite het ekonomiese gevolge. Dit is denkbaar dat oningeligte besluitneming oor investering in padprojekte nieoptimale ekonomiese gevolge kan hê. Die (i) relatiewe groot omvang wat padvoorsiening as ’n owerheidsbesteding verg, die (ii) duursaamheid van paaie wat volgens voorskrif in stand gehou word, en die (iii) onontbeerlike ekonomiese rol wat padinfrastruktuur vervul, maak dit gebiedend dat besluitneming rakende die voorsiening van paaie nie net op doelmatige wyse moet geskied soos aangedui deur die toepassing van sosialekoste-voordeel-ontleding nie, maar ook op ’n bykomende en weloorwoë wyse ingelig moet word van die ekonomiese uitwerking wat voorsiening van ’n ekonomies lewensvatbare pad kan meebring. Die ekonomiese-impakontleding van padinfrastruktuur kan daarom as instrument gebruik word in die nastrewing van ’n regering se ekonomiese beleidsdoelwitte.

**TABEL 1:** Opsomming van die vernaamste verskille tussen die sosialekoste-voordeel-ontleding en die ekonomiese-impakontleding van openbare padprojekte

| Parameter | Sosialekoste-voordeel-ontleding | Ekonomiese-impakontleding |
|---|---|---|
| Betekenis van die ontleding | Volgens sosialekoste-voordeel-ontleding word ’n openbare padbouprojek ekonomies lewensvatbaar geag as die huidige waarde van die besparings in padgebruikerskoste, padinstandhoudingskoste en eksterne koste wat die projek sal bied, die huidige waarde van die investeringskoste daarvan oorskry. Hierdie surplus is verkeersverwant en word behaal deur die bevordering van toeganklikheid en die vergemakliking van mobiliteit. | ’n Ekonomiese-impakontleding van ’n pad ondersoek die uitwerking wat voorsiening en gebruik van ’n pad op streeksinkome sal hê. Dit het te make met (a) die verwagte eenmalige streeksinkome-vermenigvuldigereffek wat uit die aanvanklike investeringsbesteding van die pad sal spruit, en (b) die versnelde herhalende streeksinkome-effek wat sal spruit uit die verkryging van plek- en tydnut by die ritbestemmings en dienspunte van die verkeer wat die pad gedurende sy dienstydperk gebruik. |
| Waarde-maatstaf | Sosiale geleentheidskoste | Markprys |
| Beoordelings-fokus | **Doelmatigheid:** Besparings van herhalende koste van –<br>• padgebruik (voertuigloopkoste, tydkoste en ongelukskoste)<br>• eksterne koste van padgebruik<br>• padinstandhoudingskoste | ***Doeltreffendheid*** wat bydra tot –<br>• ekonomiese groei en ontwikkeling<br>• groter indiensname<br>• prysstabiliteit<br>• betalingsbalansstabiliteit<br>• billike welvaartsverdeling |
| Surplusnorm | **Gebruikersurplus:** Padgebruikerskostebesparings, uitgedruk as (a) die vergroting van die bestaande padgebruikersurplus, plus (b) die vergroting van die surplus van gebruikers wat van ander padroetes na die onderhawige pad toe uitgewyk het, plus (c) die nuutgeskepte gebruikersurplus wat deur opwek-, ontwikkelings- en gelokte verkeer behaal word. | **Produsentesurplus:** Positiewe ekonomiese impakte van ’n pad behels gewoonlik (a) ’n versnelling van die tempo van ekonomiese groei en/of (b) ’n ruimtelike verskuiwing van ekonomiese aktiwiteite na die bedieningsgebied van die pad, wat billiker inkomsteverdeling bevorder, en/of (c) die skep van nuwe ekonomiese aktiwiteit. |
| Bevoordeeldes | Padgebruikers:<br>• Normale verkeer (d.w.s. bestaande verkeer plus normalegroeiverkeer plus beplande ontwikkelingsverkeer<br>• Uitwykverkeer<br>• Nuutgeskepte verkeer (d.w.s. opwekverkeer plus ontwikkelingsverkeer plus gelokte verkeer) | Niepadgebruikers:<br>• Die publiek<br>• Grondeienaars, -bewoners en gebruikers<br>• Padkantondernemings<br>• Nutsondernemings<br>• Goedereversenders en ontvangers (as niepadgebruikers) |


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a3

## BIBLIOGRAFIE


Bannock, G, Baxter, RE & Davis, E. 2003. *The Penguin dictionary of economics* (7th ed.). London: Penguin Books.

Black, J. 1997. *Oxford dictionary of economics*. Oxford: Oxford University Press.

COTO (Committee of Transport Officials). 2023a. *Social cost-benefit analysis of road projects*. TMH 20, Volume 1. Committee Draft CD 4. Pretoria: South African National Roads Agency SOC Limited.

COTO (Committee of Transport Officials). 2023b. *Economic impact analysis of road projects*. TMH 20, Volume 2. Committee Draft CD 1. Pretoria: South African National Roads Agency SOC Limited.

Dupuit, J. 1844. On the measurement of the utility of public works. Annales de Pontet Chaussées, 2nd series, Vol. 8.

Freeman, PNW. 1981. *The recovery of costs from road users in South Africa*. DCom dissertation. Pretoria: University of South Africa.

Jiang, M & Marggraff, R. 2021. The origin of benefit-cost analysis: a comparative view of France and the United States. https://doi.org/10.1186/s12962-021-00330-3 *Cost Effectiveness and Resource Allocation*. 2021(1):1-11.

Mohr, P. 2019. *Economic indicators* (6th ed.). Pretoria: Van Schaik.

Mosaka, DD, Botha, JP, Downing, RA, Jurgens, FX, Mullins, D & Torie, JK. 2022. *A manual for cost-benefit analysis in South Africa with specific reference to water resource development* (4th ed.). WRC Report No. TT 894/ 22. Pretoria: Water Research Commission.

National Planning Commission (NPC). 2011. *National Development Plan: Vision for 2030*.www.npconline.co.za/.../NPC%20National%20Development%20Plan%2 [9 July 2019].

Pearce, DW. 1983. The origins of cost-benefit analysis. In: *Cost-benefit analysis: Studies in economics.* London: Palgrave.

Pearce, DW. 1989. *Macmillan dictionary of modern economics*. London: Macmillan.

Pienaar, WJ. 2018. Principles of social cost-benefit analysis of public road projects followed in South Africa. *South African Journal of Industrial Engineering*, 29(4):129-140.

Pienaar, WJ. 2019. Voorgestelde metodes om die voordele van padprojekte te maksimeer. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59(1): 142-156.

Pienaar, WJ. 2021. Determination of the cost component in the social cost-benefit analysis of road projects in South Africa. *South African Journal of Industrial Engineering*, 32(1):14-23.

Robinson, LA & Hammitt, JK. 2011. Behavioral economics and the conduct of benefit-cost analysis: Towards principles and standards. *Journal of Benefit-Cost Analysis*, 2(2):1-48.

Rutherford, D. 1992. *Dictionary of economics*. London: Routledge.

Sibula, P. 2009. *Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Terminologie*. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch Taalsentrum.

US Department of Transportation. 2023. What Is a Benefit-Cost Analysis (BCA)? [30 August 2023].

Winfrey, R. 1969. *Economic analysis for highways*. Scranton, Pennsylvania: International Textbook Company.



doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a3

# Bepaling van die verhoogde nasionale inkome wat uit die voorsiening en gebruik van ekonomies lewensvatbare paaie spruit

***Determination of the increased national income that stems from the provision and use of economically viable roads***

**WJ Pienaar**
Departement Bedryfsingenieurswese
Stellenbosch Universiteit
Suid-Afrika
E-pos: wpienaar@sun.ac.za



Wessel Pienaar

**Wessel Pienaar** is 'n navorsingsprofessor in die Departement Bedryfsingenieurswese aan die Universiteit Stellenbosch. Hy het die volgende gevorderde grade behaal: MS in Siviele Ingenieurswese aan die Universiteit van Kalifornië, Berkeley; MEcon in Vervoerekonomie aan die Universiteit Stellenbosch; PhD(Ing) in Siviele Ingenieurswese aan die Universiteit Stellenbosch en DCom in Vervoerekonomie aan die Universiteit van Suid-Afrika. Hy beskik oor 'n Kategorie A-navorsingsgradering van Sanral. In 2000 en 2011 ontvang hy die Rektorstoekenning vir Voortreflike Navorsing aan die Universiteit Stellenbosch. Hy is die hoofredakteur en hoofskrywer van die internasionaal gebruikte handboek *Business Logistics Management: A Value Chain Perspective*, wat deur Oxford University Press uitgegee word. Wessel publiseer in Afrikaans en Engels. Van sy werk is deur internasionale navorsingsinstellings in Duits, Frans en Russies vertaal en gepubliseer. In Desember 2015 het Wessel die Kanselierstoekenning vir Akademiese Uitnemendheid van die Universiteit Stellenbosch ontvang. Hy is 'n lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, waarvan hy van 2014 tot 2017 as voorsitter gedien het, en is 'n genoot van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Ingenieurswese (SAAE).

**Wessel Pienaar** is a research professor in the Department of Industrial Engineering at Stellenbosch University. He holds the following advanced degrees: MS in Civil Engineering from the University of California, Berkeley; MEcon in Transport Economics from Stellenbosch University; PhD(Eng) in Civil Engineering from Stellenbosch University and DCom in Transport Economics from the University of South Africa. He has been rated a Category A researcher by Sanral. In 2000 and 2011 he received the Rector's Award for Research Excellence at Stellenbosch University. He is the editor-in-chief and principal author of the internationally used textbook *Business Logistics Management: A Value Chain Perspective* published by Oxford University Press. Some of his work has been translated into German, French and Russian and published by international research institutions. In December 2015 he received the Chancellor's Award for Academic Excellence at Stellenbosch University. Wessel is a member of the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ("South African Academy of Science and the Arts"), which organisation he chaired from 2014 to 2017, and is a fellow of the South African Academy of Engineering (SAAE).

**Datums:**
Ontvang: 2023-10-10 Goedgekeur: 2024-01-18 Gepubliseer: Maart 2024


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a4

**ABSTRACT**

***Determination of the increased national income that stems from the provision and use of economically viable roads***

*The purpose of this article is to demonstrate how the once-off increase in regional income that will result from investment in roads and the recurring increase in regional income that will stem from the use of economically viable new roads can be estimated. Once-off economic benefits occur because of the multiplier effect triggered by the initial investment expenditure on a road, while recurring economic benefits result from the income accelerator effect that use of the road during its service period will have. To determine the regional income multiplier effect of the investment expenditure on a proposed road during its construction period, it is necessary to estimate (i) the tax amounts included in the investment amount as a ratio of the total project investment amount, (ii) the monetary amount saved by project workers as a ratio of the total project investment amount, and (iii) the expenditure on imported project inputs as a ratio of the total project investment amount.*

*An analysis that incorporates the above-mentioned three fund leakages from the circular flow of regional income will show that the representative income multiplier of South African rural paved road construction projects has a value of 4,58.*

*The gross national income multiplier effect stemming from road construction expenditure can be categorised as follows:*

| Multiplier | Rating |
|---|---|
| 1 – 1,99 | Poor |
| 2 – 2,99 | Satisfactory |
| 3 – 3,99 | Good |
| 4 – 4,99 | Very good |
| ≥ 5 | Excellent |

*In the rating scale above, a gross national income multiplier effect stemming from road construction projects with a value of less than 2,00 is regarded as "poor", because such a multiplier value is usually associated with economically unviable road projects. Gross national road construction multiplier effects with a value of 2,00 or more are associated with economically viable projects.*

*An analysis as referred to above will show that, with a once-off gross income multiplier value of 4,58, the construction of economically viable roads will afford the government a "very good" opportunity to generate income effectively, especially considering that the national economy-wide gross income multiplier in South Africa is 3,27, which shows that the gross income multiplier of road construction is 40% higher than the economy-wide gross income multiplier.*

*The reasons why the once-off gross regional income multiplier stemming from construction expenditure on rural road projects is "very good" are as follows:*

*(1) A substantial proportion of the payroll of road construction workers is subject to zero or low personal income tax rates.*

*(2) The propensity to consume among rural, unskilled and semi-skilled workers (in areas where rural roads are constructed) is generally high, which implies a low savings leakage.*


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a4

(3) *Labourers needed for road construction are usually recruited from (or from close by) the areas where a road is to be built. Furthermore, low-income earners tend to buy and consume goods that are produced locally.*
(4) *Generally, there is a relatively small need to import economic resources for road construction projects. Items like timber, sand, stone, gravel, filling material, bitumen, cement, steel and most of the road construction equipment are of regional or, at least, South African origin.*

*The pace at which an economically viable road will stimulate regional income will be reflected by the new traffic it induces and any existing traffic that it diverts from less beneficial roads. In the social cost-benefit analysis of a road, it is estimated by what proportion induced and diverted traffic will increase the road user surplus. This expected proportional increase in road user surplus will accelerate (stimulate) the once-off regional multiplier and is termed the "regional income stimulation factor". Project-driven induced investment activities – i.e. downstream investment activities made possible by the provision of the road – usually (a) involve technically more sophisticated construction projects than the analysed road itself, (b) require the importation of a greater proportion of finished goods and specialised equipment, and (c) involve more skilled and highly skilled workers, whose income is subject to high income tax rates and who exhibit a higher propensity for saving than unskilled workers. Such downstream activities will collectively have a greater leakage effect than that incorporated in the once-off regional multiplier pertaining to construction of the road, which will depress the magnitude of the recurring regional income accelerator. The different formulae used to calculate the recurring income accelerator are detailed in the body of the article.*

**KEYWORDS:** economic impact analysis, regional income multiplier analysis, regional income accelerator analysis, road construction project, road investment, rural roads, taxation leakage, savings leakage, import leakage, road user cost, non-road user cost

**TREFWOORDE:** ekonomiese-impakontleding, streeksinkome-vermenigvuldigerontleding, streeksinkome-versnellerontleding, padbouprojek, padinvestering, buitestedelike paaie, belastinglekkasie, besparingslekkasie, invoerlekkasie, padgebruikerskoste, niepadgebruikerskoste

## OPSOMMING

Hierdie artikel dui aan hoe die eenmalige verhoging in streeksinkome wat uit investeringsbesteding tydens die bou van 'n pad spruit, en die herhalende bykomende streeksinkome wat uit die gebruik van 'n ekonomies geregverdigde nuwe pad spruit, deur onderskeidelik streeksinkome-vermenigvuldigerontleding en streeksinkome-versnellerontleding beraam kan word.

Om die effek van die streeksinkomevermenigvuldiger van die uitgawe verbonde aan die bou van 'n pad te bepaal, moet (i) die belastings wat by die bou-uitgawe ingesluit is, as 'n verhouding van die totale bou-uitgawe, (ii) die bedrae geld wat deur projekwerkers gespaar word, as 'n verhouding van die totale bou-uitgawe, en (iii) die besteding aan ingevoerde projekinsette, as 'n verhouding van die totale bou-uitgawe, bepaal word.

Ontledings wat bogenoemde drie fondslekkasies uit die kringloop van streeksinkome in ag neem, toon dat die verteenwoordigende inkomevermenigvuldiger van Suid-Afrikaanse bouprojekte vir buitestedelike geplaveide paaie 'n waarde van 4,58 het. Op die beoordelingskaal van inkomevermenigvuldigerwaardes vir die bou van buitestedelike paaie bied dit aan die staat 'n "baie goeie" geleentheid om inkome te genereer, veral as in ag geneem word dat

die gemiddelde inkomevermenigvuldiger van besteding in die Suid-Afrikaanse ekonomie ’n waarde van 3,27 het. Die formules waarmee die eenmalige inkomevermenigvuldiger beraam word, word in die liggaam van die artikel uiteengesit.

Die herhalende versnelde streeksinkome wat uit die gebruik van ’n ekonomies lewensvatbare pad spruit, is gelyk aan die produk van (a) die huidige waarde van die herhalende padgebruikersvoordele wat uit die gebruik van die pad spruit, en (b) die waarde van die streeksinkomeversneller van die gebruik van die pad. ’n Streeksinkomeversneller wat as verstekwaarde kan dien in die ekonomiese-impakontleding van ’n ekonomies lewensvatbare geplaveide buitestedelike pad in gevalle waar dit nie haalbaar is om ’n projek-eie versneller te probeer beraam nie, word in die artikel bereken. Die formules waarmee die herhalende-inkomeversneller beraam word, word in die liggaam van die artikel uiteengesit.

## 1. Inleiding

Hierdie artikel is die laaste van twee artikels. Die vorige artikel het gehandel oor die aard van en vernaamste verskille tussen die sosialekoste-voordeel-ontleding (SKVO) en die ekonomiese-impakontleding (EKIO) van padbouprojekte. Hierdie artikel het te make met hoe die eenmalige verhoging in streeksinkome as gevolg van investeringsbesteding tydens die bou van ’n pad, en die herhalende streeksinkome wat uit die gebruik van ’n ekonomies geregverdigde nuwe pad spruit, deur onderskeidelik streeksinkome-vermenigvuldigerontleding en streeksinkome-versnellerontleding beraam kan word. Verder word verslag gedoen oor waarom en in watter mate die eenmalige streeksinkome-vermenigvuldigereffek van investeringsbesteding in padbouprojekte *eerstens* hoër is as die inkome-vermenigvuldiger wat vir aktiwiteite in die res van die volkshuishouding geld, en *tweedens* ook hoër is as die inkomeversneller wat uit die gebruik van lewensvatbare paaie voortspruit.

Streeksinkome-vermenigvuldigerontleding is ’n konsepsionele werktuig in die studie van ekonomiese fluktuasies. Die begrip is in 1931 deur RF Kahn bekendgestel en later deur John Maynard Keynes gebruik om te toon hoe investering ’n toename in nasionale inkome meebring wat groter is as die aanvanklike investeringsbesteding (Greenwald, 1973:386). Keynes het ook streeksinkome-vermenigvuldigerontleding op substreke binne ’n land toegepas (Keynes, 1936), wat sy werk relevant maak vir die onderwerp van hierdie artikel. Die inkomevermenigvuldiger word gedefinieer as die verhouding van die verandering in nasionale inkome tot die verandering in besteding wat dit teweegbring (Rutherford, 1992:387).

Die aanbieding in hierdie artikel neem werk wat in die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* oor streeksinkome-vermenigvuldigerversnellerontleding van padprojekte verskyn het (Pienaar, 2005:108-117), as vertrekpunt. Daardie werk was teoreties, en is toegelig met ’n denkbeeldige voorbeeld omdat dit toe nog nie aan die hand van werklike padbouprojekte gevalideer kon word nie. In daardie werk is aangeneem dat die waarde van die streeksinkomevermenigvuldiger wat tydens die boutydperk van ’n pad geld, onmiddellik ná ingebruikneming van ’n pad ook vir die streeksinkomeversneller van die pad geld.

Ná ’n gesprek tussen die skrywer en die destydse redakteur van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie* (Black, 2004:1068-1074) oor die oorgang van die streeksinkomevermenigvuldiger tydens die totstandkoming van ’n projek na die streeksinkomeversneller tydens die dienstydperk van die projek is die 2005-werk uitgebrei en toegepas in die ekonomiese evaluering van ’n groot padbouprojek in Namibië. Hierdie werk is in 2008 deur die Ekonomiese Vereniging van Suid-Afrika gepubliseer (Pienaar, 2008). Sedertdien word in elke uitgawe van die Suid-Afrikaanse standaardwerk wat oor die openbare ekonomie handel, na die


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a4

inhoud van genoemde 2008-artikel verwys (Black, Calitz & Steenekamp, 2011, en alle latere uitgawes). Sedert 2012 word die toepassing van die geskakelde ontleding van die streeksinkomevermenigvuldiger en -versneller, soos in hierdie artikel gerapporteer, deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap (SANRAL) in die beplanning van nasionale padbouprojekte aanbeveel (Harmse, 2012). Ofskoon die geskakelde ontleding van die streeksinkomevermenigvuldiger en -versneller van padprojekte in 2012 konsepsioneel redelik afgerond was, het SANRAL my versoek om verder navorsing oor die onderwerp te doen met die doel om verteenwoordigende prestasiewaardes te bepaal wat as verstek-insetwaardes in die sosialekoste-voordeel-ontleding sowel as die ekonomiese-impakontleding van Suid-Afrikaanse padprojekte gebruik kan word in gevalle waar dit nie haalbaar is om projek-eie waardes per individuele padprojek te bepaal nie. Hierdie navorsing is in die eerste kwartaal van 2023 voltooi en dien tans in Volumes 1 en 2 van Handleiding Nommer 20 van die Committee of Transport Officials (COTO) se *Technical Methods for Highways* (TMH) as die voorskrif vir die ekonomiese ontleding van padprojekte in Suid-Afrika. Die metodologie waarvolgens die sosialekoste-voordeel-ontleding van paaie uitgevoer moet word, word voorgeskryf in Volume 1 van die handleiding (COTO, 2023a), en die metodologie waarvolgens die ekonomiese-impakontleding van paaie uitgevoer moet word, word voorgeskryf in Volume 2 van die handleiding (COTO, 2023b).

Die ondersoek oor die gesamentlike streeksinkome-vermenigvuldiger-versneller van paaie waaroor hier verslag gedoen word, is vroeg in 2023 ten opsigte van 2021 uitgevoer. Die redes vir hierdie tydskedulering is drieërlei. *Eerstens* kon 2020 nie as betroubare ondersoekjaar gebruik word nie omdat vertoning van die landsekonomie in daardie jaar deur die Covid-19-pandemie en -inperkingsmaatreëls ontwrig is. Daar is geoordeel dat 2021 as “normaal” genoeg beskou kon word om die verhouding tussen (a) die steeksinkome-vermenigvuldigereffek van die besteding aan die bou van ekonomies lewensvatbare paaie (Kearney, 2022) en (b) die steeksinkome-vermenigvuldigereffek van die besteding in die res van die ekonomie betroubaar te beraam sodat dié verhoudingswaarde vir etlike jare as verteenwoordigend beskou kan word (Quantec, 2022). *Tweedens* is die wyse waarvolgens die bruto binnelandse produk deur Statistieke Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse Reserwebank bereken word, met ingang van die 2021-verslagjaar gewysig – na verwagting sal die hersiene wyse van die rapportering van nasionale inkome vir ’n geruime aantal jare onveranderd bly. *Derdens* is die tydsverloop tussen die vertoning van die volkshuishouding en die vroegste moontlike openbare verslagdoening daaroor nagenoeg een jaar.

Die teikendatum vir die voltooiing van die navorsing was 31 Maart 2023, wat meegebring het dat die ondersoek ten opsigte van 2021 wat hier gerapporteer word, gedurende die eerste kwartaal van 2023 uitgevoer moes word. In die res van hierdie artikel word alle verwysings na gegewens gedurende 2021 as huidige inligting beskou – die teenwoordige tyd in die artikel is daarom 2021. In die liggaam van die verslag verwys die woord *inkomste* na die geldelike verdienste van individue en ondernemings (veral wat inkomstebelasting betref), en *inkome* na die produksie-uitset van die land of substreek in die land (veral wanneer na makroëkonomiese gegewens verwys word).

Die artikel is soos volg saamgestel: Ná hierdie inleidende gedeelte bespreek afdeling 2 die berekeningswyse van die eenmalige inkomevermenigvuldiger van padbouprojekte. ’n Verteenwoordigende eenmalige streeksinkomevermenigvuldiger vir die bou van geplaveide paaie in Suid-Afrika wat in die toekoms as verstekwaarde in die ekonomiese-impakontleding van padbouprojekte gebruik kan word indien die ondersoek na ’n projek-eie streeksinkomevermenigvuldiger dalk nie uitvoerbaar is nie, word in afdeling 3 beraam. Afdeling


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a4

4 word gewy aan die beraming van die deurlopende versnelling van streeksinkome wat uit die gebruik van ’n ekonomies lewensvatbare pad ná afloop van die boutydperk daarvan spruit. Die gevolgtrekkings wat uit die ondersoek vloei, word in afdeling 5 aangebied.

By die uitleg van begrippe in die artikel is van die volgende verklarende woordeboeke gebruik gemaak: *Dictionary of economics* (Rutherford, 1992); *Macmillan dictionary of modern economics* (3rd ed.) (Pearce, 1986); *Oxford dictionary of economics* (Black, 1997), *The McGraw-Hill dictionary of modern economics* (2nd ed.) (Greenwald, D, 1973), en *The Penguin dictionary of economics* (7th ed.) (Bannock, Baxter & Davis, 2003).

## 2. Berekening van die inkome-vermenigvuldiger van investering in ’n padbouprojek

Om die eenmalige uitwerking van inkomevermenigvuldiging van die besteding aan ’n padbouprojek ten opsigte van die betrokke streeksekonomie te beraam, moet die lekkasies uit die omloopvloei van inkome in die ekonomie bepaal word. Hierdie lekkasies is (1) belasting, (2) finansiële besparings, en (3) invoere. Om die uitwerking van die streeksinkomevermenigvuldiger van ’n pad se bou-uitgawe te bepaal, moet (i) die belastings wat by die bou-uitgawe ingesluit is as ’n verhouding van die totale bou-uitgawe (tp), (ii) die bedrae geld wat deur projekwerkers gespaar word (s) as ’n verhouding van die totale bou-uitgawe, en (iii) die besteding aan ingevoerde projekinsette as ’n verhouding van die totale bou-uitgawe (m) bepaal word.

Die bruto steeksinkomevermenigvuldiger ($M_{GR}$) word soos volg geformuleer (Rutherfort, 1992:387):

$$M_{GR} = \frac{1}{1-(1-t_p)(c-m)} \qquad (1)$$

Met:

$$c = 1 - s$$

Waar:

$M_{GR}$ = bruto streeksinkome-vermenigvuldiger

$t_p$ = belastingbetalings wat regstreeks uit die padbouprojek spruit, uitgedruk as ’n desimale breuk van die investeringsbedrag (I)

$c$ = verbruiksgeneigdheid (1 – s), uitgedruk as ’n desimale breuk van I

$m$ = invoergeneigdheid, uitgedruk as ’n desimale breuk van I

$s$ = spaargeneigdheid, uitgedruk as ’n desimale breuk van I

Die bruto inkomevermenigvuldiger van enige (pad)bouprojek is altyd groter as 1,0, wat meebring dat padbouprojekte, ongeag of hulle ná afloop van hulle boutydperk gedurende hulle dienstydperk ekonomies lewensvatbaar is of nie, ’n positiewe bydrae tot ekonomiese groei in ’n land lewer. Die bruto inkomevermenigvuldiger wat uit die boubesteding aan ’n pad voortspruit, kan soos volg beoordeel word (COTO, 2023b:23):

In die beoordelingskaal hier bo word ’n bruto inkomevermenigvuldiger van kleiner as 2,00 wat uit padbouprojekte spruit, geag “swak” te wees omdat ’n padbouprojek met só ’n vermenigvuldigerwaarde oor die algemeen as ekonomies nielewensvatbaar beskou word. (’n Pad word as ekonomies lewensvatbaar beskou indien die huidige waarde van die voordele wat die pad tydens sy dienstydperk bied, die huidige waarde van die boukoste van die pad oortref.)

| Brutostreeksinkome-vermenigvuldiger | Beoordeling |
|---|---|
| 1 tot 1,99 | Swak |
| 2 tot 2,99 | Bevredigend |
| 3 tot 3,99 | Goed |
| 4 tot 4,99 | Baie goed |
| $\geq 5$ | Uitstekend |

Padbouprojekte met 'n bruto inkomevermenigvuldigerwaarde van 2,00 en groter word oor die algemeen as ekonomies lewensvatbaar beskou. Weens hoë Suid-Afrikaanse belastingkoerse (vergelyk afdeling 3.2) kom 'n "uitstekende" streeksinkomevermenigvuldiger voortspruitend uit padinvesterings slegs in uitsonderlike gevalle voor (COTO, 2023b:23).

Die huidige waarde van die bruto eenmalige streeksinkome wat uit padinvestering spruit ($EM_0$), in markpryswaarde, word soos volg geformuleer (COTO, 2023b:26):

$$EM_0 = C_A \cdot M_{GR} \qquad (2)$$

Waar:

$EM_0$ = huidige waarde van die bruto eenmalige streeksinkome wat uit padinvestering spruit (in mark- of transaksiepryswaarde)

$C_A$ = huidige waarde van die investeringsbedrag (in mark- of transaksiepryswaarde)

$M_{GR}$ = bruto streeksinkomevermenigvuldiger van die investering (soos met vergelyking (1) bepaal)

Die netto eenmalige streeksinkome wat uit investering in 'n streek spruit, is gelyk aan die produk van (a) die investeringsbedrag en (b) die waarde van die bruto streeksinkomevermenigvuldiger minus 1,0. ('n Waarde van 1,0 word van $M_{GR}$ afgetrek om die netto inkomevermenigvuldiger te bepaal. Sonder sodanige aftrekking word 'n bruto resultaat verkry.)

## 3. Verteenwoordigende vermenigvuldiger vir eenmalige streeksinkome uit die bou van buitestedelike paaie

### *3.1 Beoordeling van die lekkasies uit die omloopvloei van inkome*

Om 'n verteenwoordigende vermenigvuldiger vir eenmalige streeksinkome van buitestedelike geplaveide padbouprojekte in Suid-Afrika te beraam, is die metode om so 'n vermenigvuldiger te bepaal op agt SANRAL-padbouprogramme toegepas wat vir uitvoering tussen 2002 en 2014 beplan is en as gevolg van hulle grootte ekonomies geëvalueer moes word (SANRAL, 2020). Die benodigde insetwaardes is bereken aan die hand van (a) sekere administratiewe en finansiële voorskrifte van nasionale wetgewing wat in padbouprojekte nagekom moet word, en (b) navorsing rakende die werkverrigting wat tydens die bou van buitestedelike geplaveide paaie gehandhaaf moet word. Hierdie ondersoeke is gedoen om verteenwoordigende of verstekwaardes te bepaal wat in die ekonomiese-impakontleding van soortgelyke padbouprojekte gebruik kan word wanneer omvattende projekgerigte ekonomiese-impakontleding tot in die fynste besonderhede nie haalbaar is nie, of nie vereis word nie.

Ontleding van die verskillende belastingitems wat by die boukoste van geplaveide buitestedelike paaie ingesluit is, toon dat die staat se belastinginkomste 11,58% van die boukoste


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a4

beloop. Persoonlike besparings (deposito's in spaarrekeninge en pensioen-, voorsorgfonds- en annuïteitsbydraes) beloop 4,25% van die boukoste van geplaveide buitestedelike paaie. Uit die ondersoek van die bestekopnames van die ondersoekte projekte is vasgestel dat gemiddeld 7,36% van die totale projekinsette ingevoer word. Die onderskeie inkomelekkasies is daarom soos volg (Pienaar, 2021):

$$t_p = 11{,}58/100 = 0{,}1158$$

$$c = 1 - 0{,}0425 = 0{,}9575$$

$$m = 7{,}36/100 = 0{,}0736$$

Die eenmalige bruto streeksinkomevermenigvuldiger ($M_{GR}$) is volgens vergelyking (1) soos volg:

$$M_{GR} = 1 \; / \; [1-(1-0{,}1158)\,(0{,}9575-0{,}0736)] = 4{,}58$$

Bostaande ontleding toon dat met 'n eenmalige bruto inkomevermenigvuldiger van 4,58 op die beoordelingskaal die bou van ekonomies lewensvatbare paaie aan die staat 'n "baie goeie" geleentheid bied om inkome te genereer, veral as in ag geneem word dat die bruto inkomevermenigvuldiger van die Suid-Afrikaanse ekonomie 'n waarde van 3,27 het (Quantec, 2022). Quantec het hierdie inkomevermenigvuldiger bereken deur 'n inset-uitset-ontleding van 'n samestelling van 91 bedryfsklasse van die Suid-Afrikaanse ekonomie te gebruik (Quantec, 2022). Dit beteken dat die bruto inkomevermenigvuldiger van buitestedelike padbouprojekte 40% hoër is as dié van die Suid-Afrikaanse volkshuishouding in die geheel. Elke rand wat in die bou van 'n ekonomies lewensvatbare pad geïnvesteer word, sal gedurende die boutydperk daarvan die bruto binnelandse produk (BBP) met R4,58 verhoog.

Die eenmalige inkomevermenigvuldiger wat uit investeringsbesteding in buitestedelike padbouprojekte voortspruit, kan om die volgende vier redes as "baie goed" beoordeel word (COTO, 2023b:26):

- Die meeste padbouwerkers se besoldiging is laer as die drempel waarbo inkomstebelasting betaalbaar word, of is aan 'n lae inkomstebelastingkoers onderworpe, wat meebring dat hulle besteebare inkomste 'n groot deel van hulle bruto inkomste uitmaak. Die belastinglekkasie is gelyk aan ongeveer 4,6% van die totale padboubesteding in Suid-Afrika, wat laag is vir boubesteding in die algemeen.
- Die verbruiksgeneigdheid van landelike ongeskoolde en halfgeskoolde werkers (waar buitestedelike paaie gebou word) is gewoonlik hoog, wat 'n lae besparingslekkasie beteken. Die navorsing dui daarop dat die besparingslekkasie naastenby 4,25% van padboubesteding beloop.
- Padbouwerkers word normaalweg in of naby 'n pad se bedieningsgebied gewerf, wat meebring dat min behoefte bestaan om trekarbeiders van elders in diens te neem. Verder is lae-inkomsteverdieners geneig om plaaslik vervaardigde goedere te verbruik.
- In die algemeen bestaan daar min behoefte om padboumateriaal, soos hout, klip, gruis, vulmateriaal, bitumen, sement en staal, vir padboudoeleindes in te voer, en die meeste padboutoerusting (ongeveer 80%) is van Suid-Afrikaanse oorsprong, wat 'n stimulus vir plaaslike indiensname is. Die studie dui aan dat invoerbesteding ongeveer 7,36% van die totale buitestedelike padboubesteding beloop. In ag genome dat 'n pad 'n duursame kapitaalitem is wat deel uitmaak van 'n land se infrastruktuur wat ekonomiese groei en tegnologies gevorderde nywerheidsontwikkeling kan aanwakker, is 'n invoergeneigdheid van 7,36% laag.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a4

### *3.2 Beraming van die belastinglekkasie*

#### *3.2.1 Bestek van belastingkomponente*

Die volgende belastingkomponente moet in ag geneem word by die berekening van die belastinggeneigdheid:

1. Belasting op toegevoegde waarde (BTW), wat ingesluit word by die bouprys van die pad;
2. Ondernemingsbelasting betaalbaar deur die padbouer op die wins behaal uit die padbouprojek;
3. Persoonlike inkomstebelasting betaalbaar deur projekpersoneel; en
4. Mensehulpbronverwante belastingbetalings wat regstreeks met die projek verband hou:
    - Ongevalleversekering
    - Werkloosheidsversekering
    - Vaardigheidsontwikkeling

Hierdie belastingkomponente word vervolgens bespreek.

#### *3.2.2 Belasting op toegevoegde waarde*

Padboukoste kan in die volgende komponente verdeel word: arbeid, aanleg, toerusting, brandstof, materiaal, en ooreengekome wins. Ondersoek het getoon dat die gemiddelde aandeel wat hierdie kostekomponente van die totale boukoste van buitestedelike geplaveide paaie in Suid-Afrika uitmaak, soos volg is: arbeid 19,44%, aanleg 22,22%, toerusting 14,82%, brandstof 17,59%, materiaal 18,52%, en wins 7,41% (Pienaar, 2021:21).

Ofskoon belasting op toegevoegde waarde (BTW) teen 15% op die prys van ’n padbouprojek betaalbaar is, is dit slegs die BTW op die projek se winsmarge, werknemersbesoldiging (die totale betaalstaat, wat alle lone, salarisse, bonusse en toelaes insluit) en die brandstofrekening wat streekslekkasies uit die totale projekkoste vorm wat deur die boukontrakteur betaal word. Die BTW-betalings op die ander items in die waardeketting, te wete die betalings vir aanleg(te), toerusting en materiaal, is nie lekkasies uit die finale prysbetaling nie, aangesien die BTW-heffings daarop reeds vroeër aan die leweransiers van hierdie komponente betaal is. Die “dubbelbetaling” van die BTW op laasgenoemde drie items moet binne 21 werksdae deur die SAID aan die boukontrakteur terugbetaal word (SARS, 2021a).

BTW op brandstof wat deel van die finale bouprys uitmaak, word nie aan die boukontrakteur terugbetaal nie, aangesien die prys van brandstof by die aankoop daarvan nie aan BTW onderwerp word nie. Indien BTW op brandstof by die finale bouprys ingesluit word, maak die BTW ’n eersterondtebetaling uit en kan dit nie aan die boukontrakteur terugbetaal word nie (SARS, 2021a); by hierdie punt is dit dan ’n belastinglekkasie.

BTW-heffings op die werknemersbesoldiging- en die winsmarge-komponent van die bouprys is ook eersterondtebetalings, aangesien hierdie twee items op boukontrakteursvlak ontstaan en die BTW-betalings daarop dus belastinglekkasies is.

Die belastinglekkasie afkomstig van BTW as ’n persentasie van die totale prys van die bouprojek is gelyk aan 15% van die relatiewe aandeel van arbeid (19,44%), brandstof (17,59%) en wins (7,41%), wat **6,67%** van die totale bouprys met BTW ingesluit bedra: [= 0,15 (19,44% + 17,59% + 7,41%)].


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a4

### *3.2.3 Korporatiewe inkomstebelasting betaalbaar deur die padbouer*

Tans (2021) beloop korporatiewe inkomstebelasting 28% van die belasbare maatskappywins. Daarbenewens betaal aandeelhouers van ’n maatskappy 20% belasting op die waarde van dividende wat maatskappye uitkeer (SARS, 2021b). Belasting op dividenduitkerings word egter geïgnoreer by die beraming van die vermenigvuldigereffek; dit word nie as ’n projekverwante belastinglekkasie beskou nie omdat daar nie ’n regstreekse verband bestaan tussen ’n projek se wins en enige dividende wat ’n maatskappy in die toekoms besluit om uit te keer nie.

### *3.2.4 Persoonlike inkomstebelasting betaalbaar deur projekpersoneel*

Die inkomstevlak waarbo persone in Suid-Afrika in die belastingjaar wat op 28 Februarie 2022 eindig, begin om inkomstebelasting te betaal is R87 300. By hierdie drempel-inkomstevlak word persoonlike inkomstebelasting ingelyf teen ’n grenskoers van 18 sent per rand verdien. Namate persoonlike inkomste bo hierdie drempelinkomste styg, neem die grenskoers van persoonlike inkomstebelasting toe totdat dit ’n plafon van 45 sent per rand bereik by ’n belasbare inkomstevlak van R1 656 601 vir die belastingjaar. By hierdie inkomstevlak is die betaalbare inkomstebelasting R587 593, en vir elke rand bo hierdie verdienste is 45 sent inkomstebelasting betaalbaar (SARS, 2021c). Van die persoonlike jaarlikse inkomste word die volgende inkomste-aftrekkings toegestaan: (a) ’n primêre korting volgens huwelik- of lewensmaatstatus en die kwalifiserende aantal afhanklikes, (b) goedgekeurde mediese uitgawes, (c) gemagtigde pensioen-, uittreevoorsienings- en annuïteitsfondsbydraes, en (d) sekere toelaatbare diverse uitgawes (byvoorbeeld hulpmiddels om ’n gestremdheid te lenig, skenkings aan goedgekeurde organisasies sonder winsoogmerk, en uitgawes ter verkryging van inkomste), wat gewoonlik betaalbare persoonlike inkomstebelasting met tussen 10% en 20% verminder.

Met behulp van bogenoemde inligting en die response ontvang van belastingpraktisyns en padbou-ondernemings word die volgende gemiddelde belastingbydraes beraam vir die onderskeie inkomstegroepe: ongeskoolde werkers – 0%; halfgeskoolde werkers – 10%; geskoolde werkers – 20%; hoogs geskoolde werkers (beroepslui en bestuurders) – 30%. Padbougerigte navorsing het aangedui dat die betaalstaatsamestelling vir padbouprojekte in Suid-Afrika naastenby soos volg is (Pienaar, 2021:18): ongeskoolde werkers – 50%; halfgeskoolde werkers – 20%; geskoolde werkers – 10%; hoogs geskoolde werkers – 20%. Hierdie persentasies dui daarop dat die lekkasie van persoonlike inkomstebelasting uit die totale betaalstaat van nasionale padbouprojekte **10%** is: [ = 50% x 0 + 20% x 0,10 + 10% x 0,20 + 20% x 0,30].

### *3.2.5 Ongevalleversekering*

Die Vergoedingsfonds is ’n owerheidsverpligte versekering en word gereël by die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes 130 van 1993. Die doel van hierdie Wet is om voorsiening te maak vir werknemers, of hulle afhanklikes, vir vergoeding vir arbeidsongeskiktheid veroorsaak deur beroepsbeserings of -siektes opgedoen deur werknemers in die loop van hulle diens, of vir dood as gevolg van sodanige beserings of siektes; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan (FEM 2021).

Afsonderlike Vergoedingsfondsregistrasie is nodig vir elke vertakking van ’n besigheid, behalwe as reëlings vir gekombineerde registrasie getref is. Die jaarlikse aanslaggelde word bereken volgens die bruto jaarlikse besoldiging van werknemers. Die aanslaggelde word gebaseer op die liggaamlike risiko’s wat geassosieer word met die tipe werk wat verrig word.

Werkers val in een van ’n 103 klasse, elk met ’n eie aanslagtarief. Padboufiliale se werkers kan in enigeen van sewe werkersbedryfsklasse val. Die aanslagtarief vir elk van hierdie sewe klasse van toepassing in elk van die vyf jare van 2021 tot en met 2025, soos bepaal deur die Minister van Indiensneming en Arbeid by Algemene Kennisgewing No. 182 van 2021 in *Staatskoerant* No. 44409 van 1 April 2021: 6—10), word in Tabel 1 getoon. Indien ’n reëling vir gekombineerde registrasie deur ’n padbou-onderneming getref is, geld die heffing van toepassing op “Siviele konstruksie”, te wete 2,10% op die totale betaalstaat vir die betrokke jaar (2021 in hierdie geval). Indien ’n padbouprojek gespesialiseerde subprojekte bevat waarbinne werkers aan bogemiddelde liggaamlike risiko blootgestel is, maak padbouers dikwels van filiaalprojekeenhede gebruik om sulke werk uit te voer of kontrakteer dit uit. Sulke gevalle noodsaak gewoonlik aparte ongevalleversekering.

Die aanslaggelde = totale werkersbesoldiging ÷ 100 x aanslagtarief (DEL, 2021). Twee voorbeelde ter toeligting:

(1) Indien die totale betaalstaat van ’n padbouprojek R250 000 000 is en ’n “Siviele konstruksie”-registrasie deurgaans geld, is die totale gelde deur die padbouer aan die Vergoedingsfonds betaalbaar (in 2021-waardes) soos volg: R250 000 000 ÷ 100 x 2,1 = R5 250 000.

(2) ’n Beoogde pad moet ’n bergreeks oorsteek waarbinne ’n rotsbank voorkom wat veroorsaak dat die bergpas ’n vier kilometer lange tonnel moet bevat. Die totale betaalstaat van die tonnelprojek beloop R100 000 000. Om risiko te bekamp, registreer die padbouer ’n aparte werkersbedryfsubklas vir rotsboor- en rotsskietwerk vir die tonnelprojek. Die totale gelde wat die padbouer vir die tonnelprojek aan die Vergoedingsfonds moet betaal, beloop R100 000 000 ÷ 100 x 5,85 = R5 850 000.

Tabel 1 toon die voorgeskrewe Vergoedingsfonds-aanslae wat vir die aanslagjare 2021 tot en met 2025 in die *Staatskoerant* afgekondig is. ’n Aanslagjaar strek van die eerste dag van Maart in een jaar tot op die laaste dag van Februarie die volgende jaar. Die 2021-aanslagjaar strek byvoorbeeld dus van 1 Maart 2021 tot 28 Februarie 2022 (DEL 2021).

**TABEL 1:** Vergoedingsfonds-gelde vir die jare 2021 tot en met 2025

| **WERKERSBEDRYFSUBKLAS** | **AANSLAG: Persentasie van besoldiging in jaar** | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **2021** | **2022** | **2023** | **2024** | **2025** |
| Konsultasie (m.i.v. projekbestuur) | 0,23 | 0,21 | 0,20 | 0,19 | 0,18 |
| Ingenieursdienste | 1,22 | 1,21 | 1,19 | 1,18 | 1,16 |
| Siviele konstruksie | 2,10 | 2,22 | 2,36 | 2,50 | 2,65 |
| Betonwerke (m.i.v. brugbouwerk) | 2,10 | 2,24 | 2,39 | 2,54 | 2,71 |
| Goederevervoer | 3,37 | 3,17 | 2,99 | 2,81 | 2,65 |
| Klipgroefwerk & vergruising | 3,49 | 3,28 | 3,08 | 2,89 | 2,71 |
| Rotsboor- en rotsskietwerk (m.i.v. tonnels) | 5,85 | 5,09 | 4,42 | 3,84 | 3,34 |

Bron: Department of Employment and Labour (DEL). *Government Gazette* No. 44409, 1 April 2021: 6–10.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a4

### 3.2.6 *Werkloosheidsversekeringsfonds-bydraes*

Die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) bied korttermyn- finansiële ondersteuning aan werkers wanneer hulle werkloos raak of weens ’n bevalling, kinderaanneming of siekte nie in staat is om te werk nie. Die WVF verskaf ook ondersteuning aan die afhanklikes van ’n oorlede bydraer tot die fonds.

Die WVF word ingevolge die “Unemployment Insurance Contributions Act” 4 van 2002 en die “Unemployment Insurance Act” 63 van 2001 gereël. Die SAID administreer die insameling van WVF-bydraes. Hierdie bydraes is gelyk aan 2% van werknemers se besoldiging (onderhewig aan sekere uitsluitings) en word op ’n maandelikse grondslag van werkgewers ingevorder (1% word deur die werknemer en 1% word deur die werkgewer bygedra). Met ingang van 1 Junie 2021 is die verdiensteplafon wat ’n werknemer bydraepligtig maak, R17 712 per maand of R212 544 per jaar. Vir werknemers wat meer as hierdie bedrag verdien, word die bydrae bereken teen die plafon-inkomstebedrag. Daarom is die maksimum bedrag wat maandeliks verhaal kan word van ’n werknemer wat meer as R17 712 per maand verdien, gelyk aan R177,12 per maand, terwyl die werkgewer se maksimum bydrae ook R177,12 per maand is; dit kom dus neer op ’n maksimum totale bydrae van R354,24 per werknemer per maand (SARS, 2021d).

Ondersoek na die besoldiging van padbouverwante werknemers het getoon dat met betrekking tot (1) ongeskoolde en halfgeskoolde werkers die volle WVF-bydrae van 2% betaalbaar is, (2) geskoolde werkers die WVF-bydrae 0,7% beloop, en (3) hoogs geskoolde werkers (beroepslui en bestuurders) ’n WVF-bydrae van 0,4% betaalbaar is. Weging van laasgenoemde persentasies met die inkomstegroepe in die geskooldheidsvlaksamestelling van padbouwerkers soos gerapporteer onder “Persoonlike inkomstebelasting betaalbaar deur projekpersoneel” hier bo, toon dat die gemiddelde WVF-bydraes van werknemers gelyk is aan 1,5% van die totale betaalstaat van ’n nasionale padbouprojek (COTO, 2023b:52).

### 3.2.7 *Vaardigheidsontwikkelingsheffing*

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) administreer die insameling van vaardigheidsontwikkelingsheffings ingevolge die “Skills Development Levies Act” 9 van 1999. Vaardigheidsontwikkelingsheffings word op volle betaalstate ingevorder om die ontwikkeling van vaardighede te finansier ten einde produktiwiteit te bevorder. ’n Werkgewer moet vaardigheidsontwikkelingsheffings betaal indien sy volle betaalstaat (salarisse, lone en ander vergoeding) R500 000 per jaar oorskry, en wel teen ’n koers van **1%** op die totale betaalstaat (SARS, 2021e).

### 3.2.8 *Belastingbetalings wat uitgesluit word van die berekening van die streeksinkomevermenigvuldiger*

Die volgende owerheidsheffings word by die berekening van die belastinglekkasie geïgnoreer:

- Belastingheffings wat betaal moet word ongeag of die projek uitgevoer word of nie. Onvermybare belasting wat nie met die projek verband hou nie, is nie ’n lekkasie uit die projekbesteding nie, byvoorbeeld belasting en diensteheffings op vaste eiendom van die padbouer.
- Indirekte belasting wat by die pryse van insette ingesluit is (byvoorbeeld brandstofheffings). Hierdie belastings word deur die vervaardiger of produsent betaal, en


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a4

dan is hulle wel lekkasies. Stroomaf in die voorsieningsketting, op projekvlak, vorm hulle deel van transaksiekoste, wat nie 'n lekkasie uit die inkomstekringloop verteenwoordig nie.

- Boetes betaalbaar aan 'n owerheid vir enige oortreding(s) begaan deur die boukontrakteur of sy lede/verteenwoordigers.

### *3.3 Beraming van die besparingslekkasie*

#### *3.3.1 Bestek van besparings*

Besteebare inkomste wat nie gespaar word nie, word as verbruik beskou. Besparings behels (1) die gedeelte van besoldiging wat in spaarrekenings gedeponeer word en daarin gehou word totdat die padprojek voltooi is; (2) werknemers en werkgewers se bydraes tot pensioen- en voorsieningsfondse; en (3) werknemers se bydraes tot annuïteitsfondse.

Volgens beramings deur projekbestuurders en mensehulpbronbestuurders in die padboubedryf beloop deposito's in persoonlike spaarrekeninge ongeveer 25% van die bruto lone van die werkers namens wie hulle werkgewers die besparings regstreeks deponeer. Hierdie werkers se bruto lone beloop na raming ongeveer 60% van die totale loonstaat (COTO, 2023b:53), wat daarop neerkom dat deposito's in spaarrekenings vir onttrekking ná afloop van die boutydperk ongeveer 15% van die besoldigingstotaal beloop [ = 0,25 van 60%].

Totale bydraes tot pensioen- en aftreefondse beloop nagenoeg 17,5% van die pensioendraende inkomste van permanent aangestelde personeel. Pensioendraende inkomste beloop ongeveer 30% van 'n padbouprojek se besoldigingstotaal (Scientific Beta Pte, 2021), wat daarop neerkom dat pensioen- en aftreefondsbydraes ongeveer 5,25% van die projekbesoldigingstotaal beloop [ = 0,175 van 30,0%].

Totale bydraes tot annuïteitsfondse beloop naastenby 16% van die bruto inkomste van hoogs geskoolde beroepslui. Hierdie groep ontvang nagenoeg 10% van die totale projekbesoldiging, en hulle betaal die annuïteitspremies ten volle uit hulle bruto verdienste (ASISA, 2021), wat daarop neerkom dat betalings aan annuïteitsfondse ongeveer 1,6% van die projekbesoldigingstotaal beloop [ = 0,16 van 10%].

Bostaande inbetalings in persoonlike spaarrekenings, pensioen- en aftreefondse, en annuïteitsfondse dui daarop dat die besparingskomponent 21,85% van die besoldigingstotaal van buitestedelike padbouprojekte beloop: [= 0,25 x 60% + 0,175 x 30% + 0,16 x 10%]. Totale werkersbesoldiging beloop 19,44% van die totale boubesteding aan buitestedelike paaie, wat daarop dui dat die besparingslekkasie van nasionale padbouprojekte naastenby **4,25%** beloop: [= 0,2185 x 0,19,44%].

#### *3.3.2 Betalings wat nie as besparings beskou word nie*

Korttermynversekeringspremies en mediesefondspremies word geïgnoreer. Dit word nie as 'n lekkasie uit die inkomstekringloop beskou nie aangesien dit as 'n verskansing teen onmiddellike korttermynrisiko's dien en daarom as normale saketransaksies beskou word. Lewensversekeringspremies van polisse wat by die dood van die versekerde slegs 'n ooreengekome bedrag uitbetaal, word ook nie 'n besparing geag nie en word in die besparingslekkasie-ontleding geïgnoreer.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a4

*3.4 Beraming van die invoerlekkasie*

(a) Wanneer nasionale vermenigvuldigers bereken word, word slegs projekinsette wat vanuit die buiteland verkry word as invoere geag. Wanneer streeksvermenigvuldigers bereken word, word alle projekinsette wat van buite die streek verkry word as invoere geag.
(b) Ofskoon ’n groot gedeelte van die bitumen wat gebruik word om paaie te plavei, uit ingevoerde ruolie verkry word, word die bitumen nie in ’n studiegebied waar daar ’n petroleumraffinadery is, as ’n ingevoerde kommoditeit beskou nie. Bitumen is ’n onafwendbare neweproduk van die petroleumraffineringsproses.
(c) Slegs die gedeelte van trekarbeiders se besoldiging wat buite die studiegebied verbruik/bestee word, word as invoere beskou.
(d) Besparings deur trekarbeiders in die studiegebied wat later aan naasbestaandes gestuur of andersins uit die gebied geneem word, word slegs een keer as ’n lekkasie beskou. Hulle is dus nie sowel ’n besparings- as ’n invoerlekkasie nie.
(e) Slegs toerusting wat as gevolg van (of regstreeks vir) die projek ingevoer word, word as invoere beskou.
(f) Insetmateriaal wat uit verslete of afgeleefde ingevoerde goedere herwin word, verteenwoordig nie ’n invoerlekkasie nie. Die metaal wat byvoorbeeld vir betonbewapening in Kaapstad en omstreke gebruik word, word by ’n smeltery in Kuilsrivier herwin en is daarom nie ’n ingevoerde projekinset nie.
(g) Invoerlekkasieberaming: Alle projekinsette wat van buite die streek (dit wil sê die studiegebied) verkry word en waarvoor betaling uit die streek uitvloei, word as invoere beskou. Die beraming hiervan behels ’n beskouing van die invoergedeelte van alle projekkomponente. Dit behels die komponente arbeid, aanleg, toerusting, brandstof en materiaal.

**Arbeid:** Op ’n nasionale grondslag is die hele padprojekbetaalstaat gewoonlik ’n plaaslike uitgawe. Die Suid-Afrikaanse padboubedryf is goed gevestig en ’n toereikende korps gespesialiseerde padbouberoepslui bestaan om aan plaaslike padontwerps-, padbou- en padbouprojekbestuursbehoeftes te voldoen. Slegs die gedeelte van trekarbeiders se besoldiging wat buite die studiegebied verbruik/bestee word, word as invoere beskou.
**Aanleg:** Die insette vir of komponente van geriewe van waar ’n padbouprojek bestuur word, en enige hulpfasiliteite aangrensend aan ’n pad wat in aanbou is, insluitende tydelike behuising en stoor- of bewaarplek van toerusting en materiaal, gruis- en klipgroewe en opgaarruimtes is gewoonlik beskikbaar in Suid-Afrika.
**Toerusting:** Op ’n markprysgrondslag van alle toerusting – padboutoerusting en konstruksievoertuie – wat in plaaslike padbou gebruik word, verteenwoordig ingevoerde toerusting ongeveer 20% van die totale aanskafkoste daarvan. Slegs die boekwaarde van ingevoerde toerusting wat nog nie ten volle in die finansiële state van die boukontrakteur afgeskryf is nie, word as ’n invoerlekkasie beskou – dit behels gewoonlik toerusting binne drie jaar sedert die invoer daarvan.
**Brandstof:** Tussen 1996 en 2016 het Suid-Afrika 6,6% van sy brandstofbehoefte uit gas vervaardig, 46,8% uit steenkool en 46,6% uit ruolie (DOE Energy Balance, 2016). Ongeveer 50% van die gasverbruik is plaaslik voorsien, al die steenkool is plaaslik voorsien en alle ruolie is ingevoer. Dit kom daarop neer dat ongeveer 50% van die land se brandstofbehoeftes uit plaaslike bronne voorsien is.

Die grootste komponent van die basiese brandstofprodukprys (BBPP) is die prys wat op die internasionale mark betaal moet word om geraffineerde brandstof na Suid-Afrika


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a4

in te voer. Die BBPP beloop ongeveer 50% van die kleinhandelprys van brandstof in Suid-Afrika (DOE, 2018), wat beteken dat die invoergedeelte van die brandstofkomponent **25,0%** [ = 0,5 van 50%] beloop.

**Materiaal:** Oor die algemeen word padboumateriaal plaaslik voorsien. Ofskoon ’n groot gedeelte van die bitumen wat gebruik word om paaie te plavei, uit ingevoerde ruolie verkry word, word dit nie in ’n gebied waar daar ’n petroleumraffinadery is, as ’n ingevoerde kommoditeit beskou nie. Bitumen is ’n onafwendbare neweproduk van die petroleumraffineringsproses. Hoewel losmaatsement in die land ingevoer word, word dit nie vir padbou gebruik nie.

Met behulp van bogenoemde inligting oor projekinsette word beraam dat die invoerlekkasie uit totale besteding van buitestedelike paaie gelyk is aan **7,36%:** [ = 0,20 x 14,82% + 0,25 x 17,59%].

## 4. Herhalende versnelling van streeksinkome

Die tempo waarteen streeksinkome deur gebruik van ’n ekonomies lewensvatbare nuwe of verbeterde pad versnel word, kan afgelei word van die mate waarin die pad ná oopstelling (i) nuwe verkeer veroorsaak (d.w.s. nuut opwek, ontwikkel vanuit nuwe grond-gebruiksontwikkelings, en lok van relatief ekonomies verouderde niepadvervoermodusse af) en (ii) aantrek vanaf minder voordelige paaie. In die sosialekoste-voordeel-ontleding (SKVO) van ’n pad word beraam met watter verhouding nuut veroorsaakte verkeer en aangetrekte verkeer die padgebruikersurplus sal verhoog. Hierdie relatiewe verhoging van die padgebruikersurplus sal die bruto eenmalige streeksvermenigvuldiger ($M_{GR}$) in dieselfde mate versnel (stimuleer), en word in vergelyking (3) die “streeksinkome-stimuleringsfaktor” (IS) genoem.

Herhalende ekonomiese aktiwiteite wat deur gebruik van ’n nuwe/verbeterde pad ná oopstelling gestimuleer word – dit wil sê investeringsgeleenthede wat deur die benutting van die nuwe/verbeterde pad moontlik gemaak word – het gesamentlik ’n groter blootstelling aan inkomelekkasies as dié van die eenmalige padbou-investering waardeur die pad tydens sy boutydperk tot stand gekom het. Hierdie groter lekkasies onderdruk die omvang van die streeksinkomeversneller, aangesien die nuwe investerings ná ingebruikneming van die pad in die algemeen tegnies meer gevorderde bouprojekte as dié van die nuwe pad self behels, wat die invoer van meer voltooide goedere en gespesialiseerde toerusting verg, en meer geskoolde en hoogs geskoolde werkers benodig, wie se inkomste aan hoër belastingheffings onderhewig is en wat ’n groter spaargeneigdheid as dié van ongeskoolde werkers toon.

In vergelyking (3) word die gesamentlike lekkasie-effek die “lekkasiefaktor” (L) genoem. In Suid-Afrika is hierdie groter lekkasie-effek gemiddeld 40% (vanuit die vorige afdeling: 4,58/3,27 = 1,4). Die bruto streeksinkomeversneller word soos volg beraam (COTO, 2023b:27):

$$A = \frac{M_{GR} \cdot IS}{L} \qquad (3)$$

Waar:

A = herhalende bruto streeksinkomeversneller

$M_{GR}$ = eenmalige bruto streeksinkomevermenigvuldiger

IS = streeksinkome-stimuleringsfaktor

L = lekkasiefaktor


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a4

Indien nuut veroorsaakte verkeer byvoorbeeld die bestaande padgebruikersurplus met 10% verhoog, en die ekonomiese aktiwiteite wat gedurende die dienstydperk van die pad uit die benutting daarvan spruit, 'n 40% groter lekkasie-effek gaan hê as dié van die eenmalige bruto streeksinkomevermenigvuldiger ($M_{GR}$), wat in hierdie geval 4,58 is, is die herhalende bruto streeksinkomeversneller soos volg: A = 4,58/1,4 x 1,1 = 3,60.

Die herhalende inkomevergroting as gevolg van investering in ekonomies lewensvatbare padbouprojekte is gelyk aan die markpryswaarde (dit is die verteenwoordigende transaksiepryswaarde, ingeslote alle belastings wat deel van die prys van goedere en dienste uitmaak) van die vergrote padgebruikersurplus van bestaande plus uitwykverkeer, plus die nuut geskepte padgebruikersurplus wat deur nuut veroorsaakte verkeer (opwek-, ontwikkelings- en gelokte verkeer) behaal word, minus die surrogaatwaarde wat in die SKVO aan die besparing van niemarkitems toegeken is. Dit word in die volgende paragrawe verduidelik.

Wat padgebruikerskoste betref, word daar in die SKVO van paaie voorsiening gemaak vir die waardering van markitems en niemarkitems. Markitems is verhandelbaar en daarom het hulle 'n markprys – in 'n SKVO word die sosiale geleentheidskoste van markitems deur skadupryse verteenwoordig. Niemarkitems is nie verhandelbaar nie en daarom het hulle nie 'n markprys nie – in 'n SKVO word die sosiale geleentheidskoste van niemarkitems deur surrogaatpryse verteenwoordig. Daar is vier groepe padgebruikerskoste-items wat nie verhandelbaar is nie:

- lewensverlies, en pyn en lyding (ter sprake by die beraming van die koste van ongelukke)
- vrye tyd of niewerktyd (ter sprake by die waardering van reistydbesparings)
- veralgemeende koste van die wannut wat reisigers ervaar weens ongerief, ongemak, spanning en ander negatiewe invloede tydens 'n reis
- eksterne koste wat verbygaande padgebruikers op niepadgebruikers afwentel, soos steurnis, geraas, lugbesoedeling, inbreukmaking op aangrensende eiendom se privaatheid, ensovoorts

'n Ekonomiese-impakontleding (EKIO) neem slegs markitems in ag wat 'n effek op die ekonomie het en inkomeskepping in 'n streek (positief of negatief) kan beïnvloed. Die bedrag waarmee streeksinkome deurlopend of herhalend versnel word, word verkry deur die produk van **(a)** die markpryswaarde van toekomstige padgebruikersvoordele minus (i) die waarde van niewerksreistydbesparings, (ii) die waarde van minder wannut-ervaring as gevolg van aangenamer reisomstandighede, (iii) die waarde wat aan "lewens gespaar" en minder pyn en lyding toegewys word in die berekening van ongelukskostebesparing in die SKVO, en (iv) die minder eksterne koste wat padgebruikers op niepadgebruikers afwentel, en **(b)** die herhalende bruto streeksinkomeversneller (COTO, 2023b: 28).

Die bruto huidige waarde van die versnelde streeksinkome wat uit die gebruik van 'n ekonomies geregverdigde nuwe pad spruit, word soos volg geformuleer (COTO, 2923b: 28):

$$EA_0 = \sum_{t=k}^{n} \frac{EA_t \cdot A}{(1+i)^t} \qquad (4)$$

Waar:

$EA_0$ = bruto huidige waarde van die versnelde streeksinkome wat uit die versnelde ekonomiese aktiwiteite spruit, uitgedruk in markpryswaarde


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a4

$EA_t$ = totale gebruikersvoordele van die nuwe pad in jaar t in markpryswaarde (dit is verteenwoordigende transaksiepryse wat BTW en ander onregstreekse belastingheffings insluit), minus die surrogaatwaarde van (i) reistydbesparings gedurende niewerktyd, (ii) minder wannut- ervaring as gevolg van aangenamer reisomstandighede, (iii) "lewens gespaar" en minder pyn en lyding as gevolg van minder noodlottige en ander ernstige ongelukke, en (iv) minder eksterne koste wat padgebruikers op niepadgebruikers afwentel, soos toegewys in die SKVO

A = bruto streeksinkomeversneller (wat bereken word met behulp van vergelyking (3))

i = jaarlikse verdiskonteringskoers uitgedruk as 'n desimale breuk

k = eerste jaar van bedryf (die eerste jaar ná projekvoltooiing)

n = aantal jare in die ontledingstydperk

t = enige jaar in die ontledingstydperk

Die netto herhalende streeksinkome wat uit die gebruik van 'n ekonomies lewensvatbare pad spruit, is gelyk aan die produk van **(a)** die bruto huidige waarde van die herhalende streeksinkome wat uit die versnelde ekonomiese aktiwiteite spruit, uitgedruk in markwaarde ($EA_0$), en **(b)** die waarde van die bruto streeksinkomeversneller minus 1,0. ('n Waarde van 1,0 word van A afgetrek om die netto inkomevermenigvuldiger te bepaal. Sonder sodanige aftrekking word 'n bruto resultaat verkry.) Die netto huidige waarde van die herhalende streeksinkome wat uit die gebruik van 'n ekonomies geregverdigde nuwe pad spruit, word soos volg geformuleer:

$$NA_0 = EA_0 \cdot A - 1 \tag{5}$$

Waar:

$NA_0$ = netto huidige waarde van die herhalende streeksinkome wat uit die gebruik van 'n ekonomies geregverdigde nuwe pad spruit, uitgedruk in markpryswaarde

$EA_0$ en A het dieselfde betekenis as in vergelyking (4).

## 5. Gevolgtrekkings

Die bruto inkomevermenigvuldiger van 4,58 bied volgens die vermenigvuldiger-beoordelingskaal vir die bou van ekonomies lewensvatbare paaie aan die staat 'n "baie goeie" geleentheid om inkome te genereer, veral as in ag geneem word dat die bruto inkomevermenigvuldiger van transaksies in die Suid-Afrikaanse ekonomie 'n waarde van 3,27 het. Dit beteken dat die bruto inkomevermenigvuldiger van buitestedelike padbouprojekte 40% hoër is as dié van die Suid-Afrikaanse volkshuishouding in die geheel. Elke rand wat in die bou van 'n pad geïnvesteer word, sal gedurende die boutydperk daarvan die bruto binnelandse produk (BBP) met R4,58 verhoog. In ag genome dat 'n pad 'n duursame kapitaalitem is wat deel uitmaak van 'n land se infrastruktuur wat ekonomiese groei en tegnologies gevorderde nywerheidsontwikkeling kan aanwakker, behoort die bou van ekonomies lewensvatbare paaie en die sorgsame instandhouding daarvan hoë voorkeur by die owerheid te geniet.

Die redes waarom die eenmalige inkomevermenigvuldiger wat uit investeringsbesteding in buitestedelike padbouprojekte voortspruit, as “baie goed” beoordeel kan word, is hoofsaaklik die volgende:

- Die meeste padbouwerkers se vergoeding is laer as die drempel waarbo inkomstebelasting betaalbaar word, of is aan ’n lae inkomstebelastingkoers onderhewig.
- Die verbruiksgeneigdheid van landelike ongeskoolde en halfgeskoolde werkers (waar buitestedelike paaie gebou word) is gewoonlik hoog, wat ’n lae besparingslekkasie uit die kringloop van inkomste beteken.
- Padbouwerkers word normaalweg in of naby ’n pad se bedieningsgebied gewerf, wat meebring dat min behoefte bestaan om trekarbeiders van elders in diens te neem. Verder is lae-inkomsteverdieners geneig om plaaslik vervaardigde goedere te verbruik.
- In die algemeen bestaan daar min behoefte om padboumateriaal in te voer, en ’n groot gedeelte van padboutoerusting is van Suid-Afrikaanse oorsprong, wat ’n stimulus vir plaaslike indiensname is.

Nuwe ekonomiese aktiwiteite wat ná afloop van die boutydperk deur gebruik van ’n nuwe of verbeterde pad gestimuleer word, het gesamentlik ’n groter blootstelling aan inkomelekkasies as dié van die eenmalige padbou-investering waardeur die pad gedurende sy boutydperk tot stand gekom het. Hierdie groter inkomelekkasies onderdruk die omvang van die streeksinkomeversneller aangesien die nuwe investerings in die algemeen tegnies meer gevorderde bouprojekte as die nuwe pad self behels, wat (a) die invoer van meer voltooide goedere en gespesialiseerde toerusting verg, en (b) meer geskoolde en hoogs geskoolde werkers benodig, wie se inkomste aan hoër belastingheffings onderhewig is en wat ’n groter spaargeneigdheid as dié van ongeskoolde werkers toon.

Die bedrag waarmee streeksinkome deurlopend versnel word, word verkry deur die produk van **(a)** die markpryswaarde van toekomstige padgebruikersvoordele minus (i) die waarde van niewerksreistydbesparings, (ii) die waarde van minder wannut- (disutiliteits-) ervaring as gevolg van aangenamer reisomstandighede, (iii) die waarde wat aan “lewens gespaar” en minder pyn en lyding toegewys word in die berekening van ongelukskostebesparing in die sosialekoste-voordeel-ontleding, en (iv) minder eksterne koste wat padgebruikers op niepadgebruikers afwentel, en **(b)** die herhalende streeksinkomeversneller. Die tempo waarteen herhalende streeksinkome versnel word, word weerspieël deur die koers waarteen die bestaande verkeer se gebruikersurplus deur die gebruikersurplus van nuut veroorsaakte verkeer en die bykomende gebruikersurplus van aangetrekte verkeer verhoog word.

## BIBLIOGRAFIE


Association for Savings and Investments in South Africa (ASISA). 2021. www.asisa.org.za [18 August 2021].

Bannock, G, Baxter, RE & Davis, E. 2003. *The Penguin dictionary of Economics* (7th ed.). London: Penguin Books.

Black, J. 1997. *Oxford dictionary of economics*. Oxford: Oxford University Press.

Black, P, Calitz, E & Steenekamp, T. 2011. *Public economics*, 5th ed. Cape Town: Oxford University Press.

Black, PA. 2004. Economic impact analysis: Methodological note. *The South African Journal of Economics*, 72(5):1068-1074.

COTO (Committee of Transport Officials). 2023a. *Social Cost-Benefit Analysis of Road Projects*. TMH 20, Volume 1. Committee Draft CD 4. Pretoria: South African National Roads Agency SOC Limited.

COTO (Committee of Transport Officials). 2023b. *Economic Impact Analysis of Road Projects*. TMH 20, Volume 2. Committee Draft CD 1. Pretoria: South African National Roads Agency SOC Limited.

Department of Employment and Labour (DEL). 2021. Correction of the regulations on compensation fund's employer assessment model made by the Minister under Compensation for Occupational Injuries and Diseases Act, 1993. Notice 182 of 2021. *Government Gazette*. No. 44409, 1 April 2021. https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/202104/44409gen182.pdf [16 August 2021].

Department of Mineral Resources and Energy (DOE). 2018. Energy Balance 2016. http://www.energy.gov.za [18 August 2021].

Department of Mineral Resources and Energy (DOE). 2020. Fuel price adjustment July 2020. http://www.energy.gov.za/files/media/fuelprice/2020/Fuel-Adjustment- July-2020.pdf [9 July 2021].

Federated Employers Mutual Assurance Company (FEM). 2021. Workmen's Compensation. https://www.fem.co.za/workmans-compensation/ [16 August 2021].

Freeman, PNW. 1981. *The recovery of costs from road users in South Africa*. DCom dissertation, Pretoria: University of South Africa.

Greenwald, D. 1973. *The McGraw-Hill dictionary of modern economics*, 2nd ed. New York: McGraw-Hill.

Harmse, AW. 2012. *Planning and design: General guidelines*. Pretoria: South African National Roads Agency.

Kearney, M. 2022. *How to interpret regional multipliers*. [www.easydata.co.za]. Pretoria: Quantec. [18 August 2022].

Keynes, JM. 1936. *The general theory of employment, interest, and money*. New York: Harcourt, Brace & World.

Mohr, P. 2019. *Economic indicators,* 6th ed. Pretoria: Van Schaik.

National Planning Commission (NPC). 2011. *National Development Plan: Vision for 2030.* www.npconline.co.za/.../NPC%20National%20Development%20Plan%2 [9 July 2019].

Pearce, DW. 1989. *Macmillan dictionary of modern economics*. London: Macmillan.

Pienaar, WJ. 2005. Die beraming van verhoogde streeksinkome wat uit ekonomies geregverdigde padbouprojekte spruit. *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, 24(4):108-117.

Pienaar, WJ. 2008. Economic evaluation of the proposed road between Gobabis and Grootfontein, Namibia, *The South African Journal of Economics*, 76(4):667-684.

Pienaar, WJ. 2021. Determination of the cost component in the social cost-benefit analysis of road projects in South Africa. *South African Journal of Industrial Engineering*, 32(1):14-23.

Quantec, 2022. EasyData. www.easydata.co.za [18 August 2022].

Rutherford, D. 1992. *Dictionary of economics*. London: Routledge.

Scientific Beta CS South Africa. 2021. https://coreshares.co.za [18 August 2021].

South African National Roads Agency Limited (SANRAL). 2020. SANRAL major projects. https://www.nra.co.za [9 July 2021].

South African Revenue Service (SARS). 2021a. VAT 404 – Guide for Vendors. https://www.sars.gov.za/wp-content/uploads/Ops/Guides/LAPD-VAT-G02-VAT-404-Guide-for-Vendors.pdf [27 August 2021].

South African Revenue Service (SARS). 2021b. https://www.sars.gov.za/businesses-and-employers/ [18 August 2021].

South African Revenue Service (SARS). 2021c. https://www.sars.gov.za/individuals/ [18 August 2021].

South African Revenue Service (SARS). 2021d. Unemployment Insurance Fund. https://www.sars.gov.za/types-of-tax/unemployment-insurance-fund/ [18 August 2021].

South African Revenue Service (SARS). 2021e. Guide for Tax Rates/Duties/Levies. Issue 16. https://www.sars.gov.za/wp-content/uploads/Ops/Guides/LAPD-Gen-G02-Guide-for-Tax-Rates-Duties-Levies.pdf [18 August 2021].

# Religie as vormgewende faktor van onderwys in die BRICS-lande

***Religion as a formative factor of education in the BRICS countries***

**FJ de Kock**
Doktorale student
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: Fjdekock77@gmail.com.

**CC Wolhuter**
Vergelykende en Internasionale Opvoedkunde
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
E-pos: Charl.Wolhuter@nwu.ac.za

**L de Beer**
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: louw.debeer@nwu.ac.za
ORCID: 0000-0002-9682-2441

**FJ Potgieter**
Unit for Education and Human Rights in Diversity, Research Focus Area: Fakulteit Opvoedkunde
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: ferdinand.potgieter@nwu.ac.za


FJ de Kock


Charl Wolhuter


Louw de Beer


FJ Potgieter

**FJ de Kock** is 'n toegewyde hoërskoolonderwyser in Noordwes waar hy Rekeningkunde vir die graad 10- tot 12-leerders aanbied. Hy het sy onderwysloopbaan by Hoërskool Wesvalia in Klerksdorp begin. Tans is hy 'n departementshoof by Potchefstroom Gimnasium in Potchefstroom. Hy verwerf sy B.Comm.-graad, Nagraadse Onderwyssertifikaat, B.Ed.-honneursgraad in Onderwysbestuur, -reg en -stelsels (Cum Laude) en sy M.Ed.-graad in Vergelykende en Internasionale Opvoedkunde (Cum Laude) aan die Noordwes- Universiteit, Potchefstroomkampus. Hy is

**FJ de Kock** is a dedicated high school teacher in the Northwest where he teaches Accounting for the grade 10 to 12 learners. He started his teaching career at Wesvalia High School in Klerksdorp. He is currently a head of department at Potchefstroom Gimnasium in Potchefstroom. He obtained his B.Comm. Degree, Postgraduate Certificate in Education, B.Ed. honours degree in Education Management, Law and Systems (Cum Laude) and his M.Ed. degree in Comparative and International Education (Cum Laude) at the North-West University, Potchefstroom Campus.

**Datums:**
Ontvang: 2023-10-24 Goedgekeur: 2024-02-21 Gepubliseer: Maart 2024


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a5

| | |
|---|---|
| tans by die Noordwes-Universiteit vir sy PhD-studie ingeskryf, waar hy gaan fokus op 'n beleidsimplementeringsraamwerk vir belanghebbendes binne die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel om sodoende tot effektiewe praktyk in die onderwys te kan bydra. | He is currently enrolled at the North-West University for his PhD studies, where he will focus on a policy implementation framework for stakeholders within the South African education system to contribute to effective practice in education. |
| **Charl Wolhuter** het aan die Universiteite van Johannesburg, Pretoria, Unisa, en Stellenbosch studeer. Hy het sy doktorsgraad in Vergelykende Opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Hy is 'n voormalige junior lektor in Historiese Opvoedkunde en Vergelykende Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria en 'n voormalige senior lektor in Historiese Opvoedkunde en Vergelykende Opvoedkunde aan die Universiteit van Zoeloeland. Tans is hy professor in Vergelykende en Internasionale Opvoedkunde aan Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, Suid-Afrika. Hy is die outeur van verskeie artikels oor Geskiedenis van die Opvoedkunde, asook Vergelykende en Internasionale Opvoedkunde. Hy was besoekende professor aan onder meer Brock Universiteit, Kanada; Mount Union Universiteit, Ohio, Verenigde State van Amerika; die Universiteit van Kreta, Griekeland; die Universiteit van Queensland, Australië; die Universiteit van Modena en Reggio Emilia, Italië; die Opvoedkunde Universiteit van Hong Kong; en Eberhardt Karls Universiteit, Duitsland. | **Charl Wolhuter** was educated at the Universities of Johannesburg, Pretoria, Unisa and Stellenbosch. His doctorate in Comparative Education was awarded to him by the University of Stellenbosch. He is a former junior lecturer in the Department History of Education and Comparative Education at the University of Pretoria, and a former senior lecturer in the Department of History of Education and Comparative Education at the University of Zululand. Currently he is professor of Comparative and International Education at North-West University, Potchefstroom Campus, South Africa. He is the author of several articles in the fields of History of Education and Comparative and International Education. He has been visiting professor at, inter alia, Brock University, Ontario, Canada; Mount Union University, Ohio, United States of America; University of Crete, Greece; University of Queensland, Australia; the University of Modena and Reggio Emilia, Italy; the Education University of Hong Kong; and Eberhardt Karls University, Germany. |
| **Louw de Beer** is senior lektor in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Noord-Wes Universiteit. Hy behaal die kwalifikasies MEd Opvoedkunde leierskap aan die Universiteit van Pretoria en PhD aan die Noord-Wes Universiteit, Potchefstroomkampus. Ná 'n loopbaan in die onderwys as agtereenvolgens wiskunde-onderwyser, departementshoof en vise-hoof, aanvaar hy 'n betrekking as senior lektor in die Fakulteit Opvoedkunde se Skool van Professionele Studies aan die Noord-Wes Universiteit, Potchefstroomkampus in 2013. Hy fokus in sy navorsing op internasionale vergelykende opvoedkunde en die opvoedkundestelsels van die BRICS-lande. Hy het alreeds meer as 20 BRICS-verwante artikels gepubliseer en 10 nagraadse studente, wat navorsing doen oor die BRICS-opvoedkundestelsels, suksesvol begelei. | **Louw de Beer** is a senior lecturer in the Faculty of Education at the North-West University. He obtained the qualifications MEd Education Leadership at the University of Pretoria and a PhD at the North-West University, Potchefstroom Campus. Following a career in teaching as a mathematics teacher, head of department and deputy head, he accepted a position as senior lecturer in the Faculty of Education's School of Professional Studies at the North-West University's Potchefstroom Campus in 2013. In his research, dr. De Beer focuses on international comparative education and the education systems of the BRICS organisation. He has already published more than 20 BRICS related articles and successfully tutored 10 postgraduate students doing research on the BRICS education systems. |

**Ferdinand Jacobus Potgieter** het aan die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van Suid-Afrika studeer. Hoewel hy 'n Honneurs-Baccalaureusgraad in Afrikatale (*cum laude*) het, is sy doktorsgraad in 1992 in Historiese Opvoedkunde aan die Universiteit van Suid-Afrika toegeken. Hy is tans 'n NNS-gegradeerde navorser en volprofessor in Filosofie van Opvoedkunde en Opvoedkundeteorie aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, Suid-Afrika. Voor dit was hy senior lektor in Onderwysbestuur, -reg en -beleidstudies in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria. Hy het verskeie artikels en boekhoofstukke gepubliseer in die verwante velde van spiritualiteit en opvoeding, moraliteit en opvoeding, kinders se spiritualiteit, inspirasiebronne vir studente-onderwysers, godsdiensverdraagsaamheidsopvoeding, gasvryheidsopvoeding en filosofie van onderwys. Die empaties-reflektiewe en konfessioneel-narratiewe benadering tot Filosofie van Opvoedkunde wat hy ontwikkel het, word tans internasionaal toenemend gunstig aanvaar. Tans is hy projekleier van 'n internasionale navorsingsprojek oor religieuse verdraagsaamheid-, religieuse gasvryheid- en vergifnisonderwys saam met kollegas in Bulgarye, Duitsland, Nederland en Ciprus.

**Ferdinand Jacobus Potgieter** studied at the University of Pretoria and the University of South Africa. Although he holds a Bachelor of Honours degree in African Languages (*cum laude*), his doctorate was awarded in History of Education at the University of South Africa in 1992. He is currently an NRF-rated researcher and full professor in Philosophy of Education and Education Theory at North-West University, Potchefstroom Campus, South Africa. Before that, he was senior lecturer in Education Management, Law and Policy Studies in the Faculty of Education at the University of Pretoria. He has published several articles and book chapters in the related fields of spirituality and education, morality and education, children's spirituality, sources of inspiration for student teachers, religious tolerance education, hospitality education and philosophy of education. The empathic-reflective and confessional-narrative approach to Philosophy of Education which he had developed, is gaining scientific acceptance internationally. At present, he is project leader of an international research project on religious (in) tolerance, hospitality and forgiveness in education together with colleagues in Bulgaria, Germany, the Netherlands and Cyprus.

## ABSTRACT

***Religion as a formative factor of education in the BRICS countries***

*Education systems are shaped by various internal and external contextual forces (De Beer, 2017). External contextual trends typically include language, demography, geography, technology, politics, and financial and economic trends. Religion represents one of these external contextual trends that can affect an education system (see Van der Walt, Potgieter & Wolhuter, 2010; Wolhuter & Van der Walt, 2018). Making use of established metabletic-comparative methodology, this article seeks to highlight the impact of religion as a formative factor of education in the BRICS countries.*

*Religion is treated significantly differently in the education systems of the BRICS member states. In schools in India and China, no religious activities are allowed in accordance with the respective constitutions, while any religious activities may take place in schools in Brazil, Russia and South Africa, provided that the activities comply with particular guidelines. Broadly considered, any religious activities are conducted in primary schools in Brazil, provided that attendance is voluntary. Religion in Brazilian schools is influenced by the strong position of the Roman Catholic faith in Brazilian society, which could potentially be detrimental to minority groups in Brazil (Senefonte, 2018:440). Learners in Russia, according to Russian law, are free to choose for themselves the religious module in which they wish to receive education. Schools in Russia do not, however, always implement this legislation correctly, since a school's resources actually determine which module the learners should take. The*

*manner in which religion is being dealt with, causes unhappiness among learners and parents as they do not really have freedom of choice regarding the religious module in which they wish to receive instruction (Zöllner, 2016). The legislation in China clearly states that no religious activities may take place in public schools, yet the ruling party of China intends to enshrine tenets of atheism in learners in schools (Vickers, 2022; Wang & Froese, 2020). Compared to the other BRICS member states, China has the most officially, constitutionally recognised ethnic groups. In terms of legislation and policy formulations, the ethnic minority groups obtain various benefits in terms of education. The wide variety of ethnic groupings poses various challenges to the government of China as the views of all these groups in the education system have to be taken into account.*

*Various documents, including the South African Schools Act 76 of 1996, and other education policies provide clear guidelines as to how religion ought to be dealt with in South African schools. In South Africa, learners are taught various major deities worldwide. All learners in South Africa are exposed to the concept of religion through the subject Life Orientation (Grades 7-12). Teachers in South Africa face the challenge of respecting all kinds of religions and not preaching their own views on a religion. This challenge of respecting all religions can result in conflict in schools, as learners may feel that they will be discriminated against if one type of religion is singled out, for example during assembly. This underscores the role and value of South African teachers in inculcating citizenship values (see Wolhuter, Janmaat, Van der Walt & Potgieter, 2020).*

*The Government of India faces opposition from minority groups with regard to religion in schools as the socio-political hegemony religion is especially preferred in terms of the drafting of academic textbooks (Traub, 2018). This preferential treatment of a particular religion is contrary to the Indian constitution, as no single religion may be singled out, nor should any religion be discriminated against (Majumdar, 2018). The preference given to a particular religion in textbooks can result in a negative impact on the education system of India.*

*The analysis and interpretation show that there is still a close relationship between religion and education in the BRICS countries. However, all five BRICS member states face different problems regarding religion and each of the five member states also deals with its problems differently. This conclusion is now unpacked in this summary, and in detail defended in the ensuing full text. In terms of dealing with religion, South Africa appears to be more tolerant than Brazil, Russia, India and China, although this tolerance still causes more problems for the South African government, in the sense of opposition from various adherents of a wide variety of faith groupings who would like schools to play a role in strengthening the religious beliefs of their children. Several court cases have been fought in South Africa as schools struggle to accommodate the wishes of all religious groups in South Africa (see Nthontho, 2020).*

*In contrast to forces in all the BRICS countries trying to separate religion and (public) education, the United Nations Declaration of Human Rights, the proto-charter of Human Rights Charters in the contemporary world, Article 26 states that everyone has the right to education, education should be oriented towards the total development of the child's personality, and that parents have a preferential right to decide on the type of education their children should receive.*

*The BRICS member states can learn from each other how to deal with religion in schools, even though none have yet managed to deal satisfactorily with religion in education. The common factor among all five BRICS countries is that religion is used again and again (consciously or unconsciously) to reinforce political or ideological hegemony. It seems that the shortcoming in all these countries is pointing to a lack of recognition of the place and role*


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a5

*of religion in the lives of their citizens and that secular-political objectives, notably the forcing of official ideological hegemony, as well as the achievement of national unity above the full recognition of religious freedom, are also stated in the education system and in citizens' choice of the kind of religious education of their children. As a result, the role of religion in creating a strong moral fibre for a society therefore never seems to come into its own. Moreover, judging by the United Nations Charter's Human Rights provisions on education, educative education (incl. teaching and learning), in accordance with its full scope of semantic value, does not currently come into its own. The same seems to be the case as regards the human right to parental advocacy with respect to religious education.*

*The experience of the BRICS countries in terms of religion-in-education shows that it is sensible and even necessary, for example, along the path of enlarged parental speech in education and school autonomy, to allow more room for religious freedom in education. The BRICS countries are currently being proposed as the leading grouping of the Global South in a new formative world order. Against this background, current trends regarding religion-in-education in these countries therefore probably represent a bold example. However, it should nonetheless be denounced by the academic community and better examples should subsequently be extracted and presented from other national education systems from future research.*

**KEYWORDS:** BRICS organisation, comparative education, education, education systems, determinants, religion

**TREFWOORDE:** BRICS-organisasie, determinante, onderwys, onderwysstelsels, religie en vergelykende opvoedkunde

## OPSOMMING

'n Onderwysstelsel word deur verskeie samelewingskontekstuele kragte gevorm. Hierdie kontekstuele faktore sluit taal, demografie, geografie, tegnologie, politiek en finansiële en ekonomiese tendense in. Godsdiens is een van die laasgenoemde tendense wat 'n onderwysstelsel kan beïnvloed. Die BRICS-organisasie bestaan uit Brasilië, Rusland, Indië, Sjina en Suid-Afrika en is 'n supra-nasionale blok wat baie aandag in die openbare sowel as akademiese diskoers oor internasionale politiek en maatskaplike kwessies trek (De Beer, 2017).

Godsdiens word wyd geag as 'n omstrede en sensitiewe faktor in onderwysstelsels (sien Van der Walt, Potgieter & Wolhuter, 2010). In hierdie artikel word godsdiens as vormgewende faktor van die onderwysstelsels in die BRICS-lande ondersoek, om die waarde daarvan as 'n aanskouingsles vir Suid-Afrika en ander lande te bepaal. Die BRICS-lidlande is doelbewus vir hierdie navorsing gekies weens die besondere waarde van hierdie lande as vertoonvenster van onderwysstelsels se antwoord op samelewingstendense van die een-en-twintigste eeu. Dokumentontleding is uitgevoer ten opsigte van beleidsdokumente, wetgewing, artikels en staatspublikasies, ten einde inligting in te samel. In die verwerking en interpretasie van inligting is die metableties-vergelykende metode gebruik ten einde beste praktyke ten opsigte van die hantering van godsdiens in die onderwysstelsels vanuit die BRICS-lidlande te identifiseer. Die ondersoek het ernstige tekortkominge in al die BRICS-lande se hantering van godsdiens in onderwys aan die lig gebring. Nie een van die lande se beleid of praktyk slaag die toets, soos gemeet aan die Verenigde Nasies se Handves van Menseregte nie. Die noodsaak van voortgesette navorsing oor die plek van godsdiens in die onderwysstelsels van die wêreld word ten slotte verduidelik.

## 1. Inleiding en kontekstualisering

Godsdiens is histories as ’n uiters belangrike maatskaplik-vormgewende krag in die skep van onderwysstelsels wêreldwyd beskou (sien Wolhuter, 2012; Wolhuter & Van der Walt, 2018). Die afgelope eeu was die algemene tendens wêreldwyd vir sekularisasie om oor te neem in onderwys, dit wil sê daar is gepoog om godsdiens uit onderwys te haal (sien Wolhuter, 2012). Tog word verskeie besware teen hierdie bedeling gelê, en stel dit, vanuit verskeie oorwegings, nie tevrede nie. Hierdie besware wentel onder andere om die (onvervangbare) funksies van godsdiens in die lewe van die mens, die argument dat ’n volledige opvoeding of vorming van die kind nie godsdiens kan uitlaat nie, en die feit dat godsdiens verweef is met elke ander lewensfeer en totale verwydering daavan uit onderwys onmoontlik is (sien Wolhuter, 2012). Ook in Suid-Afrika het die amptelike beleid jeens godsdiens in onderwys in 2003 ’n groot verandering ondergaan (sien Van der Walt *et al.,* 2010). Terwyl die kontekstuele kontoere van die land verhoed het dat die pad na volledige sekularisasie (ooreenkomstig die algemene internasionale patroon) nagevolg is, is daar ook wye ontevredenheid oor hierdie beleid, met kritiek wat van uiteenlopende kante van die religie-ideologiese spektrum kom (sien Van der Walt *et al.*, 2010).

Daar is al geargumenteer dat die BRICS-lande, naas die geografiese en groeiende demografiese, ekonomiese en politieke gewig wat hierdie stel lande in die globale geopolitieke vergelyking uitmaak, ook sosio-kultureel en op onderwysgebied in die besonder, ’n baie insiggewende maatskaplike laboratorium bied vir die hervorming van onderwysstelsels van die wêreld, ten einde hierdie onderwysstelsels te rat vir die eise van die een-en-twintigste eeu (sien Wolhuter, 2020). Ook wat betref godsdiens in onderwys het elkeen van die BRICS-lande ’n pad gestap wat enersyds medebepaal is deur die kontekstuele kontoere van die betrokke land, en wat telkens verhoed het dat die weg van volledige, permanente sekularisasie gevolg is, en wat andersyds leersaam is vir ander lande wat self nog worstel met die vraagstuk van die plek van godsdiens in onderwys. Brasilië het die afgelope sestig jaar, wat politieke bestel betref, verander van ’n militêre diktatuur na ’n liberale demokrasie, na ’n sosialistiese arbeidersparty en toe na populistiese regerende partye. Die Rooms-Katolieke Kerk het desnieteenstaande sy sterk posisie in die samelewing en in onderwys in die besonder gehandhaaf, alhoewel nie een van die politieke groeperings sterk op ’n godsdiensbasis staan nie. In Rusland is godsdiens ná 1917 eensklaps totaal uit onderwys gesny, net om weer ná 1990 in die vorm van ’n sterk privaat skoolsektor terug te keer. In Indië het die Bharatiya Janata Party, wat op ’n Hindoe-basis berus, sedert 2014 elke verkiesing gewen – dié gebeurtenis in dié land, wat in 2023 die mees bevolkingsryke land in die wêreld word, is op sigself ’n korrektiewe vingerwysing of realiteitskok vir enige bewering dat die een-en-twintigste eeu ’n post-religieuse samelewing is, en ook vir enige pleidooi van sekularisasie in die onderwys of elders in die samelewing. In Sjina kon Maoïsme nie Taoïsme of Confucianisme in die doofpot stop nie, en veral laasgenoemde toon in onlangse tye blyke van ’n terugkeer in die onderwys.

Hierdie artikel bied ’n ondersoek na en vergelyking van godsdiens as vormgewende krag in die onderwysstelsels van die BRICS-lande, met die doel om daardeur tot ’n meer volledige begrip van die plek van godsdiens in onderwys te kom, en riglyne vir beleidspraktyk, in Suid-Afrika en elders, daaruit te abstraheer.

Ná die stelling van die navorsingsprobleem in die volgende paragraaf, volg ’n metodologiese verantwoording wat die metableties-vergelykende metode in onderwysnavorsing, sowel as die sin en waarde daarvan, verduidelik. Daarna word die maatskaplike konteks en die onderwysstelsel van elkeen van die BRICS-lande bespreek. Ten slotte word ’n vergelyking


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a5

en riglyne vir praktykverbetering ten opsigte van die moontlike hantering van godsdiens in skole, aangebied.

## 2. Probleemstelling

Die rol van godsdiens in skole is ’n omstrede onderwerp, nie net in die BRICS-lidlande nie, maar regoor die wêreld (Wolhuter & Van der Walt, 2018:61). Sedert die begin van die twintigste eeu was godsdiens onder druk aangesien godsdiens uit skole verban is, veral in die kommunistiese lande. Later in die twintigste eeu het mense wêreldwyd meer respek vir menseregte getoon en sodoende het multikulturele samelewings ontstaan, wat beteken dat die ondersteuning van ’n bepaalde godsdiens in die onderwys meer teenkanting ontvang het om sodoende alle mense se kultuur en godsdiens in skole in ag te kan neem (Wolhuter & Van der Walt, 2018:61). Godsdiens het ’n beduidende invloed op die samelewing. So het meer as ’n halfmiljoen mense wat Islam beoefen byvoorbeeld in 2017 uit Myanmar gevlug (Dias, 2017:22-27). Konflik wat as gevolg van godsdiens(verskille) ontstaan, kan opgelos of voorkom word in die wêreld deur onder meer gebruik te maak van onderwys wanneer mense se kennis en begrip van, asmede hulle ingesteldheid teenoor godsdiens, verbeter word (Wolhuter & Van der Walt, 2018:61).

Wolhuter en Van der Walt (2018:61) bevestig dat godsdiens en onderwys al van die vroegste oprigting van skole ’n noue verband met mekaar toon, aangesien onderwys die oorspronklike plek was waar leerders volgens hul godsdiens opgevoed kon word en hul tradisies kon voor- en naleef. Volgens Van der Walt en Wolhuter (2005) is godsdiens in sekere onderwysstelsels verban as deel van ’n beleid van beweging na sekularisasie, waarvolgens enige vorm van godsdiens van die openbare omgewing geskei behoort te word. Die wyse waarop godsdiens in verskeie onderwysstelsels ’n plek vind of nie, verskil beduidend. Verskeie lande in die wêreld het die beginsels van sekularisasie aangeneem, soos Noorweë in 1977, terwyl leerders in lande soos België tussen ses vorme van godsdiens in skole kan kies (Loobuyck & Franken, 2011:18; Wolhuter & Van der Walt, 2018:70). Sekere skole in Wes-Europa bied wel godsdiensprogramme aan om aan leerders die nodige kennis van verskillende godsdienste in die wêreld te verskaf (Wolhuter, 2012:178). Hierdie kennis wat in skole opgedoen word, is om te help om te verseker dat leerders met respek en verdraagsaamheid teenoor ander in die multikulturele samelewing kan funksioneer.

Dit is opvallend dat elke lidland van die BRICS-organisasie ’n unieke agtergrond het ten opsigte van die wyse waarop godsdiens geakkommodeer word. Die hantering van godsdiens in die lidlande kom in sekere opsigte ooreen, terwyl spesifieke verskille tussen die lande ook aangedui kan word. In hierdie artikel is dit belangrik om die verskille en ooreenkomste met betrekking tot die hantering van godsdiens in onderwys tussen die vyf BRICS-lidlande te vergelyk om sodoende die moontlike beste praktyke te identifiseer.

## 3. Metodologiese verantwoording

Robson (2011) onderskei drie metodevlakke van navorsingshandeling, te wete die metodevlakke van data-insameling, dataprosessering, en data-interpretasie. Die navorsingsmetode wat gevolg is in hierdie navorsingstudie is dié van dokumentontleding en literatuurstudie op die vlak van inligtingsinsameling. Dit is gevolg deur ’n sistematiese sinsamehangnuansering van die data, soos omskryf deur Grant en Booth (2009), op die metodevlak van prosessering van die ingesamelde data.

Laastens is die metableties-vergelykende metode gevolg in die interpretasie van die geanaliseerde data. Die metableties-vergelykende metode in Opvoedkunde bestaan meesal uit drie stappe (sien Wolhuter, 2022). Ten eerste word onderwysstelsels beskryf. Vervolgens word onderwysstelsels vanuit die tydruimtelik-kontekstuele samelewingskragte wat hierdie stelsels gevorm het, verklaar en geëvalueer. Laastens word verskillende onderwysstelsels (binne hulle samelewings-kontekstuele samehange) vergelyk. Deur sodanige vergelyking word gepoog om tot ’n vollediger, d.w.s. meer genuanseerde begrip van onderwysstelsels asook hulle sinsamehangnuanses met die samelewingskonteks(te) waarin hulle ingebed is, te geraak.

Die sin van sodanige vergelykingshandeling lê onder andere in die abstrahering van riglyne vir praktykverbetering (praktyk in terme van beleidsvorming) (Suter, 2019). Die stelreël in Vergelykende Opvoedkunde is egter altyd dat by enige ontlening van, of voorskrif vir praktykverbetering, tydruimtelik-kontekstuele ooreenkomste sowel as tydruimtelik-kontekstuele verskille tussen daardie lande wat ondersoek word (d.w.s. die beleidsuitvoerland en die beleidsinvoerland) deeglik verreken behoort te word.

## 4. Brasilië

### *4.1 Kontekstuele kensketsing*

Brasiië beslaan 8,51 miljoen vierkante kilometer, en is oppervlakgewys die vyfde grootste land in die wêreld, en met ’n bevolking van 212 miljoen (2021), die sewende in die wêreld wat bevolkingsgetal betref. Die Rooms-Katolieke Kerk was baie prominent by die kolonisering van Suid-Amerika in die sestiende eeu. Een van die eerste dinge wat die Portugese seevaarders gedoen het, toe hulle die eerste keer aan die kus van die huidige Brasilië geland het waar Porto Seguro vandag geleë is, was om die Rooms-Katolieke nagmaal te vier (De Figueiredo-Cowen & Gvirtz, 2009:837).

Brasilië het in 1822 onafhanklik geword as ’n koninkryk, maar later na ’n republiek verander. Die eerste grondwet van die onafhanklike koninkryk in 1824 het in Artikel 5 verklaar dat die Rooms-Katolieke geloof die staatsgodsdiens sou bly, alhoewel ander godsdienste vrylik beoefen kon word in die vorm van privaat of huishoudelike aanbidding, of in spesifieke aangewese geboue wat nie die voorkoms van ’n tempel mag gehad het nie (Brazil Empire Law, 1824).

In 1889 het Brasilië sy staatsvorm na dié van ’n republiek verander. Staat en kerk is toe by wyse van die grondwet geskei. Die Rooms-Katolieke Kerk het nietemin sy inslag in die land behou. Brasilië is vandag die land in die wêreld met die meeste belydende Rooms-Katolieke, naamlik 123 miljoen. 57% van die bevolking beskou hulself as behorende tot die Rooms-Katolieke geloof (en nog 24% tot ander Christelike denominasies) (Peres, de Oliveria, Leão, Vallada, Moreira-Almeida, & Lucchetti, 2018). 72% van die bevolking beskou godsdiens as ’n belangrike faktor in hulle lewens (*Ibid.*). Soos elders in Latyns-Amerika (met die uitsondering van Kuba en Nicaragua) is die Katolieke tradisie die basis van identiteit en eenheid in Brasilië (sien De Figueiredo-Cowen & Gvirtz, 2009:837).

### *4.2 Godsdiens in onderwys*

Ook wat betref onderwys in Brasilië het die Rooms-Katolieke Kerk ’n pioniersrol gespeel. Die eerste skole in Brasilië is in 1549 deur die Jesuïete-beweging van die Rooms-Katolieke Kerk gestig, met die doel om die Portugese kultuur oor te dra en om sowel die inheemse bevolking as die Afro-Brasiliaanse slawe te bekeer na die Christelike godsdiens (Lima, 1958).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a5

Artikel 6 van die 1827-Onderwyswet, die eerste onderwyswet ná onafhanklikheid, het verklaar dat alle onderwysers Christelike morele beginsels en die leer van die Rooms-Katolieke Kerk moes onderrig (Brazil Empire Law, 1827). Die 1891-grondwet verklaar dat Brasilië 'n sekulêre staat sal wees en dat onderwys in openbare skole sekulêr sal wees (Artikel 72, paragraaf 6) (Brazil, 1891). Soos in die land en die samelewing as geheel, het die Rooms-Katolieke Kerk nietemin daarin geslaag om sy houvas op skole te behou. Tot vandag toe word godsdiens steeds in staatskole onderrig en dié godsdiensonderrig weerspieël 'n duidelike Rooms-Katolieke karakter (De Figueiredo-Cowen & Gvirtz, 2009:837).

Die bedeling in Brasilië is nie sonder kritiek nie. Een aangeleentheid wat uitgelig kan word, is dié van rasseverdeling. Dit moet eerstens vermeld word dat Brasilië se bevolking 'n beduidende persentasie mense van Afrika-afkoms insluit. 46% van die bevolking beskou hulleself as van Afrika-afkoms (Nugent & Regina, 2020). Naas Nigerië het Brasilië se bevolking die grootste persentasie mense van Afrika-herkoms. Twee navorsingsprojekte wat deur die Brasiliaanse Ministerie van Onderwys befonds is (Campos, 2010), het bevind dat die Afro-Brasiliaanse geskiedenis, kultuur en godsdiens deel van die geskiedenis van Brasilië is, nie tot hulle reg kom in die Brasiliaanse onderwysstelsel nie, dat onderwysers aan 'n Eurosentriese perspektief bly kleef wanneer hulle Christelike waardes oordra, dat skole wat naby Afro-Brasiliaanse kerke geleë is, die bestaan van dié kerke misken, dat leerlinge uit vrees vir diskriminasie of viktimisasie hulle affiliasie met dié kerke verberg, en dat inheemse, swart of Asiese kulture of godsdienste gedevalueer word in die voorstellings daarvan (Texeira, 2006). In skole word 'n sterk eensydig Westerse perspektief en narratief in kurrikula voorgehou (cf. Zimmerman, 2002). Dit is 'n ongewenste en selfs potensieel gevaarlike situasie, te meer so in 'n land met een van die hoogste Gini-koëffisiënte in die wêreld, én waar die ongelykhede blykbaar in 'n hoë mate met sogenaamde rassegrense ooreenstem.

Ten spyte daarvan dat Brasilië as 'n sekulêre land beskou word, word godsdiensonderwys wel in die laerskool toegelaat (Senefonte, 2018:449). In 1822 het die Rooms-Katolieke Kerk 'n beduidende invloed in skole gehad waar onderwysers slegs toegelaat is om Katolisisme te verkondig (Carvalho & Sivori, 2017:50). In 1889 is die Katolieke Kerk en die staat vir die eerste keer *de jure* geskei (Cunha, 2014; Giumbelli, 2008). Sedertdien word godsdiensonderwys wel in skole aangebied (Carvalho & Sivori, 2017:50). Volgens die *International Religious Freedom Report for 2020* (U.S. Department of State, 2020b:4) vereis die staat dat openbare skole godsdiensonderwys moet aanbied, maar die grondwet of ander wetgewing dui nie aan dat godsdiensonderwys onderrig behoort te word nie. Leerders wat nie aan godsdiensonderwysprogramme wil deelneem nie, behoort deur middel van alternatiewe reëlings geakkommodeer te word (U.S. Department of State, 2020b). Volgens Alves *et al.* (2020:6) verseker die regering van Brasilië dat daar teen geen minderheidsgroep in skole gediskrimineer mag word bloot omdat sodanige leerders nie altyd klasse of eksamens as gevolg van hul godsdiens sou kon bywoon nie. Voorheen het godsdiensonderwys lede van die algemene bevolking uitgesluit, aangesien net die elite-bevolking skool kon bywoon (Alves *et al.*, 2020:6). Onderwys in Brasilië is deesdae die verantwoordelikheid van die regering, maar daar is steeds 'n verband tussen die kerk en onderwys. Hierdie verband is egter in teenstelling met Brasilië se grondwet, aangesien godsdiensonderwys in skole waar die staat nie daarvoor begroot het nie, aangebied mag word (Cunha, 2016). Volgens Senefonte (2018:440) tree die regering van Brasilië teenstrydig met die grondwet op aangesien die regering fondse beskikbaar stel om godsdiensonderwys in skole toe te laat. Voorts bevestig Senefonte (2018:440) dat hoewel skole volgens die grondwet alle soorte godsdienste gelyk moet behandel en dat daar teen niemand gediskrimineer mag word nie, een godsdiens, naamlik Rooms-Katolisisme, steeds in skole


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a5

bevoordeel word. Duarte en Neto (2013) wys ook daarop dat die simbole van die Rooms-Katolisisme oral in skole uitgestal word en dat skole meer gelei word na Rooms-Katolieke onderrig as na godsdiensonderrig waar alle godsdienste gelyke behandeling ontvang. Volgens Leite (2015) behoort godsdiensonderrig eerder op sosiale aangeleenthede as sekere godsdienste te fokus. Alhoewel geen godsdiens in skole bo ’n ander uitgesonder mag word nie, volg ’n groot aantal skole in Brasilië ’n Katolieke narratief wat Katoliek-georiënteerde klasse en Katolieke onderwysers insluit (Lima, 2015; Silva, 2011, 2012). Die hantering van godsdiens in Brasiliaanse skole kan moontlik tot diskriminasie lei en leerders kan in die proses benadeel word. Volgens Senefonte (2018:440) word sekere godsdienste belangriker as ander geag, wat kan lei tot bevooroordeelde godsdiensonderrig in skole.

## 5. Rusland

### *5.1 Kontekstuele kensketsing*

Met 17 miljoen vierkante kilometer en met ’n bevolking van oor die 147 miljoen mense, word Rusland as die grootste land volgens landoppervlak in die wêreld beskou (2021). Meer as 70% van die Russiese bevolking beskou hulself as Ortodokse Christene. Verder is daar 25 miljoen Moslems, 1,5 miljoen Boeddhiste en 179 000 Jode in Rusland. In 1997 is ’n nuwe wet aanvaar, naamlik die *Federal Law on Freedom of Conscience and Religious Associations 125 van 1997*, wat bevestig dat die Christelike godsdiens, Islam, Boeddhisme, Judaïsme en ander vorme van godsdiens as erkende tradisionele godsdienste in Rusland beoefen mag word. Volgens Nikitina (2019) word die Russiese Ortodokse Kerk as die bevoorregte godsdiens beskou en het die kerk die mag om te besluit watter godsdiens as ’n amptelike godsdiens in Rusland mag registreer. Godsdienste soos die Jehovasgetuies is in Rusland verbied en die Protestantse kerke ondervind probleme ten opsigte van registrasie as ’n amptelike godsdiens. Enige godsdiens wat nie as ’n amptelike godsdiens in Rusland beskou word nie, ondervind teenstand van die regering (Nikitina, 2019).

Luidens Artikel 14(1) van die Grondwet van Rusland word Rusland as ’n sekulêre land beskou en Artikel 28 van die Grondwet van Rusland bevestig dat almal in Rusland die reg op vryheid van godsdiens het (Rusland, 1993). Volgens Nikitina (2019) word hierdie wetgewing egter nie konsekwent toegepas nie, aangesien sekere dele van Rusland oor hul eie streng maatreëls ten opsigte van vryheid van godsdiens beskik.

### *5.2 Godsdiens in onderwys*

In 1917 het Rusland, wat as die Sowjetunie bekendgestaan het, alle kerke afgebreek en ouers is verbied om enige vorm van godsdiens aan hul eie kinders te onderrig (Nikitina, 2019). Köllner (2016) merk op dat alle laer- en hoërskole wat aan die Russiese Ortodokse Kerk behoort het, gesluit is en alle godsdiensonderwys is met wetenskaplik-ateïstiese programme vervang. Sedert 1990 laat Rusland mense weer toe om hul godsdiens voor- en na te leef.

Ortodokse predikante het die geleentheid gesien om self godsdiensonderwys vir vrywillige leerders in staatskole aan te bied (Lindquist, 2011:74; Richters, 2013:45). Onder die beheer van president Vladimir Putin oefen die Russiese Ortodokse Kerk ’n beduidende invloed op skole in Rusland uit (Anderson, 2007; Behrens 2002, 369; Mitrofanova, 2005; Mitrokhin, 2004). Godsdiens in skole word nie deur almal in Rusland verwelkom nie, aangesien die minderheidsgroepe in Rusland nie enige vorm van godsdiensonderwys ondersteun nie (Interfax,

2006; Izvestiia, 2013; Levada Centre, 2013; Willems, 2006:288). Godsdiensonderwys is in 2012 as ’n verpligte vak in skole bekend gestel (Blinkova & Vermeer, 2019:174). Blinkova en Vermeer (2019:174) beklemtoon verder dat godsdiensonderwys as ’n skoolvak in Rusland as *Fundamentals of Religious Cultures and Secular Ethics* bekendstaan. Köllner (2016:370) beskryf hierdie vak as ’n religieuse vak wat as ’n nie-evangeliese vak aangebied word. Leerders of ouers kan volgens hul oortuigings tussen ses modules kies (Köllner, 2016:370). Die ses modules bestaan uit die onderrig van die fundamentele beginsels van die vier tradisionele godsdienste van Rusland (Ortodoks-Christelike godsdiens, Islam, Boeddhisme en Judaïsme), die fundamentele beginsels van wêreldgodsdienste en die fundamentele beginsels van sekulêre etiek (Starodubtceva & Krivko, 2015:211). Die vak *Fundamentals of Religious Cultures and Secular Ethics* bestaan uit die volgende komponente: hoofidees van godsdienskulture, die geskiedenis van religieuse kulture, die geskiedenis van verskillende kulture in Rusland, tradisies en kenmerke van godsdienste, en beskrywings van heilige boeke, geboue en heilige voorwerpe (Starodubtceva & Krivko, 2015:211). Volgens Köllner (2016:367) word godsdiensonderwys toenemend as belangrik geag, aangesien godsdiensonderwys meer in staatskole bekend gestel word. Nuwe pogings word ook aangewend om godsdiensonderwys te herideologiseer deur op die Ortodokse godsdiens te konsentreer (Köllner, 2016:367). *Fundamentals of Orthodox Culture* is een van die modules wat leerders kan kies. ’n Probleem het egter mettergaan met die keuse van hierdie vak ontstaan: teoreties het ouers en leerders ’n vrye keuse om een van die ses modules volgens hul godsdienstige oortuigings te kies (Pr-2009). In die praktyk lê die besluit egter by die skool se hulpbronne en onderwysdoelwitte. As die meerderheid ’n bepaalde vak gekies het, moet die minderheidsgroepe by hulle inval. In Bogolyubovo, ’n gebied naby die dorp Vladimir in Rusland, het die skoolhoof, byvoorbeeld sonder die ouers se medewete handboeke vir die Sekulêre Etiek-module aangekoop. Die ouers het geen insae gehad in die module wat hulle graag vir hul kinders sou wou hê nie (Köllner, 2016:73). Volgens Ładykowska (2016:263, 281) het godsdiensonderwys in staatskole die potensiaal om onderwys in die algemeen te versterk. Godsdiensonderwys laat die staat toe om riglyne en doelwitte te formuleer wat na die volgende generasie oorgedra kan word (Köllner, 2016:367). Köllner (2016:367) voer aan dat patriotisme een van die doelwitte is wat deur godsdiensonderwys versterk kan word. Onderwys bied geleenthede vir godsdiensgroepe om kontak te maak met leerders, wat hulle in die verlede nie sou kon doen nie (Köllner, 2016:367). In Rusland is daar Ortodokse privaat skole wat, alhoewel dit privaat bestuur word, ’n groot deel van die staat se kurrikulum moet gebruik om akkreditasie van die staat te kan ontvang (Köllner, 2016:375). Skole het akkreditasie nodig om te verseker dat hul leerders by hoëronderwysinstellings mag inskryf (Glanzer & Petrenko, 2009:144). Ortodokse skole met akkreditasie ontvang egter steeds geen befondsing nie en word slegs met skoolgeld en skenkings bedryf (Köllner, 2016:376).

## 6. Indië

### *6.1 Kontekstuele kensketsing*

Met 3,28 miljoen vierkante kilometer is Indië die sewe grootste land volgens oppervlak in die wêreld. Met oor die 1 428 miljoen mense word Indië ook sedert 2022 as die land met die hoogste bevolkingsyfer beskou (UN, 2022). Indië word voorts as ’n multireligieuse land beskou (Prabhakar, 2006:51). Rolly (2017:121) beskryf Indië weer as ’n multikulturele land met verskillende bevolkingsgroepe wat verskillende godsdienste aanhang. Volgens die Pew Research Center (2015) is 79,5% van die bevolking van Indië Hindoes. Majumdar (2018)


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a5

merk op dat 94% van alle Hindoes in die wêreld in Indië woon. In Hindoeïsme word ’n koei as heilig beskou en daarom bepaal die Grondwet van Indië dat geen koei doodgemaak mag word nie. Iemand wat hierdie wet oortree, sal tronkstraf moet uitdien (Majumdar, 2018). Verder is 14% van die totale bevolking van Indië Moslems, terwyl ander gelowe, soos Boeddhisme, Parsees, Sikhs en die Christelike godsdiens, deur die minderheid van die bevolking van Indië beoefen word (Shazli & Asma, 2015).

Shazli en Asma (2015:21) verklaar dat Indië oor die grootste bevolking ter wêreld beskik wat Islam aanhang. Altesaam 12% van die totale wêreldbevolking is Moslems. Teen 2050 sal Islam waarskynlik drasties gegroei het, alhoewel dit dan steeds deur die minderheid van Indië se bevolking beoefen sou word (Pew Research Center, 2015). Indië word as ’n multi-etniese en pluralisties-religieuse demokrasie beskou (Majumdar, 2018). Die probleem met ’n land met soveel verskillende gelowe is dat al die gelowe in ag geneem moet word. In Indië word godsdiens as deel van die politieke en ekonomiese strukture beskou (Prabhakar, 2006:52).

Volgens Indië se grondwet het die bevolking van Indië die reg op vryheid van religie en minderheidsgroepe met ander religieuse oortuigings word teen diskriminasie beskerm (Majumdar, 2018). Majumdar (2018) noem verder dat Indië se grondwet in 1976 gewysig is en dat Indië op grond daarvan as ’n sekulêre land beskou word. Volgens ’n studie wat deur die Pew Research Center (2016) uitgevoer is, beleef die bevolking van Indië die afgelope dekade ’n baie hoë vlak van sosiaal-godsdiens-verwante vyandelikheid.

### *6.2 Godsdiens in onderwys*

Godsdiens word glad nie in skole as sodanige vak onderrig nie (Nussbaum, 2010:138-39; Sikka, 2015). Indië het ’n uiteenlopende onderwysstelsel wat in die behoeftes van ’n diverse samelewing, waarin verskillende godsdiens-, kaste- en etniese groepe hulself bevind, moet voorsien (British Council, 2014; Prabhakar, 2006; Thapan, 2014). Skole wat ten volle deur die regering befonds word, mag nie godsdiensaktiwiteite aanbied nie, terwyl skole wat privaat befonds word, wel godsdiens mag onderrig (Mahmood, 2013:146-147). Privaat skole in Indië wat finansiële hulp van die regering ontvang, mag godsdiens as keusevak aanbied (Niemi, 2015:334) Volgens Elton-Chalcraft en Cammack (2020:288) is daar verskillende Christelike denominasies in Indië en ten spyte daarvan dat die Christelike groepering as ’n minderheidsgroepering beskou word, het hierdie godsdiens as gevolg van historiese redes/momentum, ’n beduidende impak op die Indiese onderwysstelsel. In Indië is die *National Steering Committee on School Textbook Evaluation*, die *National Council of Education*, *Research and Training* en die *State Bureau of Textbook Production and Curriculum Research* in beheer van die gehalte van die kurrikulumontwikkeling vir die laerskool- en hoërskoolonderwysvlakke. Sodoende word daar verseker dat daar ’n balans tussen sensitiewe aangeleenthede van die verlede, waarhede en identiteitsvorming in Indië sal wees (Rolly, 2017:121). Rolly (2017:121) beklemtoon dat al die bogenoemde onderwysowerhede wat betrokke is by die ontwikkeling van die inhoud van die kurrikulum en handboeke nie daarin slaag om stereotipering te vermy nie, aangesien daar in die Indiese onderwysstelsel meestal teen Moslems gediskrimineer word. So word die Hindoe-hegemonie in die onderwysstelsel van Indië voortgesit. Volgens die *Sachar Committee Report* (Ministry of Minority Affairs, 2006) dra die standaardisering van handboeke en die skoolatmosfeer tot hierdie probleem by, aangesien die situasie vir leerders ongemaklik is omdat hulle nie hul gemeenskap se waardes en sienswyses in die handboeke kan herken (en gevolglik daarmee kan identifiseer) nie. ’n Goeie voorbeeld hiervan kom voor in ’n graad 6-handboek waar Gaurav Gatha beskryf dat die Arabiere gesien word as barbare, aangesien


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a5

hulle mense na hul godsdiens toe dwing en altyd ’n swaard in die een hand en die Koran in die ander hand vashou (Seetlavad, 2010:10). Volgens Rolly (2017:64) het ouers hul kinders nie in openbare skole geplaas nie aangesien hulle gekrenk voel weens sodanige beskrywings en as gevolg daarvan het hulle hul kinders in ’n Madrasa-onderwysstelsel geplaas wat meer na die waardes en sienswyses van die Moslem-geloof omsien. Die onderwysleemtes tussen die Hindoes en Moslems kan, onder andere, aan beperkings met betrekking tot vraag en aanbod gewyt word (Basant, 2012). Die verskaffing (aanbod) van sowel Madrasa- as hoofstroomonderwys in minder Moslem-gedomineerde gebiede lei daartoe dat skoolbywoning laag is (Ministry of Minority Affairs, 2006). Aan die vraagkant kan Moslem-leerders benadeel word ten opsigte van gesinsfaktore soos lae inkomste verdien deur hul ouers en groter gesinne, wat veroorsaak dat hulpbronne vir onderwysdienslewering minder is (Kingdon, 2015). In Indië is daar ruimte om godsdiensdifferensiasie in skole toe te pas (De Wet, 2002:53). Van der Veer (2017) wys daarop dat Hindoe- en Moslemgroepe hul eie skole mag stig en in die proses ook ’n nuwe kurrikulum vir hulself mag opstel. Volgens Kar en Ghosh (2017) word Moslems met ander hoofstroomgroepe vergelyk en hulle beskou hulleself dikwels as sosiaal minder bevoeg. Slegs ongeveer 4% van die leerders in ’n Moslem-gemeenskap woon ’n erkende skool by (Kar & Ghosh, 2017). Van die 13% van die leerders wat ingeskryf is by ’n skool, voltooi slegs 10% primêre onderrig (Kar & Ghosh, 2017). In die heilige boek van die Moslemgodsdiens, die Koran, kom die woord *Iqra* voor, wat beteken “om te lees” en “om na kennis te soek”. Hierdie twee begrippe wek groot kommer aangesien die werklike toestand van die onderwysstatus van Moslems in Indië en dit waarin hulle glo, drasties verskil.

Dit moet ook gestel word dat onder die huidige regering van die *Bharatiya Janata Party*, wat op ’n Hindoe-geloofsbasis staan, en wat sedert 2014 regeer; en veral die huidige Eerste Minister en Partyleier, Narendra Modi, die Hindoe-hegemonie versterk is, ook in openbare onderwys. Handboeke en kurrikula is herskryf om ’n Hindoegeskiedenis te bevorder (sien Traub, 2018).

## 7. Sjina

### *7.1 Kontekstuele kensketsing*

Sjina se landoppervlak beslaan 9,5 miljoen vierkante kilometer met ’n bevolkingstal van 1411 miljoen mense (2023). Lovellette (2019) beskryf Sjina as ’n multireligieuse land. Taoïsme, Boeddhisme, Islam en die Christelike godsdienste word as die hoofgodsdienste in Sjina beskou. Volgens Wee (2019) beskou 61% van die bevolking van Sjina hulself as ateïste, 26% as Taoïste en 6% as Boeddhiste. Christene en Moslems word as die minderheidsgroepe in Sjina beskou. Om sodanige statistiek oor Sjina te verstrek is moeilik, onder andere aangesien baie Chinese opsetlik of onbewustelik Konfusianisme in een of ander vorm aanhang, en dit moeilik is om te verklaar of Konfusianisme oor ’n godsdiens/godsdiensstatus beskik, al dan nie. Ingevolge Artikel 36 van die Grondwet van Sjina het alle inwoners van Sjina die reg op vryheid van godsdiens en daar mag teen niemand gediskrimineer word ten opsigte van godsdiens nie. Volgens Xie *et al*. (2017) wil die regerende party van Sjina, die Chinese Kommunistiese Party, die hele onderwysstelsel van Sjina op Marxisme-Leninisme-Maoïsme-beginsels baseer, wat ateïsme as ’n kernkomponent in skole insluit. Ateïsme is die amptelike godsdiensstandpunt van die Chinese Kommunistiese Party (Albert & Maizland, 2018). Albert en Maizland (2018) bevestig dat Sjina oor die grootste Boeddhistiese bevolking ter wêreld beskik.

Volgens Jenkins (2007) wen die Christelike godsdiens veld in Sjina, met die getal Christene


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a5

wat veral nou in die suidelike deel van Sjina toeneem. In ’n opname deur Sun en Li (2013) het 72% studente van Beijing, die hoofstad van Sjina, aangedui dat hulle aan godsdiensaktiwiteite deelneem en 52% van die studente het aangedui dat hulle in ’n vorm van godsdiens glo.

Al het die meerderheid van die studente aangedui dat hulle graag aan godsdiensaktiwiteite deelneem, word die skeiding van godsdiens en onderwys sterk deur die Chinese regering gevolg (Zhao, 2018:143). Die Pew Research Center het Sjina in 2015 gelys as ’n land met streng maatreëls ten opsigte van hantering van godsdiens. Wang en Froese (2020:98) wys daarop dat die Chinese bevolking vryheid van godsdiens ondersteun, maar toon ook aan dat godsdiens polities en kultureel gevaarlik is. Volgens die *White Paper on National Minorities Policy and its Practice* in Sjina (Anon., 2000) is daar 56 etniese groepe in Sjina, waarvan die Han as die meerderheid beskou word. Die volgende etniese groepe word as etniese minderheidsgroepe beskou: Achang, Bai, Bonan, Bouyei, Blang, Dai, Daur, Deang, Dong, Dongxiang, Dulong, Ewenki, Gaoshan, Gelao, Hani, Hezhe, Hui, Jing, Jingpo, Jinuo, Kazak, Kirgiz, Koreaans, Lahu, Li, Lisu, Luoba, Manchu, Maonan, Menba, Miao, Mongoliaans, Mulao, Naxi, Nu, Oroqen, Ozbek, Pumi, Qiang, Russies, Salar, She, Shui, Tajik, Tatar, Tibettaans, Tu, Tujia, Uigur, Wa, Xibe, Yao, Yi, Yugur en Zhuang. Baie van hierdie etniese groepe beskik oor ’n godsdiens wat sterk met daardie groep(e) self verbind kan word. Tibettaanse Boeddhisme is ’n goeie voorbeeld hiervan.

Volgens Leibold en Yangbin (2014:1) is Sjina ’n multikulturele land en daarom beleef Sjina tans uitdagings, veral aangesien die regerende party alle etniese gemeenskappe se sienings in ag moet neem. Die tweespalt tussen diversiteit en eenheid kan gesien word in die sienswyses van Konfusianisme en Marxisme-Leninisme-Maoïsme wat in die Chinese onderwysstelsel weerspieël word (Leibold & Yangbin, 2014:6). Leibold en Yangbin (2014:6) bevestig verder dat die Chinese onderwysstelsel daar is om gelykheid tussen minderheidsgroepe te bewerkstellig, om hul ontwikkeling te bevorder en om individuele groepe verskillend te hanteer. In die praktyk is daar egter ’n merkbare onderskeid tussen die Han-leerders en leerders van die etniese minderheidsgroepe in skole.

### *7.2 Godsdiens in onderwys*

Volgens Ge (2016) en Wang en Froese (2020:100) verwag die Chinese Kommunistiese Party dat die hele skoolstelsel Marxisme-Leninisme-Maoïsme, wat ateïsme as ’n integrale komponent van historiese materialisme insluit, moet voorskryf. Marxisme-Leninisme-Maoïsme word in verskillende vakke in verskillende fases van die Chinese onderwysstelsel aangebied. Leerders tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar oud word onder die module Ideologiese en Morele Opvoeding aan Marxisme-Leninisme-Maoïsme blootgestel. Leerders tussen die ouderdom van twaalf en vyftien jaar moet die module genaamd Ideologiese en Politieke Opvoeding, wat Marxisme-Leninisme-Maoïsme insluit, bestudeer (Ministry of Education of the People’s Republic of Sjina, 2001). Volgens Xie *et al*. (2017:94) word Marxisme-Leninisme-Maoïsme in drie modules vir leerders in die hoërskool aangebied, te wete Algemene Kennis van Ekonomie, Algemene kennis van Filosofie en Algemene Kennis van Politiek. Die ideologie en politieke opvoeding poog om aan leerders ’n spesifieke lewens- en wêreldbeskouing, politieke gesindheid en moraliteitsriglyne te verskaf, sodat hulle die Chinese Kommunistiese Party sal ondersteun (Ministry of Education of the People’s Republic of Sjina, 2001). Een van die belangrikste oogmerke van die regerende party van Sjina is om onderwys teen godsdiens te bewerkstellig (Xie *et al*., 2017:94). Volgens Jiao en Xia (2011) bestaan daar oor die definisie van godsdiensonderwys in Sjina nie konsensus nie. Ander sekulêre lande beskou godsdiensonderwys as die onderrig van godsdiensstudies oor verskeie aangeleenthede van ’n bepaalde


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a5

godsdiens of godsdienste wat in die algemene onderwysstelsel of in godsdiensskole onderrig word (Nai *et al*., 2020:76). Sjina, as ’n ateïstiese staat, laat godsdiensonderwys nie in skole toe nie, maar laat dit aan godsdiensgroeperinge en -instellings oor (Nai *et al*., 2020:76). Volgens Xie *et al*. (2017:94) word onderwys oor godsdiens in die skool se kurrikulum in ’n sekulêre vorm onderrig. Kennis oor godsdienste word onderrig sonder om te poog om leerders tot bekering of aanname van dié godsdienste te beweeg. Godsdiensonderrig in skole word deur die sienswyses van Marxisme-Leninisme-Maoïsme aan leerders omsluit. Een van die sienswyses is dat die grootste deel van die etniese Han-bevolking nie in godsdiens glo nie (Nanbu, 2008). Daar is tans 55 etniese minderheidsgroeperinge in Sjina en hierdie groeperinge geniet spesiale behandeling ten opsigte van skole. Vorige studies oor godsdiens in die onderwys van die Westerse samelewing het aangetoon dat sekulêre onderwys ’n negatiewe impak op godsdienste het (Reimer, 2010; Schwadel, 2015). Volgens Gao en Ha (2013) en Jing (2016) mag daar volgens regeringsbeleid geen diskriminasie tussen godsdiensonderwys en algemene onderwys in Sjina wees nie. Gao en Ha (2013) huldig die mening dat godsdiensonderwys leerders in staat kan stel om kennis van godsdienste te verkry, nasionale identiteit en onderlinge sosiale samehang te kan konsolideer en die kognitiewe en morele vermoëns van leerders te kan verbeter. Onderwys in Sjina poog dus om aan leerders ’n ateïstiese moraliteit en ideologie te onderrig met die doel om godsdienstige oortuigings te ondermyn (Wang & Froese, 2019:101). Volgens Li (2005:198) mag geen leerder gedwing word om aan enige godsdienstige aktiwiteite deel te neem nie en godsdiens mag geensins in ’n skool se kurrikulum ingesluit word nie. Alhoewel die riglyn om godsdiensbeoefening nie in skole toe te laat nie, wel in openbare skole gevolg word, word hierdie riglyn nie altyd in ander skole geïmplementeer nie (Grose, 2014:226). Grose (2014:226) bevestig dat staatsamptenare op plaaslike en provinsiale vlak vrygewig teenoor minderheidsgroepe is, sodat hierdie groepe in die openbaar aan godsdienstige aktiwiteite mag deelneem.

As gevolg van die samevloei van ’n aantal faktore, is hegemoniese tendense in Sjina die afgelope dekade en, helaas, meer onlangs versterk (sien Vickers, 2022). Hieronder tel die persoonlike styl en beleid van die huidige President, Xi Jinping (President sedert 2012), reaksie op die 1989 Tiananmenopstande, asmede vrese dat die versplintering van lande in Oos-Europa, soos Joego Slawië sig ook in Sjina kan voltrek indien die sentrale staat eers sy houvas op die bevolking begin verslap. Hierdie tendense het ook in godsdiens en in die ruimte wat vir godsdiens in onderwys toegelaat word, neerslag gevind. Die mees markante voorbeelde sluit in die onderdrukking van Tibettaanse Boeddhisme in Tibet (wat al vanaf die Chinese besetting van Tibet in 1959 dateer, en treffend deur die uitwyking van hulle geestelike leier, die Dalai Lama, na Indië geïllustreer word) en die geweldige onderdukking van Islam onder die Uyghur etniese groep in Xinjiang. In die groot getal “her-opvoedingskampe” waarin persone wat van steun vir Uyghur-separatiste verdink word, opgesluit word, word mense nie net gedwing om Mandaryns te praat nie, maar enige vorm van geloofsbeoefening is eweneens verbode (Vickers, 2022: 59).

## 8. Suid-Afrika

### *8.1 Kontekstuele kensketsing*

Suid-Afrika is die mees suidelike land van Afrika met ’n landoppervlak wat 1,2 miljoen vierkante kilometer beslaan. Tydens ’n opname in 2013 het die *General Household Survey* bevind dat 84,2% van Suid-Afrika se bevolking die Christelike godsdiens beoefen. Godsdienste soos Islam, Hindoeïsme, Judaïsme en Boeddhisme word ook in Suid-Afrika aangehang


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a5

(Pretorius, 2017:34). In die 2001-sensus wat vrae oor godsdiens gestel het (2001), het die grootste deel van die Suid-Afrikaanse bevolking (74%) aangedui dat godsdiens 'n belangrike rol in hul lewe speel (Lugo & Cooperman, 2010:3; Pew Research Center, 2010). Volgens Louw (2005:1) het Suid-Afrika se amptelike beleidstandpunte ten opsigte van godsdiens oor die jare as gevolg van die multikulturele samestelling van die bevolking van Suid-Afrika en sosio-politieke herskikking heelwat verander.

Artikel 15(1) van die Grondwet van Suid-Afrika (1996) bevestig dat almal in Suid-Afrika die reg het om hul godsdiens vrylik te beoefen sonder dat daar teen hulle gediskrimineer word. In Suid-Afrika word godsdiens as belangrik beskou, en godsdiensprogramme word gereeld op televisie en oor die radio uitgesaai (Steyn *et al*., 2017:73). Godsdiens was vermoedelik die motief vir die sabotasie van die Suid-Afrikaanse Departement van Basiese Onderwys se webwerf (Anon., 2017; Wolhuter & Van der Walt, 2018:60). 'n Bom is ook in 'n Kaapse restaurant gestel, waar die motief religieus van aard was (Potgieter, 2014:32).

Luidens 'n verslag van Lugo en Cooperman (2010:27) woon 60% van die Suid-Afrikaanse Christelike bevolking georganiseerde godsdiensdienste op 'n weeklikse basis by. Schoeman (2017:5) meld dat die kerk en sy lidmate 'n beduidende invloed op die Suid-Afrikaanse gemeenskap het. Volgens Rule en Mncwango (2010:188) kom Suid-Afrikaners se godsdienstige oortuigings (d.w.s. om in 'n god te glo), vergeleke met Europa, baie sterk na vore. Dit dui daarop dat godsdiens vir die mense van Suid-Afrika belangrik is. Volgens die Nasionale Ontwikkelingsplan (Departement van Beplanning, Monitering en Evaluasie, 2012:29) speel godsdiens 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse samelewing aangesien kerke en/of gemeentes nuttig kan wees om sosiale samesyn te bevorder en sodoende sosiale waardes te ondersteun. Die Nasionale Ontwikkelingsplan (Departement van Beplanning, Monitering en Evaluasie, 2012:29) het ook 'n plan opgestel om armoede en ongelykhede te verminder deur onderlinge sosiale samehang en mobiliteit te ontwikkel. Schoeman (2017:7) sluit aan by die Nasionale Ontwikkelingsplan deur te bevestig dat kerke en gemeentes onderlinge sosiale samehang kan verbeter indien etiese waardes, wat korrupsie en oneerlikheid in Suid-Afrika kan verminder, aan gemeentelede oorgedra sou word.

### *8.2 Godsdiens in onderwys*

Histories was godsdiens ook in Suid-Afrika, soos elders in die wêreld, 'n sterk vormgewende faktor van die land se onderwysstelsel(s). Swart onderwys is deur sendinggenootskappe begin en lank gedomineer; terwyl Blanke onderwys uitgesproke Christen-nasionaal was. So sterk soos wat godsdiens as 'n vormgewende faktor was, so omstrede was dit ook. In radikale geskiedskrywing word dit uitgebeeld as instrument van oorheersing en onderdrukking (sien byvoorbeeld Christie, 1989). Hierdie sentimente het ook ná 1994 in die eerste beleidsdokument oor godsdiens in onderwys neerslag gevind (Republiek van Suid-Afrika, 2003). Hierdie dokument het benewens 'n skeiding van godsdiens in onderwys, ook 'n vennootskapsverhouding voorgestaan, waarkragtens godsdiensonderrig met die doel om 'n bepaalde geloofsoortuiging aan te neem by ouerhuise sou ressorteer, terwyl godsdiensonderrig in skole in diens van die kweek van interreligieuse verdraagsaamheid sou staan, en sodoende nasionale eenheid bevorder.

Volgens die Nasionale Beleid op Religie en Onderwys (Suid-Afrika, 2013) behoort die verhouding tussen godsdiens en onderwys aan die volgende vereistes te voldoen:

- Openbare onderwysinstellings moet godsdiens op so 'n manier onderrig dat die leerder se aksiologiese opvoeding by sy of haar ouerhuis, familie of in die gemeenskap duidelik onderskei word.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a5

- Godsdiens en onderwys moet tot die ontstaan van ’n geïntegreerde gemeenskap of samelewing bydra.
- Fundamentele waardes, norme en behoorlikheidseise behoort die basis vir godsdiens in onderwys te vorm.
- Opgeleide professionele persone behoort godsdiens met toepaslike assesseringstandaarde en onderrigmateriaal te onderrig, met die doel van kennisverwerwing en nie werwing tot aanneming van ’n bepaalde godsdiens nie.

Volgens Louw (2005:197) beskik onderwysers in Suid-Afrika nie oor die nodige kennis van alle godsdienste in die wêreld nie en dit wek groot kommer ten opsigte van godsdiensonderrig. In 2001 het die Departement van Onderwys godsdiensonderwys in skole ingestel om leerders oor verskillende hoofgodsdienste in die wêreld te onderrig. Godsdiens word op skool as deel van die vak lewensoriëntering aangebied (Hodgson, 2017:190). Van der Walt en Wolhuter (2005:18) stel dit dat die doel van die vak lewensoriëntering behels dat leerders aan al die verskillende godsdienste in die wêreld bekend gestel word. Godsdiens mag nie in die nasionale kurrikulum ingesluit word nie, maar godsdienstige instellings mag die skool se fasiliteite gebruik mits die aktiwiteite ná of tydens skool nie die onderrigtyd van die skool sou beïnvloed nie, en ook op voorwaarde dat sodanige fasiliteite aan alle gelowe op ’n gelyke basis beskibaar gestel word (Hodgson, 2017:192). Volgens die Nasionale Ontwikkelingsplan 2030 (Departement van Beplanning, Monitering en Evaluasie, 2012) speel ’n skool ’n belangrike rol ten opsigte van die oordra van sekere godsdienstige waardes. Die konstitusionele hof van Suid-Afrika het bepaal dat onafhanklike skole (privaat skole) ’n spesifieke religieuse etos mag handhaaf (Hodgson, 2017:189). Volgens Meier en Marais (2012:127-128) het onderwysers daagliks te kampe met uitdagings om diverse godsdiensgroepe met hul eie morele waardes te akkommodeer.

## 9. Vergelyking en evaluering

Godsdiens word aansienlik verskillend in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande hanteer. In skole in Indië en Sjina word geen religieuse aktiwiteite volgens die onderskeie grondwette toegelaat nie, terwyl enige godsdienstige aktiwiteite in skole in Brasilië, Rusland en Suid-Afrika mag plaasvind, mits die aktiwiteite aan sekere riglyne voldoen. Breedweg beskou, word enige godsdientige aktiwiteite in laerskole in Brasilië aangebied, mits die bywoning daarvan vrywillig is. Godsdiens in Brasiliaanse skole word deur die sterk posisie van die Rooms-Katolieke geloof in die Brasiliaanse samelewing beïnvloed, wat moontlik nadelig vir minderheidsgroepe in Brasilië kan wees. Leerders in Rusland het volgens die Russiese wetgewing die vrye keuse om self die godsdiensmodule te kies waarin hulle onderrig wil ontvang. Skole in Rusland implementeer egter nie altyd hierdie wetgewing korrek nie, aangesien ’n skool se hulpbronne eintlik bepaal watter module die leerders moet neem. Hierdie hantering van religie veroorsaak ongelukkigheid onder leerders en ouers aangesien hulle nie werklik ’n vrye keuse het met betrekking tot die godsdiensmodule waarin hulle onderrig wil ontvang nie. Die wetgewing in Sjina bepaal duidelik dat geen godsdienstige aktiwiteite in openbare skole mag plaasvind nie, maar tog wil die regerende party van Sjina beginsels van ateïsme by leerders in skole vaslê. Vergeleke met die ander BRICS-lidlande het Sjina die meeste etniese groepe. Ingevolge wetgewing en beleidsformuleringe verkry die etniese minderheidsgroepe verskeie voordele ten opsigte van onderwys. Die groot verskeidenheid etniese groeperinge veroorsaak verskeie uitdagings vir die regering van Sjina aangesien al hierdie groepe se sienswyses in die onderwysstelsel in ag geneem moet word.

Verskeie dokumente, onder meer die Suid-Afrikaanse Skolewet 76 van 1996 en ander onderwysbeleide verskaf duidelike riglyne oor hoe religie in Suid-Afrikaanse skole hanteer moet word. In Suid-Afrika word leerders met betrekking tot verskillende hoofgodsdiente wêreldwyd onderrig. Alle leerders in Suid-Afrika word deur middel van die vak lewensoriëntering aan die konsep van religie blootgestel. Onderwysers in Suid-Afrika ervaar die uitdaging om alle soorte godsdienste te respekteer en nie hul eie siening oor 'n godsdiens te verkondig nie. Hierdie uitdaging om alle godsdienste te respekteer, kan konflik in skole tot gevolg hê, aangesien leerders moontlik mag voel dat daar teen hulle gediskrimineer word as een soort religie tydens saalopening uitgesonder word.

Die regering van Indië beleef teenkanting van minderheidsgroepe ten opsigte van religie in skole, aangesien die sosio-poltieke hegemoniegodsdiens veral m.b.t. die opstel van akademiese handboeke voorkeur geniet. Hierdie voorkeurbehandeling van 'n bepaalde godsdiens is in teenstelling met die Indiese grondwet, aangesien geen enkele godsdiens uitgesonder mag word nie en daar ook nie teen enige godsdiens gediskrimineer mag word nie. Die voorkeur wat aan 'n bepaalde godsdiens in handboeke verleen word, kan 'n negatiewe uitwerking op die onderwysstelsel van Indië tot gevolg hê.

## 10. Gevolgtrekking

Die hoofdoel van hierdie artikel was om die impak van godsdiens as vormgewende faktor van onderwys in die BRICS-lande te belig. Uit die geanaliseerde data blyk dit dat daar 'n noue verband tussen religie en die onderwys bestaan. Al vyf BRICS-lidlande ondervind verskillende probleme ten opsigte van godsdiens en elkeen van die vyf lidlande hanteer sy probleme ook verskillend. Suid-Afrika is meer verdraagsaam as Brasilië, Rusland, Indië en Sjina ten opsigte van die hantering van godsdiens, maar hierdie verdraagsaamheid veroorsaak ook meer probleme vir die Suid-Afrikaanse regering, in die sin van teenstand van baie aanhangers van baie geloofsgroeperinge wat graag wil hê dat skole 'n rol in die versterking van die geloofsoortuigings van hulle kinders mag speel. Verskeie hofsake is al in Suid-Afrika gevoer aangesien skole sukkel om alle godsdiensgroepe in Suid-Afrika se wense te akkommodeer (sien Nthontho, 2020).

Godsdiens blyk 'n belangrike element in elke individu se lewe te wees en hierdie artikel bevestig dat religie 'n sensitiewe onderwerp in die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande is. Ingevolge die grondwet van elke lidland word vryheid van godsdiens aan die bevolking van elke land voorsien. Hierdie vryheid met betrekking tot godsdiens word egter nêrens volledig deurgevoer tot die praktyk van die onderwysstelsel nie, wat heelwat ongelukkigheid, teenstand en selfs konflik tot gevolg het.

Die Verenigde Nasies se Handves vir Menseregte, die proto-handves van Menseregte handveste in die kontemporêre wêreld, Artikel 26 verklaar dat elkeen die reg het op onderwys, onderwys moet gerig wees op die totale ontwikkeling van die kind se persoonlikheid, en dat ouers 'n voorkeurreg het om te besluit op die soort onderwys wat hulle kinders behoort te ontvang (Verenigde Nasies, 1948).

Die BRICS-lidlande kan by mekaar leer hoe om godsdiens in skole te hanteer, al het nie een dit nog reggekry om godsdiens in onderwys bevredigend te hanteer nie. Al vyf lidlande word as multireligieuse lande beskou, maar tog word godsdiens in onderwys verskillend hanteer in elke land. Die gemeenskaplike faktor is dat godsdiens telkens (bewustelik of onbewustelik) gebruik word om politieke of ideologiese hegemonie te versterk. Dit blyk dat die tekortkoming in al hierdie lande 'n gebrek aan erkenning van die plek en rol van godsdiens

in die lewens van hulle burgers is en dat sekulêr-politieke doelstellings, vernaamlik die afforseer van amptelike ideologiese hegemonie en die bereiking van nasionale eenheid bo die volle erkenning van godsdiensvryheid, ook in die onderwysstelsel en in burgers se keuse van die soort godsdiensonderwys van hulle kinders gestel word. So kom die rol van godsdiens om 'n sterk morele vesel vir 'n samelewing te skep, nooit tot sy reg nie. Meer nog, geoordeel aan die Verenigde Nasies se Handves se Menseregte se bepalings oor onderwys, kom opvoedende onderwys in sy volle betekenisomvang tans nie tot sy reg nie. Net so kom die reg tot ouerinspraak tans ook nie tot sy volle reg nie. Die ervaring van die BRICS-lande met betrekking tot godsdiens-in-onderwys, toon dat dit sinvol en selfs noodsaaklik is om, byvoorbeeld, langs die weg van vergrote ouerinspraak in onderwys en skooloutonomie, meer ruimte vir godsdiensvryheid in onderwys toe te laat. Die BRICS-lande word tans as die leiergroepering van die Globale Suide in 'n nuwe vormende wêreldorde voorgestel. Teen hierdie agtergrond verteenwoordig huidige tendense met betrekking tot godsdiens-in-onderwys in hierdie lande dus waarskynlik 'n gewaagde voorbeeld. Dit behoort egter nietemin deur die akademiese gemeenskap aan die kaak gestel te word en beter voorbeelde behoort vervolgens uit ander nasionale onderwysstelsels gehaal en voorgehou te word.

## ERKENNING

Die 2022-studie waarop hierdie artikel gebaseer is, is gedeeltelik deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ondersteun.

## BIBLIOGRAFIE

Albert, E & Maizland, L. 2018. *Religion in Sjina*. http://cfr.org/backgrounder/religion-Sjina Datum van gebruik: 2 Oktober 2023.

Alves, RVS, Bonella, CF, Góes, LLD & Moura, TP. 2020. Submission to the UN special rapporteur on freedom of religion or belief. International Panel of Parliamentarians for Freedom of Religion or Belief. https://www.ohchr.org/Documents/Issues/Religion/Submissions/CSOs/04.aphr-ippforb.pdf Datum van toegang: 02 Oktober 2023.

Anderson, J. 2007. Putin and the Russian orthodox church: asymmetric symphonia? *Journal of International Affairs,* 61(1):185-201.

Anon. 2000. White Paper on National Minorities Policy and its Practice in Sjina. *Sjina Report*, 36(1):123-155. doi:10.1177/000944550003600113.

Anon. 2017. Department of Basic Education website hacked. *IOL*, 28 Jun. https://www.iol.co.za/news/breaking-news-department-of-basic-education-website-hacked-10015779. Datum van gebruik 2 Oktober 2023.

Basant, R. 2012. *Education and employment among Muslims in India: an analysis of patterns and trends*. (Working paper no. 2012-09-03). https://ideas.repec.org/p/iim/iimawp/11454.html. Datum van gebruik 2 Oktober 2023.

Behrens, K. 2002. *Die Russische orthodoxe kirche: segen für die "neuen zaren"? Religion und politik im postsowjetischen Russland*. Paderborn: Ferdinand Schöningh Verlag.

Blinkova, A & Vermeer, P. 2019. Religious education in Russia: a critical analysis of a widely used textbook. *British Journal of Religious Education*, 41(2):174-187.

Brazil. 1891. Republic of Brazil/Constitution, 1891. [http://www.planalto.gov.br/ccivil_o3/constitucao/constituçao34.htm]. [Datum van toegang: 2 Oktober 2023].

Brazil Empire Law. 1827. [http://www.planalto.gov.br/ccivil_o3/LEIS/LIM/LIM-11-008-1827. htm]. [Datum van toegang: 2 Oktober 2023].

British Council. 2014. *Indian school education system: an overview*. New Delhi: British Council.

Campos, J. 2010. Ensino religioso no Brasil estimula o preconceito e a ntolrância.[http://www.unb.br/noticias/unbagencia/unbagencia/php?id=3506].[Datum van toegang: 2 Oktober 2023].

Carvalho, MC & Sívori, HF. 2017. *Gender, sexuality and religious instruction in Brazilian educational policy. Dossier conservatism, rights, moralities and violence*. doi:10.1590/18094449201700500017.

Christie, P. 1989. *The Right to Learn: The struggle for education in South Africa.* Braamfontein: Ravan.

Cunha, LA. 2014. *Hegemonia e confronto na produção da segunda LDB: o ensino religioso nas escolas públicas.* Pro-Posições, 25(1)(73):141-159.

Cunha, LA. 2016. *A entronização do ensino religioso na base nacional curricular comum*. *Sociology of Education*, 37(134):266-284.

De Figueiredo-Cowen, MCM & Gvirtz, S. 2009. The Church and the State in Argentina and Brazil: Knowledge, religion and pedagogy. In: Cowen, R & Kazamias, AM. (eds). *International Handbook of Comparative Education*. Dordrecht: Springer, pp. 837-855.

De Beer, ZL. 2017. Die BRICS-organisasie: betekenis vir onderwysvoorsiening in die lidlande. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Tesis – PhD).

De Wet, AM. 2002. Kultuur-eie onderwys: 'n onderwysregtelike perspektief. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Verhandeling – MEd).

Dias, E. 2017. Myanmar's shame. *Time Magazine*, 22-27, 2 Oct.

Duarte, AL & Neto, LB. 2013. *Reflections on religious influence in rural schools and their intellectuals*. Pedagogy Notebooks.

Elton-Chalcraft, S & Cammack, PJ. 2020. Christian values in education: teachers in India narrate the impact of their faith and values on practice. *Journal of Beliefs & Values*, 41(3):284-304. doi:10.1080/13617672.2019.1647674.

*Federal Law on Freedom of Conscience and Religious Associations* 125 of 1997. https://www2.stetson.edu/~psteeves/relnews/freedomofconscienceeng.html. Datum van gebruik 2 Oktober 2023.

Gao, Z & Ha, L. eds. 2013. *Islam and the modernisation of the Muslim society in Sjina. [Yisilanjiao He Zhongguo Musilin Shehui Xiandaihua].* Beijing: Religious Culture Press.

Ge, H. 2016. *The focal point of doing a good job of ideological and political work in colleges and universities*. http://theory.people.com.cn/n1/2016/0125/c40531-28080748.html. Datum van gebruik 2 Oktober 2023.

Giumbelli, E. 2008. A presença do religioso no espaço público: modalidades no Brasil. *Religião e Sociedade*, 28(2):80-101.

Glanzer, PL & Petrenko, K. 2009. Religion and education in post-communist Russia: Russia's evolving church-state relations. In: Kilp, A & Samuets, A. eds. *Religion and politics in multicultural Europa: perspectives and challenges.* Tartu: Tartu University Press, pp. 127-150.

Grondwet van die Kommunistiese Party van Sjina 2002. http://www.xinhuanet.com/. Datum van gebruik: 5 Oktober 2023.

Grondwet van die Russiese Federasie 1993. https://www.refworld.org/docid/3ae6b59f4.html. Datum van gebruik: 8 Oktober 2023.

*Grondwet van Suid-Afrika* 1996.

Grose, T. 2010. The Xinjiang class: education, integration, and the Uyghurs. *Journal of Muslim Minority Affairs*, 30:97-108.

Grant, MJ & Booth, AA. 2009. Typology of reviews: An analysis of 14 review types and associated methodologies. *Health and Information Libraries Journal, 26*, 91-108.

Hodgson, TF. 2017. Basic education rights handbook. *Religion and culture in public education in South Africa*. https://eelawcentre.org.za/wp-content/uploads/2017/03/chapter-10.pdf. Datum van gebruik 4 Oktober 2023.

Interfax. 2006. *Materialy SMI: "Pochemu nam nuzhny "Osnovy pravoslavnoi kul'tury?* [*Why do we need the "Fundamentals of Orthodox Culture?]. http://www.interfax-religion.ru/cis.php?act=news&div=14030.* http://www.interP.D.-religion.ru/cis.php?act=news&div=14030Datum van gebruik: 4 Oktober 2023.

Izvestiia. 2013. *Bolee 40 % possiian protiv prepodavaniia religii v shkolakh [More than 40 per cent of Russians are against the teaching of religion in schools].*

Jenkins, P. 2007. *The next Christendom: the coming global Christianity*. New York: Oxford University Press.

Jing, D. 2016. On the complementation between school education and Tibetan Monastic education under the principle of separating education and religion – a study based on fieldwork in Ganzi, Guoluo and other places. [Jiaoyu yu Zongjiao Xiangfenli Yuanze xia Zangqu Xuexiao Jiaoyu yu Siyuan Jiaoyu Hubu Yanjiu – Jiyu Ganzi Guoluo Dengdi de Kaocha]. Chongqing: Southwest University of Sjina. (Thesis – PhD).

Kar, NB & Ghosh, BN. 2017. Education and socio-economic marginalization of Muslim women: a case study of North 24-Parganas District in West Bengal. *Bangladesh e-Journal of Sociology*, 14(1):129-149. http://www.bangladeshsociology.org/14.1-9.pdf. Datum van gebruik 4 Oktober 2023.

Kingdon, GG. 2005. Where has all the bias gone? Detecting gender bias in the household allocation of educational expenditure in India. *Economic Development and Cultural Change*, 53(1):409-451.

Köllner, T. 2016. *Patriotism, orthodox religion and education: empirical findings from contemporary Russia, religion, state and society*. doi:10.1080/09637494.2016.1246852.

Ładykowska, A. 2016. *Orthodox atheists: religion, morality, and education in postsocialist Russia.* Halle: Martin Luther University Halle-Wittenberg. (Thesis – PhD).

Leibold, J & Yangbin, C. 2014. *Minority education in Sjina: balancing unity and diversity in an era of critical pluralism*. Hong Kong: Hong Kong University Press.

Li, X. 2005. Minzu quyu zizhi [Regional ethnic autonomy]. In: Li, S. ed. *Zhongguo Xinjiang lishi yu xianzhuang [Past and present in Sjina's Xinjiang]*. Ürümqi: Xinjiang Renmin Chubanshe, pp. 175-204.

Leite, LM. 2015. Ensino religioso na educação: possibilidades de mediação a partir do conceito de diversidade religiosa em uma escola pública do Distrito Federal.

Monografia (Especialização em Educação). Brasília: Universidade de Brasília. (Thesis – PGPDS).

Loobuyck, P & Franken, L. 2011. Towards integrative religious education in Belgium in Flanders: challenges and opportunities. *British Journal of Religious Education*, 33(1):17-30.

Levada Centre. 2013. *Rossiiane o religioznom vospitanii [Russians on religious education].* http://www.levada.ru/01-03-2013/rossiyane-o-religioznom-vospitanii. Datum van gebruik 4 Oktober 2023.

Lima, AA. 1958. Religious education in Brazil. *The Americas/Academy of American Franciscan History*, 15(2):159-170.

Lima, JBQ. 2015. Sons do silêncio: a relação entre igreja católica e educação escolar- um estudo de caso. *Revista Vozes do Vale*, 1(7):1-21.

Lindquist, G. 2011. Ethnic identity and religious competition: Buddhism and Shamanism in Southern Siberia. In: Lindquist, G & Handelman, D. eds. *Religion, politics, and globalization: anthropological approaches.* New York, NY: Berghahn Books, pp. 69-91.

Louw, LP. 2005. Religie-onderwys in die brandpunt: gereedheidsvlak van Suid- Afrikaanse opvoeders vir 'n multireligieuse bedeling. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 46(1&2):191-199.

Lovellette, C. 2019. *Religions in Sjina.* https://www.Sjinahighlights.com/travelguide/religion.htm. Datum van gebruik 4 Oktober 2023.

Lugo, L & Cooperman, A. 2010. *Tolerance and tension: Islam and Christianity in Sub-Saharan Africa*. Washington, DC: Pew Research Center.

Mahmood, T. 2013. Religious education in India. In: Davis, D & Miroshnikova, E. eds. *The Routledge international handbook of religious education.* New York, NY: Routledge, pp. 144-149.

Majumdar, S. 2018. *5 facts about religion in India*. Washington, DC: Pew Research Center.

Meier, C & Marais, P. 2012. *Education management in early childhood education*. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik.

Ministry of Education of the People's Republic of China. 2001. *Jiaoyubu Guanyu Yinfa Jiunian Yiwu Jiaoyu Xiaoxue Sixiangpindeke He Chuzhong Sixiangzhengzhike Kecheng Biaozhun (Xiuding) de Tongzhi.* http://www.moe.edu.cn/publicfiles/business/htmlfiles/moe/moe_21/200501/5443.html. Datum van gebruik 4 Oktober 2023.

Ministry of Minority Affairs (India). 2006. *Sachar Committee Report*.

Mitrofanova, AM. 2005. *The politicization of Russian orthodoxy: actors and ideas*. Stuttgart: ibidem-Verlag.

Mitrokhin, N. 2004. *Russkaia Pravoslavnaia Tserkov': sovremennoe sostoianie i aktual'nye problemy [The Russian orthodox church: contemporary condition and current problems].* Moscow: Novoe Literaturnoe Obozrenie.

Nai, P, Sun, J, Zhang, Y & Yang, G. 2020. Religious education legislation in an atheist state: towards a typology and policy analysis for contemporary China. *British Journal of Religious Education*, 42(1):75-89.

Nanbu, H. 2008. Religion in Chinese education: from denial to cooperation†. *British Journal of Religious Education*, 30:223-234. http://doi.org/10.1080/01416200802170151.

Niemi, K. 2015. Comparing clementines and satsumas: looking at religion in Indian schools from a Nordic perspective. *Religions of South Asia*, 9(3):332-355.

Nikitina, M. 2019. *Religion in Russia*. https://www.thoughtco.com/religion-in-russia-4588548. Datum van gebruik 4 Oktober 2023.

Nthontho, M.A. 2020. Transformative Conflict Mediation in Multi-Faith Schools in South Africa. *Perspectives in Education* 38(2):303-317.

Nugent, C & Regina, T. 2020. How Black Brazilians Are Looking to a Slavery-Era Form of Resistance to Fight Racial Injustice Today. *Time* 5 December 2020. https://time.com/5915902/brazil-racism-quilombos/. Datum van Toegang 1 Oktober 2023.

Nussbaum, MC. 2010. *Not for profit: why democracy needs the humanities*. Oxford: Princeton University Press.

Peres, MFP, de Oliveria, AB, Leão, FC, Vallada, H, Moreira-Almeida, A & Lucchetti, G. 2018. Religious landscape in Brazil: Comparing different representative nationwide approaches to obtain sensitive information in healthcare research, *SSM Population Health,* 6 December 2018:5-9.

Pew Research Center. 2010. *Tolerance and tension: Islam and Christianity in Sub-Saharan Africa*. https://www.pewforum.org/2010/04/15/executive-summary-islam-and-christianity-in-sub-saharan-africa/. Datum van gebruik 4 Oktober 2023.

Pew Research Center. 2015. *Religious hostilities reach six-year high*. http://www.pewforum.org/2014/01/14/religious-hostilities-reach-six-year-high. Datum van gebruik 4 Oktober 2023.

Pew Research Center. 2016. *Religion and education around the world.* https://www.pewforum.org/2016/12/13/how-religion-may-affect-educational-attainment-scholarly-theories-and-historical-background/. Datum van gebruik 4 Oktober 2023.

Potgieter, DW. 2014. *Black widow white widow*. Johannesburg: Penguin Books.

Prabhakar, S. 2006. Religious education in Indian contexts. *Studies in World Christianity*, 12(1):50-58.

Pretorius, SG. 2017. Education systems and contemporary issues. In: Wolhuter, CC, Lemmer, EM & De Wet, NC. eds. *Comparative education*. Pretoria: Van Schaik, pp. 26-45.

Republiek van Suid-Afrika. Department of Education. 2003. National Policy on Religion in Education, Government Gazette 25459. Pretoria: Government Printer.

Robson, C. 2011. *Real World Research: a resource for users of social science research methods in applied settings.* New York; John Wiley.

Pr-2009. 2009. "Poruchenie Prezidenta Rossiskoi Federatsii ot 2 avgusta 2009.

Reimer, S. 2010. Higher education and theological liberalism: revisiting the old issue. *Sociology of Religion: A Quarterly Review*, 71:393-408. doi:10.1093/socrel/srq049.

Richters, K. 2013. *The post-Soviet Russian Orthodox church. Politics, culture and greater Russia.* London: Routledge.

Rolly, HF. 2017. Education in India. In: Wolhuter, CC, Lemmer, EM & De Wet, NC. eds. *Comparative education: education systems & contemporary issues.* Pretoria: Van Schaik, pp. 60-125.

Rule, S & Mncwango, B. 2010. Christianity in South Africa: theory and practice. In: Roberts, B, wa Kivilu, M & Davids, YD. eds. *South African social attitudes 2nd report: reflections on the Age of Hope*. Cape Town: HSRC Press, pp. 185-198.

Schoeman, W. 2017. South African religious demography: the 2013 general household survey. *HTS Teologiese Studies / Theological Studies*, 73(2): art. #3837. doi:10.4102/hts.v73i2.3837.

Schwadel, P. 2015. Explaining cross-national variation in the effect of higher education on religiosity. *Journal for the Scientific Study of Religion*, 54:402-418. doi:10.1111/jssr.12187.

Senefonte, Fábio. 2018. The relationship between religion and education in Brazil. *Revista Linhas*, 19:434-454.

Shazli, T & Asma, S. 2015. Educational vision of Muslims in India: problems and concerns. *International Journal of Humanities and Social Science Invention*, 4(3):21-27.

Sikka, S. 2015. What is Indian "religion"? How should it be taught? In: Beauman, LG & Van Arragon, L. eds. *Issues in Religion and Education.* Sl: Brill & The Hague Academy of International Law, pp. 105-125. doi:10.1163/9789004289819_007.

Silva, LL. 2011. O ensino religioso nas escolas do ensino modular de Abaetetuba Uma educação científica ou catequética? Congresso de Teologia da PUCPR, 10. Curitiba. Anais eletrônicos. *Curitiba: Champagnat,* pp. 371-382.

Starodubtceva, M & Krivko, I. 2015. The state policy of education in modern Russia: pro and contra. *International Journal of Social Science and Humanity*, 5(2):209-213.

Steyn, HJ, Wolhuter, CC, Vos, D & De Beer, ZL. 2017. *Suid-Afrikaanse onderwysstelsel: kenmerke in fokus*. Potchefstroom: Keurkopié.

Sun, S & Li, D. 2013. Beijingshi daxuesheng dui jiduzongjiao taidu de diaocha baogao [A survey of university students' attitudes toward Christianity in Beijing]. *Tongji Daxue Xuebao,* 24:89-109.

Suter, LE. 2019. The Status of Comparative Education Research in the 21st Century: An Empiricist's View, in LE Suter, E Smith & BD Denman (eds). *The SAGE Handbook of Comparative Studies in Education*. Thousand Oaks, CA: Sage, pp. 3-24.

Texeira, R. 2006 . The role of education and language in the process of discrimination and attenuation of racism in Brazil. Ongepubliseerde doktorale tesis.

Thapan, M. ed. 2014. *Ethnographies of schooling in contemporary India*. New Delhi: Sage.

Traub, A. 2018. India's dangerous new curriculum. *The New York Review* 12 December 2018. www.nybooks.com/articles/2018/12/06indias-dangerous-new-curriculum. Datum van Toegang: 13 Oktober 2023.

U.S. Department of State. 2020a. International religious freedom report: Brazil. https://www.state.gov/reports/2020-report-on-international-religious-freedom/brazil/. Datum van gebruik 01 Oktober 2023.

U.S. Department of State. 2020b. International religious freedom report: Russia. https://www.state.gov/reports/2020-report-on-international-religious-freedom/russia/. Datum van gebruik 01 Oktober 2023.

Van der Veer, P. 2017. Religion and education in a secular age: a comparative perspective. *Religion, éducation et politique en Chine moderne*, 33:235-245. doi:10.4000/extremeorient.198.

Van der Walt, JL & Wolhuter, CC. 2005. Religie as 'n moontlike faktor in onderwysstelsels en die beplanning daarvan. *Koers*, 70(1):1-26.

Van der Walt, JL, Potgieter, FJ & Wolhuter, CC. 2010. The Road to Religious Tolerance in South Africa (and Elsewhere): a Possible "Martian Perspective" *Religion, State & Society* 38(1): 29-52.0.

Verenigde Nasies.1948. *Universal Declaration of Human Rights*. http://www.un.org/en/universal-declaration-human-rights/. Datum van Toegang: 24 Desember 2018.

Vickers, E. 2022. Towards Nationalism Socialism with Chinese Characteristics? Schooling and nationalism in contemporary China. In: D Tröhler, N Piattoeva & WF Pinar. (eds). *Education, Schooling and the Global Universalization of Nationalism, World Yearbook of Education 2022*. Routledge: New York & London, pp. 46-65.

Wang, X & Froese, P. 2020. Attitudes toward religion and believers in China: how education increases tolerance of individual religious differences and intolerance of religious influence. *Politics, Religion & Education*, 47(1):98-117. doi:10.1080/15507394.2019.1626211.

Wee, RY. 2019. *Religious demographics of China.* https://www.worldatlas.com/articles/religious-demographics-of-Sjina.html/. Datum van gebruik 4 Oktober 2023.

Willems, J. 2006. The religio-political strategies of the Russian orthodox church as a "politics of discourse". *Religion, State & Society*, 34(3):287-298. doi:10.1080/09637490600819390.

Wolhuter, CC. 2012. Religie in Onderwys in Suid-Afrika: Beligting vanuit internasionaal-vergelykende perspektiewe. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap,* 48(1&2):171 – 201.

Wolhuter, CC. 2020. The Significance of the BRICS Countries as International Datum Line and Data Bank for South African Education. In: CC Wolhuter (ed.). *Critical Issues in South African Education: Illumination from international comparative perspectives from BRICS countries*. Durbanville: AOSIS, pp. 29-58.

Wolhuter, CC. 2022. Fathoming the Unexplored Education in Comparative and International Education. In: FD Salajan & td jules (eds). *Comparative and International Education (Re)Assembled.* London: Bloomsbury, pp. 41-56.

Wolhuter, CC, Janmaat, G, Van der Walt, JL. & Potgieter, FJ. 2020. The role of the school in inculcating citizenship values in South Africa: Theoretical and international comparative perspectives. *South African Journal of Education* 40(2):1-20.

Wolhuter, C & Van der Walt, JL. 2018. Huidige demografiese, politieke en religieuse tendense in die wêreld en onderwys ter bevordering van interreligieuse toleransie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 58(1):56-76.

Xie, Y, Tong, Y & Yang, F. 2017. Does ideological education in China suppress trust in religion and foster trust in government? *Religions*, 8:94.

Zhao, Z. 2018. Knowledge and power: the interface between religion and education in China. *Cambridge Journal of Education*, 48(2):141-156. doi:10.1080/0305764X.2016.1256950.

Zimmerman, J. 2002. Whose America? Culture wars in the public schools. Cambridge, MA: Harvard University Press.

# Die verskynsel van kindermoord deur die moeder krities heroorweeg binne ’n kruiskulturele raamwerk

***The phenomenon of maternal filicide reconsidered critically within a cross-cultural framework***

**Casper Lötter**
Navorsingsgenoot, Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: casperlttr@gmail.com



Casper Lötter

| | |
|---|---|
| **Casper Lötter** het in 2018 sy PhD in Filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat behaal. Hy is tans ’n konflikkriminoloog verbonde aan Noordwes-Universiteit se Skool vir Filosofie (Potchefstroom) as nadoktorale navorsingsgenoot. Van sy werk het reeds in *Conversation Africa* verskyn en hy skryf ook gereeld vir *Mail & Guardian* se Thoughtleader-rubriek. In 2019 was hy ’n nadoktorale beurshouer van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. | **Casper Lötter** completed his PhD in Philosophy at the University of the Free State in 2018. He is a conflict criminologist affiliated with North-West University’s School of Philosophy (Potchefstroom) as a postdoctoral research fellow. His work has appeared in *Conversation Africa* and he regularly writes for *Mail & Guardian*’s Thoughtleader column. He received a postdoctoral grant from the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (“South African Academy of Science and Arts”) in 2019. |

## ABSTRACT

***The phenomenon of maternal filicide reconsidered critically within a cross-cultural framework***

*In this contribution, I aim to make sense of the (somewhat) uncommon and disturbing phenomenon of maternal filicide within a broader context of the so-called neglected discourse of the mother in the West. Contemporary examples of countries where maternal filicide have been recorded are Germany, South Africa, the United States and New Zealand and these instances are recounted in the introduction to illustrate the cross-cultural and transnational nature of the problem, as well as the fact that its universal appearance allows for a justifiable feminist methodology. In order to justify a cross-cultural methodological angle, I analyse four recent examples or case studies of maternal filicide in an attempt to isolate the underlying*

**Datums:**
Ontvang: 2023-06-21 Goedgekeur: 2024-02-21 Gepubliseer: Maart 2024


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a6

*factors contributing to this horrific social phenomenon. My conclusion is that although structural realities (material and/or emotional bereftness) were the major or ultimate reasons which led to the final decision to execute, it is (neoliberal) patriarchy, and the values ensconced within this framework, that ultimately set the stage for the countdown. Apart from my brief investigation of Kristeva's (2002b) notion of* abjection, *in order to grasp her thinking in the context of an especially Western feminist paradigm, I also consider other theoretical models in this regard. This is an important consideration since it is in my view difficult to understand the construct of motherhood without the benefit of a wider appreciation of a general scholarship on the topic. My intention is to critically assess the myths about the social construct of motherhood, namely that such construct is in no way "natural" in the sense in which patriarchy would have us believe. These additional theoretical suggestions include a feminist appreciation of the fractured mother-daughter relationship and Hrdy's (2000) insight that women's unbounded, prehistoric sexuality had been repurposed in order to refashion motherhood as "natural". In particular, I argue, by analogy of Blumberg's (2009) notion of freaks in evolutionary biology, that the social construct of motherhood and areas of exhaustion in such a biology, evince structural similarities; since patriarchal forms of oppression force women as mothers to operate outside the boundaries of conventional social norms. I tender these considerations with the aim of reaching a more nuanced understanding of the concept of motherhood's political and ideological underpinnings. As such, I employ a feminist methodology within a transnational theoretical framework in view of motherhood being a cross-cultural phenomenon. Even though a number of theoretical trajectories are considered and employed, I argue that this approach is in fact one of the strengths of this contribution since the proliferation of feminist theoretical perspectives has been seen as being conducive to the feminist project's open-endedness, rather than patriarchy's attempt to close off the debate, as my analogous exploration of the historical course of motherhood demonstrates. I argue that this phenomenon can only be understood properly within the wider context of motherhood as a cultural, political and ideological construct with nuanced and complicated underpinnings. In this way, an indirect approach is likely to show up insights which a direct method would miss or underappreciate. I reach the conclusion that maternal filicide, significantly even as transnational, cross-cultural phenomenon, finds credible explanation in Blumberg's (2009) concept of evolutionary exhaustion. I further argue that the neglect of discourse on the mother, as Kristeva (1982) presciently pointed out, is by design, since the alternative, its proliferation, could and almost certainly would lead to the demise of m/otherhood.*

**KEYWORDS:** discourse formation(s); feminism(s); motherhood; maternal filicide; caring; neglect

**TREFWOORDE:** diskoersvorming(s); feminisme; moederskap; kindermoord deur die moeder; transnasionale feminisme; versorging; verwaarlosing

**OPSOMMING**

In hierdie bydrae poog ek om sin te maak van die verontrustende verskynsel van kindermoord deur die moeder binne die breër konteks van die verwaarloosde diskoers oor die moeder in die Weste. Afgesien van my vlugtige naspeuring van Kristeva (2002b) se begrip van *abjeksie,* ondersoek ek ook ander teoretiese voorstelle in hierdie verband. Ek beoog om die mite van 'n vanselfsprekende moederskapsinstink krities te beoordeel, naamlik dat dit geensins natuurlik van aard is nie. Hierdie aanvullende teoretiese voorstelle dui op 'n feministiese invalshoek en Hrdy (2000) se insig dat vroue se prehistoriese ongebonde seksualiteit geherkanaliseer is ten

einde moederskap as "natuurlik" weer te gee. Ek speur hierdie motiverings na ten einde 'n meer genuanseerde begrip van sodanige politieke en ideologiese onderbou te bereik. Ek wend my dus tot 'n feministiese metodologie en, gesien in die lig van die kruiskulturele strekking van die begrip *moederskap*, begrond ek my benadering op 'n sodanige onderbou. Ten einde 'n kruiskulturele raamwerk te regverdig, ontleed ek vier onlangse voorbeelde van kindermoord deur die moeder soos wat die verskynsel in verskillende kulture afgespeel het. Aangesien kindermoord deur die moeder 'n kruiskulturele verskynsel is, betoog ek dat transnasionale teorie waardevol is vir 'n ontplooiing van en besinning oor hierdie aangrypende en ontstellende verskynsel. Die gevolgtrekking waartoe ek kom, is dat kindermoord deur die moeder beduidend aansluiting vind by Blumberg (2009) se begrip *evolusionêre uitputting* en ek betoog dat die verwaarlosing van die diskoers oor die moeder, soos Kristeva (1982) ook indirek aandui, opsetlik is, aangesien dit andersins aanleiding sou kon gee tot 'n beëindiging van moederskap as 'n praktykinstelling.

> It is a beleaguered time for those of us who believe in the right of intellectuals, artists and ordinary, affronted citizens to push boundaries and take risks and so, at times, to change the way we see the world.
>
> – Salman Rushdie (2021:219)

## 1. Inleiding

Habermas (1984:358; 1987:3-42) loof die toewyding van kritiese maatskaplike teorie aan die bestudering van die moontlikheid om bevryding van gebruike en instellings te bewerkstellig, beide in die verlede en die hede, in sowel die Weste as in ander kulture. In dieselfde trant betoog ek dat 'n transnasionale teoretiese perspektief benodig word vir 'n behoorlike begrip van kruiskulturele verhoudings, met spesifieke verwysing na die verskynsel van moederskap en kindermoord deur die moeder.

Binne hierdie konteks oorweeg ek vervolgens vlugtig Julia Kristeva (1982) se siening oor die gebrek aan 'n gesonde moederdiskoers in die Weste, al is die begrip streng gesproke van toepassing op alle patriargale gemeenskappe regoor die wêreld, sowel eietyds as met betrekking tot vroeëre eras. Die rede waarom ek my bespreking met Kristeva begin, is omdat sy die idee van 'n kritiese herbesinning oor moederskap (en die gepaardgaande veskynsel van kindermoord deur die moeder) by my laat posvat het. In my oorweging van die ideologiese en politieke konstruksie van moederskap laat ek my lei deur Blumberg (2009) se gedagtegang dat benamings soos "monsters" en "natuurfratse" aanduidend is van die beperkings van *evolusionêre spesifikasie* ('n begrip wat dui op eindelose herskepping van nuwe spesies), wat ek toepas op die begrip *moederskap as andersheid*. Flax (1990) verdien krediet vir haar verbeeldingryke munt van die idee *m/otherhood*, wat ongelukkig moeilik vertaalbaar is en wat ek aandui as "*moederskap as andersheid*". Dit dui op die gedagte dat die verskynsel van sogenaamde natuurlike moederskap moontlik 'n mite is en eenvoudig vir 'n aansienlike aantal vroue onwaar en/of onaanvaarbaar is.

In die lig van die voorafgaande beskou ek die geval van 'n jong moeder in Duitsland (wat bloot as Christiane K. geïdentifiseer is) wat tereg staan weens die moord op vyf van haar ses kinders. Alhoewel sy nog nie skuldig bevind is nie, laat haar onwaarskynlike weergawe van die gebeure – dat 'n gemaskerde man haar woning betree het en haar kinders vermoor het – weinig twyfel oor haar uiteindelike skuldigbevinding (AFP, 2021).

Ek gebruik doelbewus nie die begrip *skuld* nie, maar eerder *skuldigbevinding* aangesien dit my sentrale betoog is dat die begrip *moederskap* in patriargale gemeenskappe, soos ek hier


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a6

bo aangedui het, die gevolg is van ’n politieke en ideologiese konstruksie wat baie vroue eenvoudig oorweldig, terwyl daar nie genoegsame ondersteuning vir hulle beskikbaar is nie (French, 1993:19). Die gevolg van hierdie ongelukkige sameloop van omstandighede is dat “moeders” eenvoudig nie die mas kan opkom nie en skouspelagtig faal. Hierdie situasie ontleed ek teen die agtergrond van die verskynsel van kindermoord deur die moeder en gedagtig aan Blumberg (2009) se idee dat natuurfratse en wangedrogte aanduidend is van beperkings op die evolusionêre proses. Die geval van Christiane K. in Duitsland is trouens ook nie ’n geïsoleerde voorbeeld nie. In Nieu-Seeland staan Lauren Dickason, ’n Suid-Afrikaanse mediese dokter, wat saam met haar man vanaf Pretoria soontoe geëmigreer het, tereg op aanklagte van moord op haar drie klein dogtertjies in 2021 (Lötter, 2021a), terwyl in die landelike Transkei in Suid-Afrika se Oos-Kaapprovinsie ’n Xhosa-sprekende moeder onlangs tot 20 jaar gevangenisstraf gevonnis is ná haar skulderkenning dat sy haar twee seuns om die lewe gebring het.

Onlangs, in die tweede helfte van 2022 berig die Port Elizabeth-gebaseerde (nou herdoop na Gqeberha) nuusblad *The Herald* (Feni, 2022), oor nog ’n geval in landelike Transkei waar ’n moeder haar vier klein kindertjies met ’n hamer vermoor het. Die motief was oënskynlik om die jongspan verdere pyn in ’n ongenaakbare wêreld te spaar; ’n gesigspunt wat strook met die beweegredes van ander moordenaar-moeders in ander kulture (vandaar die kruiskulturele invalshoek binne ’n transnasionale teoretiese raamwerk).

Ek bespreek hierdie vier voorbeelde in effe meer besonderhede hier onder met die oog daarop om hul eiesoortige, selfs ooreenstemmende, raakpunte met die eietydse neoliberale, patriargale omstandighede in verrekening te bring. Dit wil my voorkom of die raakpunt tussen hierdie vier gevalle die feit is dat die moeder van klein kindertjies, wat uiteraard van haar afhanklik is, nie enige of genoegsame emosionele en/of finansiële hulp en bystand ontvang het om die mas op te kom nie. Gebrek aan emosionele bystand was immers blykbaar die geval met beide Christiane K. in Duitsland (AFP, 2021) en Lauren Dickason in Nieu-Seeland (Lötter, 2021a). Volgens die persverklarings wat ná die tragiese insident vrygestel is, het Dickason boonop aan geesteskrankheid gely. Waarskynlik was hierdie twee gevalle nie te wyte aan strukturele probleme (of sogenaamde strukturele werklikhede) in die vorm van armoede nie, terwyl dit wel die geval was met die twee landelike moeders in die Oos-Kaap. Albei hierdie twee moeders se motief was blykbaar om hul kroos verdere verdriet te bespaar omdat hulle nie in staat was om in hul kinders se materiële behoeftes te voorsien nie. Sonder genoegsame emosionele en/of finansiële bystand behoort dit dus nie ’n verrassing te wees dat hierdie moeders op ’n sekere stadium sielkundig ineengestort het nie en dat hulle dus nie as boos of goddeloos gebrandmerk behoort te word nie. Hierdie opmerkings sluit aan by my aanbeveling aan die einde van die artikel dat mans en seuns aangemoedig moet word om moeders te ondersteun en self ook daadwerklik betrokke behoort te raak by die versorging van beide die ma en die kroos.

Angela Y. Davis (2022b:142-143) wys byvoorbeeld op die gebeure dat talle verslaafde moeders in die VSA se suide, voor die Burgeroorlog van 1861–1865, hulle kroos om die lewe gebring het in ’n poging om hulle te red van die wreedheid van ’n bestaan onder slawerny – dus weer eens empatie as beweegrede, al is dit in ’n effens ander gewaad. Hierdie denkbeeld is pragtig vasgevang in die bekroonde skryfster Toni Morrison se roman *Beloved* (1987) – wenner van die gesogte Pulitzer-toekenning vir fiksie in die daaropvolgende jaar – en lesers wat bekend is met hierdie teks, sal die aangrypende tonele wat die moeder se angs beskryf voor die geestesoog kan roep. Betekenisvol genoeg wys Davis (2022b:142-143) op die ooreenkomste tussen verslaafde ma’s in die Amerikaanse suide en Armeense moeders gedurende die Turkse volksmoord in die jare 1915–1921: twee groepe onder intense druk wat

beide gepoog het om hulle kroos om die lewe te bring. Hierdie gegewe bevestig weer eens die belang van transnasionale solidariteit tussen onderdrukte groepe soos vroue en benadruk myns insiens die belang en toepaslikheid van ’n kruiskulturele invalshoek.

In dieselfde trant berig Adrienne Rich (1976:24), ’n befaamde digteres, dat in ’n woonkamer êrens in die Verenigde State gedurende 1975 elke vrou in daardie vertrek, van wie sommige moeders was, hulle kon vereenselwig met die optrede van Joanne Michulski (’n moeder in Chicago wat haar kinders in stukke gekap het) se drang om haar kinders van kant te maak. Die beweegredes vir kindermoord deur die moeder blyk dus veelvoudig te wees, soos wat die geval maar is met maatskaplike verskynsels in die loopvlak van laat-kapitalisme. Hierdie gedagte vind gepaste aansluiting by my benadering tot feministiese metodologie as ’n nie-idealistiese teorie (Hänel & Müller, 2022), met ander woorde, ’n begrip van die werklikheid wat op die ongenaakbare problematiek van ’n nie-utopiese wêreld gebaseer is. Onder “ongenaakbare problematiek” ressorteer uiteraard hartverskeurende maatskaplike verskynsels soos kindermoord deur die moeder. Dieselfde oorwegings is van toepassing op *transnasionale (feministiese) teorie* en *internasionale solidariteit*, aangesien beide hierdie begrippe betrekking het op die idee van vryhede in ’n verskeidenheid kontekste en allermins net op geslag as sodanig betrekking het (Davis, 2022a:108-114).

Teen hierdie agtergrond ontvou my betoog vanaf ’n vlugtige, kritiese beskouing van Kristeva (1982:39) se weergawe van die geskiedkundige verloop van die verwaarlosing van diskoersvorming oor moeders in die Westerse wêreld tot ’n omvorming van teenstrydige teorieë gemik op ’n meer genuanseerde perspektief. Haar aanname dat *abjeksie* (’n nuutskepping wat sy munt ten einde die individualiseringsproses ná geboorte te verduidelik) vir meisies anders is as vir seuns, aangesien dit vir eersgenoemde tot kliniese depressie lei, word beoordeel teen die agtergrond van sowel ’n feministiese teorie van vroulike sielkunde, as Sherfey (1966) se idee dat die vroulike seksuele ekonomie sedert voorhistoriese tye geherkanaliseer is na “natuurlike” moederskap as die uitvloeisel van politieke of ideologiese oorwegings. Voor ’n vlugtige bekendstelling van Bourdieu (1977) se teoretisering oor diskoersvorming, verduidelik ek die gekose metodologie, wat kruiskulturele ontleding binne ’n feministiese raamwerk behels en wat sal kan baat by ’n kruiskulturele ondersoek van die instelling van *moederskap*.

## 2. Metodologie en teoretiese raamwerk

Kruiskulturele feministiese ontleding is ’n metodologie wat die navorser in staat stel om teen die grein van die kulturele loopvlak van normaliteit te lees. As sulks is dit gelyksoortig aan die diskoers van die histeriese. So ’n leespraktyk beoog dan ook om die geskiedkundige voortgang van die betrokke kulturele praktyke en diskoerse te ondersoek en hulle binnestruktuur bloot te lê (Yanagisako & Delaney, 1992:9-14). Wat my feministiese teoretiese raamwerk betref, voeg ek my stem by die siening dat vroue deur mans en die neoliberale struktuur (wat natuurlik vrouens ook kan insluit) onderdruk word (Allen & Young, 1989:4; Richards, 1991:13-14; Brownmiller, 1999:xxx). Hierby kan die gepaardgaande siening gevoeg word dat vroue se ervarings verstaan moet word as ’n reaksie op patriargale (en neoliberale) onderdrukking en alles wat dit behels. Uiteraard is vroue se ervaring van hul onderdrukking nie deurlopend homogeen nie. Feminisme beskou byvoorbeeld toegewyde moederskap as ’n mite wat deur gevestigde patriargale belange geskep en aangewakker is (Conaboy, 2021).

In hierdie opsig is ’n nie-idealistiese teoretiese raamwerk, waarna ek hier bo verwys het – in teenstelling tot ’n ideale, utopiese oogmerk – van groot waarde vir ’n feministiese invalshoek. Hänel en Müller (2022:47) wys byvoorbeeld daarop dat sodanige raamwerk ’n


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a6

"specific methodology that is able to critique ideological structures of which the theorist is themselves a part" verteenwoordig. Daar is drie voorvereistes vir die ontplooiing van so 'n gesigspunt, naamlik: inagname van onderdrukte of gemarginaliseerde standpunte; 'n kritiese ontleding van die heersende status quo, en uiteraard ook 'n besinning oor die navorser se eie maatskaplike posisie. In hierdie bydrae poog ek dan ook om aan hierdie voorvereistes te voldoen in die lig van die grootliks gemarginaliseerde en onderdrukte maatskaplike ruimtes waarin vroue hulle bevind. In die lig van die belangrike gesigspunte wat deur die vierde-golf-feminisme (Chamberlain, 2017) uitgewys is, spesifiek 'n postfeministiese wêreldbeeld waar 'n meer genuanseerde benadering behels dat vroue nie bloot as slagoffers gesien word nie (Vilar, 1973), blyk dit van belang te wees dat al vier golwe vir insigte ontleed word.

Aangesien vroue oorwegend onderdrukking ondervind in hulle private ruimtes, soos die slaapkamer en die kombuis, is 'n gewilde feministiese slagspreuk dat "the personal is political". In ooreenstemming hiermee volg dit dat alle kulturele praktyke en oorblyfsels daarvan, soos moederskap, ideologies ondersoek kan word (DuPlessis & Snitow, 1998:7, 10-12; Epstein, 1998:147-148; Nestle, 1998:345). My oogmerk met hierdie bydrae – die ondersoek van moederskap as 'n praktykinstelling en die gepaardgaande kindermoord deur die moeder wat daarin ingebed is – leen dit in die besonder hiertoe as 'n kruiskulturele projek.

Yanagisako en Delaney (1992:14, 20) se betoog is dan ook dat kruiskulturele, vrougesentreerde ontleding 'n metodologiese voordeel bó ander metodologieë het. Ook Barlow (2002:156) is van mening dat "the still unpredicated female subject" hoop om vrouvriendelike ruimtes te beset ten einde "damaging codes [such as marriage and motherhood] of masculine gender performativity" vry te spring. In dieselfde trant verklaar Warhol en Herndl (1991:x) dat feminisme se "overtly political nature, is perhaps the single most distinguishing feature of feminist scholarly work". Tydens onlangse grootskaalse maatskaplike onrus in November 2022 rondom COVID-19-inperkingsmaatreëls in China, het vroue die leidende rol gespeel (*Bloomberg News,* 2022). "They have less to lose from protesting, and more to gain potentially" in China se patriargale gemeenskap, volgens Maria Repnikova, 'n Amerikaanse kommunikasie-deskundige (soos aangehaal in *Bloomberg News,* 2022).

Heldke (2002:111) beweer dat 'n sodanige kruiskulturele metodologie daarna streef om "concepts and practices from a culture other than one's own, using tools from one's own culture" te verken en te evalueer. Verskillende metodologieë poog dan ook om kruiskulturele leenpraktyke te bewerkstellig, maar kruiskulturele ontleding vertoon besonder goed aangesien dit lig werp op maatskaplike verskynsels, soos kindermoord deur die moeder of bloot alleen die verskynsel van moederskap, wat nie altyd behoorlik binne die beperkte konteks van een kultuur verstaan kan word nie (Yanagisako & Delaney, 1992:20; Mann, 1997:200, 223). 'n Feministiese metodologie vanuit die gesigspunt van nie-idealistiese teorievorming, waarna ek hier onder verwys, sluit, weens die gemeenskaplike aard van menswees en die waardevolle gedagte aan trans- en internasionale solidariteit, goed aan by so 'n kruiskulturele invalshoek (Davis, 2022b:138-139, 142-143). So tipeer French (1993:4) enige poging om die lot van enige groep vrouens, met behulp van vroulike solidariteit en vroulike perspektiewe, te verbeter as "feministies" – 'n aanspraak waarmee ek sonder voorbehoud saamstem. Aangesien die patriargie 'n universele eietydse verskynsel is, betoog ek dat transnasionale feministiese teorie 'n belangrike gesigspunt is waaruit wysheid vir die verbetering en begrip van die vroulike situasie in die algemeen geput kan word. Dit is duidelik dat patriargie een van die hoofkomponente is in 'n veelvoudige en komplekse aantal strukturele werklikhede wat moeders daartoe sou kon dryf om hul kinders se lewe te beëindig. Trouens, die ingeboude ongelykhede wat


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a6

kenmerkend is van patriargie – die uitbuiting van en aggressie teenoor vroue – sou selfs gesien kon word as tiperend van dergelike strukturele ongelykhede waaraan vroue onderwerp word.[1]

Marilyn French (1993:1) definieer patriargie kruiskultureel as "male supremacy backed by force". Vergelykings tussen verskillende kulture onthul uiteraard ook blinde kolle of kulturele vooroordele in die navorser se eie agtergrond (Martin, 1989:4, 11). Terwyl postkoloniale feministe ook Westerse kundiges mag raadpleeg, lig eersgenoemde "the specificity of Third World women's experiences" uit (Kandiyoti, 1996:5). Om die agentskap van Derde Wêreld-vroue as niksseggend af te maak, is iets waarteen postkoloniale feministe waarsku. Vooroordeel, soos Spelman (1990:9) ons herinner, is gesetel in onbetwiste bevoorregting. Feminisme is bedag op die probleem van bevoorregting en ten einde hierdie probleem te oorbrug, pleit Hänel en Müller (2022:52) vir 'n drieledige benadering. Eerstens behels sodanige benadering dat ons as teoretici krities moet besin oor ons eie maatskaplike verskanstheid en die epistemiese beperkinge wat daarmee gepaardgaan. Tweedens beteken dit dat ten einde hierdie beperkinge aan te spreek, ons gemarginaliseerde teoretici moet uitnooi om met ons in gesprek te tree, veral waar ons vanuit 'n posisie van bevoorregting spreek. Derdens moet ons hierdie stemme en insigte die nodige respek en geloofwaardigheid verleen deur ons gesigspunte en teorieë in die lig daarvan aan te pas.

Ek betoog dus dat kruiskulturele ontleding as metodologie, gekoppel aan 'n postkoloniale feministiese teoretiese raamwerk, doeltreffender as ander metodologieë daartoe in staat is om kulturele nuanses in ag te neem, ten einde kruiskulturele patriargale instellings, soos huwelik en moederskap, met groter insig te kan ondersoek met die oog op die beligting van moontlike bevrydende potensiaal. Teen hierdie agtergrond kan die probleemstelling vervolgens geformuleer word.

## 3. Probleemstelling

As die onbevredigende moederdiskoers oorwegend in eietydse patriargale gemeenskappe (soos spesifiek in die Weste) ten dele as 'n gevolg van abjeksie (Kristeva) teenwoordig is, formuleer ek die hipotese dat 'n meer genuanseerde evaluering van die geskiedenis van die vrou ook ander motiverings vir die leemte sal ontbloot. Hieronder tel die kanalisering van vroulike seksualiteit vir patriargale doeleindes ten einde vroue te ontneem van hulle reg op ontspanning en terapeutiese *jouissance*, wat deur Stoltzfus (2006:8) vertaal word as "orgasmic bliss".

Feministiese teoriebemagtiging het egter heelwat meer as net 'n soeke na *jouissance* onthul. Marianne Hirsch (soos aangehaal in Elliot, 1991:99) doen binne die konteks van 'n oorsig van feministiese teorie teen die einde van die 1980's, aan die hand dat "there can be no theory of women's oppression, that does not take into account woman's role as a mother of daughters and a daughter of mothers [...]". Drie redes word aangevoer vir die onbevredigende stand van die moederdiskoers in die Weste en Kristeva (1986:184-185; 1987:301-307) wys spesifiek op geïdealiseerde diskoersvorming ten opsigte van moederskap. Sy betoog dat daar slegs twee diskoerse oor die moeder se liggaam in die eietydse Westerse kultuur beskikbaar is.

Hierdie twee is naamlik die Heilige (in besonder die rol van Moeder Maria wat deur die Katolisisme bevorder word) en die verenging van die vroulike rol tot bloot dié van moederskap (Lötter, 2014:20). Volgens Kristeva (1986:163) het die geskiedkundige loop van die Westerse

[1] Ek verskil hier in 'n mate van die mening van 'n anonieme keurder, naamlik dat patriargie moontlik slegs marginaal sou kon bydra tot 'n groot aantal strukturele werklikhede wat aanleidend kan wees tot die verskynsel van kindermoord deur die moeder.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a6

Christendom daartoe gelei dat vroulikheid as sinoniem met moederskap gesien is as deel van die moeder-versorging-ondersteuningspakket. Ongeag of mens heeltemal daarmee saamstem, is dit nietemin duidelik dat die trajek van die Westerse beskawing op ingrypende manier direk of indirek daardeur bepaal is. Hierdie "natuurlikheidstrategie" is onderliggend aan 'n sterk verbintenis tussen vroulikheid en moederskap en is die ideologie wat in die oorgrote meerderheid van patriargale kulture figureer (Lötter, 2014:1). So waarsku Spivak (1981:183) byvoorbeeld dat "the uterine norm of womanhood supports the phallic norm of capitalism". Patriargie en neoliberalisme (al word die nuwe garde deur beide mans en 'n minderheid vrouens gevorm) vestig dus myns insiens 'n web wat ingespan word om natuurbronne (waarvan vroue een is) te ontgin en uit te buit (Mies & Shiva, 1993:14; French, 1993:2). Hierdie seminale insig word soos volg gestel:

> We see the devastation of the earth and her beings by the corporate warriors, as feminist concerns. It is the same masculinist mentality which would deny us our right to our own bodies and our own sexuality, and which depends on multiple systems of dominance and state power to have its way. (Mies & Shiva, 1993:14)

Myns insiens wys hierdie aanhaling op die waarde van 'n transnasionale invalshoek aangesien die grondliggende gedagte aan wêreldwye uitbuiting hier oortuigend uitgewys word as gegrond in neoliberale patriargie gerugsteun deur geweld. Inderdaad, navorsing deur derdegolf-feministe dring aan op die belang van die nadruk op die verskille tussen vroue en die problematisering van geslag as voorvereistes vir die identifisering en uitwissing van manlike onderdrukking (Allen & Young, 1989:12; Flax, 1990:4, 20; Boonzaier & Shefer, 2006:4-5). Feministe moedig die groei in perspektiewe aan, selfs al is die resultaat 'n teenstrydige en ongemaklik saamgesmelte bron van kennis (Flax, 1990:140, 142; Kesselman, 1998:42). George (2006:211) betoog naamlik dat postkoloniale feminisme gemik is op 'n onderbreking van "the discourses of postcolonial theory and that of liberal Western feminism, while simultaneously refusing the singular 'Third World Woman' as the object of study". My kruiskulturele invalshoek is onomwonde geskoei op postkoloniale feminisme vanweë my klem op transnasionale vroulike solidariteit. Hierdie oorwegings is dan ook die dryfveer vir 'n kruiskulturele ondersoek na moederskap, aangesien patriargie 'n redelik eenvormige verskynsel blyk te wees in die laatkapitalisme van die 21ste eeu.

Die verskille in die lewensomstandighede van vroue het ook belangstelling in kruiskulturele navorsing geprikkel. Alhoewel 'n versorgendemoeder-diskoers in die Weste verdag gemaak is (Lötter, 2014:31-32), is daar geen geskil omtrent die feit dat, soos in Martin (1989:4, 11) se gepaste woorde, die gebrek aan 'n rots om die oorweldigende bekendheid van haar eie kultuur te beoordeel, 'n kruiskulturele invalshoek regverdig nie.

Een aanduiding van hierdie onnatuurlike gebruik van die gemeenskaplike gedwonge moederskap is die ongewone maar betekenisvolle verskynsel van kindermoord deur die moeder in die eietydse patriargie. My ondersoek geskied teen die agtergrond van die voortdurende en aanhoudende aanval op die regverdiging van die uitspraak in *Roe v Wade* [1973] deur die regsgesinde, fundamentalisties gebaseerde Amerikaanse Christendom. Die gewetenlose en genadelose vervolging van sterk, onafhanklike vroue wat as hekse gebrandmerk is gedurende die Middeleeue in Europa, kom voor die geestesoog.

In Ekvtimishvili en Groß se film *My happy family* (2017, Georgiaanse klankbaan met Engelse onderskrifte) neem 'n middeljarige vrou (Manana [Ia Shugliashvili]) die besluit om haar uitgebreide patriargale gesin te verlaat en op haar eie te gaan woon. Hierdie uitdrukking van onafhanklikheid vind egter nie byval by die lede van haar uitgebreide gesin nie en lei tot


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a6

oneindige ongelukkigheid en verwarring. Hierdie tema herinner aan Brownmiller (1976) se gedagtegang dat die politieke les en strategie wat by verkragting ingebeitel is, daarop gemik is om vroue te waarsku teen te veel onafhanklikheid. Soortgelyke opmerkings word gemaak binne die konteks van Suid-Afrika se postapartheidsverkragtingskultuur, 'n ander, verskillende kulturele milieu, met verwysing na die sogenaamde "fear factory," wat hierdie ontstellende verskynsel ondervang. Terselfdertyd word ook die ideale toestande vir hierdie euwel geskep (sien Gqola [2016; 2021] asook die uitstekende oorweging van die twee bronne deur De Groot [2021]). Op dieselfde wyse betoog ek dat die verbod op aborsie, soos ook die geval met die verskynsel van verkragting, ondanks die Christelike argumente wat saamgeflans is om sodanige verbod te regverdig, eintlik maar net nog 'n manier is om vroue te bestuur en onder beheer te hou. Vervolgens word aandag geskenk aan die begrip *diskoers.*

## 4. Diskoersteorie

Ek meen dat die ondersoek van geslagsdiskoers ons begrip van die hoofstroomdiskoers wat daaruit mag voortspruit, kan verdiep, maar die evaluering van rebellediskoerse kan ons 'n veel breër insig in die omringende maatskaplike werklikheid gee. Ek oorweeg vervolgens vlugtig Bourdieu (1977) se bydrae tot diskoersteorie in aansluiting by die bespreking van die knelpunte met betrekking tot moederdiskoers.

Bourdieu (1977) betoog dat geen oorheersende of hoofstroomdiskoers die maatskaplike werklikheid dermate kan vasvang dat alle alternatiewe of teensprake uitgewis word nie. Bourdieu verwys na hierdie alternatiewe werklikhede of teensprake as rebellediskoerse. Hierdie diskoerse kan gewis op sowel die linker- as op die regterflank van enige hoofstroomdiskoers verskyn. 'n Eietydse voorbeeld hiervan is die Economic Freedom Fighters (EFF) wat tot die heersende party, die ANC (wat deur die massas ondersteun word as die bevrydingsparty), se groot ontsteltenis op hulle linkerflank polities begin agiteer het, met 'n oënskynlike sosialistiese agenda, soos grondonteiening sonder vergoeding. Sodanige werklikhede word dan ook beliggaam in 'n bepaalde "lewenswêreld" ("Lebenswelt"), 'n begrip wat aanvanklik deur Husserl gemunt is. Soos Thakur (1997:61) dan ook op haar beurt uitwys, is daar 'n groot aantal moontlike standpunte wat hegemoniese oorheersing kan teenstaan, maar aangesien sodanige gesigspunte nog nie geartikuleer is nie, het hulle nog nie daarin geslaag om tot institusionaliserende diskoersvorming te ontwikkel nie. Volgens Bourdieu bly hierdie onuitgesproke diskoerse "in doxa" (buite die openbare diskoers) tot tyd en wyl 'n maatskaplike krisis die deksel oopdwing en ons oortuigings "in habitus" (binne ons ideologiese gemaksruimte) indring.

'n Goeie eietydse voorbeeld hiervan is die dood van Mahsa Amini gedurende haar aanhouding deur die gevreesde Islamitiese moraliteitspolisie. Haar dood het tot grootskaalse maatskaplike protesoptogte gelei en talle betogers het in die nadraai daarvan ook hulle lewens verloor (Srivastava, 2022). Die belangrike punt vir ons bespreking is egter dat die moraliteitspolisie as gevolg hiervan ontban is (Klawans, 2022), 'n gevolg wat min mense sou voorsien het. Vroue in Iran het gedurende hierdie protesoptrede so ver gegaan om spesifiek hulle hoofbedekking (*hijab*) in die openbaar te verwyder en hulle hare kort te sny.

Bourdieu (1977:164-165) gebruik dan ook die begrippe *ortodokse* in teenstelling met *heterodokse* diskoerse vir hoofstroom- en ondergrawende of rebellediskoerse onderskeidelik en ek beoog om in hierdie bydrae sy indeling te volg.

Dit is duidelik dat diskoersanalise, wat dien as 'n goeie metodologiese voorbeeld van Habermas (1984, 1987) se soeke na bevrydende praktyke, die bevryding van beide individue en gemarginaliseerde groepe beoog. Kandiyoti (1996:5-6) wys daarop dat feministe se herbe-


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a6

sinning oor die vrae gestel deur die poststrukturalisme rondom verskille en identiteit, die reaksie van die derdegolf-feminisme op die tweede golf se beheptheid met die eenvormige vroubeeld en oënskynlike soortgelyke onderdrukking van alle vroue op alle plekke, die debat aansienlik verryk het. Vir die doeleindes van hierdie bydrae bepaal ek my dus ook by feministiese metodologiese invalshoeke wat binne die konteks van die tweede en derde feministiese golf ontstaan het en ontwikkel is.

Die vierdegolf-feminisme, wat tussen 2010 en 2012 in alle erns ’n aanvang geneem het, steeds in aanloop is en spesifiek aandag vestig op ’n postfeministiese wêreldbeeld (waar die politieke oorwinnings van die tweede en derde golf as gegewe aanvaar word), dra egter ook belangrike insigte en gesigspunte tot die gesprek by, soos duidelik blyk uit die idees verskans in ’n postfeministiese wêreldbeeld (Abrahams, 2017; Grady, 2018; Munro, 2013). Hierdie nuwe maatskaplike beweging plaas die aksent op bemagtiging vir vroue en alle ander gemarginaliseerde groepe (Abrahams, 2017) sowel as op die gebruik van sosiale netwerke en internetinstrumente (Grady, 2018).

Alhoewel hierdie verskynsel grootliks Westers van aard is, kan sekerlik veronderstel word dat ’n vergelykbare dinamika ook in ander kulture te bespeur sal wees. Ek meen dat ek in die naspeur van die buitelyne van die problematiek ondersteun word deur Whitford (1994) se kantaantekening op Irigaray (2004) se weergawe van die seksueleruimte-aanspraak van die maagd Maria in die Christelike vertelling van die kruisiging. Whitford (1994:384) betoog dat “[i]n the Christian tradition of the West Mary is the receptacle for the divine child; her function is purely maternal. Nothing is ever said of Mary’s sacrifice: the sacrifice of [...] her own life, her own embodiment as a woman-lover”. In ’n soortgelyke konteks, stel French (1993:12) dat godsdiens ’n belangrike politieke-maatskaplike rol speel in die onderdrukking van vroue. Anders gestel, wat is ’n vrou se ervaring van die geringskatting van die moederdiskoers binne die konteks van eietydse patriargie wat uitloop op kindermoord deur die moeder? Ek oorweeg vervolgens die ontoereikendheid van die moederdiskoers in die Weste.

## 5. Die verwaarlosing van toereikende diskoers oor die moeder

Soos reeds genoem, poog ek in hierdie bydrae om ’n kritiese blik te werp op die instelling van moederskap as andersheid te midde van patriargale onderdrukking. Patriargie word as volg deur Lerner (soos aangehaal in Hrdy, 2000:48) in die volgende algemene terme omskryf:

> [...] the manifestation and institutionalization of male dominance over women and children in the family and the extension of male dominance over women in society in general. It implies that men hold power in all the important institutions of society and that women are deprived of access to such power. It does not imply that women are either totally powerless or totally deprived of rights, influences or resources.

So kan mens byvoorbeeld die verdere punt toevoeg tot George (2006:211) se omvattende definisie van postkoloniale feminisme, naamlik dat die stand van moederdiskoersvorming in die Weste onder toestande van neoliberale patriargie gelei het tot oproepe vir dringende, gesonde diskoers oor die moeder. In die besonder, soos ek hier onder aandui, is die verhouding tussen moeders en dogters asook bepeinsing oor die gedagte van vroulike seksualiteit hier ter sprake. So dui Kristeva (1982:50) byvoorbeeld aan dat die behoefte aan gesonde diskoers oor die moederfiguur broodnodig is aangesien dit dien “to nourish our societies with a more flexible and free discourse, one able to name [...] the enigmas of the body [...]”. Smith (1996:140) voeg haar stem by dié van Kristeva en wys daarop dat gesprekvoering oor hulle moeders vir


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a6

vroue 'n besonder intense ervaring is. Flax (1990:142) vestig die aandag op die skaarsheid van vroulike of feministiese stemme in sowel psigoanalitiese as poststrukturalistiese werk en doen 'n beroep op bydraes wat "emancipatory discourse" (Flax, 1990:147) sal benut.

Vervolgens word aandag gegee aan Kristeva (1989:27-30) se Freudiaanse tesis oor vroulike abjeksie, asook 'n genuanseerde verduideliking van die ontoereikendheid van diskoers oor die moeder. Afgesien van abjeksie (Kristeva), skenk ek ook aandag aan Hrdy (2000) se werk wat voortbou op Mary Jane Sherfey se insiggewende boek, *The nature and evolution of female sexuality* (1966), waarin die aard van vroue se prehistoriese ongebonde seksualiteit bespreek word (kyk hier onder). Hierna volg my bespreking van die politieke grondslag van die problematiese moeder-dogter-verhoudingstruktuur in alle eietydse patriargale gemeenskappe.

Lerner (1986) redeneer dat patriargie as 'n geskiedkundige invloed rondom 3 000 v.C. ontstaan het, maar Hrdy (2000) betoog in teenstelling daarmee dat die ontstaan hiervan veel verder in die historiese rekord teruggaan (sien Lötter, 2014:11-13). Ten einde Hrdy (2000) se gedagtegang te snap, is dit wenslik om 'n onderskeid te tref tussen sosiobiologie (die vergelykende studie van menslike gedrag soos gemeet aan dié van ander diere, in besonder primate) en die feministiese standpunt betreffende die rede vir mans se oorheersing van vroue (Hrdy, 2000:150 n 2, 152). Feministe voer aan dat die antwoord op laasgenoemde oorweging te vinde is in mans se simboliese behoefte aan mag en status ten einde die verhouding tussen mans te handhaaf (op dieselfde wyse as wat mag en welvaart status aan 'n persoon verskaf binne die kapitalistiese stelsel), terwyl sosiobiologie hierdie beweegrede in voortplanting vind. Vanuit 'n Marxistiese oogpunt kan selfs daarop gewys word dat vrouens weens hul swangerskappotensiaal uitruilwaarde bereik het (French, 1993:19). Die verskil tussen hierdie twee benaderings lê in seks enersyds en mag andersyds. Hierdie evolusionêre verklaring van menslike gedrag skuif die oorsprongsdatum vir die ontstaan van patriargie miljoene jare terug van die konvensionele opvatting daarvan, en lei die navorser na 'n nuwe vraag: *Waarom sou mans in elk geval vroue wou oorheers*?

Sherfey (1966) se uitgangspunt in bovermelde werk, is dat prehistoriese vroulike seksualiteit vir suiwer ontspannings- en terapeutiese doeleiendes bedoel was, maar dat dit mans so ontstel het dat patriargale gesagstrukture dit goed gedink het om hierdie natuurlike hulpbron van vroulike seksualiteit te herinterpreteer en te herkanaliseer na 'n meer houdbare instelling, wat weens ideologiese breinspoeling as "natuurlik" bemark is, naamlik die idee van moederskap. Sherfey (1966:37) wys immers daarop dat "women's inordinate orgasmic capacity did not evolve for monogamous, sedentary cultures". Hrdy (2000:154) verhelder Sherfey (1966) se gedagtegang deur 'n verwysing wat sy maak na getuienis wat deur Wrangham ingesamel is wat daarop wys dat 'n vroulike sjimpansee in haar leeftyd soveel as 6 000 keer seksueel "ingesluit" ("enclosure", in teenstelling met penetrasie) word, terwyl sy slegs ses oorlewende kleintjies in daardie tyd mag verwek en *terselfdertyd na haar eie materiële behoeftes omsien* (Hrdy, 2000:162, my beklemtoning). Hrdy (2000:156) merk op hoe verbaas sy was oor die skerpsinnige en korrekte opsomming van Sherfey (1966) se gevolgtrekking: "patriarchal social organization was partially an outgrowth of male counter-strategies for controlling the primate legacy of an assertive female sexuality of prehominid origin".

Hierdie idee vind aansluiting by Gqola (2016) en Brownmiller (1976) se siening, naamlik dat die verskynsel van verkragting in patriargale kulture juis daarop gemik is om vrouens op hul plek te sit, te bestuur en te beheer. Ek is van mening dat dieselfde van kindermoord deur die moeder gesê kan word, aangesien dit die heersende wyse van geboortebeperking in Europa was voordat die maatskaplike goedkeuring vir geboortebeperkingsmedikasie en aborsie in die twintigste eeu in werking getree het. Dit is, om die waarheid te sê, nog steeds die geval in


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a6

kulture soos dié te vinde in China, waar menslike lewe nie die gekoesterdheid het wat dit in die Weste, onder die invloed van die Christendom, bereik het nie. Die kruks van Hrdy (2000:155) se betoog is dat eietydse vroulike seksuele beskeidenheid die gevolg is van niks anders as

> [...] tens of thousands of years [that] hominid females have been socialized, exchanged between groups, reproduced, and died (some sooner than others) in various permutations of the patrilocal (or, in ethological parlance, "male philopatric") breeding systems that eventually gave rise in places like the Ancient Near East to fully fledged patriarchy.

As Hrdy (2000), en ander evolusionêre dierkundiges, korrek is met hulle siening dat patriargie die instelling van moederskap, soos ons dit vandag ken, geskep het met die doel om bandelose vroulike seksuele energie te beheer en te herkanaliseer, sal dit 'n aanvaarbare verduideliking wees vir die beheptheid met 'n reputasie van beskeidenheid, sosiale ingekeerdheid en seksuele diskresie wat by soveel vroue, veral in konserwatiewe gemeenskappe, te vinde is. Kristeva (1989) se begrip *abjeksie* vind aansluiting by die vertroebelde moeder-dogter-verhouding in eietydse patriargale gemeenskappe, wat beslis, al is dit net ten dele, bygedra het tot die verwaarlosing van gesonde diskoers oor die moeder in die Westerse wêreld.

Kristeva (1989:27-30) poog om deur middel van die begrip *abjeksie* die individualiseringsproses te benoem (waardeur die kind 'n unieke individu in haar/sy eie reg raak) wat bereik word, soos sonder teenspraak moet gebeur, wanneer die kind die ouderdom bereik wanneer sy/hy die primêre sorggewer "verwerp". Uiteraard is die primêre sorggewer in die oorgrote meerderheid van gemeenskappe amper sonder uitsondering die moeder.

Kristeva (1989) doen aan die hand dat hierdie vorm van simboliese moedermoord ("symbolic matricide") die oorwegende rede is hoekom bykans twee keer soveel vroue as mans aan depressie ly (Nairne & Smith, 1984:7; Elliot, 1991:52; Jack, 1993:1-2; Chesler, 2005). Ek wil daarenteen aan die hand doen dat 'n meervoudige begrip van die probleemstelling 'n meer oortuigende gedagtegang sal daarstel. Ek gaan dus vervolgens voort om die aard van die ongemaklike moeder-dogter-verhouding onder patriargale onderdrukking uit te lig.

Die komplekse moeder-dogter-verhouding in eietydse patriargale gemeenskappe is welbekend en goed geboekstaaf in die konteks van die sogenaamde trek-stoot-waarneming in feministies geïnspireerde sielkundige berading. My hipotese is dat hierdie verskynsel nóg een van die talle beweegredes is vir die afgeskeepte diskoers oor die moeder. Die moeder is deels verantwoordelik daarvoor dat haar dogter 'n allerbelangrikste vaardigheid slyp: die vermoë om na ander se behoeftes om te sien (Eichenbaum & Orbach, 1988:56, 57), wat soos volg geformuleer word:

> Psychological attachment and lack of separation between mothers and daughters and daughters and mothers continue through generations of women. The daughter becomes involved in a cycle that is part of each woman's experience: attempting to care for mother. As the daughter learns her role as nurturer, *her first child is her mother*. [my beklemtoning]

Hierdie opspraakwekkende verskynsel is die gevolg, ten minste ten dele, van die dogter se onvermoë om psigiese onafhanklikheid van haar moeder te verwerf. Vanuit die perspektief van 'n feministiese begrip van vrouesielkunde (en die oneindige reproduksie van daardie psigiese wanverskynsel), maak Jack (1993:27-30, 53-54) se siening sin. Dit behels naamlik erkenning van die feit dat vroue se depressie nie die gevolg is van hulle soeke na onafhanklikheid van hul lewensmaat nie (soos gewoonlik aangevoer word), maar wel die gewaarwording dat hulle hulself en hul outonomie – hulle ervaring van hulself en hul onvermoë om hulle eie lewens te rig – in die verhouding of proses verloor.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a6

Inderdaad staan ’n vrou se onvermoë om op ’n psigiese vlak onafhanklikheid van haar ma te verwerf, sentraal by die problematiek van abjeksie by vroue (Kristeva, 1982:47; Nairne & Smith, 1984:32-35; Elliot, 1991:53-54, 61, 67). In dieselfde trant wys Chodorow (aangehaal in Nairne & Smith, 1984:35) daarop dat meisies hulself ervaar as verlengstukke van hulle ma’s. Hul gewaarwording is verder dat hulle hulself ook as verlengings van ander geliefdes sien. As gevolg van hierdie psigiese verskynsel in die geesteslewe van vroue ondervind moeders en dogters die psigiese grense in hulle persoonlike verhouding met mekaar as ongedefinieer en vaag (Eichenbaum & Orbach, 1988:55, 62). Hulle (1988:60) berig dan ook soos volg:

> Many women never feel free of their mothers. They are not separate people, but experience mother as living inside, judging, binding, tempting, and disappointing.

Dié stoot-trek-dinamika (Eichenbaum & Orbach 1988:55, 62) spruit voort uit die moeder se verwyte oor die geleenthede wat haar dogter geniet, maar wat sy self nooit in haar lewe gehad het nie. Terselfdertyd poog die moeder ook om haar dogter te bemoedig.

Teen hierdie agtergrond doen ek aan die hand dat ons eietydse verhouding tussen die geslagte berus op wat Mitchell (1984:300) in ’n ander konteks benoem het as “the fundamental human repudiation of femininity”. Terwyl daar moontlik wel ’n bepaalde vlak van maatskaplike en inkomstegelykheid tussen mans en (’n minderheid) vrouens in veral gevorderde Westerse demokrasieë en bepaalde sosialistiese lande bereik is, is dit geensins die geval in die res van die wêreld nie (Faludi, 1992; French, 1993:2-3). Bowendien wys Kristeva (1982) self in haar bekende opstel *Women’s Time* daarop dat vrouens net so uitbuitend en selfsugtig as die meeste mans kan optree sodra hul by neoliberale belange gekoöpteer is. Te meer nog, vanuit ’n transnasionale perspektief, is Indië en China, byvoorbeeld, wat elk met ’n bevolkingstal van 1.4 miljard mense worstel, sowel as Rusland,[2] streng konserwatiewe patriargieë. Faludi (1999) se demonstrasie van haar tese dat manlikheid regoor die wêreld in ’n krisis gedompel is (haar boek se fokus is die Amerikaanse man), sluit uiteraard hierby aan.

My gedagtegang is dus dat ’n genuanseerde bepeinsing oor vroue se sosiokulturele ervaring onomwonde daarop dui dat daar ’n veelvoudige aantal redes is vir die verskynsel van verwaarloosde diskoers oor die moeder in eietydse patriargale gemeenskappe. In die bespreking wat volg, poog ek om ’n aanvaarbare middeweg uit te wys.

## 6. Bespreking

In die inleiding het ek verwys na die geval van die Duitse moeder (Christiane K.) wat teregstaan op ’n aanklag van moord op vyf van haar ses kinders, al is dit tans slegs een van talle eietydse gevalle of voorbeelde. Die vraagstuk wat in hierdie bydrae ondersoek word, is of kindermoord deur die moeder aanduidend is daarvan dat iets verskrikliks met moederskap verkeerd is of gegaan het en dat dit, met ander woorde, nie “natuurlik” is nie. Adrienne Rich (1976) betoog naamlik dat die feministiese ontleding van moederskap onthul dat dit in ’n politieke gewaad geklee is wat onrealistiese verwagtings op vroue plaas deur een aspek van hulle persoonlikheid (potensiële moederskap) te verabsoluteer ten koste van die res van hulle wese. My bespreking van Sherfey (1966) en Hrdy (2000) se samelopende standpunte dat vroulike onontbonde seksuele energie deur voor-historiese patriargie geherkanaliseer is na sogenaamde “natuurlike” moederskap, en sedertdien deur hierdie selfde inrigting in verskeie gewade onderhou is, vind

[2] Hierdie drie lande vorm saam, in teenstelling met die Amerikaanse enkelvoudige wêreldorde, die spitspunt van die wêreld se nuwe alternatiewe veelkantige wêreldorde.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a6

aansluiting by Mitchell (1984:300) se belangrike uitgangspunt rondom die betreurenswaardige gedagte aan "the fundamental human repudiation of femininity" waarna straks hier bo verwys is. Deur moederskap is en bly vrouens maar slawe onderworpe aan dwangarbeid. French (1993:19) wys in hierdie verband daarop dat aangesien mans betower is deur vroue se swangerskapvaardighede, die verwagting by hulle ontstaan het dat vroue versorgingsdienste aan mans verskuldig is. Redelike (re)konstruksie in die Habermasiaanse sin is die aangewese werkswyse ten einde sin hiervan te maak.

Vir Habermas (aangehaal in McCarthy, 1978:233) beteken redelike rekonstruksie–

> that one takes a theory apart and puts it back together in a new form, in order better to achieve that goal which it set for itself. This is the normal (in my opinion, normal also for Marxists) way of dealing with a theory that requires revision in many respects, but whose potential for stimulation has not yet been exhausted.

Habermas se ideologiese kritiek van instellings in die algemeen ten einde hul emansiperende potensiaal te toets, is geskik vir my ondersoek na die wese van moederskap onder patriargale, neoliberale toestande. Soos Hall (1988:77, n. 44) dan ook uitwys, "nature's purpose [...] need not be ours". Ek verwys natuurlik hier na moederskap oor landsgrense heen. Hierdie poging om filosofie by kruiskulturele ondersoek in te skakel ten einde geslagsrolidentifikasie te verhelder, speel 'n belangrike rol by bevrydende problematiek. Ek betoog ook dat kruiskulturele ontleding, aangewend as 'n metodologie binne die konteks van kulturele tweesydigheid, bevredigend aangewend kan word in die kruiskulturele oordrag van kennis. Hierdie oorwegings vind beslis toepassing binne 'n teoretiese feministiese raamwerk. In Almereyda se *Hamlet* (2000), byvoorbeeld, weerstaan Ophelia (gespeel deur Julia Stiles) die afloerder se kyk deur self stip na die kamera te kyk sonder om toe te gee (Rooks, 2014:482), terwyl in Zhang se Chinese fliek *Ju Dou* (1990) die hoofkarakter (Gong Li) presies dieselfde doen wanneer die afloerder Tianqing haar in die badkamer beloer. So byvoorbeeld word die waarde van 'n rebelse geslagsdiskoers, wat op films in verskillende kultuurkontekste van toepassing is, in die konteks van Zhang se Chinese film *Ju Dou* (1990) in die volgende woorde uitgestippel:

> Gong Li transforms the embarrassed peeping tom Tianqing's pornographic intentions into one of compassion and caring by skilful "strategic intervention". In the final analysis, my claim is that the extension of nurturing and reciprocal respect to the m/other (recall that she is after all also a needy daughter hungry for caring) cannot but have a beneficial influence on dominant discourse on maternity (even Kristeva's suppressed model). (Lötter, 2014:145)

Hierdie uittreksel wys dan ook uit dat daar ongekende potensiaal in transnasionale teorie gemik op globale feminismes (meervoud) is, aangesien moederskap 'n byna universele of eenvormige verskynsel in eietydse patriargale gemeenskappe is – alhoewel met genuanseerde verskille oor nasionale en etniese grense heen. Die ekonomiese groei en die ontwikkeling van geslagspatrone in patriargale Oosterse lande soos Indië en China behoort beslis nie ons ongekwalifiseerde goedkeuring te ontvang nie, aangesien die getuienis daarop wys dat by name in sogenaamde nominaal sosialistiese, (post)kommunistiese lande vroue se regte deurgaans misken word.

Vanuit 'n feministiese perspektief noodsaak 'n kruiskulturele ondersoek paraatheid ten opsigte van die strekking van heersende diskoersvorming soos die ideologiese instelling van geslagsrolle gewortel in die huwelik en moederskap. Geen beeldspraak kan vrouehaat werklik versteek nie. Ideologiese kritiek bly noodsaaklik ten einde vroue se welsyn te bewaak.

Per slot van sake is die les wat geleer kan word uit Penley (1989) se begrip *weerwraak* in Zhang se meesterstuk *Ju Dou*, dat mans ook (soms) daartoe in staat is om effektief versorgend teenoor ander op te tree (Mitchell, 1997) tot die punt waar mans in die algemeen oorreed kan word dat vroue as moeders ondersteun moet word. Dit is so veral in die lig van my betoog dat moederskap moontlik geensins 'n natuurlike instink by vroue is nie.

Moederskap en versorging is beslis nie uitsluitlik van nature aanwesig by vroue nie, in die sin dat dit nie 'n vaardigheid is wat net eie aan vroue is nie. Op dieselfde trant betoog Blumberg (2009:8-13, 32-37) dat natuurfratse en monsters in die natuurlike wêreld aanduidend is van die beperkings op die vorming van nuwe spesies op die evolusionêre leer. Die vraag ontstaan dan wat die implikasies van hierdie stel feite sou wees vir die instelling van menslike moederskap? By wyse van analogie betoog ek dat kindermoord deur die moeder ook 'n soortgelyke natuurfrats is wat vir ons die natuurlike grense of beperkinge aandui van die onrealistiese verwagtinge en druk op vroue as moeders, getroude vroue en dogters (veral eersgenoemde) onder toestande van patriargale onderdrukking. Daar is elders betoog (Lötter, 2014:123-124), dat Blumberg (2009:8-13, 32-37) bevredigend uitgewys het dat in die konteks van die evolusionêre ontwikkelingsleer van die lewens- of biologiese wetenskappe, fratse of monsters 'n beduidende rol te speel het in die begrip van hierdie teoretiese besinning.

Hoe help Blumberg (2009) se hipotese ons in ons pogings om die gebrekkige moeder-diskoers te verryk, veral in die lig van die driedelige oorsprong van hierdie verskynsel, naamlik die verskeurde moeder-dogter-verhouding, opgedamde en/of onderdrukte vroulike seksualiteit en die trauma van die geabjekteerde vrou-kind?

## 7. Ten slotte

In hierdie bydrae het ek gepoog om moederskap te belig deur daarna te kyk en daaroor te besin deur bemiddeling van transnasionale feminismes as my gekose metodologie. Aangesien moederskap en patriargale onderdrukking 'n byna universele, eietydse verskynsel is, het ek verder gepoog om insigte uit 'n verskeidenheid internasionale kontekste te versamel. In hierdie opsig wil ek graag Zhang se meesterstuk *Ju Dou* (1990) uitlig as aanduidend van 'n goeie rebelse diskoers oor moederskap. Die vernielde en gekwetste liggaam van die hoofkarakter (Gong Li in die titelrol) draai haar blik in antwoord op die afloerder se inbreukmakende loerkyk en ontsluit in die proses die moontlikheid vir empatie vir laasgenoemde. In Penley (1989) se emansiperende uitleg van die film kan ons die moontlikhede van Habermas se ideologiese kritiek op instellings ondersoek en in besonder die moontlikheid om instellings met bevrydende ideale te besiel. In hierdie opsig is dit myns insiens belangrik om daarop te let dat hierdie tipe patriargale instellings nie net in die Weste te vinde is nie (Morris, 2010; Ferguson, 2012a, 2012b; Jacques, 2012; Brooks & Saad, 2020), maar beslis ook in twee van die grootste bevolkings op aarde, naamlik dié van Indië en China, al is patriargie kenmerkend van en staan dit midde in die Weste se ingrypende selfbetwyfeling in die postkoloniale tydvak. Verder het ek dit ook goedgedink om, soos ander postkoloniale feministe, te waarsku teen die gevaar van die stereotipering van die potensiële agentskap van vroue in die Globale Suide, selfs al word, soos Chen (2018:197) spitsvondig uitwys, hierdie vroue se agentskap meermale deur institusionele seksuele roof bemiddel. Meer nog, dit laat ook die moontlikheid oop dat die vroulike karakter in 'n postfeministiese wêreld self die inisiatief kan neem. Met verwysing na Batseba se doelgerigte badtoneel (terwyl sy weet dat sy binne die koning se gesigsveld is) binne 'n postfeministiese raamwerk (Garroway, 2013:60-611), is dit egter ook moontlik om aan vrouekarakters doelgerigtheid en agentskap te verleen wat afbreuk doen aan die geykte dualiteit van slagoffer/afloerder aangesien die werklikheid dikwels veel meer genuanseerd is.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a6

Hierdie opmerking bevestig ook die waarde van solidariteit oor ras-, geslags- en landsgrense heen binne die konteks van transnasionale feministiese teorievorming. Vandaar my nadruk op kruiskulturele vroulike solidariteit, in sover so ’n strategie haalbaar is.

In my uiteensetting van die probleemstelling het ek die hipotese geformuleer dat die verwaarloosde moederdiskoers patriargale doeleindes dien. Dit is die geval aangesien die manlike sfeer, soos Kristeva ten dele betoog, op die verskynsel van die gekwetste moeder-dogter-verhouding teer. Dit word ook so gevoed, terwyl die ideologies-gerigte instelling van “natuurlike” moederskap voldoen aan die patriargale behoefte aan mannekrag. Selfs belangriker, die geherkanaliseerde vroulike seksuele *jouissance* beteken voortgesette beheer oor en beleidsgerigte bestuur van vroue. Laasgenoemde word benodig vir oorlogsituasies en natuurlik handearbeid.

Die Republikeinse Party in die Verenigde State se volharding met pogings om die redevoering oor die reg tot aborsie te laat herlewe vir verkiesingsdoeleindes is ’n goeie voorbeeld van die geringskatting van en afbreuk doen aan vroue se behoeftes. Die onlangse ommekeer van die federale uitspraak in *Roe v Wade* het vroue se reg op liggaamlike integriteit baie skade aangedoen. Anders gestel, die reg tot aborsie gaan om veel meer as net fetusmoord. Dit gaan uiteraard oor die wyer begrip van selfbemagtiging en (self)respek. Ek het verder ook die betoog aan die hand gedoen dat die hernuwing van gesonde diskoers op hierdie terrein broodnodig is in die veldtog om die *status quo* in geslagsverhoudings en politieke/ekonomiese verhoudings in die algemeen te kan handhaaf.

My beredenering berus verder op die uitgangspunt dat die teenoorgestelde prentjie (die versnelling van gesonde moederdiskoersvorming) sou kon lei tot ’n kritiese besinning oor die instelling van moederskap en veral die negatiewe gevolge van hierdie patriargale instelling vir vroue se geestesgesondheid in die algemeen. My slotsom is dus dat gesonde moederdiskoersvorming met opset verwaarloos is en steeds word, aangesien die teendeel hierdie instelling se voortbestaan onder toestande van voortgesette patriargale onderdrukking ernstig sal belemmer.

My invalshoek is ontplooi met die oog op die gedagtegang dat ons kindermoord deur die moeder moet bevraagteken aangesien moederskap opgerig is op ’n platform geskoei op die onrealistiese gemeenskapsverwagtings van vroue (sonder genoegsame emosionele en/of finansiële insette van mans). Die wêreldwye krisis waarin manlikheid sigself bevind, gekoppel aan die wêreldwye, algemene gebrek aan respek vir vrouens, kan en moet lei tot ’n begrip vir die gedagte dat mans en seuns ook in staat is om te versorg of te bemoeder. Terselfdertyd kan hierdie tendens aan tradisionele moeders die ondersteuning en hulp verleen om hul deur hierdie oorgangstadium na groter geslagsgelykheid te help. Hierdie gedagte vind ook kruiskultureel bevestiging op die Chinese filmskerm. Alhoewel moontlik naïef,[3] is ek tog van mening dat klein, anti-utopiese verbeterings meer houdbaar (en potensieel selfs meer waardevol) as groot verskuiwings kan wees.

Ten slotte, in die lig van die feit dat my teoretiese raamwerk transnasionale feministiese teorie is en dat ek talle insigte uit ’n verskeidenheid verskillende kulture ontleen het, wys ek daarop dat ons waarskynlik op die rand staan van ’n Wes-Oos-paradigmaverskuiwing. So ’n verskuiwing, wat reeds sigbaar is in die verskyning van ’n merkbaar veelkantige wêreldorde, sal uiteraard ’n kruiskulturele redevoering met ander volksvreemde kulture soos China en Indië noodsaak. Feminismes en die haalbare verbetering van die omstandighede van vroue regoor die wêreld hang daarvan af.

[3] Met erkenning aan die opmerking van ’n anonieme keurder.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a6

## BIBLIOGRAFIE

Abrahams, J. 2017. Everything you wanted to know about fourth wave feminism – but were afraid to ask. *Prospect*. https://www.prospectmagazine.co.uk/magazine/everything-wanted-know-fourth-wave-feminism [19 Desember 2022].

AFP. [Agence France-Presse] 2021. German mother on trial for killing five of her children. *The Guardian*. https://guardian.ng/news/german-mother-on-trial-for-killing-five-of-her-children/ [11 Julie 2021].

Allen, J & Young, IM. 1989. Introduction. In Allen & Young (eds). *The thinking muse: Feminism and modern French philosophy*. Bloomington: Indiana University Press, pp. 1-17.

Barlow, T. 2002. Picture more at variance: Of desire and development in the People's Republic of China. In Saunders (ed.). *Feminist post-development thought*. London: Zed Books, pp. 146-158.

*Bloomberg News.* 2022. Young women at front line of China's sweeping Covid protests. https://www.bloomberg.com/news/articles/2022-11-28/young-women-join-front-line-of-china-s-sweeping-covid-protests?leadSource=uverify%20wall [29 November 2022].

Blumberg, MS. 2009. *Freaks of nature: and what they tell us about evolution and development.* New York: Oxford University Press.

Boonzaier, F & Shefer, T. 2006. Gendered research. In Shefer, Boonzaier & Kiguwa (eds). *The gender of psychology*. Cape Town: University of Cape Town Press, pp. 3-11.

Bourdieu, P. 1977. *Outline of a theory of practice*. Transl. R. Nice. Cambridge: Cambridge University Press.

Brooks, DJ & Saad, L. 2020. Double whammy: Why the underrepresentation of women among workplace and political decision makers matters in pandemic times. *Politics and Gender,* 16(4):1110-1122. https://doi.org/10.1017/S1743923X20000628.

Brownmiller, S. 1976. *Against our will: Men, women and rape.* New York: Penguin.

Brownmiller, S. 1999. *In our time: Memoir of a revolution*. London: Aurum Press.

Chamberlain, P. 2017. *The feminist fourth wave: Affective temporality.* New York: Palgrave Macmillan.

Chen, M. 2018. Bodies against borders. In Gay (ed.). *Not that bad: Dispatches from rape culture.* London: Allen & Unwin, pp. 189-202.

Chesler, P. 2005. *Women and madness*. London: St. Martin's Press.

Chodorow, NJ. 1987. *The reproduction of mothering: Psychoanalysis and the sociology of gender*. Berkeley: University of California Press.

Chodorow, NJ. 1989. Introduction: Feminism and psychoanalytic theory. In Chodorow (ed.). *Feminism and psychoanalytic theory*. New Haven: Yale University Press, pp. 1-9.

Conaboy, C. 2021. Maternal instinct is a myth that men created. *New York Times Opinion*. https://www.nytimes.com/2022/08/26/opinion/sunday/maternal-instinct-myth.html?campaign_id=39&emc=edit_ty_20220826&instance_id=70285&nl=opinion-today&regi_id=60789539&segment_id=102426&te=1&user_id=6ac66bc28b26c0beb4dfee98cd516916 [7 September 2022].

Davis, AY. 2022a. Feminism and abolition: Theories and practices for the twenty-first century. In Davis (ed.). *Freedom is a constant struggle*. Dublin: Penguin, pp. 97-117.

Davis, AY. 2022b. Transnational solidarities. In Davis (ed.). *Freedom is a constant struggle.* Dublin: Penguin, pp. 137-154.

De Groot, S. 2021. Storming the female Bastille. *Sunday Times*, 27 June, p. 15.

DuPlessis, RB & Snitow, A. 1998. A feminist memoir project. In DuPlessis & Snitow (eds). *The feminist memoir: Project voices from women's liberation.* New York: Three Rivers Press, pp. 3-24.

Eichenbaum, L & Orbach, S. 1988. *Understanding women.* London: Penguin.

Elliot, P. 1991. *From mastery to analysis: Theories of gender in psychoanalytic feminism.* Ithaca, NY: Cornell University Press.

Epstein, B. 1998. Ambivalence about feminism. In DuPlessis & Snitow (eds). *The feminist memoir : Project voices from women's liberation.* New York: Three Rivers Press, pp. 124-148.

Faludi, S. 1992. *Backlash: the Undeclared War against Women*. London: Cato & Windus.

Faludi, S. 1999. *Stiffed: The Betrayal of the American Man.* New York: HarperCollins.

Feni, L. 2022. Mom arrested after children bludgeoned to death. *The Herald*, 10 November, p. 2.

Ferguson, N. 2012a. *Civilization: The six killer apps of Western power.* London: Penguin.

Ferguson, N. 2012b. *The great degeneration*. London: Penguin.

Flax, J. 1990. *Thinking fragments: Psychoanalysis, feminism and postmodernism in the contemporary West.* Berkeley: University of California Press.

French, M. 1993. *The War against Women.* London: Penguin.
Garroway, KH. 2013. Was Bathsheba the original Bridget Jones? A new look at Bathsheba on screen and in Biblical scholarship. *Nashim: A Journal of Jewish Women's Studies and Gender Issues,* (24):53-73. DOI:10.2979/nashim.24.53.
George, R. 2006. Feminists theorize colonial/postcolonial. In Rooney (ed). *The Cambridge companion to feminist literary theory*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 211-231.
Gqola, PD. 2016. *Rape: A South African nightmare.* Pretoria: Jacana.
Gqola, PD. 2021. *Female fear factory*. Johannesburg: Melinda Ferguson.
Grady, C. 2018. The waves of feminism, and why people keep fighting over them, explained. *Vox*. https://www.vox.com/2018/3/20/16955588/feminism-waves-explained-first-second-third-fourth [19 Desember 2022].
Habermas, J. 1984, 1987. *The theory of communicative action*. Transl. T. McCarthy. Two volumes. Boston, MA: Beacon Press.
Hall, C. 1988. Rape: The politics of definition. *South African Law Journal,* (105):67-82.
Hänel, HC & Müller, JM. 2022. Non-ideal philosophy as methodology. The case of feminist philosophy. *Theoria,* 69(3):32-59. DOI: https://doi.org/10.3167/th.2022.6917202.
Heldke, LM. 2002. Cross-cultural analysis. In Code (ed). *Encyclopedia of feminist theories*. London: Routledge, pp. 111-112.
Hrdy, SH. 2000. Raising Darwin's consciousness: Sexual and prehominid origins of patriarchy. In Blakemore & Iversen (eds). *Gender and society: The Herbert Spencer lectures*. Oxford: Oxford University Press, pp. 143-199.
Irigaray, L. 2004. *Key writings*. Transl. L. Irigaray & T. Mathews. New York: Continuum.
Jack, DC. 1993. *Silencing the self: Women and depression*. New York: HarperPerennial.
Jacques, M. 2012. *When China rules the world*. London: Penguin.
Kandiyoti, D. 1996. Contemporary feminist scholarship and Middle East Studies. In Kandiyoti (ed.). *Gendering the Middle East: Emerging perspectives.* London: I.B. Tauris, pp. 1-27.
Kesselman, A. 1998. Our gang of four: Friendship and women's liberation. In DuPlessis & Snitow (eds). *The feminist memoir : Project voices from women's liberation*. New York: Three Rivers Press, pp. 25-53.
Klawans, J. 2022. Iran abolishes morality police after nationwide protests. *Yahoo News*. https://news.yahoo.com/iran-abolishes-morality-police-nationwide-154422198.html?guccounter=1 [16 Desember 2022].
Kristeva, J. 1982. Women's time. Transl. A. Jardine & H. Blake. In Keohane, Rosaldo & Gelpi (eds). *Feminist theory: A critique of ideology*. Brighton, Sussex: Harvester Press, pp. 31-53.
Kristeva, J. 1986. Stabat Mater. Transl. LS Roudiez. In Moi (ed). *The Kristeva reader*. Oxford: Blackwell, pp. 161-186.
Kristeva, J. 1987. *Tales of love*. Transl. LS Roudiez. New York: Columbia University Press.
Kristeva, J. 1989. *Black sun: Depression and melancholia.* Transl. LS Roudiez. New York: Columbia University Press.
Kristeva, J. 2002. Powers of horror: Approaching abjection [abridged]. In Oliver (ed.). *The portable Kristeva*. New York: Columbia University Press, pp. 229-247.
Lau, JKW. 1991-1992. *Ju Dou*: A hermeneutical reading of crosscultural cinema. *Film Quarterly,* 45(2):2-10.
Lerner, G. 1981. *The majority finds its past: Placing women in history.* Oxford: Oxford University Press.
Lerner, G. 1986. *The creation of patriarchy*. Oxford: Oxford University Press.
Lötter, C. 2014. Places to look for m/other: Heterodox discourse on gender among contemporary Chinese women: A cross-cultural feminist approach. Unpublished MA dissertation, Nelson Mandela University, South Africa.
Lötter, C. 2021a. The tragic New Zealand triple child murder shows up problematic expectations of motherhood. *Mail & Guardian, Thoughtleader*. https://thoughtleader.co.za/the-tragic-new-zealand-triple-child-murder-shows-up-problematic-expectations-of-motherhood/ [16 Maart 2022].
Lötter, C. 2021b. The waning of vision's hegemony: A phenomenological perspective on mother-daughter discord in patriarchal societies. *Indo-Pacific Journal of Phenomenology*, 21(1):1-9. DOI: 10.1080/20797222.2021.1930694.
Mann, S. 1997. *Precious records: Women in China's long eighteenth century.* Redwood City, CA: Stanford University Press.

Martin, E. 1989. *The woman in the body: A cultural analysis of reproduction.* Maidenhead, UK: Open University Press.
McCarthy, T. 1978. *The critical theory of Jürgen Habermas.* London: Hutchinson.
Mies, M & Shiva, V. 1993. *Ecofeminism.* Halifax: Fernwood Publications.
Mitchell, J. 1984. *Women: The longest revolution*. New York: Pantheon.
Morris, I. 2010. *Why the West rules for now*. London: Penguin.
Morrison, T. 1987. *Beloved*. New York: Penguin Random House.
Munro, E. 2013. Feminism: A fourth wave? *Political Insight*, 4(2):22-25. doi:10.1111/2041-9066.12021.
Nairne, K & Smith, S. 1984. *Dealing with depression.* London: Women's Press.
Nestle, J. 1998. A feminist history. In DuPlessis & Snitow (eds). *The feminist memoir: Project voices from women's liberation*. New York: Three Rivers Press, pp. 338-349.
Penley, C. 1989. *The future of an illusion: Film, feminism, psychoanalysis.* London: Routledge.
Rich, A. 1976. *Of woman born: Motherhood as experience and institution*. New York: WW Norton.
Richards, JR. 1991. *The sceptical feminist: A philosophical enquiry*. New York: Penguin.
Rooks, AK. 2014. The "new" Ophelia in Michael Almereyda's "Hamlet". *Literature/Film Quarterly*, 42(2):475-485. https://www.jstor.org/stable/43798981.
Rushdie, S. 2021. Courage. In Rushdie (ed.). *Languages of truth: Essays 2003-2020.* New York: Vintage Books, pp. 215-219.
Sherfey, MJ. 1966. *The nature and evolution of female sexuality.* New York: Vintage Books.
SkyNews 2022. "End the lockdown": Protests in China after 10 killed in apartment block fire during strict COVID restrictions. https://news.sky.com/story/end-the-lockdown-protests-in-china-after-10-killed-in-apartment-block-fire-during-strict-covid-restrictions-12755824 [18 Desember 2022].
Smith, A. 1996. *Julia Kristeva: Readings of exile and estrangement*. London: MacMillan.
Spelman, EV. 1990. *Inessential woman: Problems of exclusion in feminist thought.* London: The Women's Press.
Spivak, GC. 1981. French feminism in an international frame. *Yale French Studies,* 62:154-184. https://doi.org/10.2307/2929898.
Srivastava, U. 2022. Explained: Who was Mahsa Amini? Why has her death spiraled protests in Iran. *Indiatimes News*. https://www.indiatimes.com/explainers/news/who-was-mahsa-amini-why-has-her-death-spiraled-protests-in-iran-580604.html [18 Desember 2022].
Stoltzfus, B. 1996. *Lacan and literature: Purloined pretexts*. Albany: State University of New York Press.
Strzyżyńska, W. 2022. Iranian woman dies "after being beaten by morality police" over hijab law. *The Guardian*. https://www.theguardian.com/global-development/2022/sep/16/iranian-woman-dies-after-being-beaten-by-morality-police-over-hijab-law [16 Desember 2022].
Thakur, R. 1997. *Rewriting gender: Reading contemporary Chinese women*. London: Zed Books.
Vilar, E. 1973. *The Manupilated Man*. Translation Eva Borneman. London: Corgi Books.
Warhol, RR & Herndl, DP. 1991. About feminisms. In Warhol & Herndl (eds). *Feminisms: An anthology of literary theory and criticism.* New Brunswick, NJ: Rutgers University Press, pp. ix-xviii.
Whitford, M. 1994. Irigaray, utopia, and the death drive. In Burke, Schor & Whitford (eds). *Engaging with Irigaray: Feminist philosophy and modern European thought*. New York: Columbia University Press, pp. 379-400.
Yanagisako, S & Delaney, C. 1992. Naturalizing power. In Yanagisako & Delaney (eds). *Naturalizing power: Essays in feminist cultural analysis*. London: Routledge, pp. 1-22.

## FILMOGRAFIE

*Hamlet*. 2000. Geregisseer deur M. Almereyda. VSA: Miramax Films.
*Ju Dou*. 1990. Geregisseer deur Z. Yimou. (Klankbaan in Chinees Mandaryns met Engelse onderskrifte). China: China Film Co-Production Co.
*My happy family*. 2017. Geregisseer deur N. Ekvtimishvili en S. Groß (Georgiaanse klankbaan met Engelse onderskrifte). Georgia: Arizona Films, Augenschein Filmproduktion, Georgian National Film Centre en (met die ondersteuning van) Polare Film.

# Weer ’n slag die *AWS*

As ek die slag in Engels móét werk, besef ek opnuut dat die Spelling-Kommissie en die Woordelijs-Kommissie wat die eerste *AWS* in 1917 die lig laat sien het, ’n baie stewige grondslag vir die vestiging en ontwikkeling van die Standaardafrikaanse spelling gelê het. Ons spellingstelsel is seker so na aan konsekwent as wat ’n mens kan verwag, wel wetende dat niks wat met taal te doen het, ooit volkome konsekwent is nie en dat die standaardisering van die Engelse en die Afrikaanse spellingstelsel langs verskillende weë ontwikkel het.

Vir my werk moet ek noodwendig die skryfkonvensies van Standaardafrikaans ken en kan toepas, en dit beïnvloed gewis die manier waarop ek na ’n Engelse teks kyk. Dit is nie soseer die spelling van Engelse woorde wat die probleem is nie; mens kan dit immers maklik genoeg in ’n woordeboek naslaan, as jou speltoetser dit nie sommer vir jou doen nie. Dis ander skryfkonvensies wat my soms pootjie. Ons taalpraktisyns moet ook deeglik na punte en kommas en sulke “kleinighede” oplet. Dalk is iets soos ’n koppelteken ’n eenvoudige saak vir Engelse taalpraktisyns, maar vir my is dit dikwels ’n probleem. Kyk byvoorbeeld na die hantering van enkele verbindings met *semi-* vooraan in verskillende Engelse woordeboeke (kolomme volgens die nommers):

(**1**) *Shorter Oxford English Dictionary* (6th ed.); (**2**) *Concise Oxford Dictionary* (9th ed.); (**3**) *Oxford Advanced Learner’s Dictionary* (5th ed.); (**4**) *Collins Cobuild English Dictionary for Advanced Learners* (3rd ed.); (**5**) *Collins English Dictionary* (1999); (**6**) *Webster’s 3rd International* (New ed. 1961)

| **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **6** |
|---|---|---|---|---|---|
| semicircle | semicircle | semicircle | semi-circle | semicircle | semicircle |
| semi-annual | semi-annual | — | semi-annual | semiannual | semiannual |
| semi-detached | semi-detached | semi-detached | semi-detached | semidetached | semidetached |
| semi-final | semi-final | semifinal | semi-final | semifinal | semifinal |
| semi-skilled | semi-skilled | semi-skilled | semi-skilled | semiskilled | semiskilled |

Of Engelse taalpraktisyns of uitgewers weet wanneer *semi-* gekoppel en wanneer dit vas geskryf moet of kan word, en of hulle elk hul eie stelsel het, weet ek nie. Daarenteen is die Afrikaanse patroon eenvoudig: Voorvoegsels soos *semi-* (voorvoegsels van Klassieke herkoms: Grieks en Latyn) word vas geskryf aan die woord wat hulle bepaal, behalwe wanneer daar op die verbindingspunt dan ’n vokaalkombinasie ontstaan wat ’n ander klank verteenwoordig, byvoorbeeld e + i, of o + e. Dan kan die skrywer óf ’n deelteken gebruik (die voorkeurvorm), óf ’n koppelteken: *sosioëkonomies* of *sosio-ekonomies*; *reïnkarnasie* of *re-inkarnasie*. Dit word in reëls 5.6 en 12.2 van die AWS volledig uiteengesit en geïllustreer.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a7

Een van die spellingbeginsels wat in die 1917-*AWS* vasgelê is en steeds geld, is dat samestellings "vas" geskryf word: as een woord. Die hele kwessie is in twee paragrawe bereël. Die eerste een lui eenvoudig so:

> Wanneer die een of ander woordsoort – behalwe 'n bijvoeglike naamwoord – 'n selfstandige naamwoord nader bepaal, word die twee aaneengeskrijwe: **noordpool**, **seewater**, **môreson**, **uitspanplek**. Dikwels word die twee met 'n koppelteken verbind: **Unie-parlement**, **Voor-Indië**. Waar die bjivoeglike naamwoord so nouw met die selfstandige naamwoord verbind is dat die twee een begrip vorm. daar word hul aanmekaar geskrijwe: **Nuwejaar**, **Oujaar**, **hoëpriester**. (Le Roux, TH, Malherbe, DF & Smith, JJ [samestt.]. 1917. *Afrikaanse Woordelijs en Spelreëls*. Bloemfontein: "Het Volksblad"-Drukkerij, p. xiv)

Die tweede paragraaf oor die kwessie verskyn onder "Aanvullinge bij die Spelreëls" en lui soos volg:

> 6. Waar dit nodig is om duidelikheidshalwe die tweelettergrepigheid aan te duie bij samengestelde woorde, daar word deeltekens geskrijwe als die samestelling reeds als 'n eenheid beskouw word; anders skrijf ons die koppelteken: **drieënig**, **meeëet**: maar **see-eend**. Die koppelteken word ook geskrijwe bij jong samestellinge, waarvan die dele nog duidelik als afsonderlik gevoel word: **Unie-Regering**. (*op. cit.*: xviii)

Ná uniewording in 1910 was Engels en "Hollands" aanvanklik die amptelike tale van die pas gestigte Unie, maar in 1925 is 'n wet aangeneem waarby Afrikaans by Hollands inbegryp is. Daarna het die gebruik en behoeftes van skriftelike Standaardafrikaans skerp toegeneem, en dit het weer daartoe gelei dat die spelreëls al hoe meer verfyn en uitgebrei moes word.

Elke nuwe uitgawe van die *AWS* was groter as die vorige, nie net wat die Woordelys-gedeelte betref nie, maar ook die Spelreëls. Die 2017-*AWS* wy 'n hele hoofstuk van 24 bladsye en 37 reëls aan die koppelteken alleen, afgesien van 'n hele paar plekke in ander reëls waarin die koppelteken ook ter sprake kom, byvoorbeeld reëls 5.5 en 5.6, wat bepaal wanneer daar 'n deelteken óf 'n koppelteken gebruik kan word, afhangende van die woordboukundige eienskappe van die betrokke woord. Deur te bepaal presies in watter omstandighede die koppelteken gebruik moet of kan word, word die subjektiewe oordeel van 'n skrywer wat moet bepaal of die samestelling "als 'n eenheid beskouw word" of "als afsonderlik gevoel word" so ver moontlik uitgeskakel.

Indien 'n samestelling met 'n koppelteken geskryf word, geld dit as 'n vorm van vas skryf. 'n Mens moet dus nie sommer 'n koppelteken gebruik as jy onseker is of 'n bepaalde kombinasie van woorde vas of los geskryf moet word nie.

Maar as 'n sekere kombinasie dan as 'n samestelling vas geskryf moet word, waarom is 'n koppelteken dan hoegenaamd nodig? Die belangrikste redes is die volgende:

(i) Samestelling word nie altyd met lede gevorm wat buite die samestelling selfstandige woorde is nie. Dit kan byvoorbeeld 'n syfer en/of 'n simbool neem, soos *V8-enjin, graad 1-klas*/*gr. 1-klas* of *6 dm-spyker*. Iets soos **V8enjin* of **6dmspyker* deug nie in gewone omstandighede nie.

(ii) 'n Koppelteken word gebruik wanneer die dele (buite die samestelling selfstandige woorde) 'n klinkerkombinasie oplewer wat uitspraak- of leesprobleme meebring, soos "(Veldm. Rommel se) *Noord-Afrikaaanvalle" waar die koppelteken voor die laaste element ingevoeg moet word: "Noord-Afrika-aanvalle", of die ou bekende "see-eend" – nie *"seeeend" nie.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a7

(iii) Soms is die eerste lid van die samestelling ’n woordgroep, dikwels byvoorbeeld Latyn, soos in “*ex officio*-verteenwoordiging”, “*pro forma*-faktuur” of “*ex gratia*-betaling”. (Dit is nie nodig om so ’n vreemdtalige woordgroep te kursiveer nie, maar ek verkies om dit te doen om die eenheid én vreemdtaligheid daarvan aan te dui. ’n Franse uitdrukking soos *note verbale* kan dalk as Afrikaans of Engels gelees word.)

(iv) In die meeste gevalle is die een lid ’n bepaler by die ander (in bv. *koekblik* is *koek*- die bepaler van -*blik*: dit sê watter soort blik dit is of waarvoor die blik gebruik word). Soms is die twee lede egter gelyke vennote, en dan word hulle met ’n koppelteken vas geskryf, bv. “Breyten Breytenbach is ’n *digter-skilder*” of “Tant Sofie is die gemeente se *skriba-kassier*”.

Daar is nog spesiale gebruike van die koppelteken, maar daaroor by ’n ander geleentheid.

**JD (Tom) McLachlan**
E-pos: tommcl@whalemail.co.za

# *Plunder*jaar

### De Afrikaanse literatuur in Nederland in 2023

Het is het jaar van de oorlog die niet ophield, in Oekraïne, en van de oorlog die erbij kwam, in Israël en Palestina. Geen van twee woedde in Nederland, maar vooral bij het Heilige Land zijn veel Nederlanders nauw betrokken. Het jaar ook van honderden bomaanslagen in Rotterdam en Amsterdam, veelal door drugsbendes die ons land willen omtoveren in een Klein Mexico.

Van de weeromstuit groeide de belangstelling voor boeken over oorlogen, oude en nieuwe, over Rusland, Oost-Europa en het Midden-Oosten. De boekverkoop steeg tot 43 miljoen, in vergelijking met ’22 een plusje van 0,1 %. ‘Gewone’ boeken op papier lopen jaarlijks iets terug, in 2023 met 0,3 %, maar e-boeken gingen 5 % vooruit en vormen nu 9 % van het totaal. Groei was er ook bij de anderstalige boeken (meest Engelse): 2 %. Hun aandeel is nu 20 %. Het gaat dan alleen om wat in Nederland gekocht is; wat kopers zelf bij buitenlandse winkels bestelden, telt niet mee. Ook tweedehands blijft buiten beschouwing – of dit nu via (web-) antiquariaten loopt of gratis via de vrolijke boekenkastjes in straten en supermarkten.

Het meest verkochte boek was, helemaal niet verrassend, voor de zoveelste keer van de Noord-Ierse Lucinda Riley: *De zeven zussen, Atlas,* na haar dood voltooid door haar zoon. Maar een beetje spektakel kende onze boekenwereld toch wel. Dankzij Francine Oomen, de beroemde schrijfster van een geweldig populaire zestiendelige reeks boeken voor pubers waarvan de titels beginnen met: *Hoe overleef ik* (1998–2015). In 2023 richtte zij zich met deel 17 voor het eerst tot volwassenen: *Hoe overleef ik alles wat ik niemand vertel,* en dat haalde de tweede plaats. Ook nummer drie is oorspronkelijk Nederlands: *De camino* van de thrillerschrijfster Anya Niewierra, met spanning langs de pelgrimsroute naar Santiago de Compostela. *De camino* werd in de Openbare Bibliotheek het meest uitgeleend.

Mocht je nu de indruk hebben dat boeken in de officiële categorie ‘Nederlandse fictie’ goed geboerd zouden hebben – nee. Ze gaan elk jaar achteruit. In 2023 met 4 %.

### Erkenning

Behoort *Om het hart terug te brengen* van Annemarié van Niekerk tot de Afrikaanse of tot de Nederlandse literatuur? Of tot allebei? In elk geval kreeg Van Niekerk er een mooie bekroning voor: de driejaarlijkse Henriëtte Roland Holstprijs van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde, bestemd voor: ‘in de Nederlandse taal geschreven werk dat zowel uitmunt door sociale bewogenheid als door literair niveau.’

In Zuid-Afrika ging de Prestasieprys van de Van Ewijck-Stigting naar de man die misschien wel meer dan wie ook heeft gedaan voor de Afrikaanse literatuur in Nederland: Hans Ester, aan de Nijmeegse universiteit, als bestuurder van het Suid-Afrikaanse Instituut en als vertaler, maar vooral als onvermoeibaar criticus. Hij beperkt zich niet tot al vertaalde Afrikaanse boeken, maar wijst de Nederlandse uitgevers ook de weg naar werk dat een vertaling waard zou zijn.

Een verrassende, helemaal terechte beloning vormde de toekenning van de Erepenning van de Akademie aan Corine de Maijer, de vroegere bibliothecaris en informatiedeskundige van het Zuid-Afrikahuis, Amsterdam. Te midden van alle bibliotheekmensen aan wie lezers


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a8

en geleerden veel verschuldigd zijn, is zij een uitblinkster. Zelfs teksten die niet in de catalogus stonden, toverde Corine tevoorschijn. Haar afscheid was een gevoelig verlies.

**Zuid-Afrikahuis en omstreken**

Ook in 2023 groeiden en bloeiden veel activiteiten in en rond dat Zuid-Afrikahuis. De Afrikaanse literatuur is een van de grote onderwerpen. Natuurlijk: ook elders in Nederland beschikken bibliotheken over behoorlijke collecties Afrikaanse boeken. En in talloze leeskringen in Nederland leest men wel ’ns een Afrikaans boek in vertaling. Maar de bibliotheek aan de Keizersgracht blijft op dit gebied onverslaanbaar en voor een honderd procent Afrikaanse leeskring is nummer 141 nog altijd *het* adres.

‘Het huis’ is in 1923 aangekocht. Om dit jubileum te vieren verspreidt de Stichting Zuid-Afrikahuis een dik geïllustreerd blad, *Verbonden met Zuid-Afrika*, waar, naast Annemarié van Niekerk en een aantal Kaapse rappers, Breyten Breytenbach de Afrikaanse literatuur vertegenwoordigt. Hij vervult een hoofdrol in een vraaggesprek van Jenne Jan Holtland met Adriaan van Dis, over hem schrijft de promovenda Francine Maessen (aan de Universiteit van Amsterdam, op Breytenbach) en vooral: hij droeg zelf drie gedichten bij. Het eerste heet ‘Weggekom om buite te sterwe’ en begint zo:

> waarnatoe nou met die krokodil van Afrikaans?
> dit was bestem om handsak te word
> en skubblink skoene –
> en toe het dit blindelings
> onder die draadversperring gedolwe
> ontsnap om anderkant uit te kom
> en nou nie meer gevang kan word
> selfs met die dooie hoender
> van versoening nie

2023 was het laatste jaar van ‘Boeken uit het huis’, destijds begonnen dankzij steun van de Nederlandse Taalunie om de smart van de covid-epidemie (Zuid-Afrikahuis gesloten!) wat te verzachten. 2023 bracht een keur van Afrikaanse schrijvers en dichters, veelal digitaal vanuit Zuid-Afrika, soms vanuit ‘het huis’ zelf: Antjie Krog met haar vertalers, Kirby van der Merwe, Helene Ewerts, Anzil Kulsen, Louis du Plessis, Alma Rossouw.

Deidre Jantjes legde uit dat zij zichzelf ziet als ‘inheemse vrouw’ die ‘inheemse verhalen’ kan vertellen, verhalen die nog nooit verteld zijn. Etienne van Heerden haakte hierop in met zijn achtergrond: als blanke scholier en tegelijk als *plaaskind*, met de kinderen van de arbeiders als speelmakkers. Wij Zuid-Afrikanen, zei hij, zijn *lotgenote:* niet alleen een mooi woord maar ook een woord waarvan de betekenis nog te weinig doordringt.

26 oktober, de geboortedag van Karel Schoeman, bracht het sluitstuk van de reeks: Jaap Goedegebuure in gesprek met de Schoeman-kenster Ria Winters en met Johann Rossouw. Over hun beider relatie met de schrijver bleek veel te zeggen, in het bijzonder over Rossouws roman *Sluitstuk.* Die bleek namelijk een sleutelroman over zijn traumatische verhouding met Schoeman, met een belangrijk personage dat geïnspireerd is op Winters.

Digitaal blijven de ‘Boeken uit het huis’ lang te zien (www.zuidafrikahuis.nl).

Via datzelfde adres kunnen de ‘vrienden’ van het huis *Spectrum* lezen, de digitale voortzetting van het maandblad *Zuid-Afrika*, in Nederland vrijwel de enige bron voor besprekingen van onvertaalde Afrikaanse literatuur.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a8

Francine Maessen noemt *bottelnek breek bek* van Dianne du Toit Albertze ‘een sterk debuut, maar ook een zware roman, waarmee de auteur de lat hoog legt voor zichzelf – en soms ook iets te hoog.’ De moeilijkheid ligt in de compositie en in het Namakwalandse taalgebruik, maar Maessen is goed te spreken over het boek als Afrikaans transverhaal.

Naar aanleiding van *Eugene*, de langverwachte tweede roman van Kirby van der Merwe, schrijft Ingrid Glorie over auteurs die liever geen ‘bruin skrywer’ genoemd worden maar wel schrijven over de leefwereld van de arme bruine bevolking. Het staat haar waardering voor de roman niet in de weg: ‘uiterst sfeervol, met een grote opmerkingsgave’, ‘tragisch en komisch tegelijk’, ‘geboren verteller’, ‘smeuïg en met veel gevoel voor humor’. *Retoervloot* van Dan Sleigh komt er bij Glorie slechter af: een roman die al te zeer de historicus op de voorgrond brengt in plaats van de romanschrijver. ‘Het boek gaat aan volledigheid ten onder.’ Ook bij *Wieg* van Joan Kruger struikelt de lezeres Glorie over de grens tussen feit en fictie. Dit boek over een achttiende-eeuwse Hugenote en vroedvrouw vertegenwoordigt een tussengenre: ‘geen historische roman, maar ook geen biografie’, en brengt de lezer in de war. Gevoel voor het ‘spel met feit en fictie’ heeft Glorie intussen beslist wel, want *Sluitstuk,* de al genoemde sleutelroman van Rossouw over Karel Schoeman, vindt zij ‘intrigerend’ en ‘fascinerend.’

Naast deze Nederlandse reacties op Afrikaanse romans bracht *Spectrum* twee Zuid-Afrikaanse poëzie-kritieken: Veronique Jepthas over de bundel *Ontaard* van Pieter Odendaal en Dylan Lee over *Soekenjin* van Bibi Slippers. Francine Maessen en Karel Benjamin van Lierop signaleerden twee boeken met veel Breytenbach: *Breyvier* en *Kwintet,* allebei van Yves T’Sjoen. G.J. Schutte herdacht zijn collega Dan Sleigh, als ‘historicus, actief beschermer van natuur en cultuur’. Ondertitel ‘’n Reuse boom het geval.’

Bijzonder is de reactie van Rob van der Veer op de vertaling van Antjie Krogs bundel *Plunder,* die in het Nederlands *Plundering* is gaan heten, en dat verschil is meteen een eerste probleem. Door zijn zorgvuldige aanpak verduidelijkt Van der Veer het grote belang van het vertalen, nauwgezetter dan van een krantencriticus verwacht kan worden. Goed dus, dat er een *Spectrum* is!

**Ingrid Jonker**

Vorig jaar was er zoveel geroezemoes over Jonkers nalatenschap en de erfenis van Gerrit Komrij, dat de zoveelste herdruk van Komrijs bloemlezing uit haar gedichten, *Ik herhaal je,* aan mijn aandacht is ontsnapt (19$^{de}$ druk, Podium € 20,99). In 2023 heeft het Literatuurmuseum, nog in Den Haag maar onderweg naar Utrecht, alle papieren gedigitaliseerd. Belangstellenden waar ook ter wereld kunnen vragen om digitale inzage. In overleg met Jonkers familie stelt het museum de nalatenschap nu ter beschikking van de F.A.K. in Pretoria.

‘In de handen van Ingrid Jonker veranderde alles in poëzie’, een artikel van Bertram Mourits, het ‘hoofd collecties’, hoorde tot de meest gelezen bijdragen op het ‘LiteratuurLab’ (literatuurmuseum.nl). Op 30 december kondigde *de Gelderlander* voor diezelfde dag, 14 uur, een poëziemiddag rond Ingrid Jonker aan in de Nijmeegse bibliotheek De Mariënburg.

En van Petrovna Metelerkamp verscheen *Ingrid Jonker, het kind is niet dood,* een veel omvattende Nederlandse biografie (633 p), vertaald en bewerkt door Gerard Scharn. Een ingewikkelde uitgave. Geen vertaling van *Ingrid Jonker, ’n biografie* uit 2018, zoals wel beweerd wordt, maar van het vroegere *Beeld van ’n digterslewe.* En dat volledig, dus inclusief de ‘jeugdbiografie’ van Anna Jonker en alle afbeeldingen. Niet zo mooi als die oude uitgave, maar wel in een nette uitvoering. Als actueler extra bevat het nieuwe Nederlandse boek dan ook nog een ruime samenvatting van *Ingrid Jonker, ’n biografie*.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a8

Voor bibliografie, register enz. verwijst de vertaler helaas naar *die* biografie. Helaas, want die is in geen enkele Europese bibliotheek te vinden. Nog ’ns helaas: Jonkers poëzie wordt alleen geciteerd in het Nederlands. Twee keer jammer, maar te begrijpen: het boek is dik genoeg (Kaneelfabriek, € 39,50).

**Festival**

Nu de covid-epidemie het toestond, pakte Ingrid Glorie meteen de koe bij de horens en hervatte zij de traditie van het Festival voor het Afrikaans (24-26 november). Veel Afrikaanse literatuur, maar daarnaast ook muziek, film, toneel en gesprekken over vertaling en taalvariatie. Voor één bezoeker te veel om mee te maken, al was het maar doordat verschillende attracties zich tegelijk afspeelden. Het Haagse theater De Regentes, vroeger het zwembad waar half Den Haag leerde zwemmen, bood genoeg grote en kleine zalen. Oude verkleedhokjes dienden als kleedkamers voor de artiesten. Het festival was een groot succes.

Na lange tijd trad Amanda Strydom op in Nederland (twee keer!). Antjie Krog ging in gesprek over vertalen en later over (voor)leesstof voor kinderen, maar was begonnen met wat bijna een Antjie-show mocht heten, een verrassende presentatie van haar poëzie met ondersteuning van een stemkwintet, met (na Krog zelf) Yves T’Sjoen als uitblinker. Marita van der Vyver deed natuurlijk mee bij de jeugdliteratuur, maar ging ook over *Laaste kans* in gesprek, met Margriet van der Waal. Als welkome gast bij de ‘Klimaatdichters’ dook Marlene van Niekerk op, met een nieuw gedicht, ‘Juffrou Melancholia blaas ’n gasket oor olie’:

> Ek, ’n pass maak na olie? Oor my dooie
> liggaam! Dis sy wat my bespring het
> uit die bloute. My aan die strot
> gegryp met haar vetterige
> fladderklou, my aangejaag
> teater toe, my reggemaak
> onder die ligte. Mind you elke geil gatkruiper
> in haar karavaan het my met akklamasie
> ontwy: steenkool, gas, pik, parafien, al die jagse
> chemicals in haar gang.

*Armada*, het Nederlandse *tijdschrift voor wereldliteratuur*, presenteerde een themakrant: ‘Afrikaans in transformatie’, over de speelruimte die de Afrikaanse literatuur biedt voor culturele veranderingen. Met nieuw vertaald werk van Veronique Jepthas, Karel Schoeman en Eben Venter. Medewerkers uit Nederland, Vlaanderen en Zuid-Afrika belichten thema’s als kolonialisme, gender en milieu, aan de hand van ‘grote namen’ als Eybers, Kamfer, Krog, Johann Lodewijk Marais, Petra Müller, Opperman, Schoeman en Venter, maar vooral ook van een lange reeks jonge, nog niet zo bekende schrijvers.

Frazer Berry liet van zich horen. Marlo Minnaar speelde ‘Boesak!’ ‘En vele anderen’, zegt men dan, maar aan het pleidooi van ambassadeur Madonsela voor het Afrikaans als brug tussen culturen en aan zijn voordracht van ‘Heimwee’ van J.R.L. van Bruggen kan ik hier niet voorbijgaan. Kortom: in Den Haag was veel te beleven.

**Meer evenementen**

Was Gert Vlok Nel in Den Haag alleen op een scherm te zien, eerder toerde hij wel degelijk door Nederland in levenden lijve (Amen, Amsterdam, Eenrum, Terneuzen). *Kletsrijmer* Early


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a8

B en het duo Van Pletzen stonden in de Melkweg in Amsterdam. De eerste dag op de Zuid-Afrikaanse Tiendaagse Letterkundetoer van Marieke Nel en Karin Tomlinson bood meteen al een Eybersdag met als gids Ena Jansen. Antjie Krogs bekende mis *Broze aarde* werd op 15 april uitgevoerd bij het Apostolisch Genootschap Slotervaart, gemeente Amsterdam. Adriaan van Dis begon in oktober een veertiendaagse podcast 'Ongefilterd' over van alles wat hem bezighoudt, zoals poëzie van Ronelda S. Kamfer en Antjie Krog (*Plundering*). Aan de Leidse universiteit zetten studenten hun eerste schreden in de Afrikaanse literatuur in het voetspoor van Steward van Wyk en Marni Bonthuys. Vanuit Nederland werd, niet voor het eerst, naast Arnon Grunberg ook Antjie Krog kandidaat gesteld voor de Nobelprijs.

**Meer vertalingen**

Haar *Plundering* is ook *de* vertaling van het jaar (vert. Robert Dorsman en Jan van der Haar, tweetalig, Podium € 24,99). De kritiek is meer dan lovend en drukt zich, onder Krogs invloed, extra bloemrijk uit. Maar er valt in de reacties bijna geen woord Afrikaans; de recensenten citeren Krog vrijwel steeds in de Nederlandse vertaling.

Dieuwertje Mertens (*Het Parool* 11 februari) spreekt van heel intieme poëzie, die in vergelijking met Krogs eerdere gedichten niets inboet aan maatschappelijke betrokkenheid. Ouderdom en veroudering horen tot haar voornaamste onderwerpen, maar haar poëzie blijft daarbij even krachtig.

Volgens Mirjam van Hengel (*de Volkskrant* 4 maart) maakt Krog door haar reeks tweetalige bundels inmiddels 'vanzelfsprekend deel uit van onze poëzie.' Deze dichteres is altijd 'razend': 'over vernedering, verbrande kinderen en vernietigde dorpen, over de boerderij van haar witte familie, de schuld en de schaamte', maar haar poëzie dankt de zeggingskracht aan haar vermogen om haar 'vlammende zelfreflectie' te verbinden met schoonheid, met de schoonheid van de natuur en van haar taal.

Voor Jogchum Zijlstra (*Nederlands Dagblad* 14 april) is Krog 'een van de groten van de hedendaagse wereldliteratuur.' Ook hij herkent in de bundel haar voortdurende engagement en noemt naast de ouderdom en de natuur ook de ongelijkheid als thema. Maar kenmerkend is vooral Krogs 'felheid', 'verontwaardiging of zelfs woede', met na de Zuid-Afrikaanse apartheid nu een wereldwijd individualisme als de grote tegenstander.

Een 'snoei-eerlijk, sociaal bewogen oeuvre' zegt Janita Monna in *Trouw* (26 mei), met Krog als ouder wordende vrouw die toch strijd blijft leveren tussen 'de woedende scharnieren van de wereld.' Krog laat zien dat je niet anders kunt bestaan dan 'in verbondenheid': met je familie, je land en de wereld.

Onder de kop: 'De dood is nabij, maar de dichter is vol levenslust' sluit Obe Alkema (*NRC* 28 juli) zich grotendeels bij de anderen aan. Dit nieuwe werk getuigt voor hem in de eerste plaats van een kritisch zelfonderzoek van iemand die oud wordt en overvallen wordt door angsten die soms racistisch aandoen – van een 'grandioos authentiek zelfonderzoek' dat *Plundering* maakt tot een 'onstuimige, pijnlijke maar ook ontzagwekkende bundel'.

In *De Groene Amsterdammer* (21 december) beklemtoont Alfred Schaffer de originaliteit van de bundel, en van Krogs dichterschap. Hij wijst op de kracht van de titel *Plunder* (werkwoord, gebod en veroordeling), die in de vertaling verloren ging. En stipt aan hoe openhartig Krog te werk gaat, zonder dat de lezer zich indringer gaat voelen.

Over het belang van de titel, literaire vernieuwing samen met engagement, de ouderdom en het verzet daartegen schrijft ook Geertjan de Vugt. Het poëzieblad *Awater* (2023-2) geeft hem een ideaal podium om uit te leggen hoe Krog tegengestelde ideeën en interpretaties naar

voren brengt, gelijkwaardig zo niet door elkaar – hoe zij haar gedichten laat 'doen wat alleen de poëzie vermag'.

Digitaal is *Plundering* besproken door Yolandi de Beer (*Meander*) en Francine Maessen (*Elders Literair*).

Na een derde druk in 1998 was het betrekkelijk stil geworden rond *De betoverde berg*, de vertaling via het Engels van *Toorberg*, van de hand van Rob van der Veer. Nu verscheen bij Aldo een 'vierde, herziene druk; vertaald uit het Engels met gebruikmaking van de Afrikaanse tekst'. Nieuwe titel: *Toverberg* (€ 24,99). Arie Kok heette deze herdruk van een 'klassieker in de Zuid-Afrikaanse literatuur' meer dan welkom (*Friesch Dagblad* 19 augustus). 'Van Heerden weet de ziel van het gepijnigde land te vangen in een meeslepend en gelaagd verhaal', weet ook 'het zwarte en het witte perspectief gelijkwaardig in zijn verhaal te verwerken' en schetst tenslotte 'een complex, rijk geschakeerd en levendig beeld van het bij tijden moeizame samenleven in Zuid-Afrika'.

Geen nieuwe vertaling maar voor de doelgroep wel een belangrijke heruitgave is *Het meisje uit het verscholen dorp* van Irma Joubert als grootletterboek (VBK). In gewone letter verscheen bij Mozaïek van dat boek de zesde druk (€ 20) en daar zijn van Joubert nog negen andere romans verkrijgbaar. Dat is veel, maar thrillerschijver Deon Meyer heeft er bij zijn uitgever Bruna nog meer op de plank. Angsthazen die bang zijn om van Meyer ook maar iets te missen, kunnen bij Bruna de nieuwe vertaling, *Leeuw*, voor € 24,99 reserveren. Op 12 maart 2024 staan zij 's ochtends voor de winkeldeur.

Maar er zijn ook vertalingen aangekondigd zonder reservering: *Spertyd* van Elsa Joubert, *Kompoun*, de roman van de dichteres Ronelda S. Kamfer en *Die getuienis* van François Smith. Evenzoveel veelbelovende vooruitzichten op een volgend jaar Afrikaanse literatuur in Nederland.


**Eep Francken**
Universiteit Leiden en Noordwes-Universiteit
E-pos: a.a.p.francken@hum.leidenuniv.nl

# Wat is Verligting?[1]

**Hercules Boshoff**
Filosofie, Fakulteit Geesteswetenskappe
Akademia, Pretoria, Suid-Afrika
E-pos: hercules@akademia.co.za

**Piet Boshoff**
Senior Navorser, Departement Ou Testamentiese Studies
Universiteit van Pretoria, Pretoria
Suid-Afrika


Hercules Boshoff


Piet Boshoff

| | |
|---|---|
| **Hercules Boshoff** is 'n dosent in filosofie aan Akademia, asook buitengewone navorser in die Skool vir Filosofie, aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom. Hy was tot 2021 'n post-doktorale navorser by die Noordwes-Universiteit. Hy het sy PhD getiteld *Ekonomie en Subjektiwiteit* (2019) aan die Universiteit van die Vrystaat voltooi, en sy MA (2015), aan die Universiteit van Pretoria. Met beide hierdie projekte het hy onder van Nederland se mees vooraanstaande filosowe gewerk. Sy publikasies dek die filosofie van ekonomie, tegniek, taal, Duitse Idealisme, en die geskiedenis van filosofie. | **Hercules Boshoff** is a lecturer in philosophy at Akademia, and an extraordinary researcher in the School of Philosophy at North West University in Potchefstroom. He was a postdoctoral researcher at North West University from 2019-2021. He completed his PHD entitled *Economics and Subjectivity* (2019) at the University of the Free State, and his MA (2015) at the University of Pretoria. During both these projects he worked under some of the most distinguished philosophers in the Netherlands. His publications cover philosophy of technics, language, German Idealism, and the history of philosophy |
| **Piet Boshoff** is 'n navorser aan die Universiteit van Pretoria, Departement van Outestamentiese studies. Hy studeer aan die Universiteit van Pretoria, die Kirchliche Hochschule, Berlyn en die Evangelisch-Theologische Fakultät van die Rheinische Friedrich-Wilhelms-Universität, Bonn. In 2023 publiseer Akademia Uitgewery *Plato se dialoogtrilogie uit die laaste dae van Sokrates: Eutuphro, Die Verdediging van Sokrates* en *Krito* uit die Grieks vertaal deur Piet Boshoff. | **Piet Boshoff** is affiliated with the Department of Old Testament studies at the University of Pretoria. He studied at the university of Pretoria, the Kirchliche Hochschule, Berlin and the Evangelisch-Theologische Fakultät of the Rheinische Friedrich-Wilhelms-Universität, Bonn. In 2023 the following translations from Greek into Afrikaans were published by Akademia: *Plato se dialoogtrilogie uit die laaste dae van Sokrates: Eutuphro, Die Verdediging van Sokrates* en *Krito.* |

[1] Kant se essay – *Was ist Aufklärung?* – is een van die bekendste filosofie-essays van alle tye. Die vertaling van hierdie seminale teks in Afrikaans, wat op 'n unieke wyse in Duits geformuleer is, bied nou aan die Afrikaanstalige filosofiestudent of -liefhebber betekenisvolle toegang tot Kant se denke.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a9

1. Die Verligting is die bevryding van die mens uit sy selfopgelegde onmondigheid. Onmondigheid is die onvermoë om die verstand sonder die begeleiding van ander te gebruik. Self-opgelê is die onmondigheid wanneer die oorsaak daarvan nie by die tekortkoming van die verstand self lê nie, maar by onvoldoende vasberadenheid en moedigheid; om die verstand sonder begeleiding van ander te gebruik. *Sapere aude!* Hou moed, en laat jou van jou verstand bedien, is die leuse van die Verligting.

2. Luiheid en lafhartigheid is die oorsaak waarom so 'n groot deel van die mensdom ná hulle deur die natuur van vreemde leiding vrygemaak is (*naturaliter maiorennes*), lewenslank nog onmondig bly, en waarom dit vir ander so eenvoudig is om hulle as voogde voor te doen. Dit is werklik só maklik om onmondig te wees. Het ek tog maar 'n boek gehad wat namens my verstandig is, óf 'n sielesorger wat namens my my gewete dra, óf 'n dokter wat vir my 'n dieet uitwerk, ensovoorts, het ek nie nodig om myself te bemoei nie. Ek het nie nodig om te dink solank ek net kan betaal nie; ander kan dié lastige taak oorneem. Die meerderheid mense (daaronder tel die hele skoner geslag) reken dat die stap tot mondigheid, afgesien daarvan dat dit moeilik is, ook gevaarlik is – daarvoor het die voogde gesorg wat die oppertoesig oor daardie mense ewe goedgunstiglik op hulle geneem het.

   Nadat hulle die huisvee eers dom gemaak en verhoed het dat die bedeesde skepsels geen trap buite die gareel waaraan hulle gebind is, kan betree nie, wys hulle op die gevaar wat dreig wanneer daar gewaag word om op jou eie te gaan. Hierdie gevaar is nou eenmaal nie só groot nie, want net deur soms te val, word daar uiteindelik geleer om te loop. Hierdie neerslaan word egter gebruik as 'n afskrikmiddel teen verdere probeerslae.

3. Dit is boonop moeilik vir iedere mens om hom uit die amperse natuurlik geworde onmondigheid los te wikkel. Hy het selfs daarvan begin hou, en is nog nie daartoe in staat om hom van sy eie verstand te bedien nie, omdat dit nooit van hom vereis is nie. Leerstellings en formules, hierdie meganiese werktuie van sy rede, of eerder, 'n misbruik van sy natuurlike talente, is die voetboeie van 'n volgehoue onmondigheid. Wie daaruit losbreek, sou slegs met onsekerheid oor selfs 'n klein sloot spring omrede hy nie gewoond is aan vrye beweging nie. Daarom is daar min mense wat daarin slaag om hulself met die inspanning van hul eie geesteskrag uit die onmondigheid los te wikkel, én daarbenewens nog 'n koersvaste weg in te slaan.

4. Dat die gemeenskap hulself egter kan verlig, is wel moontlik indien 'n mens hulle net die vryheid gun; dan is dit byna onafwendbaar. So word onder die voogde enkele selfdenkendes gevind, mense wat nadat hulle die juk van onmondigheid self afgegooi het, die gees bedien met 'n redelike inskatting van hul eiewaarde gepaardgaande met die roeping van elke mens om self te dink en dit om hulle heen te versprei.

   Merkwaardig is dit ook dat 'n gemeenskap wat vantevore onder die juk gehou is, hulself dwing om daaronder te bly wanneer voogde – wat self nie tot enige verligting in staat is nie – hulle daartoe aanpor. Dit is skadelik om sodanige vooroordele te kweek omrede dié vooroordele hulle ook op hul kwekers sal wreek. Daarom kan 'n gemeenskap net langsaam tot verligting kom. Deur middel van 'n rewolusie word die oorhand straks oor 'n persoonlike despotisme, gewin of heerssugtige verdrukking verkry, maar 'n ware hervorming van denke kom nooit tot stand nie; eerder nuwe vooroordele wat, soos die oues, die leibande van die ondenkende massa opneem.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a9

5. In hierdie langsame verligting word niks anders as die vryheid vereis nie, en wel die onskadelikste vorm van alles wat onder vryheid verstaan kan word – die aanmoediging om openlik van sy rede op alle terreine gebruik te maak. Nou hoor ek die kreet van alle kante af: Moenie redeneer nie! Die offisier sê: Moenie redeneer nie, voer uit! Die raad van finansies: Moenie redeneer nie, maar betaal! Die geestelike: Redeneer nie, maar glo! (Net een enkele heerser in die wêreld sê: *Redeneer* soveel jy wil en waaroor jy wil, *maar gehoorsaam!*) Hierdie is alles voorbeelde van die inperking van vryheid. Watter beperking is vir die Verligting hinderlik en watter nie, maar wil sy belange steeds bevorder? My antwoord is: Die *openbare* gebruik van rede moet vry wees, en daardeur alleen kan die Verligting onder mense teweeggebring word terwyl die *privaat gebruik* dikwels eng en beperk blyk te wees; sonder dat dit die openbare gebruik van die rede hoef te verhinder. Ek verstaan onder die openbare gebruik van die eie rede, die gebruik daarvan deur ’n kundige voor die ganse *leserspubliek*. Die privaat gebruik, daarenteen, is volgens my dit wat aan ons toevertrou word in *burgerlike poste* of ampte waar iedereen van sy rede gebruik kan maak ooreenkomstig sy gewete. Nou is dit noodwendig so dat ten opsigte van aangeleenthede waarby die belang van die gemenebes betrokke is, ’n gewetensmeganisme ingespan word waardeur sekere lede van die gemeenskap passief gehou moet word ten einde deur kunsmatige eenstemmigheid die regering tot die verrigting van openbare take te rig, of dit minstens te weerhou van die sabotering van hierdie take. In soverre dié deel van die masjien hom egter as deel van die gemenebes ag, en selfs van wêreldburgerskap, kan hulle as geleerdes hul menings opper in die openbare sfeer, én kan dergelike geleerdes steeds redeneer sonder om die saak skade te berokken waarvoor hulle op passiewe wyse aangestel is.

Sodoende is dit betreurenswaardig wanneer ’n offisier – wat deur sy opperste beveel is om ’n taak uit te voer – hom luidrugtig uitlaat oor die doel of nuttigheid van sy taak tydens die uitvoering daarvan; hy moet eenvoudig gehoorsaam. Hy kan egter nie verkwalik word as hy hom as geleerde oor die foute in die diensplig uitspreek en sy insigte voorlê aan die publiek vir beoordeling nie. Eweso kan die burgerlike ook nie weier om die belastings wat aan hom opgelê is, te betaal nie. Indien hy op sy eie ’n eiewyse kritiek sou lewer, sou dit selfs as ’n skandaal – wat algemene verset kan aanmoedig – bestraf word.

Daarteenoor ondermyn hy egter nie sy plig as burger wanneer hy as geleerde die ongeskiktheid of selfs ongeregtigheid van sulke belastings openlik blootlê nie. Eweso is die geestelike leier daartoe verbind om sy kategiste en gemeente dienooreenkomstig met die simbool van die Kerk wat hy dien, te onderrig, want volgens hierdie verordeninge is hy aangestel. As geleerde het hy egter die volle vryheid, ja, selfs die geroepenheid daartoe, om ál sy sorgvuldig beproefde en goedbedoelde gedagtes oor die foute in elke simbool en voorstelle wat tot die verbetering van die godsdienstige en kerklike aangeleenthede lei, met die publiek te deel. Hierin kan niks gevind word waaroor die gewete beswaard hoef te wees nie, want as ampsdraer van die Kerk stel hy die leer as gesaghebbend voor aangesien hy nie vrye teuels het om na eie goeddunke te onderrig nie, maar volgens voorskrif in die naam van ’n ander aangestel is. Hy sê: Ons Kerk leer dit of dat, en hierdie is die bewysgronde waarop dit bou. Hy bied dan alle praktiese nut vir sy gemeente aan as stellings wat hy self nie met volle oortuiging onderskryf nie; trouens, hy volhard daarmee omrede dit nie totaal onmoontlik is dat waarheid wel daarin verborge lê nie – in elk geval weinig of niks wat die innerlike krag van die religie weerspreek nie. Sou hy weerspreking daarin vind, beoefen hy nie sy amp met integriteit nie, en moet hy dit neerlê.

Die gebruik van die rede waarmee die aangestelde leraar sy kerk bedien, is bloot *privaat* aangesien dit altyd ’n plaaslike gemeente is, hoe groot ook al. Ten aansien hiervan is hy as priester nie vry nie en durf dit ook nie wees nie, omdat hy ’n opdrag van ander uitvoer.

Daarenteen geniet hy as geleerde wat deur geskrifte tot die eintlike samelewing – of anders gestel, die wêreld – spreek, ’n onbeperkte vryheid as geestelike in die openbare gebruik van sy rede, aangesien hy hom van sy eie rede kan bedien en as sy eie persoon spreek. Dat die voogde van die volk (in geestelike aangeleenthede) self weer onmondig kan wees, is ’n absurditeit, wat nimmereindigende absurditeite tot gevolg het.

6. Sou die geselskap van geleerdes, soos ’n kerkraad of eerwaardige klassici (soos dit onder die Hollanders bekend staan) egter daarop geregtig wees om mekaar onder eed tot ’n bepaalde onveranderlike simbool te verbind en sodoende onbehoorlike voogskap oor elkeen van sy gelykes te kry en deur hulle die volk te lei – en boonop dié voogskap permanent vestig? Ek sê: Dit is gans onmoontlik! ’n Kontrak van dié aard wat vanuit die verhindering van alle verdere verligting van mense gesluit word, is nikswerd; selfs al sou dit ook deur die opperste geweld, deur ryksdae en die vrolikste vryheidsverdrae gerugsteun word. ’n Tydperk kan nie daartoe verbind wees en sweer om die volgende in ’n toestand te plaas waarin dit vir hom onmoontlik word, om – veral wanneer dit van belang is – sy kennis uit te brei, van foute te suiwer en met die Verligting verder te gaan nie. Dit kom neer op ’n verbreking met die menslike natuur wat oorspronklik juis op sodanige vooruitgang bestem is. Die nakomeling is volkome daarop geregtig om dergelike besluite onvanpas te verklaar en te verwerp. Die toetssteen van alles wat as wet oor ’n volk kan geld, hang af van die beantwoording van die vraag of ’n volk sodanige wet wel op homself kan afdwing.

Nou is dit eenmaal, in afwagting op verbetering, moontlik om binne die bestek van ’n bepaalde kort tyd ’n voorlopige verordening deur te voer waarin ’n mens dit van elke burger, veral die geestelikes in hul kapasiteit as geleerdes, verwag om aan die hand van geskrifte vry en openlik te kan interpreteer, en oor die foutlyne van die gevestigde inrigtings aanmerkings te maak. Die voorlopige verordeninge geld totdat die insig in die aard van die sake só wyd bekend raak, en aanvaar word, dat die verenigde stemme – al is dit nie van almal nie – voorspraak by die troon kan maak vir beskerming van dergelike organisasies in ooreenstemming met die nuwe insigte wat hulle volgens die beter insigte tot ’n veranderde godsdiens rig sonder om diegene wat hulle by die ouer vorme skaar, daarvan te ontsê.

Dit is nietemin ongeoorloof om ’n mens met slegs een onbetwyfelbare leerstelling te vereenselwig, selfs ook nie in ’n enkele mens se lewensduur nie, omrede daarmee saam die vooruitgang van die mens tot verbetering tegelykertyd vernietig en vrugteloos word vir die nageslag. Een mens kan weliswaar vir sy persoon, en ook net op ’n gegewe tydstip, die Verligting ten opsigte van wat hy moet weet, uitstel; indien hy daarvan afsien in sy eie persoon, daarmee saam nog meer vir die nakomelinge, kom dit neer op die skending en vertrapping van die mensdom se kosbare reg. Wat ’n volk nie oor sigself mag besluit nie, durf nog minder deur ’n monarg besluit te word, want sy wetgewende aansien berus daarop dat hy die gesamentlike volkswil saamsnoer in homself. Indien hy toesien dat alle ware of vermeende verbeterings met die burgerlike orde saamval, kan hy sy onderdane uiteindelik laat uitvoer wat hulle vir hul eie sieleheil nodig ag en wat hom nie aangaan


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a9

nie. Hy moet egter verhoed dat die een die ander met geweld verhinder om aan die bevordering van sy eie vermoë te werk ten einde sy bestemming te bereik.

Dit doen afbreuk aan sy majesteit indien hy hom inmeng in die geskrifte waarin sy onderdane hulle uitdruk, en dit plaas onder die toesig van sy regering. Wanneer hy só optree vanuit die verhewenheid van sy posisie, stel hy hom bloot aan die verwyt: *Caesar non est supra Grammaticos* (die keiser het geen outoriteit bo die geleerdes nie); des te meer wanneer hy sy oppergesag ondermyn deurdat hy geestelike despotisme van enkele tiranne in sy staat teenoor sy onderdane ondersteun.

7. Wanneer daar dan gevra word: Lewe ons nou in 'n verligte tydsgewrig, is die antwoord: Nee, maar ons lewe wel in 'n tyd van Verligting. Soos sake tans daar uitsien, in die geheel beskou, skiet ons nog tekort aan die vereiste dat mense daartoe in staat kan wees, óf begelei kan word, om in godsdienstige aangeleenthede hulle van hul eie verstand sonder begeleiding van 'n ander te bedien. Dat vir hulle die veld geopen word om met vrymoedigheid in dié rigting te beweeg, én dat die hindernisse teen die algehele Verligting of die uitbreek uit hul selfverskuldigde onmondigheid geleidelik afneem – daarvan het ons tóg duidelike tekens. So beskou, is dit wel die tydperk van die Verligting, oftewel die eeu van Friedrich (die Grote).

8. 'n Vors wat dit nie onwaardig vind om te beklemtoon dat hy dit as *plig* voorop stel om niks in godsdienstige aangeleenthede aan mense voor te skryf nie, maar hulle daarin volle vryheid gun, en ook die hoogmoedige beskrywing van *toleransie* afkeur, is self verlig en verdien om in dankbaarheid deur die wêreld en nageslagte aangeprys te word as die eerste regeerder om die menslike geslag los te maak van sy onmondigheid en elkeen vry te laat om alles wat die gewete aangaan, deur die verstand te benader. Onder hom mag eerwaardige geestelike leiers, ongeag hul ampsplig, as geleerdes vry en openbaar die aangenome simbool blootstel aan afgeweegde oordele en insigte, en dié beproewings aan die wêreld voorlê; des te meer word die beperkende rol van die amp omgekeer. Hierdie gees van vryheid brei ook uiterlik uit, selfs daar waar dit omring word met regerings wat 'n wanbegrip van hul eie funksie koester. Dit word belig deur die feit dat die regering nie in die minste besorgd hoef te wees daaroor dat vryheid 'n bedreiging teen eenheid van die gemenebes en vredeliewendheid inhou nie. Die mense werk hulle vanuit hulself uit die barbarisme, mits daar nie met opset probeer word om hulle kunsmatig daarin te hou nie.

9. Ek het die hoofpunt van die Verligting, die uittrede van die mens uit sy selfopgelegde onmondigheid – vernaamlik deur die *godsdiensaangeleenthede* – gelees, aangesien ons heersers in die kuns en wetenskappe geen behae daarin het om voog oor hul onderdane te speel nie; ook omdat onmondigheid in godsdiensaangeleenthede die skadelikste en mees onterende van almal is.

Die denkwyse van die staatshoof wat die godsdiens begunstig, gaan selfs nog 'n stap verder en sien in dat daar selfs in sy *wetgewing* geen gevaar bestaan om sy onderdane toe te laat om hul eie rede *openlik* te gebruik en hul denke toe te spits op 'n beter bewoording daarvan nie. Ons het 'n glansryke voorbeeld van 'n eerwaardige monarg wat deur geen ander voorgegaan word in die opsig dat hy vrymoedige kritiek toelaat, ook teen dit wat reeds gegee word.

10. Slegs só 'n verligte heerser wat nie skaduwees vrees nie, en tegelykertyd in bevel staan van 'n gedissiplineerde, talryke leër wat openbare orde kan handhaaf, kan sê wat 'n


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a9

republiek nie waag om te sê nie: *Redeneer so veel julle wil en waaroor julle wil, maar gehoorsaam!* Hiervolgens blyk 'n vreemde, onverwagte gang van menslike sake wat byna alles weerlê soos dit ook soms is wanneer 'n mens dit in geheel betrag. 'n Groter graad van burgerlike vryheid blyk vir die geestesvryheid van die volk voordelig te wees, maar stel aan hulle tog onoorkombare grense; hierteenoor verskaf 'n aks minder daarvan ruimte om hulle tot die verwesenliking van hul vermoëns aan te moedig. Wanneer die natuur dan van onder die harde omhulsel van die kiem waarna hy sorgsaam omsien – naamlik die behoefte aan en beroep op *vrye denke* – gewikkel het, werk dit geleidelik terug na die inbors van die volk waardeur dit vaardiger word om in *vryheid te handel*, en uiteindelik ook op die grondbeginsels van die *regering* wat dit voordelig ag om die mense wat nou *meer as masjiene* is, na waarde te hanteer.

Königsberg, Pruise, 30 September 1784. (*Beantwortung der Frage: Was ist Aufklärung?* Verskyn oorspronklik in 1784 in die Desemberuitgawe van die *Berlinische Monatsschrift*.)

Kant, I. 1968. *Kant Werke: Band 9*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft

## Afrikaanses

### Rou

Snags verdwaal ek in bosse sonder bakens
en loop in sirkels met nat geswete lakens.
Bedags is alle skroewe los. Niks is vas. Alles swewe.
My vrou is dood en ek het niks meer om voor te lewe.

### In die Bosveld

My jas haak vas aan ’n wag-’n-bietjie bos
en ek dra ’n Atlas deur my rousmart kolos.
’n Koedoe loer na my deur fyn doringtakkies
en by die kampvuur raak my smart las effens los.

### Aloe variegata (Kanniedood*)

Hierdie kanniedood liefde het ek geplant
in my tuin waar ons twee so bloedrooi blom.
Waarom is die ontydige dood so dom,
want hierdie kanniedood maak hy nie vankant.

* Toeligting: Die aalwyn Aloe variegata stoot sy rooi blomme uit in die ergste droogte. Daarom staan hy in die volksmond bekend as Kanniedood.

**Hennie Pieterse**
E-pos: hjcpieterse62@gmail.com


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a10

# Oproep om bydraes: Spesiale Ontlaeringsuitgawe van *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 2024

Oor die afgelope ses jaar het drie kollokwiums plaasgevind onder die vaandel van die Ontlaeringsprojek. In die breë is die Ontlaeringsprojek gemoeid met hoe ons oor die onderrig van Afrikaans dink, en kan dink. Twee spesiale joernaaluitgawes (een in *Stilet* en een in *Tydskrif vir Letterkunde*) het intussen verskyn. In 2023 het ’n aantal kritiese gesprekke rondom (onder andere) die Ontlaeringsinisiatief op LitNet plaasgevind, waarin deelnemers besin het oor aspekte soos akademiese netwerkvorming, en die verhouding tussen politieke aktivisme en die akademiese projek.

Met hierdie oproep nooi ons navorsers uit om ’n laaste keer amptelik aan hierdie gesprek deel te neem. Die doel van die spesiale uitgawe van *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* is om akademiese artikels en meningstukke byeen te bring wat terugskouend, maar veral ook toekomsgerig, met die Ontlaeringsprojek in gesprek te tree. Die drie kollokwiums het onder andere fokus geplaas op Afrikaanse letterkunde, pedagogiek, burgerskap, transnasionalisme, geworteldheid, en Afrikaans in spesifieke ruimtes. Bydraers is welkom om hierdie onderwerpe, of die onderwerpe aangeroer in die gesprekke op *LitNet*, verder te ondersoek. Verwante invalshoeke word ook hartlik verwelkom.

Alle navorsers wat oor Afrikaanse taal-, letterkunde, of breër Afrikaanse kulturele verskynsels navorsing doen, word vriendelik genooi om teen **31 Maart 2024** kort artikelvoorstelle in te stuur. Volledige artikels (van tussen 8 000 en 10 000 woorde) sal teen **30 Junie 2024** ingewag word, vir publikasie teen die einde van 2024.

Laat weet ons asseblief teen **31 Maart 2024** indien jy van plan is om ’n bydrae in te stuur, en waaroor jou bydrae sal handel.

Die e-posadres waarheen alle korrespondensie gestuur kan word, is unlaagering@gmail.com.

**DIE ONTLAERINGSPAN:**
**Earl Basson, Bibi Burger, Janien Linde, Mathilda Smit**

# Errata

Let asseblief op die volgende:

1) In die artikel deur Theo du Plessis, Die opkoms van Suid-Afrikaanse Gebaretaal as Suid-Afrika se 12de amptelike taal. (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(3):585-614) moet ’n datumverandering vanaf 1993 na 1994 aangebring word in die volgende inskrywing:

   Beukes, A.-M., & Barnard, M. (1994). *Proceedings of the Languages for All Conference: Towards a Pan South African Language Board , 27-28 May* ***1994****, CSIR Conferences Centre*, Pretoria. Pretoria: Department of Arts, Culture, Science and Technology.

2) In die artikel deur Earl Basson en Bibi Burger, (Self)portrette in *Uit die kroes* deur Lynthia Julius: ’n Kultuurhandhawende pedagogiese benadering tot Afrikaanse literatuuronderrig (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(4):860-877) moet die volgende inligting asseblief bygevoeg word by die Bedanking:

   Die outeurs bedank graag die Universiteit Kaapstad se NAP-Program en die Nasionale Navorsingstigting (subsidienommer 150957) vir befondsing van die navorsing.

# Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, die kunste en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, word nie vir publikasie oorweeg nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, word gratis aan die outeur verskaf. Indien 'n outeur meer eksemplare verlang, kan dit teen die heersende prys van die Akademiekantoor bestel word.

Die volgende **algemene voorskrifte** geld vir voorgelegde manuskripte:

- Stuur **'n elektroniese kopie** aan publikasies@akademie.co.za. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word in skrifgrootte Arial 12-punt met 'n 25 mm-linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n **erkende taalversorger** geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans of Nederlands geskryf wees en beperk wees tot tussen **8 000** en **10 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort *curriculum vitae* in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en 'n foto(s) van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Die bydrae moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600-1 000** woorde in Engels. 'n Opsomming in 'n ander taal as Afrikaans moet 'n **vertaling van die titel** as opskrif hê.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels net ná die Engelse opsomming verskaf.
- **Illustrasies** of **grafika** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.

**Opskrifte** in die *Tydskrif* lyk soos volg:

**1.** **Hoofopskrifte** is in hoof- en kleinletters en vetdruk. Daar is 'n lynspasie tussen die hoofopskrif en die teks.
*1.1* *Opskrifte* is in hoof- en kleinletters en kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.
*1.1.1* *Subopskrifte* is kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte kan soos bo genommer word indien 'n outeur dit verkies. Daar is geen punte ná opskrifte nie.

**Opskrifte** by tabelle lyk soos volg:

**TABEL 2:** Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

**Onderskrifte** by figure lyk soos volg:

***Figuur 3:*** *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: Die waardestruktuur.*

Indien 'n opskrif of onderskrif 'n **subtitel** bevat, volg die subtitel ná 'n dubbelpunt en begin dit met 'n hoofletter, met inagneming van die gewone Afrikaanse patroon, byvoorbeeld die konvensie rakende die lidwoord *'n*.

**Plaas asseblief tabelle en figure op die regte plek in die teks.**

**Aanhalings en verwysings**

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale as Afrikaans is nie. Aanhalings wat langer as **drie reëls** is, word geïndenteer en nie tussen aanhalingstekens geplaas nie. Enige invoeging in 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Alle bibliografiese besonderhede word verstrek in die taal van die geraadpleegde bron, mits dit in die Romeinse alfabet is.

*Voorbeelde:*

- **Boek:** Olivier, DV. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.
- **Tydskrifartikel:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.
- **Hoofstuk in 'n boek:** Verhoef, G. 2012. 'n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu. In Pretorius, F (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot nou*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 201-217.
- **Internetbron:**
  Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). http://www.edu.learning.html [14 October 2004].

*In Afrikaans*:

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, http://www.akademie.co.za [14 Oktober 2004].

*Bronverwysings in die teks:*

Volgens Swan (1996:45) …
OF: … … (Swan, 1996:45) …
OF: … … (Swan, 1996:45). [aan sinseinde]

**Bladgeld**

Die *Tydskrif* hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen om bladgeld. Die *Tydskrif* is nasionaal geakkrediteer en opgeneem in internasionale indekse. Navorsingsartikels gepubliseer in die *Tydskrif* kwalifiseer dus vir staatsubsidies.

**Outeursreg**

Outeur(s) behou outeursreg in 'n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

# Guidelines for authors

The *Journal of Humanities*/*Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the subject fields of theology, languages, arts and culture, and social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions published elsewhere will not be considered for publication in the *Journal*. An author will receive two complimentary copies of the edition in which his/her contribution appeared. More copies may be ordered from the publications office at the current price.

Submitted manuscripts should meet the following requirements:

- Contributions are to be submitted electronically by email to publikasies@akademie.co.za. Manuscripts should be typed in double spacing in Arial 12 point, leaving a 25 mm left margin.
- Manuscripts have to be **edited and be ready for printing**. Authors have to submit proof in writing that their text has been language edited by a **recognised text editor/language practitioner**.
- Contributions should be submitted in Afrikaans or Dutch and be limited to **8 000-10 000** words.
- An abridged *curriculum vitae* in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG format) of each author should be submitted along with the contribution.
- Manuscripts should be accompanied by an abstract of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1 000** words. An abstract in a language other than Afrikaans should be headed by a **translation of the title**.
- The English abstract should be followed by a list of approximately **10-20 keywords** in English and Afrikaans.
- **Illustrations** or **graphics** should be provided with suitable captions placed below them, and their size should be appropriate for the format of the *Journal*.

**Headings** in the *Journal* are styled as follows:

**1.** **Main headings** are in upper and lower case, and bold. Leave a line space between the heading and the text.
*1.1* *Headings* are in upper and lower case and italics. Leave a line space between the heading and the text.
*1.1.1* *Subheadings* are in italics. Leave a line space between the heading and the text.

Headings may be numbered, if preferred. There are no full stops after headings.

**Table headings** are styled as follows**:**

**TABLE 2:** Economic development according to demographic groups

**Captions** of figures:

***Figure 3:*** *Systemic interdependence: The value structure*

If a **subtitle** occurs in any heading or caption, it is preceded by a colon and begins with an upper-case letter.
**All tables and figures are to be inserted at the correct place in the text.**

**Quotations and references**

- **Quotations** are not italicised – not even when in a foreign language. Quotations that exceed **three lines** are indented and are not placed in quotation marks. Anything inserted in a quotation is placed in square brackets. See examples in the printed *Journal*.
- **Abbreviations** should be avoided as far as possible.
- **Bibliographic references** follow the abbreviated Harvard method, with some variation allowed for specific subjects.

All bibliographic details are given in the language of the source used, provided the source is in the Roman alphabet.

*Examples:*

- **Book:** Quirk, R. & Greenbaum, S. 1973. *A university grammar of English*. Essex, UK: Longman.
- **Article in a journal or magazine:** Paterson, A-M. 2013. Inspired by fellowship: How Poet's Corner in Westminster Abbey brought Burns lovers together. *The Scots Magazine*, 178(1):36-38.
- **Chapter in a book:** De Gruchy, JW. 1984. Jung and religion: A theological perspective. In Papadopoulos, RK & Saayman, GS. (eds). *Jung in modern perspective*. London: Ad Donker, pp. 193-203.
- **Internet source:**
  Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). http://www.edu.learning.html [14 October 2004].

*In Afrikaans:*

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, http://www.akademie.co.za [14 Oktober 2004].

*Citations in the text:*

According to Swan (1996:45) …
OR: … ... (Swan, 1996:45) ...
OR: … … (Swan, 1996:45). [at the end of a sentence]

**Page fees:**

A fee of R300 per printed page (+VAT) is charged to help cover printing costs. It is the responsibility of the author to apply for payment of these fees by his/her university/research institution. The *Journal* has been accredited nationally and is included in international indices. Research articles/papers published in the *Journal* therefore qualify for government subsidies.

**Copyright:**

Copyright of articles published in the *Journal* vests in the author(s).

Tydskrif vir

# Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

## Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sfere te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidissiplinêre organisasie.

## Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook die lewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidissiplinêre organisasie wat die belange van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

## Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.

This title is now indexed in Scopus
refine your research
SCOPUS

*Sedert Maart 2009 geïndekseer in die Social Sciences Citation Index*

**VOORBLADFOTO:**
Engelenburghuis: Gister en vandag